# Boere Verskering

Polis Bewoording

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Algemene uitsonderings voorwaardes en bepalings | 3 |
| Algemene Uitsonderings | 4 |
| Algemene Voorwaardes | 7 |
| Algemene Bepalings | 11 |
| Huishoudelike geboue | 14 |
| Huisinhoud | 22 |
| Huishoudelike alle risiko's | 33 |
| Huishoudelike persoonlike ongevalle | 36 |
| Huishoudelike plesiervaartuie | 40 |
| Huishoudelike uitgebreide aanspreeklikheid | 51 |
| Brand | 54 |
| Geboue omvattend | 64 |
| Kantoorinhoud | 76 |
| Sake-onderbreking | 83 |
| Rekenings ontvangbaar | 94 |
| Diefstal | 97 |
| Geld | 100 |
| Glas | 108 |
| Getrouheid | 110 |
| Goedere in transito | 116 |
| Sake alle risiko's | 120 |
| Toevallige skade | 122 |
| Gemeenregtelike aanspreeklikheid (gebeurtenisgrondslag) | 126 |
| Gemeenregtelike aanspreeklikheid (eise ingestel-grondslag) | 137 |
| Werkgewersaanspreeklikheid | 149 |
| Aangegewe voordele | 152 |
| Groep persoonlike ongevalle | 156 |

| | |
|---|---|
| Motor persoonlike ongelukke | 160 |
| Lewende hawe (stamdiere) | 163 |
| Rekenaartoerusting | 169 |
| Kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsels | 179 |
| Masjienerieversekering | 185 |
| Motor | 198 |
| Sambreel | 210 |
| Versekering vir die wynbedryf: Afdeling toevallige Skade: Wyn, wyntenke en Verwante eiendom | 220 |
| Versekering vir die wynbedryf: Afdeling verlies van inkomste: Plantmateriaal | 224 |
| Versekering vir die wynbedryf: Afdeling Brand: Priële/ Stutpale, Heinings en Plantmateriaal | 226 |
| Versekering vir die wynbedryf: Uitgebreide aanspreeklikheid | 229 |

# Algemene uitsonderings voorwaardes en bepalings

Onderworpe aan die bepalings, uitsonderings, voorwaardes (opskortend of andersins) en as teenprestasie daarvoor en op voorwaarde dat die premie vooraf deur of namens die versekerde betaal en deur of namens die versekeraar ontvang word, stem die versekeraar vermeld in die bylae in om die versekerde deur middel van betaling of na die versekeraar se keuse deur vervanging of herstel tot hoogstens die versekerde bedrae, skadeloosstellings- en vergoedingsperke en bedrae gespesifiseer skadeloos te stel of te vergoed ten opsigte van die versekerde gebeurtenisse wat gedurende die versekeringstydperk, en soos andersins voorsien, plaasvind ingevolge die afdelings hierin vervat.

Indien meer as een versekeringsmaatskappy of versekeraar aan hierdie versekering deelneem, word die woord "versekeraar" na "versekeraars" gewysig, waar dit ook al in hierdie polis voorkom. In hierdie geval is die persentasie aandeel van elke versekeraar soos in die bylae van hierdie polis vermeld en die aanspreeklikheid van elke sodanige versekeraar is afsonderlik beperk tot die persentasie aandeel wat teenoor sy naam aangetoon is.

Spesifieke uitsonderings, voorwaardes en bepalings stel algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings ter syde.

# Algemene Uitsonderings

1. **Oorlog, oproer en terrorisme**

   a. Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur

      i. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak.

      ii. oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog.

      iii. 1. muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal.

         2. opstand, rebellie of revolusie.

      iv. enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp.

      v. enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem.

      vi. enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word.

      vii. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waar na in klousule 1(a) (i), (ii), (iii), (vi), (v) of (vi) hierbo verwys word.

   Indien die versekeraar beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

   b. Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

   c. Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tergelyke tyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe. Vir die doeleinde van hierdie Algemene uitsondering 1(c) sluit 'n daad van terrorisme in, sonder beperking, die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone, wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek, of enige sektor van die publiek, in te boesem. Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 1(c) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

2. **Kern**

Hierdie polis dek nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste, uitgawe, dood of liggaamlike besering hoegenaamd of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit:

a. ionisasie uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding of gebruik van kernbrandstof;

b. kernmateriaal, kernsplyting of -samesmelting, kernuitstraling;

c. kernplofstowwe of enige kernwapen;

d. kernafval in watter vorm hoegenaamd;

ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige ander volgorde tot die verlies bydra. Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

3. **Rekenaarverliese**

**Algemene uitsondering van toepassing op alle afdelings van hierdie polis wat skade aan eiendom of die gevolge van skade aan eiendom of enige aanspreeklikheid verseker**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie wat andersins in algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie:

a. verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitende 'n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;

b. enige regsaanspreeklikheid hoegenaamd;

c. enige gevolglike verlies;

regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan of voortspruit uit die onvermoë of onklaarraking van enige rekenaar, hetsy korrek of enigsins:

i. om enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te behandel of om op korrekte of toepaslike wyse enige data of inligting te herken, te manipuleer, te interpreteer, te verwerk, te berg of te ontvang of om daarop te reageer, of om enige opdrag of instruksie uit te voer, met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum nie, of

ii. om enige data vas te lê, te stoor, te behou of op korrekte wyse te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is, synde 'n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data op of na enige datum vas te vang, te bewaar, te behou of op korrekte wyse te verwerk veroorsaak nie, of

iii. om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme nie, of

iv. om enige data vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van die handeling van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of instruksie met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logikabom of wurm of enige ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of versteuring.

'n Rekenaar sluit in enige rekenaar, dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, -gereedskap, -bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting en data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde bewaar word, hetsy die eiendom van die Versekerde al dan nie.

### Spesiale uitbreiding tot Algemene uitsondering 3

a. Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of enige van die ingeslote spesiale gevare waarna hieronder verwys word of waarvoor die afdelings Glas, Werkgewersaanspreeklikheid, Aangegewe Voordele, Groep Persoonlike Ongevalle of Motor skadeloosstelling verleen, word nie deur hierdie Algemene uitsondering uitgesluit nie. Die enigste spesiale gevare wat vir die doeleinde van hierdie spesiale uitbreiding ingesluit word, is skade wat veroorsaak word deur:

i. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom

1. wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.
2. wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting.
3. in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.
4. in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk).
5. in enige struktuur wat nie geheel en al en al onder dak is nie.
6. wat keermure is.

(3.–6.) Tensy dit so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker word.

ii. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.

iii. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie. Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.

b. Algemene uitsondering 3 is ook nie van toepassing op gevolglike verlies soos verseker deur enige Sake-onderbreking-skadeloosstelling van hierdie polis nie tot die mate wat sodanige gevolglike verlies voortspruit uit skade aan die versekerde eiendom deur die gevare waarna in Spesiale uitbreiding A hierbo verwys word.

c. Hierdie Spesiale uitbreiding verseker nie enige verlies, vernietiging of gevolglike verlies nie indien dit nie in die afwesigheid van hierdie Rekenaarverliese Algemene uitsondering en hierdie Spesiale uitbreiding verseker sou gewees het nie.

d. Hierdie Spesiale uitbreiding is nie van toepassing op enige Gemeenregtelike Aanspreeklikheid-skadeloosstelling nie.

4. **Asbes Uitsluiting**

**van toepassing op die afdelings Gemeenregtelike Aanspreeklikheid, Werkgewersaanspreeklikheid en Onderafdeling D (Aanspreeklikheid) van die afdeling Geboue Omvattend/afdeling**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of uitgawe hoegenaamd of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit, onstaan uit of as gevolg van die gevaarlike aard van asbes in watter vorm of hoeveelheid hoegenaamd of wat op enige wyse daarmee verband hou, of in die mate waartoe dit daartoe bydra nie.

# Algemene Voorwaardes

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr. 53 van 1998 (soos gewysig)

1. **Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking**

   Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking van enige wesenlike besonderheid maak, na gelang van die geval, die besondere item, afdeling of onderafdeling van die polis ongeldig wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking geraak word.

2. **Ander versekering**

   Indien daar ten tyde van enige gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis versekering by enige ander versekeraars bestaan wat die versekerde teen die omskrewe gebeurtenisse dek, is die versekeraar slegs aanspreeklik vir die vergoeding van 'n eweredige deel van die bedrag wat betaalbaar is deur of aan die versekerde ten opsigte van sodanige gebeurtenis. Indien enige sodanige ander versekering onderworpe is aan enige eweredigheidsvoorwaarde, is hierdie polis, indien dit nog nie aan enige eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is nie, op dieselfde manier aan eweredigheid onderworpe.

**3 A. Kansellasie**

Hierdie polis of enige afdeling daarvan mag te eniger tyd deur die versekeraar gekanselleer word met skriftelike kennisgewing van 30 dae (of sodanige ander tydperk as waarop daar onderling ooreengekom is) of deur die versekerde met onmiddellike kennisgewing. By kansellasie deur die versekerde is die versekeraar daarop geregtig om die gebruiklike korttermyn of minimum premie te behou vir die tydperk wat die polis of afdeling van krag was. By kansellasie deur die versekeraar is die versekerde geregtig daarop om 'n eweredige deel van die premie te eis vir die onverstreke versekeringstydperk vanaf die kansellasiedatum, onderworpe aan algemene voorwaarde 4.

**3 B. Voortsetting van dekking (waar die premie deur middel van 'n bankdebietorder of transmissierekening betaalbaar is)**

Die premie is vooruitbetaalbaar en indien dit nie teen die betaaldag deur die versekeraar ontvang word nie, word hierdie versekering vanaf middernag op die laaste dag van die voorafgaande versekeringstydperk as gekanselleer beskou, tensy die versekerde kan bewys dat versuim om te betaal 'n fout van sy bank of ander betaalagent was. Die betaaldag is die eerste dag van elke kalendermaand waar die premies maandeliks betaalbaar is; die eerste dag van

a. elke derde of

b. elke sesde of

c. elke twaalfde kalendermaand na aanvang waar die premie kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks betaalbaar is.

4. **Premie-aanpassing**

   Indien die premie vir enige afdeling van hierdie polis volgens enige geraamde syfers bereken word, moet die versekerde ná die verstryking van elke versekeringstydperk die versekeraar van sodanige besonderhede en inligting voorsien as wat die versekeraar vir die herberekening van die premie vir sodanige tydperk mag verlang. Enige verskil word deur of aan die versekerde betaal, na gelang van die geval.

5. **Voorkoming van verlies**

   Die versekerde moet alle redelike stappe doen en voorsorgmaatreëls tref om ongevalle en verliese te voorkom.

6. **Eise**

a. Wanneer enige gebeurtenis plaasvind wat aanleiding mag gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis, moet die versekerde op sy eie onkoste

i. die versekeraar so gou moontlik daarvan in kennis stel en besonderhede verstrek van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek as wat hierdeur verseker word.

ii. die polisie so gou moontlik ná die gebeurtenis in kennis stel van enige eis waarby diefstal (indien dit deur die versekeraar vereis word) of die verlies van eiendom betrokke is en alle moontlike stappe doen om die skuldige party aan die kaak te stel en die gesteelde of verlore eiendom terug te vind.

iii. so gou moontlik na die gebeurtenis volledige besonderhede van enige eis skriftelik aan die versekeraar voorlê.

iv. die versekeraar van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die versekeraar mag verlang en onmiddellik aan die versekeraar enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis.

b. Geen eis (behalwe 'n eis ingevolge die afdeling Sake-onderbreking, Getrouheid, Aangegewe Voordele of Groep Persoonlike Ongevalle of die uitbreiding persoonlike ongevalle (aanranding) ingevolge die afdeling Geld, indien toepaslik) is betaalbaar nie ná die verloop van 24 maande of sodanige langer tydperk as wat die versekeraar mag toestaan vanaf die plaasvind van 'n gebeurtenis, tensy die eis die onderwerp van 'n hangende regsgeding is of 'n eis ten opsigte van die versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor 'n derde party.

c. Geen eis is betaalbaar nie tensy die versekerde betaling eis deur binne ses maande ná die skriftelike afwysing van die eis prosesstukke aan die versekeraar te beteken en sodanige stappe finaliseer.

d. Indien die eiendom (die onderwerp van die eis) of enige deel daarvan gevind word ná die betaling van 'n eis ingevolge hierdie polis ten opsigte van verlore of gesteelde eiendom, moet die versekerde alle hulp verleen by die identifisering en fisieke terugvind van sodanige eiendom indien hy deur die versekeraar gevra word om dit te doen, met dien verstande dat die versekerde se redelike onkoste by sodanige hulpverlening deur die versekeraar vergoed word. Sou die versekerde weier om ingevolge hierdie voorwaarde hulp te verleen wanneer hy gevra word, word die versekerde onmiddellik aanspreeklik om aan die versekeraar alle bedrae wat ten opsigte van die eis betaal is, terug te betaal.

7. **Versekeraar se regte ná 'n gebeurtenis**

a. By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die versekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die versekeraar se reg om hom op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep

i. enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die versekeraar om so op te tree. Die versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die versekeraar prys te gee nie, hetsy die versekeraar dit in besit geneem het of nie.

ii. die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer en in die naam van die versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die versekeraar deur die versekerde gedoen word nie.

b. Die versekerde moet, op onkoste van die versekeraar, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die versekeraar vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die versekeraar by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of ná sodanige skadeloosstelling vereis word.

c. Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die versekeraar by die plaasvind van enige gebeurtenis aan die versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en die versekeraar is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

8. **Bedrog**

Indien enige eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is of indien enige bedrieglike metodes of middele deur die versekerde of enigiemand wat namens hom optree met sy medewete of toestemming gebruik word om enige voordeel ingevolge hierdie polis te verkry of indien enige gebeurtenis veroorsaak word deur die opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die versekerde, word alle voordele wat deur hierdie polis ten opsigte van enige sodanige eis verskaf word, verbeur.

9. **Herstel van dekking na verlies (nie van toepassing op voorraad op 'n verklaringsgrondslag of op enige afdeling waar dit as nie van toepassing nie vermeld word)**

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde bedrae, waar van toepassing, nie met die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die versekerde 'n bykomende premie betaal op die bedrag van die verlies vanaf die datum waarop dit plaasvind of vanaf die datum van herstel of vervanging (wat ook al die laatste is) tot die verstryking van die versekeringstydperk.

10. **Nie-nakoming van voorwaardes**

Die voorwaardes van hierdie polis en afdelings daarvan geld afsonderlik vir elkeen van die risiko's wat verseker word en nie gesamentlik nie, sodat enige nie-nakoming die afdeling ongeldig maak slegs ten opsigte van die risiko waarop die nie-nakoming van toepassing is.

11. **Geen regte aan ander persone nie**

Tensy anders bepaal, verleen niks in hierdie polis enige regte aan enige persoon behalwe die versekerde nie. Enige uitbreiding wat skadeloosstelling aan enige persoon anders as die versekerde verleen, gee geen eisregte aan sodanige persoon nie. Die bedoeling is dat die versekerde namens sodanige persoon moet eis. Die kwitansie van die versekerde is in elke geval 'n volle ontslag vir die versekeraar.

12. **Kollektiewe versekering**

Indien hierdie versekering 'n kollektiewe versekering is, word algemene voorwaarde 6(a) (iv) hierbo soos volg gewysig:

"die hoofversekeraar namens die versekeraars van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die versekeraars mag verlang en onmiddellik aan die hoofversekeraar enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis." en algemene voorwaarde 7 word deur die volgende vervang:

"7. Versekeraar se regte na 'n eis

a. By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die hoofversekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die versekeraars se reg om hulle op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep

i. enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit te hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die hoofversekeraar om namens die versekeraars so op te tree. Die versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die versekeraars prys te gee nie, hetsy die hoofversekeraar dit in besit geneem het of nie.

ii. die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer en in die naam van die versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die versekeraars deur die versekerde gedoen word nie.

b. Die versekerde moet, op onkoste van die versekeraars, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die versekeraars vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die versekeraars by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

c. Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die versekeraars in die geval van enige gebeurtenis aan die versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word, en die versekeraar is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.”

# Algemene Bepalings

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr. 53 van 1998 (soos gewysig)

1. **Eisevoorbereidingskoste**

   Die versekering word ingevolge elke afdeling van hierdie polis uitgebrei om alle koste in te sluit wat die versekerde redelikerwys aangegaan het om enige besonderhede te verstrek en te sertifiseer wat ingevolge algemene voorwaarde 6 deur die versekeraar vereis word of om die bedrag van enige eis te staaf, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar vir sodanige koste ten opsig van enige enkele eis ingevolge 'n spesifieke afdeling hoogstens R30 000 of 10 persent van die versekerde bedrag of skadeloosstellingsperk van die item wat geraak word, wat ook al die minste is, beloop plus die bedrag wat in die bylae by elke afdeling teenoor 'n item vir bykomende eisevoorbereidingskoste vermeld word.

2. **Betalings op rekening**

   Ten opsigte van enige afdeling waar bedrae wat van die versekeraar verhaalbaar is, hangende die afhandeling van enige eis vertraag word, mag betalings op rekening na goeddunke van die versekeraar, indien vereis, aan die versekerde gedoen word.

3. **Eerste bedrag betaalbaar**

   Behalwe waar spesifiek in enige afdeling daarvoor voorsiening gemaak word, word die bedrag wat betaalbaar is ingevolge hierdie polis/afdeling ten opsigte van elke verlies, skade of aanspreeklikheid verminder met die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vir die toepaslike omskrewe gebeurtenis aangetoon word.

4. **Lede**

   Waar die woord “direkteur” gebruik word, word dit geag “lid” in te sluit indien die versekerde 'n beslote korporasie is.

5. **Aanspreeklikheid ingevolge meer as een afdeling**

   Die versekeraar is nie ingevolge meer as een afdeling van hierdie polis aanspreeklik nie vir dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade wat uit een voorval voortspruit en wat dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade behels.

6. **Betekenis van woorde**

   Die bylae, enige endossemente daarop en die polisbewoording word saamgelees as een dokument en enige woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis in enige deel daarvan toegeken word, dra die betekenis waar dit ook al mag voorkom.

7. **Premiebetaling**

   Premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwingsdatum na gelang van die geval. Die versekeraar is nie verplig om premie te aanvaar wat na die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van die geval, by hom ingedien word nie maar kan dit wel doen op voorwaardes wat na sy uitsluitlike goeddunke bepaal word.

8. **Gedek gehou**

   Indien die versekeraar 'n risiko gedek hou, sal hy nie 'n eis afwys omrede daar nie op die premie ooreengekom is nie.

9. **Versekerde bedrae blanko gelaat in bylae**

Indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in 'n bylae van hierdie polis:

a. blanko gelaat word of geen bedrag daarteenoor aangegee word nie;

b. aangegee word as nul, as nie van toepassing nie, as nie gedek nie of as geen skadeloosstelling verleen nie;

beteken dit dat die omskrewe gebeurtenis of omstandigheid wat in die bylae vermeld word nie deur die polis verseker word nie

10. **Sekuriteitsfirmas**

Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur die versekerde in diens geneem is, verlies of skade veroorsaak, stem die versekeraar in om nie sy verhaalreg teen die gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie indien die versekerde ingevolge die gemelde kontrak nie teen die gemelde sekuriteitsfirma mag eis nie. Die versekeraar sal nie indien 'n geldige eis ingevolge enige afdeling of onderafdeling van hierdie polis ingestel word, as verweer aanvoer dat die versekeraar se regte benadeel is deur die voorwaardes van enige kontrak wat tussen die versekerde en enige sekuriteitsverskaffer aangegaan is in verband met die beskerming van die versekerde eiendom nie.

11. **Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)**

Skadeloosstelling wat deur al die afdelings van hierdie polis verskaf word, sluit die versekerde se aanspreeklikheid ingevolge die BTW-wet, soos van tyd tot tyd gewysig, in. Alle versekerde bedrae, waardes, skadeloosstellingsperke, aanspreeklikheidsperke, eerste bedrae betaalbaar, tyduitsluitings en premies sluit BTW teen die toepaslike koers in.

12. **Uitbreidings**

Waar 'n uitbreiding (hetsy opsioneel of outomaties) die dekking van die polis of afdeling uitbrei, is sodanige uitbreiding nog steeds onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van die polis of afdeling, na gelang van die geval, tensy sodanige bepaling, voorwaarde of uitsondering spesifiek geskrap is.

13. **Geen erkenning van aanspreeklikheid**

Die versekerde mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy enige onkoste (behalwe waarvoor spesifiek in hierdie polis voorsiening gemaak word) aangaan om skade te vergoed nie, en mag nie sonder sodanige toestemming oor 'n eis onderhandel, dit betaal, skik, erken of afwys of aanspreeklikheid aanvaar nie, en mag onder geen omstandighede hoegenaamd sonder vooraf toestemming van die Maatskappy tot die jurisdiksie van enige hof instem nie.

14. **Arbitrasie**

Indien 'n verskil tussen die Maatskappy en die versekerde of 'n eiser oor die bedrag van 'n eis ingevolge hierdie polis ontstaan, sal die eis vir arbitrasie verwys word ooreenkomstig die statutêre bepalings wat op daardie tydstip van krag is en die verkryging van 'n toekenning is 'n opskortende voorwaarde vir enige reg tot optrede teen die Maatskappy.

15. **Instemming tot die deel van inligting**

Kommersiële polisse het in sekere gevalle huishoudelike besigheids- of premieklasse wat by die huishoudelike afdeling van die polis ingesluit is. Die volgende klousule, ten opsigte van huishoudelike besigheid alleenlik, sal op die polis van toepassing wees:

Versekeraars deel inligting met mekaar oor polisse en eise met die doel om bedrieglike eise te voorkom en materiële inligting oor die beoordeling van voorgestelde risiko's vir versekering te verkry. Deur die voorkoms van bedrog te verminder en risiko's regverdig te beoordeel, kan toekomstige premieverhogings beperk word.

Dit word in openbare belang en in belang van alle huidige en potensiële polishouers gedoen. Die deel van inligting sluit in, maar is nie beperk nie tot, die deel van inligting via die Inligting-datadelingstelsel wat deur TransUnion ITC namens die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging bedryf word.

Met die versekeraar se aanvaarding of hernuwing van hierdie versekering, gee u of enige ander persoon wat hierin verteenwoordig word, toestemming dat die gemelde inligting aan enige ander versekeringsmaatskappy of sy agent openbaar gemaak word.

U gee insgelyks toestemming dat inligting in verband met vorige versekeringspolisse en eise wat u ingestel het, gedeel word.

U erken ook dat inligting wat deur u of u verteenwoordiger verstrek word, teenoor wetlik erkende bronne of databasisse geverifieer kan word.

Met die aanvaarding of hernuwing van u versekering, gee u nie net toestemming dat sodanige inligting gedeel word nie, maar doen u ook afstand van enige vertroulikheidsregte met betrekking tot onderskrywings- of eisinligting wat u verskaf het of wat deur ’n ander persoon namens u verskaf is.

In die geval van ’n eis sal die inligting wat u op u aansoek verstrek het, saam met die inligting wat u in verband met die eis verskaf, op die stelsel ingevoer word en beskikbaar gestel word aan die ander versekeraars wat aan die Inligting-datadelingstelsel deelneem.

16. **Traumabehandeling**

Uitgawes aangegaan wat nie andersins gedek word nie, vir traumabehandeling deur ’n geregistreerde professionele berader indien die versekerde of ’n medeversekerde behandeling nodig het as gevolg van ’n kaping, diefstal, brand of plaasaanvalle wat voorkom in die versekerde se geboue of op die versekerde se perseel. Altyd met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding altesaam hoogstens R10 000 is.

# Huishoudelike geboue

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade (skade) aan die gebou(e) by die adres vermeld in die bylae, deur

1. brand;
2. weerlig;
3. ontploffing;
4. storm, wind, water, hael of sneeu, met uitsluiting van skade
    a. aan hekke, heinings en keermure, of
    b. veroorsaak deur insakking of grondverskuiwing;
5. aardbewing;
6. die bars, lekkasie of oorloop van water- of verwarmingsinstallasies of -pype, insluitend skade aan sodanige installasies of pype;
7. Diefstal of enige poging tot diefstal van los en vaste toebehore wat aan die eienaar van die versekerde geboue behoort terwyl sodanige los en vaste toebehore in of op die versekerde geboue is, maar met uitsluiting van diefstal of enige poging daartoe terwyl die versekerde geboue ten volle of gedeeltelik uitgeleen, verhuur of onderverhuur word, tensy sodanige diefstal of poging daartoe gepaardgaan met daadwerklike, sigbare en kragdadige in- of uitbraak by die versekerde geboue. Vir die doeleindes van hierdie omskrewe gebeurtenis word die akkommodasie van maksimum drie betalende gaste, loseerders of inwoners nie geag die uitleen, verhuring of onderverhuring van die versekerde geboue te wees nie;
8. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie;
9. brekasie of ineenstorting van radio- of televisielugdrade of -maste, met inbegrip van satellietskottels;
10. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.

## Spesifieke uitsonderings

Hierdie afdeling dek nie

a. verlies of skade as gevolg van strukturele defekte, foutiewe ontwerp, gebrekkige vakmanskap, gebrek aan onderhoud, normale slytasie, roes, inherente fout en latente defek en enige geleidelike bedryfsoorsake nie;
b. verlies of skade aan huishoudelike pomptoerusting wat op die oewer van 'n rivier, stroom of dam geleë is nie.

## Skadeloosstellingsperke

Die skadeloosstellingsperke hieronder aangedui, geld onafhanklik van enige bedrag in die bylae vermeld en moet met die tersaaklike klousules in hierdie afdeling saamgelees word.

| | | |
|---|---|---|
| Klousule 10. | Herstelwerk en maatreëls na 'n verlies: | |
| | a. tydelike herstelwerk en ander maatreëls | R10,000 |
| | b. (ii) noodhuisvesting | R10,000 |
| Klousule 11. | Koste van verwydering van bome wat omgeval het | R10,000 |
| Klousule 12. | tuine en waterversierings | R25,000 |
| Klousule 13. | Slotte, sleutels en afstandbeheerders | R10,000 |
| Klousule 14. | Mobiliteit | R50,000 |
| Klousule 15. | Wilde bobbejane of wilde ape | 2% van versekerde bedrag of R10,000 |
| Klousule 16. | toevallige skade aan masjinerie | R10,000 |

## Eerste bedrae betaalbaar

Die versekerde is verantwoordelik vir die bedrae soos vermeld in hierdie tabel ten opsigte van iedere en elke eis voortspruitend uit enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorsaak of bron gedurende enige enkele versekeringstydperk. Hierdie tabel moet met die tersaaklike klousules in hierdie afdeling saamgelees word.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Basies | Per bylae |
| 2. | Insakking en grondverskuiwing | 1% van versekerde bedrag op die eiendom, onderworpe aan 'n minimum van R500 |

## Spesifieke voorwaarde

### Eweredigheid

Indien die eiendom ten tye van die aanvang van enige omskrewe gebeurtenis, gesamentlik van groter waarde is as die versekerde bedrag van toepassing daarop, dan word die versekerde geag sy eie versekeraar vir die verskil te wees en moet 'n eweredige gedeelte van die verlies dienooreenkomstig self dra. Elke item, indien meer as een, is afsonderlik onderworpe aan hierdie voorwaarde.

### Omskrywing

Die gebou van die private woonhuis wat opgerig en geleë is soos in die bylae van hierdie afdeling vermeld (sodanige private woning wat in hierdie afdeling die "private woonhuis" genoem word) en alle bediendekamers, private motorhuise, private buitegeboue, private tennisbane, private swembaddens (behalwe draagbare swembaddens), swembadtoerusting, boorgattoerusting wat slegs vir huishoudelike gebruik water voorsien, satellietskottels, grens- en ander mure, hekpale, hekke (masjinerie daarvan ingesluit), omheinings (behalwe geplante heinings), geplaveide of baksteen-, beton-, teer- of klip- (nie gruis-) oppervlakke (opritte ingesluit), watertenks, damme en septiese tenks, op dieselfde perseel as voormelde private woonhuis en wat uitsluitlik in verband daarmee gebruik word, met inbegrip van los en vaste toebehore wat behoort aan die eienaar van voormelde private woonhuis, bediendekamers, private motorhuise, private buitegeboue, grens- en ander mure, hekpale, hekke, private tennisbane en private swembaddens (maar slegs terwyl sodanige los en vaste toebehore in of op voormelde private woonhuis, bediendekamers, private motorhuise, private buitegeboue, grens- en ander mure, hekpale, hekke, private tennisbane of private swembaddens is), asook die openbare toevoer- of hooftoevoerverbindings soos genoem in algemene uitbreidings van hierdie afdeling, al voormelde waarna in hierdie afdeling as "versekerde eiendom", "versekerde geboue" en "versekerde gebou" verwys word.

Altyd met dien verstande dat indien twee of meer private woonhuise ingevolge hierdie afdeling verseker word, die bepalings, beperkings, uitsonderings en voorwaardes wat hierin vervat is, afsonderlik vir elke versekerde eiendom geld asof elkeen ingevolge 'n aparte polis verseker is.

## Uitbreidings en klousules

1. **Voorwaardes ten opsigte van herinbesitstellingwaarde**

   Die versekerde mag binne ses maande vanaf die datum van die skade kies om die versekerde eiendom op dieselfde perseel herinbesit te stel (of op 'n ander perseel en op 'n wyse wat aan die versekerde se vereistes voldoen, onderworpe daaraan dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie) so na as moontlik aan die toestand daarvan toe dit nuut was, met dien verstande dat

   a. die herinbesitstelling binne 'n redelike tyd begin en voltooi moet word, by gebreke waaraan geen betaling gemaak sal word wat meer is as die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie by hierdie afdeling ingesluit was nie.

   b. die versekerde die koste van die herinbesitstelling werklik aangegaan het.

   c. indien, ten tye van die herinbesitstelling, die koste met inbegrip van die koste van sloping en professionele gelde, wat aangegaan sou gewees het indien dit algeheel vernietig was, die versekerde bedrag ten tye van die vernietiging of skade oorskry, die versekerde geag sal word sy eie versekeraar vir die verskil te wees en 'n eweredige gedeelte van die herinbesitstelling self sal moet dra.

2. **Kapitale byvoegings**

Hierdie afdeling dek veranderings, aanbouings of verbeterings (maar nie waardevermeerdering wat die versekerde bedrag(e) oorskry nie) aan die versekerde eiendom vir 'n bedrag wat nie 20 persent van die versekerde bedrag daarop oorskry nie, met dien verstande dat die versekerde die Maatskappy so gou redelik moontlik van sodanige veranderings in kennis stel en enige addisionele premie wat vereis word, betaal.

3. **Professionele gelde en ander herboukoste**

Die Maatskappy sal koste betaal wat met sy skriftelike instemming deur die versekerde aangegaan word:

a. vir die sloping van die versekerde eiendom, die verwydering van puin vanaf die perseel en die oprigting van beskuttings wat vir boubedrywighede vereis word;

b. vir argiteks-, bourekenaars- en raadgewende ingenieursfooie;

c. vir die ondersoekgelde wat deur plaaslike owerhede gehef word;

na die plaasvind van 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar onder hierdie uitbreiding nie 20 persent van die versekerde bedrag ten opsigte van die gebou(e) te bowe gaan nie.

4. **Verlies van huurgeld**

Indien die versekerde gebou as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis onbewoonbaar raak, sal die Maatskappy tot 25 persent van die versekerde bedrag aan die versekerde betaal. Die bedrag betaalbaar sal gebaseer word op

a. die tydperk wat vir herinbesitstelling vereis word en

b. jaarlikse huurgeld van die ongemeubileerde gebou of sy ekwivalente huurwaarde.

5. **Openbare toevoer of hooftoevoerverbindings**

Die Maatskappy sal betaal vir toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings tussen die gebou en die openbare of hooftoevoer waarvoor die versekerde wetlik aanspreeklik is.

6. **Glas en sanitêre ware**

Die Maatskappy sal betaal vir toevallige brekasie van

a. vaste glas insluitend spieëls en

b. vaste sanitêre ware, met uitsluiting van skrape, afsplintering en ontsiering

in die gebou, tensy dit leeg staan.

7. **Verbandhouer klousule**

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

8. A. **Insakking en grondverskuiwing (indien in die bylae as van toepassing vermeld)**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen skade aan die versekerde eiendom as gevolg van insakking of grondverskuiwing.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

a. Skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is.

b. Skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan

i. foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is.

ii. werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is.

iii. uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.

c. Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

Indien die versekeraar in enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitsonderings nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

8. B. **Beperkte insakking en grondverskuiwing**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur insakking of grondverskuiwing. Die versekerde dra die eerste gedeelte van elke eis tot 'n bedrag bereken teen een persent van die versekerde bedrag van die versekerde eiendom of minstens R5,000, wat ook al die grootste is.

Hierdie uitbreiding dek nie

a. skade aan dreine, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale en heinings, opritte, plaveisel, swembaddens en tennisbane nie, tensy hulle spesifiek verseker is;

b. skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

i. die inkrimping en/of uitsetting van grond weens die klam inhoud daarvan soos teëgekom in klei- en/of soortgelyke tipes grond nie;

ii. foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is nie;

iii. werksmense wat besig is met strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan 'n gebou wat op die versekerde perseel geleë is nie;

iv. uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynbedrywighede nie;

c. voortvloeiende verlies van enige aard hoegenaamd nie, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting waarin die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitsonderings nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

9. **Inflasionêre verhoging**

Die hoof versekerde bedrag (maar nie die versekerde bedrag op enige diverse item nie) sal outomaties op die jaardatum of hernuwingsdatum van die polis verhoog word met 'n persentasie wat deur die Maatskappy geag word gelyk te staan aan die tendens in die inflasiekoerse. Die polis sal met die nuwe versekerde bedrag en die premie wat vir die daaropvolgende versekeringstydperk gehef word, geëndosseer word. Dit onthef nie die versekerde van die verantwoordelikheid om seker te maak dat die versekerde bedrae te alle tye die volle waarde van die versekerde eiendom verteenwoordig nie.

10. **Herstelwerk en maatreëls na verlies**

Na verlies of skade as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis

a. mag die versekerde om verdere verlies tot die minimum te beperk, tydelike herstelwerk onderneem en enige maatreëls (insluitend die gebruik van wagte) instel wat nodig is om die versekerde eiendom te beveilig.

b. sal die Maatskappy betaal vir die redelike koste verbonde aan

i. brandblussing;

ii. noodhuisvesting terwyl die versekerde eiendom onbewoonbaar is, totdat alternatiewe huisvesting gereël kan word;

tot en met die bedrae wat in die skadeloosstellingsperke aangetoon word.

11. **Koste van verwydering van bome wat omgeval het**

Die Maatskappy sal betaal vir koste wat die versekerde aangaan ten opsigte van die verwydering van bome wat omgeval het, of dele daarvan, waarna in Omskrewe gebeurtenis 8 verwys word, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie;
2. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

12. **tuine en waterversierings**

Die Maatskappy sal betaal vir koste wat die versekerde aangaan ten opsigte van die herstel van skade aan uitgelegde tuine en waterversierings in die onmiddellike omgewing van die gebou wat deur hierdie afdeling verseker word, welke skade veroorsaak word deur brand, weerlig, ontploffing, spesiale gevare soos omskryf, aardbewing en kwaadwillige beskadiging insluitend skade veroorsaak deur 'n nooddiens by die versekerde se perseel gelewer as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrae aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie;
2. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

13. **Slotte, sleutels en afstandbeheerders**

Benewens die skadeloosstellingsperk soos in die bylae vermeld, sal die Maatskappy die versekerde skadeloos stel vir koste wat noodsaaklikerwys en rederlikerwys aangegaan word na verlies van of skade aan slotte en sleutels (insluitend kaartsleutels en afstandbeheertoestelle of alarmbeheerders) en, indien nodig, die herprogrammering van sodanige gekodeerde alarmstelsel vir 'n versekerde perseel, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrae aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie;
2. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

14. **Mobiliteit**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir billike en redelike koste van verbouings aan die versekerde gebou

1. indien die versekerde gedurende die termyn van hierdie polis 'n ongeluk het wat liggaamlike besering veroorsaak en meebring dat die versekerde permanent aan 'n rolstoel gekluister is;
2. indien hierdie verbouings nodig is om die gebruik van sodanige rolstoel moontlik te maak;
3. die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

15. **Wilde bobbejane of wilde ape**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir verlies of skade aan die versekerde gebou wat veroorsaak word deur wilde bobbejane of wilde ape, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie;
2. die Maatskappy nie vir die eerste R1,000 van elke eis aanspreeklik is nie.

16. **Toevallige skade aan masjinerie**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van toevallige skade (slytasie uitgesluit) aan masjinerie van swembaddens en borrelbaddens, boorgate, sprinkelbesproeiingstelsels, elektriese hekke en motorhuisdeur, lugversorgers, diefalarms en ingeboude stowe, met dien verstande dat almal uitsluitlik vir huishoudelike doeleindes gebruik word en dat al sodanige masjinerie in die versekerde gebou geïnstalleer is of in die onmiddellike omgewing van sodanige gebou is, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie;
2. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke eis aanspreeklik is nie.

17. **Openbare owerhede se vereistes**

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die addisionele koste van herstelwerk of herbouing van die beskadigde eiendom in wat slegs aangegaan is weens die vereiste om te voldoen aan geboue- of ander regulasies ingevolge of opgestel ooreenkomstig 'n parlementswet of ordinansie van 'n provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is, nie die volgende insluit nie:
    a. die koste aangegaan om aan enige van voormelde regulasies te voldoen;
        i. ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;
        ii. ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;
        iii. ingevolge waarvan 'n kennisgewing aan die versekerde beteken is voordat die skade plaasgevind het;
        iv. ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek van hierdie versekering uitgesluit word) van die gedeelte wat beskadig is;
    b. die addisionele koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelykwaardig is aan die toestand daarvan wanneer nuut, indien die nodigheid om aan enige van voormelde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;
    c. die bedrag van 'n koers, belasting, tarief, ontwikkeling of ander koste of aanslag wat voortspruit uit kapitaalappresiasie wat ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan betaalbaar kan wees as gevolg van die nakoming van enige van voormelde regulasies;
2. die herstel- of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer moet word en ten volle of gedeeltelik op 'n ander perseel uitgevoer kan word (indien voormelde regulasies dit noodsaak), mits die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;
3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling behalwe hierdie klousule deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling verminder word, die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule ten opsigte van sodanige items in dieselfde verhouding verminder word;
4. die totale bedrag verhaalbaar ingevolge enige item van hierdie afdeling nie die versekerde bedrag daarvan oorskry nie.

18. **Huurders**

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak deur enige handeling of versuim aan die kant van 'n eienaar van 'n gebou of 'n huurder (behalwe die versekerde) sonder die versekerde se kennis nie. Die versekerde moet egter die Maatskappy in kennis stel sodra die versekerde bewus word van sodanige handeling of versuim wat 'n oortreding van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling is, en die versekerde sal verantwoordelik wees vir enige addisionele premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop die Maatskappy 'n groter risiko aanvaar.

19. **Weerligafleiers**

Dit is 'n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid dat alle geboue met 'n gras-, strooi- of rietdak behoorlik toegerus moet wees met 'n SABS-goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke of beter standaard, wat geïnstalleer is met die uitsluitlike doel om weerlig weg van gemelde gebou af te lei, tensy die bylae anders bepaal.

20. **Uitbreiding: Kwaadwillige skade**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, word hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan

a. roerende eiendom wat

    i. gesteel word.

    ii. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder vanuit enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word.

b. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek.

c. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

    i. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

    ii. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

    van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die bedoeling om enige deel daarvan te steel.

    Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

    i. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing.

    ii. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

    iii. Verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

    iv. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat voortspruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

    v. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien die versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

21. **Verlies van water**

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir bedrae wat die versekerde aan plaaslike owerhede skuld vir die verlies van water deur lekkasie van pype, met dien verstande dat:

- die bedrae deur die plaaslike owerhede bereken word;
- die lesing minstens 50% meer as die gemiddelde van die vorige vier lesings is;
- die versekerde onmiddellik stappe gedoen het om die lekkende pype op te spoor en te herstel nadat 'n lekkasie ontdek is, hetsy deur fisiese bewyse of by ontvangs van 'n abnormaal hoë waterrekening.

Die skadeloosstellingsperk is hoogstens R2 500.

Die maatskappy sal nie die versekerde ingevolge hierdie uitbreiding skadeloos stel nie ten opsigte van:

a. die koste om 'n lekkende pyp op te spoor en te herstel;

b. meer as twee afsonderlike eise binne 'n 12-maandetydperk. Indien daar twee afsonderlike eise binne 'n 12-maandetydperk is, sal die totale gekombineerde vergoeding vir albei eise beperk word tot R5 000;

c. verlies van water:

   1. as gevolg van lekkende krane, waterverhittingsapparate of toiletstelsels;
   2. vanuit swembadstrukture, of die inlaat- of uitlaatpype daarvan;
   3. indien die private woning vir 'n tydperk van meer as 60 opeenvolgende dae nie bewoon is nie.

22. **Openbare toevoer- of hooftoevoerverbindings: Elektrisiteit en waterpype**

Diefstal van elektriese kabels of waterpype op die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde regtens verantwoordelik is:

- tussen die openbare of hooftoevoer en die versekerde geboue
- tussen 'n boorgat, watertenk of ander waterbron en die versekerde geboue, maar slegs as watervoorsiening slegs vir huishoudelike gebruik is.

# Huisinhoud

**Omskrewe gebeurtenisse**

Verlies van of skade (skade) aan die inhoud van die gebou(e) op die perseel

i. in die bylae vermeld of

ii. van enige ander bewoonde private woning of gebou waarin die versekerde

   a. tydelik woonagtig is of

   b. werksaam is.

iii. van enige meubel- of bankbewaarplek.

iv. van enige ander handelsonderneming vir die doel van herstelwerk, opknapping, hernuwing, skoonmaak of kleuring binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek deur

   1. brand.

   2. weerlig.

   3. ontploffing.

   4. storm, wind, water, hael of sneeu, met uitsluiting van skade

      a. aan eiendom in die buitelug of

      b. voortspruitend uit enige proses wat die gebruik of aanwending van water noodsaak.

   5. aardbewing.

   6. die bars, lekkasie of oorloop van water- of verwarmingsinstallasies of -pype, met uitsluiting van sodanige installasies of pype self.

   7. diefstal of poging daartoe, met dien verstande dat

      a. indien die gebou

         i. leeg staan, of

         ii. deur die versekerde geleen, verhuur, onderverhuur of gedeel word, of

         iii. ’n buitegebou is en die verlies of skade R5,000 oorskry, of

      b. indien die versekerde eiendom by enige

         i. meubel- of bankbewaarplek is, of

         ii. ander perseel vir die doel van herstelwerk, opknapping, hernuwing, skoonmaak of kleuring, kragdadige en gewelddadige toegang en uitgang verkry word, maar indien die gebou vir meer as 60 dae in enige enkele kalenderjaar onbewoon gelaat word, sal diefstal of poging daartoe nie geld nie, tensy die Maatskappy vooraf sy skriftelike toestemming verleen het om die dekking uit te brei.

   8. skielike en geweldadige skade aan die gebou veroorsaak deur impak.

   9. skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

      a. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

      b. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenisse waarna in (i) hierbo verwys word; met dien verstande dat hierdie gebeurtenis nie die volgende dek nie:

         a. Skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind.

         b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies van huurgeld indien spesifiek verseker.

c. Skade veroorsaak deur die algehele of gedeeltelike staking van werk, of die sloering, onderbreking of staking van enige proses of bedrywigheid.

d. Skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming as gevolg van beslaglegging, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

e. Skade veroorsaak deur of wat verband hou met enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word, of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op enige ander wyse met enige sodanige gebeurtenis gehandel word.

Indien die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) van hierdie gebeurtenis nie gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

10. Meteoriet of vulkaanas

11. Ineenstorting of brekasie van lugdrade (insluitend satellietskottels).

## Skadeloosstellingsperke

Die skadeloosstellingsperke wat hieronder vermeld word, geld onafhanklik van enige bedrag in die bylae vermeld en moet met die tersaaklike klousules in hierdie afdeling saamgelees word.

| | | | **Uitbreidings en klousules** | **Perke** |
|---|---|---|---|---|
| 2. | Verlies van geld | | | R5,000 |
| 5. | Inhoud van koelkas of vrieskas | | | 2% van versekerde bedag of R20,000 maksimum |
| 6. | Verlies van dokumente | | | R5,000 |
| 7. | Veeartsenygelde | | | R5,000 |
| 8. | Goedere in die buitelug | | | R5,000 |
| 10. | Slotte en sleutels | | | R10,000 |
| 11. | Eiendom van huishoudelike werknemers | | | R10,000 |
| 12. | Persoonlike besittings van gaste | | | R20,000 |
| 14. | Mediese koste | | | R5,000 |
| 15. | Noodlottige besering: | | – dood deur ongeluk | R25,000 |
| | | | – dood deur diewe of brand | R25,000 |
| 18. | Herstelwerk en maatreëls na ’n verlies: | | – tydelike herstelwerk en ander maatreëls | R10,000 |
| | | | – noodhuisvesting | R10,000 |
| 20. | Telefone | | | R5,000 |
| 21. | Tweerigting-radiobasisstasies | | | R5,000 |
| 25. | Traumadekking | | | R10,000 |
| | | | | **per versekerde persoon** |

**Opsionele uitbreidings (indien in die bylae as van toepassing vermeld)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Toevallige skade | – enige enkele gebeurtenis | Per bylae |
| 2. | Lekkasie van water | – enige enkele gebeurtenis | R5,000 |
| 4. | Instandhouding van TV-toerusting | – enige enkele gebeurtenis | R5,000 |

## Spesifieke voorwaarde

### Eweredigheid

Indien die eiendom ten tye van die aanvang van enige omskrewe gebeurtenis gesamentlik van groter waarde is as die versekerde bedrag van toepassing daarop, dan word die versekerde geag sy eie versekeraar vir die verskil te wees en moet 'n eweredige gedeelte van die verlies dienooreenkomstig self dra. Elke item, indien meer as een, is afsonderlik onderworpe aan hierdie voorwaarde.

### Spesifieke uitsonderings

Die Maatskappy sal nie verantwoordelik wees vir

1. geld en verhandelbare dokumente, behalwe soos spesifiek vermeld.
2. medalje-, seël- en muntversamelings, behalwe soos spesifiek vermeld.
3. motorvoertuie, sleepwaens, woonwaens, vaartuie, lugvaartuie en hul bykomstighede, lewende hawe of handelsware van enige beskrywing.
4. eiendom wat meer spesifiek verseker is.
5. edelmetale en -stene, juweliersware en pelse in die mate waartoe hul onbeskadigde waarde 30 persent van die versekerde bedrag oorskry.
6. enige voortvloeiende verlies van enige aard.

### Uitbreidings en klousules

1. **Verwydering van puin**

   Die Maatskappy sal die koste betaal wat noodwendig deur die versekerde met sy skriftelike instemming aangegaan word vir die verwydering van puin vanaf die woning/perseel na 'n omskrewe gebeurtenis.

2. **Verlies van geld**

   Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen die verlies van geld en verhandelbare dokumente in die woning deur enige omskrewe gebeurtenis, maar diefstal word beperk tot kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

3. **Spieëls en glas**

   Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen toevallige skade aan enige spieëlglas of bladglas wat deel van die inhoud uitmaak.

4. **Televisiestelle en aanvullende toerusting**

   Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen toevallige skade (behalwe meganiese of elektriese onklaarraking) aan enige televisiestel, video-opnemer, dekodeerder of die lugdraad daarvan in die woning.

5. **Inhoud van koelkas of vrieskas**

   Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen die bederwing van voedsel wat in enige koelkas- of vrieskaseenheid gehou word, as gevolg van onklaarraking, toevallige skade of die onderbreking van kragtoevoer aan die eenheid met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

6. **Verlies van dokumente**

   Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen verlies van of skade aan die versekerde se persoonlike dokumente wat deur 'n omskrewe gebeurtenis veroorsaak word. Die Maatskappy sal slegs aanspreeklik wees vir die waarde van materiale en die arbeidskoste verbonde aan die herinbesitstelling van die dokumente of die verkryging van duplikate, en nie vir die waarde van die inhoud vir die versekerde of enige gevolglike verlies of skade nie met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

7. **Veeartsenygelde**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen veeartsenyuitgawes wat as gevolg van die toevallige liggaamlike besering van enige huisdier wat aan die versekerde behoort in 'n padongeluk opgedoen word met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

8. **Goedere in die buitelug**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen die verlies van wasgoed, tuin- of swembadmeubels en implemente vanuit die perseel van die woning met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

9. **Huishoudelike goedere in transito**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur

a. brand, weerlig, ontploffing of botsing of omslaan van die voertuig;

b. diefstal of poging daartoe, mits die goedere in 'n onbewaakte voertuig sover moontlik verberg was en toegang deur middel van sigbare en gewelddadige middele verkry is;

terwyl in transito tussen die plek van aankoop, herstel of opknapping en die versekerde se woning, vir vakansiedoeleindes, of in die proses van permanente verhuising.

10. **Slotte en sleutels**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen koste wat noodwendig en redelikerwys aangegaan word na verlies van of skade aan enige slotte of sleutels (insluitend kaartsleutels en afstandsbeheertoestelle) van die woning en sy buitegeboue met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrae aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie;

2. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

11. **Eiendom van huishoudelike werknemers**

Die Maatskappy sal die versekerde se huishoudelike werknemers skadeloos stel indien hul huishoudelike goedere en persoonlike besittings (met uitsluiting van geld en verhandelbare dokumente) by die versekerde se woning deur 'n omskrewe gebeurtenis verlore gaan of beskadig word met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

12. **Persoonlike besittings van gaste**

Die Maatskappy sal enige gaste wat tydelik by die versekerde inwoon skadeloos stel indien hul huishoudelike goedere en persoonlike besittings (met uitsluiting van geld en verhandelbare dokumente) by die versekerde se woning deur 'n omskrewe gebeurtenis verlore gaan of beskadig word met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

13. **Huur en alternatiewe huisvesting**

Indien die private woning onbewoonbaar raak vanweë verlies of skade veroorsaak deur 'n omskrewe gebeurtenis, sal die Maatskappy betaal vir

a. huurgeld waarvoor die versekerde aanspreeklik is;

b. enige redelike bykomende koste wat met sy instemming by die verkryging van alternatiewe huisvesting vir die versekerde en huishoudelike werknemers wat normaalweg by die versekerde inwoon, aangegaan word;

maar slegs vir die tydperk wat vir herinbesitstelling vereis word en tot en met 25 persent van die versekerde bedrag op inhoud.

14. **Mediese uitgawes**

Die Maatskappy sal betaal vir die koste van mediese uitgawes wat as gevolg van toevallige liggaamlike besering opgedoen word deur enige

a. persoon behalwe die versekerde, veroorsaak deur ’n huisdier wat aan die versekerde behoort;

b. gas of besoeker voortspruitend uit enige gebrek of defek in die woning;

c. huishoudelike werknemer in die loop van sy diens by die versekerde,

met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

15. **Noodlottige besering**

Die Maatskappy sal die bedrag aangedui, betaal ingeval van noodlottige besering aan die versekerde wat voorkom in of om die gebou(e), veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare middele en sodanige besering sal, alleenlik en onafhanklik van enige ander oorsaak binne 12 maande sterfte tot gevolg hê met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

16. **Dief-alarmwaarborg (indien in die bylae as van toepassing vermeld)**

a. Die alarmstelsel moet onder kontrak geïnstalleer en in stand gehou word deur ’n kontrakteur wat deur die Maatskappy goedgekeur is.

b. Die Maatskappy sal nie betaal vir enige inbraak terwyl die woning onbewaak is, tensy die alarmstelsel ten volle in werking gestel is nie.

c. Die Maatskappy sal nie betaal vir enige inbraak waarby die gebruik van sleutels, duplikaatsleutels of afstandsbeheer van die stelsel betrokke is, tensy dit van die versekerde of enige iemand wat dit met die magtiging van die versekerde in besit het, deur middel van geweld of die bedreiging van geweld bekom is nie.

17. **Inflasionêre verhooging**

Die hoof versekerde bedrag (maar nie die versekerde bedrag op enige diverse item nie) sal outomaties op die jaardatum of hernuwingsdatum van die polis verhoog word met ’n persentasie wat deur die Maatskappy geag word gelyk te staan aan die tendens in die inflasiekoerse. Die polis sal met die nuwe versekerde bedrag en die premie wat vir die daaropvolgende versekeringstydperk gehef word, geëndosseer word. Dit onthef nie die versekerde van die verantwoordelikheid om seker te maak dat die versekerde bedrae te alle tye die volle waarde van die versekerde eiendom verteenwoordig nie.

18. **Herstelwerk en maatreëls na verlies**

Na verlies of skade as gevolg van enige versekerde gebeurtenis

a. mag die versekerde, om verdere verlies tot die minimum te beperk, tydelike herstelwerk onderneem en enige maatreëls instel wat nodig is om die versekerde eiendom te beveilig.

b. die Maatskappy sal die redelike koste betaal van

    i. brandblussing;

    ii. noodhuisvesting terwyl die versekerde eiendom onbewoonbaar is totdat alternatiewe huisvesting gereël kan word;

met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

19. **Seël- en muntversamelings**

a. Seëlversamelings

    i. Die Maatskappy sal slegs aanspreeklik wees vir een of meer volledige bladsye wat verlore gaan of beskadig word.

    ii. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir meer as twee-derdes van die waarde van enige enkele seël soos aangedui in enige tans geldige en erkende katalogus nie.

b. Muntversamelings

    Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir

    i. munte in omloop nie.

ii. meer as twee-derdes van die waarde van enige enkele muntstuk soos aangedui in enige tans geldige en erkende katalogus nie.

20. **Telefone**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen toevallige skade insluitend die elektriese of meganiese onklaarraking van enige telefoon- of bykomstige toerusting in die woning met dien verstande dat

a. Telkom se inruil-regulasies waar ook al prakties moontlik sal geld;

b. lyne en uitbreidingsdrade uitgesluit word;

c. sellulêre fone uitgesluit word,

met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

21. **Tweerigting-radiobasisstasies**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir toevallige skade (elektriese of meganiese onklaarraking uitgesluit) aan enige tweerigting-radiobasisstasie in die woning, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke oorskry nie.

22. **Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings en waarborge hierin vervat, word hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan

a. roerende eiendom wat

   i. gesteel word, of

   ii. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder vanuit enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word.

b. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek.

c. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   i. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   ii. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die bedoeling om enige deel daarvan te steel,

   met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

      i. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing.

      ii. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

      iii. Verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

      iv. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat voortspruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

      v. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien die versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die versekeraar verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde 'n medeversekeraar saam met die versekeraar en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

23. **Voorwaardes ten opsigte van herinbesitstellingwaarde**

Indien die inhoud wat ingevolge hierdie afdeling verseker is, vernietig of beskadig word of verlore gaan, sal die betaalbare bedrag bereken word sonder enige voorsiening of korting vir waardevermindering onderworpe aan die volgende Spesiale bepalings en ook onderworpe aan al die bepalings, beperkings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene voorwaardes en uitsonderings van die polis behalwe in sover as wat hulle hierdeur gewysig word. Spesiale bepalings:

a. Die Maatskappy behou die reg om eiendom wat verlore gaan of vernietig of beskadig word te eniger tyd na sy keuse te herstel of te vervang in plaas daarvan om die waarde daarvan aan die versekerde te betaal.

b. Indien ten tyde van herstel, vervanging of herinbesitstelling die bedrag wat die koste verteenwoordig wat vir die herstel, vervanging of herinbesitstelling aangegaan sou gewees het indien die geheel van die versekerde eiendom vernietig was, hoër is as die bedrag waarvoor dit verseker is by die aanvang van enige verlies of vernietiging van of skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen daar ingevolge hierdie afdeling verseker is, word die versekerde as sy eie versekeraar beskou vir die verskil en moet hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie klousule betrekking het, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe.

24. **Seisoensverhoging van versekerde bedrag**

Die versekerde bedrae vir inhoud sal jaarliks van 15 Desember tot 31 Januarie met 10% verhoog word.

25. **Traumadekking**

Indien die versekerde persoon blootgestel word aan 'n gebeurtenis na 'n daad van geweld of 'n traumatiese ongeluk op die perseel soos in die bylae vermeld of in enige ander bewoonde woning of gebou waarin die versekerde persoon tydelik bly, sal die Maatskappy sodanige persoon vergoed vir beradingsfooie wat werklik deur sodanige persoon aangegaan word as gevolg van die daad van geweld of traumatiese ongeluk, met dien verstande dat

i. die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy R10,000 is vir elke versekerde persoon per gebeurtenis;

ii. die daad van geweld aanranding, roof of verkragting beteken;

iii. vir die doel van hierdie uitbreiding, die versekerde persoon gesinslede van sodanige versekerde persoon of enige ander persoon op die versekerde se perseel soos hierbo omskryf insluit wat aan dieselfde insident of gebeurtenis of traumatiese ongeluk as die versekerde persoon blootgestel is;

iv. die daad van geweld by die polisie aangemeld is.

26. **Meer as een woning**

Indien die inhoud van meer as een privaat woning ingevolge afsonderlike items verseker word, geld die bepalings, voorwaardes, beperkings en uitsonderings wat hierin vervat is afsonderlik vir elke item asof elke item ingevolge 'n aparte polis verseker is.

27. **Stoorkoste vir inhoud na skade**

Noodsaaklike stoorkoste wat deur die versekerde aangegaan word om die versekerde se inhoud te beskerm na die voorkoms van 'n gevaar soos gespesifiseer in onderafdeling A. Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens R20 000 of 5% van die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, wat ook al die grootste is, sal wees.

28. **Inhoud wat pas aangeskaf is**

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir verlies van of skade aan eiendom wat deel uitmaak van die inhoud en wat gedurende die huidige versekeringstydperk aangeskaf word. Dekking word beperk tot 25% van die versekerde bedrag, tot en met hoogstens R20 000.

29. **Inhoud wat nie gewoonlik in die huis gehou word nie**

Indien huishoudelike inhoud en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie en behoort aan 'n ouer of grootouer van die versekerde wat in 'n geregistreerde verpleeginrigting of geregistreerde residensiële versorgingsoord woon, verloor of beskadig word as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis, sal die maatskappy die versekerde tot en met R10 000 vir enige enkele eis vergoed, onderhewig aan kragdadige en gewelddadige toegang tot die perseel.

30. **Tuisbedryfsvoorraad**

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir verlies van of skade aan voorraad met betrekking tot 'n tuisbedryf wat bedryf word deur die versekerde of sy gesin wat op die versekerde perseel woon, as gevolg van versekerde gebeurtenisse soos omskryf onder dekking wat verskaf word.

Die maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

i. meer as R3 000 vir enige enkele item;

ii. meer as R25 000 vir enige enkele eis; of

iii. meer as R25 000 gedurende 'n 12-maandetydperk.

Die waarde van elke voorraaditem word beperk tot die kosprys daarvan en nie die beoogde verkoopprys nie.

31. **Beperkte dekking vir Bed & Ontbyt**

Die dekking ingevolge hierdie uitbreiding sal slegs geld indien drie of minder slaapkamers van die versekerde se private woning aan gaste verhuur word en die versekerde permanent in die private woning woon.

**a. Handelsvoorraad**

Die maatskappy sal handelsvoorraad dek indien die versekerde bedrag aangedui in die bylae vir die Huisbewoners-afdeling wat die handelsvoorraad van die versekerde se bed & ontbyt insluit, voldoende is. Indien die versekerde bedrag nie voldoende is nie, sal die eweredigheidsbeginsel geld.

**b. Verhoging gedurende spitstye**

Die bedrag aangedui in die bylae vir die Huisbewoners-afdeling sal met 10% verhoog word soos in die bylae aangedui vir:

i. langnaweke;

ii. gedurende feeste; en

iii. gedurende skoolvakansies aangetoon op die amptelike provinsiale skoolkalender.

**c. Verlies van of skade aan persoonlike besittings van betalende gaste**

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir verlies of skade, veroorsaak deur 'n versekerde gebeurtenis, aan die persoonlike besittings (met uitsluiting van geld en enige ander verhandelbare items) wat aan betalende gaste behoort, terwyl die persoonlike besittings in die versekerde se private woning is. Die dekking sluit huishoudelike goedere en persoonlike besittings wat elders verseker is, uit. Die skadeloosstellingsperk is hoogstens R10 000.

d. **Traumadekking vir betalende gaste**

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir enige fooie wat deur 'n geregistreerde berader gevra word vir die behandeling van trauma wat deur 'n betalende gas gely word indien die betalende gas behandeling nodig het as gevolg van diefstal, inbraak, kaping of 'n brand wat op die versekerde se perseel voorgekom het. Die maatskappy sal nie die versekerde skadeloos stel vir uitgawes wat van enige ander versekering of fasiliteit verhaal word nie. Skadeloosstelling word beperk tot R10 000.

e. **Skoonmaak en droogskoonmaak van gaste se eiendom**

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir aanspreeklikheid voortspruitend uit toevallige verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl dit deur die versekerde of in opdrag van die versekerde deur 'n derde party skoongemaak of droogskoongemaak word. Die skadeloosstellingsperk is hoogstens R5 000.

## Opsionele uitbreidings (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

1. **Dekking teen toevallige skade**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen toevallige skade aan die versekerde eiendom tot en met die perk wat in die bylae vermeld word. Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

a. Gevolglike verlies van enige aard.

b. Verlies, vernietiging of skade

i. veroorsaak deur of voortspruitend uit

1. slytasie.
2. waardevermindering.
3. elektriese of elektroniese onklaarraking.
4. roes, muf, motte, ongedierte of insekte.
5. skrape, duike of afsplintering.
6. die versekerde se eie troeteldiere.
7. enige geleidelik werkende oorsaak.
8. enige skoonmaak-, kleur- of herstelproses.
9. die uitwerking van lig of atmosferiese toestande.
10. beslaglegging of terughouding deur enige regsproses.

ii. van musiekinstrumente deur brekasie van aksie, mondstukke, pype of snare.

iii. van vuurwapens.

iv. van video- of oudiokasette of laserskywe.

v. van broos artikels.

vi. van tuinmeubels en -toerusting.

vii. van sporttoerusting.

viii. horlosies of ander meganiese apparaat wat te veel opgewen word.

2. **Lekkasie van water**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen heffings deur 'n plaaslike owerheid vir die verlies van water deur lekkasie van pype op die versekerde se eiendom, met dien verstande dat

a. die waterverbruikslesing minstens 50 persent meer as die gemiddeld van die vorige vier lesings moet wees.

b. die versekerde onmiddellik stappe moet doen om die pyp(e) te herstel nadat 'n lekkasie ontdek is (deur middel van fisiese bewyse of by ontvangs van 'n abnormale hoë waterrekening).

c. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens die bedrag aangedui in die skadeloosstellingsperke beloop.

Die uitbreiding sluit nie dekking vir die volgende in nie

a. die herstelkoste van lekkende pype nie.

b. meer as twee afsonderlike voorvalle in enige tydperk van twaalf maande nie.

c. verlies van water

   i. as gevolg van lekkende krane, waterverhittingsapparate of toiletstelsels nie.

   ii. vanuit swembadstrukture, of inlaat- of uitlaatpype nie.

   iii. terwyl die eiendom vir 'n tydperk van meer as 60 dae onbewoond gelaat word nie.

4. **Instandhouding van televisietoerusting**

   Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen herstelwerk wat volg op die elektriese of meganiese onklaarraking van enige televisiestel, video-opnemer, dekodeerder of satellietskottel in die woning.

## Eisvryegroepe

1. Indien geen eise ingevolge hierdie afdeling gedurende enige enkele jaarlikse versekeringstydperk uitbetaal is nie, sal die volgende hernuwingspremie op een van die volgende eisvryegroepe gebaseer word:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bestaande eisvryegroep | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hernuwingseisvryegroep | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 5 |

2. Indien enige eise wel gedurende die versekeringstydperk uitbetaal is, sal die volgende hernuwingspremie op die volgende eisvryegroep gebaseer word:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bestaande eisvryegroep | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hernuwingseisvryegroep | 0 | 0 | 0 | 1 | 2 | 3 |

Slegs eise wat ingevolge die omskrewe gebeurtenisse ingestel word, sal die eisvryegroep beïnvloed.

## Omskrywings

Inhoud beteken

a. inhoud terwyl dit in die versekerde se private woning en huishoudelike buitegeboue is, altyd met dien verstande dat indien die inhoud van twee of meer van die versekerde se private wonings en hul onderskeie huishoudelike buitegeboue ingevolge hierdie afdeling verseker word, die bepalings, beperkings, uitsonderings en voorwaardes wat in hierdie afdeling vervat is, afsonderlik vir die inhoud van elk van sodanige private wonings en hul onderskeie huishoudelike buitegeboue geld asof die inhoud van elk van sodanige private wonings en hul onderskeie huishoudelike buitegeboue ingevolge 'n aparte polis verseker is;

b. besigheidsgoedere en toerusting in die privaat woning onderworpe aan 'n perk van R30,000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis wat die eiendom van die versekerde is, of waarvoor hy regtens verantwoordelik is (nie die geboueienaar se los en vaste toebehores nie) in die Gebou(e) op die perseel wat in die bylae vermeld word.

**Medeversekerdes** beteken die gade van die versekerde en enige ander lid van die versekerde of die gade se gesin, met dien verstande dat voormelde lid normaalweg by die versekerde inwoon.

**Versekerde se private woning** beteken die gebou van die versekerde se private woonhuis/woonstel wat opgerig en geleë is soos vermeld in die bylae.

**Huishoudelike buitegeboue** beteken die gebou(e) van alle bediendekamers, private motorhuise en private buitegeboue wat op dieselfde perseel as die versekerde se private woning is en wat uitsluitlik in verband daarmee gebruik word maar sonder om direk met die versekerde se private woning te kommunikeer.

**Geboue** beteken die versekerde se private woning en huishoudelike buitegeboue.

**Gemelde perseel** beteken die perseel waarop die versekerde se private woning geleë is.

**Inhoud** beteken huishoudelike goedere en persoonlike besittings van enige beskrywing wat die eiendom van die versekerde en medeversekerdes is of waarvoor hulle verantwoordelik is, en los en vaste toebehore wat die eiendom van die versekerde en medeversekerdes is of waarvoor hulle regtens verantwoordelik is, maar met uitsluiting van los en vaste toebehore wat aan die eienaar van die gebou behoort.

# Huishoudelike alle risiko's

### Omskrewe gebeurtenisse

Toevallige verlies van of skade (skade) aan die versekerde eiendom, te wete

1. ongespesifiseerde items (indien in die bylae as ingesluit vermeld) bestaande uit
   a. klerasie (behalwe pelse en leerbaadjies);
   b. persoonlike besittings wat
      i. normaalweg aan die persoon gedra word, of ontwerp is om aan of deur 'n persoon gedra te word;
      ii. normaalweg deur 'n persoon gedra of gebruik word terwyl daar aan sport deelgeneem word, maar met uitsluiting van items wat individueel gespesifiseer moet word soos kontaklense, trapfietse, sellulêre fone, vuurwapens, motorklankstelsels, draagbare data- en/of oudiotoerusting van enige beskrywing, laserskyfspelers (CD-spelers), oproeptoestelle, oudio- of video-opnemers of laserskywe.
2. gespesifiseerde items wat afsonderlik in die bylae vermeld word wat aan die versekerde behoort of aan lede van die versekerde se gesin wat normaalweg by die versekerde inwoon.

### Skadeloosstellingsperke

Die skadeloosstellingsperke wat hieronder aangedui word, is onafhanklik van enige bedrag wat in die bylae vermeld word van toepassing, en moet met die tersaaklike klousules in hierdie afdeling saamgelees word.

| **Omskrewe gebeurtenisse** | **Perke** |
|---|---|
| 1. Ongespesifiseerde items – per individuele item (behalwe klerasie) | 20% van versekerde bedrag |

### Uitbreidings en klousules

| | |
|---|---|
| 1. Kolskoot deur gholfspeler | R5,000 |
| 2. Voltal vir rolbalspelers | R5,000 |
| 3. Verlies van geld | R5,000 |

### Spesifieke uitsonderings

Die Maatskappy sal nie verantwoordelik wees vir

1. skade
   a. aan sporttoerusting (behalwe gholfstokke) terwyl werklik in gebruik nie.
   b. aan skoot- of ander persoonlike rekenaars en datamedia nie.
   c. voortspruitend uit beslaglegging of terughouding deur enige regsproses nie.
   d. aan eiendom as gevolg van die elektriese of meganiese onklaarraking van die eiendom self nie.
   e. veroorsaak deur of voortspruitend uit
      i. insekte, parasiete of ongedierte nie.
      ii. slytasie of geleidelik werkende oorsake nie.
      iii. verandering, herstelwerk, instandhouding, versiering, restorasie of hernuwing nie.
      iv. enige herstel-, instandhoudings-, droogmaak-, kleur- of verhittingsproses nie.
2. die koste verbonde aan die reproduksie van klank, data en beelde op bande, plate, film of magnetiese media nie.

3. verlies of verdwyning van die versekerde eiendom uit enige motorvoertuig, woonwa, sleepwa of vaartuig terwyl dit onbewaak was tensy sodanige verlies of verdwyning volg op gewelddadige toegang wat tot die gemelde motorvoertuig, woonwa, sleepwa of vaartuig verkry is, maar in die geval van motorvoertuig word dekking beperk tot eiendom wat gehou word in ’n toegesluite bagasiebak of weggesteek word in ’n bêreplek wat deel van ’n toegesluite motorvoertuig uitmaak.

## Uitbreidings en klousules

1. **Kolskoot deur gholfspeler**

   Die Maatskappy sal die bedrag betaal wat in die skadeloostellingsperke vermeld word indien die versekerde ’n kolskoot in ’n amateur gholfspel aanteken, ingevolg die reëls by enige erkende gholfklub en met skriftelike bevestiging deur die sekretaris van die klub.

2. **Voltal vir rolbalspelers**

   Die Maatskappy sal die bedrag betaal wat in die Skadeloosstellingsperke vermeld word indien die versekerde deel is van ’n span van twee, drie of vier wat as amateurspelers ’n voltal aanteken (d.w.s. al agt of nege balle laat tel) in ’n rolbalkompetisie wat ooreenkomstig die reëls van die Suid-Afrikaanse Rolbalvereniging by enige erkende rolbalklub gespeel word, by skriftelike bevestiging deur die sekretaris van die klub.

3. **Verlies van geld**

   Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel tot en met die bedrag vermeld in die skadeloosstellingsperke vir die verlies van geld of verhandelbare dokumente.

4. **Oproer en staking**

   Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   a. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

   b. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenisse waarna in (a) hierbo verwys word;

      met dien verstande dat hierdie gebeurtenis nie die volgende dek nie:

      a. Skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind.

      b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies van huurgeld indien spesifiek verseker.

      c. Skade veroorsaak deur die algehele of gedeeltelike staking van werk, of die sloering, onderbreking of staking van enige proses of bedrywigheid.

      d. Skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming as gevolg van beslaglegging, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

      e. Skade veroorsaak deur of wat verband hou met enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word, of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op enige ander wyse met enige sodanige gebeurtenis gehandel word.

   Indien die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) van hierdie gebeurtenis nie gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

5. **Pare en stelle**

   Waar ’n item bestaan uit ’n paar of stel sal die Maatskappy nie meer as die waarde van die dele wat verlore of beskadig is, betaal nie.

6. **Trapfietse (indien in die bylae gespesifiseer)**

   a. Trapfietse en bybehore wat onbewaak buite die grense van die woning gelaat word, moet deur middel van ’n sekuriteitstoestel aan ’n permanente, vaste struktuur vasgemaak word.

b. Benewens enige eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae is die versekerde verantwoordelik vir ’n verdere R1,000 indien verlies of skade ontstaan tydens deelname aan wedrenne, gangmakery of proefwedrenne.

7. **Veilige bewaring**

Indien ’n item gespesifiseer as synde in ’n veilige bewaringsfasiliteit gehou word, geld die versekering ingevolge hierdie afdeling slegs terwyl die item in sodanige fasiliteit gehou is.

8. **Selfone**

Wat pensioentrekkers betref, word die Eerste Bedrag Betaalbaar ten opsigte van selfone in die bylae geskrap.

9. **Seël- en muntversamelings (indien in die bylae gespesifiseer)**

Die Maatskappy sal die versekerde ten opsigte van verlies van of skade aan seël- of muntversamelings skadeloos stel, met dien verstande dat

a. die waarde van ’n enkele seël of munt en die waarde van ’n enkele stel seëls of ’n enkele stel munte nie die waarde aangedui in die huidige toepaslike katalogus of pryslys oorskry nie;

b. die Maatskappy nie vir huidige munte aanspreeklik sal wees nie;

c. die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie item hoogstens die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, beloop.

10. **Persoonlike dokumente (indien in die bylae gespesifiseer)**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade aan persoonlike dokumente, aktes, testamente, ooreenkomste, planne, rekords, sertifikate en enige ander persoonlike dokument, met dien verstande dat

a. die Maatskappy nie vir aandelesertifikate en enige ander verhandelbare dokument aanspreeklik is nie;

b. die Maatskappy nie aanspreeklik is vir die waarde wat die inligting vervat in sodanige persoonlike dokumente vir die versekerde het nie, maar slegs vir die waarde van die materiaal en bedrae wat aan werk op sodanige persoonlike dokumente bestee is;

c. die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie item hoogstens die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, beloop.

11. **Vuurwapens (indien in die bylae gespesifiseer)**

Die versekerde waarborg dat vuurwapens in ’n SABS-goedgekeurde kluis toegesluit sal wees wanneer die vuurwapens nie gebruik word nie.

12. **Woonwa-inhoud (indien in die bylae gespesifiseer)**

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

a. diefstal van inhoud uit ’n woonwa terwyl die woonwa onbewoon is, tensy daar kragdadige en gewelddadige toegang is;

b. die vaste toebehore van die woonwa.

# Huishoudelike persoonlike ongevalle

### Omskrewe gebeurtenisse

1. Besering, wat beteken liggaamlike besering veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare middele en wat
    a. regstreeks en onafhanklik van enige ander oorsaak binne 24 kalendermaande sterfte of ongeskiktheid tot gevolg het.
    b. besering veroorsaak deur blootstelling, verhongering of dors insluit.

### Spesifieke omskrywings

1. Versekerde persoon beteken enige persoon vermeld in die persoonlike ongevalle-afdeling van die bylae.
2. Tydelike of permanente ongeskiktheid beteken algehele onvermoë om vir langer as die tydperk wat in die bylae vermeld word aan die gewone werk of beroep aandag te skenk.
3. Mediese uitgawes beteken alle uitgawes wat aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddele of prostese of mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitend die koste van noodvervoer of bevryding van ’n versekerde persoon indien vasgevang en ontruiming van sodanige persoon na ’n veilige plek) wat deur ’n ongeluk veroorsaak word.

### Voordeel betaalbaar

1. Ingeval van die besering van enige versekerde persoon, sal die Maatskappy die persentasie van vergoeding, soos vermeld in die tabel van voordele, aan die versekerde persoon of die versekerde se boedel betaal.
2. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees om meer te betaal as die sterfte- of permanente ongeskiktheidsvoordeel (wat ook al hoër is) plus enige voordeel ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid en mediese uitgawes.
3. Die Maatskappy sal die sterftevoordeel betaal indien ’n versekerde persoon verdwyn en daar na ’n jaar bevredigende bewyse is om te veronderstel dat die dood as gevolg van besering ingetree het. Indien daar op ’n later stadium gevind word dat die dood nie ingetree het nie, en die versekerde persoon lewend gevind word, moet enige bedrag wat deur die Maatskappy betaal is, terugbetaal word.
4. Ingeval van die afsterwe van ’n versekerde persoon onder die ouderdom van 15 jaar, sal die Maatskappy nie meer as die redelike koste van begrafnisuitgawes betaal nie.

### Spesifieke uitsonderings

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees om voordeel te betaal ten opsigte van die volgende nie:

1. Besering
    a. voortspruitend nadat die versekerde persoon die ouderdom van 70 jaar bereik het, tensy skriftelik deur die Maatskappy ooreengekom en in die bylae vermeld.
    b. veroorsaak deur ’n versekerde persoon wat kranksinnig is of onder die invloed van drank of dwelms is (tensy voorgeskryf deur en geneem ooreenkomstig die opdragte van of toegedien deur ’n lid van die mediese beroep benewens homself/haarself) selfmoord of enige daad van opsetlike selfbesering of opsetlike selfblootstelling aan onnodige gevaar, veneriese siekte of in die geval van ’n vrou deur kindergeboorte of die gevolge daarvan of ander oorsake wat eie aan die vroulike geslag is.
    c. voortspruitend terwyl die versekerde persoon
        i. per lug reis behalwe as ’n passasier in enige vliegtuig wat ten volle vir die vervoer van passasiers gelisensieer is, met dien verstande dat die versekerde persoon nie as ’n lid van die vliegtuigbemanning optree nie en ook nie vir die doeleindes van enige handels- of tegniese bedrywigheid in verband met die vliegtuig waarin hy/sy reis, vlieg nie.

ii. deelneem aan

1. motorfietsry (hetsy as bestuurder of passasier).
2. resies van enige aard waarby die gebruik van enige kragaangedrewe voertuig, vaartuig, vliegtuig of trapfiets betrokke is.
3. hinderniswedrenne, polo, wintersport (waarby sneeu of ys betrokke is), bergklimmery wat die gebruik van toue noodsaak.
4. professionele voetbal, professionele rugby, grootwildjagtery, hangswewery.
5. enige sport of tydverdryf waarby uitsonderlike risiko van ongeluk betrokke is.

2. tydelike algehele ongeskiktheid wat die maksimum tydperk vermeld in die bylae oorskry.

| **Tabel van voordele** | | **Beskrywing van besering** | **Persentasie van vergoeding** |
|---|---|---|---|
| 1. | Sterfte | | 100 |
| 2. | Permanente ongeskiktheid | | |
| | a. | Verlies deur fisieke skeiding by of bokant die gewrig of enkel van een of meer ledemate | 100 |
| | b. | Die algehele en onherstelbare verlies van sig in een of beide oë | 100 |
| | c. | Algehele verlamming | 100 |
| | d. | Enige ander besering wat permanente ongeskiktheid veroorsaak | 100 |
| | e. | Verlies van vier vingers | 70 |
| | f. | Verlies van duim | |
| | | – beide litte | 25 |
| | | – een lit | 10 |
| | g. | Verlies van voorvinger | |
| | | – drie litte | 10 |
| | | – twee litte | 8 |
| | | – een lit | 4 |
| | h. | Verlies van middelvinger | |
| | | – drie litte | 6 |
| | | – twee litte | 4 |
| | | – een lit | 2 |
| | i. | Verlies van ringvinger | |
| | | – drie litte | 5 |
| | | – twee litte | 4 |
| | | – een lit | 2 |
| | j. | Verlies van pinkie | |
| | | – drie litte | 4 |
| | | – twee litte | 3 |
| | | – een lit | 2 |
| | k. | Verlies van middelhandbene | |
| | | – eerste of tweede (bykomend) | 3 |
| | | – derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| l. | Verlies van toon | |
| | – almal | 30 |
| | – groot – beide litte | 5 |
| | – een lit | 2 |
| | – behalwe groot – elke toon verloor | 1 |
| m. | Verlies van gehoor | |
| | – beide ore | 80 |
| | – een oor20 | |

Permanente algehele verlies van gebruik van 'n liggaamsdeel sal geag word verlies van sodanige deel te wees. Waar besering nie gespesifiseer word nie, sal die Maatskappy 'n persentasie van ongeskiktheid aanwend wat na sy mening nie strydig met bogenoemde is nie.

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Tydelike algehele ongeskiktheid | 100 |
| 4. | Mediese uitgawes | 100 |

## Memoranda

1. Algemene uitsondering 1 word geskrap en oorgestel as:

   Hierdie afdeling sluit besering uit wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van oorlog, inval, daad van buitelandse vyand, krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of magsoorname.
2. Algemene voorwaarde 2 is nie van toepassing op hierdie afdeling nie.
3. Algemene voorwaarde 6(b) is nie van toepassing op hierdie afdeling nie.

## Spesiale voorwaarde

Ten opsigte van enige eis moet die versekerde, so dikwels as wat deur die Maatskappy vereis word en op sy onkoste, hom/haar aan 'n mediese ondersoek onderwerp. Ingeval van sterfte sal die Maatskappy daarop geregtig wees om 'n lykskouing te vereis.

## Uitbreidings

1. **Lewensondersteunende toerusting**

   Ondanks enige bepaling in die omskrewe gebeurtenisse, sluit die 24-maandetydperk hierin vermeld nie 'n tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige persoon uitsluitlik deur die gebruik, vir tydperke van minstens drie opeenvolgende dae, van lewensondersteunende masjiene, toerusting of apparaat vertraag word nie.
2. **Mobiliteit**

   Wanneer die Maatskappy 'n eis vir permanente ongeskiktheid erken het en die versekerde persoon direk as gevolg van hierdie ongeskiktheid permanent van 'n rolstoel afhanklik is om te beweeg, sal die Maatskappy 'n addisionele bedrag van hoogstens R10,000 betaal vir

   a. 'n selfgedrewe rolstoel; en/of
   b. die veranderings aan die stuurkontroles van die versekerde persoon se motorvoertuig en (indien nodig) die montering van rolstoellaaitoerusting; en/of
   c. aanpassings aan die versekerde persoon se woning om die gebruik van so 'n rolstoel moontlik te maak.
3. **Begrafniskoste**

   Die Maatskappy sal, in die geval van toevallige sterfte van die versekerde persoon, benewens die kapitaalbedrag nog R5,000 vir die begrafniskoste van die versekerde persoon betaal.

4. **Plaasmoorde**

In die geval van sterfte as gevolg van die moord van die versekerde en/of sy/haar gade in hul hoedanigheid as eienaars, mede-eienaars of huurders van die eiendom wat vir boerderydoeleindes gebruik word, sal die Maatskappy dubbele vergoeding betaal, met dien verstande dat

a. die maksimum addisionele bedrag betaalbaar ten opsigte van die versekerde en/of sy/haar gade se sterfte ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens R50,000 beloop;

b. die moord plaasgevind het op die versekerde eiendom wat vir boerderydoeleindes geokkupeer word;

c. die bedrag betaalbaar benewens vergoeding vir sterfte soos betaalbaar ingevolge die Tabel van voordele betaal sal word.

# Huishoudelike plesiervaartuie

## Omskrywings

1. **Vaartuig**

   Die vaartuig vermeld in die bylae bestaan uit – die romp, bo-struktuur, vaste toebehore, elektriese masjinerie, enjins, binneboordmotor(s), skeepsbootjie(s), uitrusting en toerusting (nie elektroniese toerusting nie) soos wat normaalweg saam met die vaartuig as 'n enkele eenheid verkoop sou word. Buiteboordmotors, tenders, tewaterlaters/trollies en sleepwaens en radio's, eggopeilers en soortgelyke navigasie- en/of elektroniese toerusting, dekseile en veiligheidstoerusting word nie ingesluit nie, tensy afsonderlik verklaar en in die bylae en/of by wyse van endossement gewaardeer en ingesluit.

2. **Hele vaartuig**

   'n Hele vaartuig bestaan uit die vaartuig vermeld in die bylae en enige buiteboordmotors, tenders, tewaterlaters/trollies en sleepwaens en radio(s), eggopeilers en soortgelyke navigasie- en/of elektroniese toerusting, dekseile en veiligheidstoerusting wat afsonderlik verklaar en in die bylae en/of by wyse van endossement gewaardeer en ingesluit is.

3. **Privaat woning**

   Privaat woning beteken die versekerde se permanente tuiste wat vir huishoudelike doeleindes gebruik word en sluit alle grond binne die grense van die perseel daarvan in.

4. **Vervangingswaarde**

   Vervangingswaarde beteken:

   a. ten opsigte van vaartuie wat ten tyde van die verlies of skade minder as 4 jaar oud is, die nuwe vervangingswaarde daarvan;

   b. ten opsigte van vaartuie wat ten tyde van die verlies of skade meer as 4 jaar oud is, die redelike markwaarde daarvan.

5. **Meganiese of elektriese of elektroniese onklaarraking (uitgesluit onder Afdeling 1)**

   Skade aan of onklaarraking van masjinerie, enjins, motors, radio- en navigasietoerusting, batterye en hul verbindings (maar nie die stutas en skroef nie), tensy veroorsaak deur

   a. toevallige instroming van water in die romp;

   b. die feit dat die vaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in 'n botsing betrokke is of in kontak is met 'n uitwendige voorwerp (ys ingesluit) behalwe water, maar uitgesonderd die inname van vreemde voorwerpe/stowwe in die verkoelingstelsel;

   c. ongelukke wat voorkom terwyl masjinerie, enjins, toerusting, batterye en hul verbindings uit die vaartuig of 'n bergplek verwyder word of daarin geplaas word;

   d. kwaadwillige optrede;

   e. brand of toevallige skade terwyl dit geberg word.

6. **Waarborg**

   Waar die woord "waarborg" of "gewaarborg" ook al gebruik word, word geag dat 'n waarborg geskep is. 'n Waarborg moet presies nagekom word, anders kan ons alle aanspreeklikheid vanaf die datum van die verbreking van die waarborg vermy. Dit sou vir die versekerde geen verweer wees om te sê dat, nadat die waarborg verbreek is, hy die posisie reggestel het en aan die waarborg voldoen het voordat die verlies voorgekom het nie.

7. **In gebruik**

   Die tydperk wanneer die vaartuig toegerus en beskikbaar is vir die versekerde se onmiddellike gebruik.

8. **Gebruik van huisboot**

   'n Vaartuig word as 'n huisboot gebruik wanneer dit nie vaar nie, maar permanent vasgemeer of op sy ankerplek is en deur die versekerde of ander gebruik word om aan boord te woon.

9. **Algehele verlies (Werklike en/of Konstruktiewe)**

   a. 'n Werklike algehele verlies kom voor indien die versekerde vaartuig heeltemal vernietig en/of beskadig word of indien die versekerde onherroeplik heeltemal daarvan ontneem word, en nie andersins nie.

   b. 'n Konstruktiewe algehele verlies kom voor wanneer die versekerde vaartuig 'n werklike algehele verlies ly soos omskryf in (a) hierbo of indien dit nie van sodanige werklike algehele verlies gered kon word sonder besteding wat, indien aangegaan, die versekerde bedrag van die vaartuig soos vermeld in die bylae sou oorskry nie.

10. **Semi-rigiede vaartuig**

    'n Semi-rigiede vaartuig is 'n vaartuig wat van pontons gebruik maak, gemaak van rubber of ander materiaal wat onder druk opgeblaas word, met 'n rigiede romp.

11. **Spoed**

    Een knoop = 1.852 km (1,852 meter) per uur.

12. **Persoonlike besittings**

    Persoonlike besittings: verkykers, sekstante en skeepsboeke, seiljag- en roeiklere, olieklere, seestewels, wat die persoonlike eiendom van die versekerde is, of bemanning se klere wat deur die versekerde verskaf word.

13. **Spesiale toerusting**

    Spesiale toerusting, hetsy saam met die vaartuig gekoop of nie, sluit in maar word nie beperk nie tot musiek- en radiostelsels, kommunikasieradio's, navigasie- en ander elektroniese en/of ander soortgelyke toerusting, ankers, spesiale skroewe, reserwetenks, spoedmeters en ander toerusting.

## Jurisdiksieklousule

Hierdie versekering is onderworpe aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika, wie se howe jurisdiksie het in alle sake wat hierkragtens ontstaan.

## Onderafdeling 1 – verlies van of skade aan die vaartuig

1. **Versekerde Gebeurtenisse**

   Hierdie afdeling van die polis verseker die vaartuig soos beskryf in die bylae teen verlies of skade veroorsaak deur uitwendige toevallige middele, insluitende

   a. gevare ter see of op riviere, mere of ander vaarbare waters;

   b. brand;

   c. oorboordwerping;

   d. seerowery;

   e. botsing met skeepsdok of hawetoerusting of -installasies, landvervoermiddels, vliegtuie of ander lugtoestelle of artikels wat daaruit of daarvan af val;

   f. aardbewing of weerlig; en mits sodanige verlies of skade nie uit 'n gebrek aan redelike voorsorgmaatreëls deur die versekerde voortspruit nie, dek hierdie versekering ook

   g. ongelukke met die op- of aflaai of verskuiwing van voorraad, uitrusting, toerusting of masjinerie;

   h. ontploffing;

   i. kwaadwillige skade;

j. diefstal van die vaartuig (onderworpe aan uitsluiting 2(a) hieronder ten opsigte van diefstal van die hele vaartuig) of buiteboordmotor(s), mits dit, benewens die gewone wyse van vashegting, deur middel van 'n veiligheidstoestel behoorlik aan die vaartuig vasgeheg is; of, na kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die vaartuig of bergplek, diefstal van masjinerie insluitende buiteboordmotors, uitrusting of toerusting;

k. verlies van of skade aan die vaartuig, met uitsluiting van motors en verbindings (maar nie stutas of skroef nie), elektriese toerusting, batterye en verbindings veroorsaak deur

   i. latente gebreke in die romp of masjinerie, brekasie van aste of die bars van stoomketels (met uitsluiting van die koste en uitgawe van vervanging of herstel van die gebreekte as of gebarste stoomketel);

   ii. die nalatigheid van enige persoon hoegenaamd, maar met uitsluiting van die herstelkoste van 'n defek veroorsaak deur hetsy nalatigheid of kontrakbreuk ten opsigte van herstelwerk of veranderings wat namens die versekerde of ten opsigte van die instandhouding van die vaartuig uitgevoer word;

l. die koste verbonde aan die bodembesigtiging na 'n stranding, indien dit redelikerwys spesiaal vir daardie doel aangegaan word, selfs al kan geen skade gevind word nie;

m. indien die vaartuig gestrand, gesink of gebrand het of in 'n botsing betrokke is, verlies van of skade aan persoonlike besittings wat deur hierdie versekering gedek word.

Die versekerde bedrag vermeld in die bylae is die maksimum bedrag wat deur die maatskappy betaalbaar is ten opsigte van sodanige verlies of skade, maar hoogstens die vervangingswaarde van die hele vaartuig en sy toebehore, motors, skeepsbootjies en enige spesiale toerusting (soos beskryf in die bylae) ten tyde van sodanige verlies of skade.

2. **Uitsluitings**

Die volgende word uitgesluit van hierdie afdeling van die polis:

a. Die maatskappy is nie aanspreeklik vir verlies as gevolg van diefstal van die hele vaartuig terwyl dit op enige tydstip onbewaak gelaat word nie, tensy die hele vaartuig

   i. binne die goed beveiligde mure en grense van die versekerde se privaat woning is;

   ii. by'n erkende herstel- en/of versienplek is;

   altyd met dien verstande dat sodanige diefstal met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige privaat woning of herstel-/versienplek gepaardgaan, tensy 'n andersluidende endossement uitgereik is;

   iii. by 'n erkende wateraanleg of seiljagklub;

   iv. by 'n seiljagklub, mits die hele vaartuig behoorlik geïmmobiliseer is wanneer dit nie in die water is nie;

   v. by 'n vakansie-/ontspanningsoord mits die hele vaartuig behoorlik geïmmobiliseer is wanneer dit nie gebruik word nie.

b. Verlies of skade voortspruitend uit 'n gebrek aan redelike voorsorgmaatreëls aan die kant van die versekerde.

c. Enige koste en/of uitgawes aangegaan as gevolg van slytasie, waardevermindering, agteruitgang weens gebruik, meganiese of elektriese of elektroniese onklaarraking (met inbegrip van onklaarraking veroorsaak deur die inname van vreemde voorwerpe/stowwe in die verkoelingstelsel) en verlies van gebruik van enige aard.

d. Verlies van of skade aan seile of dekseile wat deur die wind geskeur of weggewaai word terwyl dit gespan is, tensy veroorsaak deur skade aan die sparre waaraan die seile vas is of omdat die vaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in 'n botsing betrokke is of in kontak is met 'n uitwendige voorwerp (ys ingesluit) behalwe water.

e. Verlies van of skade aan maste, sparre, seile, staande of lopende tuigwerk terwyl die vaartuig aan 'n wedvaart deelneem, tensy sodanige verlies of skade voortspruit uit die feit dat die vaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in 'n botsing betrokke is of in kontak is met 'n uitwendige voorwerp (ys ingesluit) behalwe water.

f. Die koste van vervanging of herstel van 'n onderdeel wat bloot vanweë 'n fout in die ontwerp of konstruksie onbruikbaar is of enige koste of uitgawe wat vir die verbetering of verandering van die ontwerp of konstruksie aangegaan word.

g. Verlies van of skade aan

   i. persoonlike besittings wat nie in die bylae gespesifiseer word nie, verbruikbare voorraad, hengeltoerusting, diepseeduik- en/of vryduiktoerusting; of

   ii. vasmeergoed of enige ander toerusting wat nie in die bylae gespesifiseer word nie.

h. Diefstal van die hele vaartuig vanaf die perseel van 'n boothandelaar indien dit daar gelaat is om verkoop te word, tensy dit in 'n ten volle beveiligde en geslote perseel gehou word, altyd met dien verstande dat sodanige diefstal met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige perseel gepaardgaan.

i. Die vaartuig se skeepsbootjie waarop die naam van die vaartuig nie permanent aangebring is nie.

j. Geen eis word erken nie ten opsigte van verlies van of skade aan die vaartuig of aanspreeklikheid teenoor 'n derde party of bergingsdiens veroorsaak deur of voortspruitend

   i. uit die feit dat die vaartuig gestrand of gesink het of oorstroom of onder water gedompel is of wegdryf terwyl dit onbewaak vasgemeer of geanker langs 'n oop strand of kus of rivieroewer gelaat word;

   ii. terwyl die vaartuig anders gebruik word as in ooreenstemming met die beskrywing van gebruik.

k. Waterski's, toue en alle soortgelyke sporttoerusting, indien verseker, terwyl dit in gebruik is of tydens gebruik onbewaak gelaat word.

l. Glans of gegradeerde verfafwerking van enige aard waar versekerde skade 'n oorspuit en/of oorverf van passende kleur verg.

m. Bekleding of herstel daarvan, tensy verlies of skade veroorsaak is omdat die vaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is, in 'n botsing betrokke is of in kontak is met 'n uitwendige voorwerp (ys ingesluit) behalwe water.

n. Verlies van of skade aan 'n buiteboordmotor(s) omdat dit afval of oorboord val, tensy die motor(s) aan 'n permanente hegplek aan die romp vasgebout of vasgeketting is.

3. **Onderafdeling 2 – Aanspreeklikheid teenoor Derde Partye**

Hierdie klousule het slegs betrekking as 'n waarde in die bylaag gestel word.

a. Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel

   i. teen enige skadevergoeding, met inbegrip van koste en uitgawes, wat die versekerde voortspruitend uit die gebruik van die versekerde vaartuig wetlik aanspreeklik word om te betaal ten opsigte van

      1. toevallige dood of liggaamlike besering van enige persoon (uitsluitende enige familielid of werknemer);

      2. toevallige verlies of skade aan enige eiendom behalwe eiendom behorende tot u of deur u in trust gehou of onder u bewaring en beheer;

      3. die koste van werklike of gepoogde opligting, verwydering of vernietiging van die wrak van die vaartuig of enige nalating of versuim om dit te doen.

   ii. teen enige regskoste wat met sy skriftelike instemming aangegaan word vir verteenwoordiging by enige nadoodse ondersoek of ondersoek na 'n noodlottige ongeluk of vir die betwisting van aanspreeklikheid of die installing van regsprosedures.

iii. teen alle ongelukskade veroorsaak deur enige persoon (behalwe 'n persoon wat 'n skeepswerf, wateraanleg herstelwerf, skeepshelling, seiljagklub, verkoopsagentskap of soortgelyke organisasie bestuur of in die diens van sodanige bestuurder is) wat die vaartuig navigeer of met die versekerde se instemming in beheer daarvan is, met dien verstande dat

1. skadeloosstelling nie van toepassing sal wees op enige lid van dieselfde huishouding as daardie persoon nie.
2. sodanige persoon nie op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is nie.
3. sodanige persoon in die versekerde se plek die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van hierdie polis nakom, daaraan voldoen en hom daaraan onderwerp.

Ons aanspreeklikheid ten opsigte van 'n enkele ongeluk of reeks ongelukke voortspruitend uit een gebeurtenis of voorval is hoogstens die bedrag wat in die bylae ten opsigte van hierdie afdeling vermeld word.

b. Ons sal nie betaal nie vir die dood of liggaamlike besering van

i. 'n lid van u gesin of huishouding;

ii. enige persoon in u diens, voortspruitend uit en tydens sodanige diens;

iii. 'n passasier wat in of op die vaartuig vervoer word, of daarin of daaruit klim;

iv. enige persoon wat aan water-ski of ski-plankry deelneem terwyl hy/sy deur die vaartuig gesleep word of voorbereidings tref om gesleep te word of nadat hy/sy gesleep is, totdat die persoon weer veilig aan boord of aan wal is;

v. enige persoon wat aan 'n sport of aktiwiteit behalwe water-ski of ski-plankry deelneem terwyl hy/sy deur die vaartuig gesleep word of voorbereidings tref om gesleep te word of nadat hy/sy gesleep is, totdat die persoon weer veilig aan boord of aan wal is.

c. Ons sal u nie skadeloos stel vir aanspreeklikheid, koste of uitgawes voortspruitend uit bestraffende of waarskuwende skadevergoeding nie, ongeag hoe dit ontstaan het.

4. **Afdeling III – Aanspreeklikheid teenoor passasiers**

Hierdie klousule geld slegs indien 'n waarde in die bylae vermeld word.

a. Ons sal u skadeloos stel vir alle skadevergoeding insluitend koste en uitgawes waarvoor u aanspreeklik word om te betaal en betaal voortspruitend uit 'n ongeluk wat deur of in verband met die vaartuig veroorsaak is ten opsigte van

i. die dood of liggaamlike besering van passasiers terwyl hulle op die vaartuig reis of daarin of daaruit klim;

ii. skade aan eiendom wat die passasiers behoort, terwyl hulle op die vaartuig reis.

Ons aanspreeklikheid ten opsigte van 'n enkele ongeluk of reeks ongelukke voortspruitend uit een gebeurtenis of voorval is hoogstens die bedrag wat in die bylae ten opsigte van hierdie afdeling vermeld word.

b. Ons sal nie betaal nie vir die dood of liggaamlike besering van

i. 'n lid van u gesin;

ii. enige persoon in u diens, voortspruitend uit en tydens sodanige diens;

iii. 'n betalende passasier.

c. Ons sal u nie skadeloos stel vir aanspreeklikheid, koste of uitgawe voortspruitend uit bestraffende of waarskuwende skadevergoeding nie, ongeag hoe dit ontstaan het.

5. **Algemene bepalings en voorwaardes**

a. Vaarafstandperk – soos gekies in die bylae

i. Slegs binnelandse waters binne Suid-Afrika (Durban-hawe en Knysna-strandmeer ingesluit), Namibië en Zimbabwe.

ii. Soos hierbo, insluitend kuswaters van Suid-Afrika en Namibië maar beperk tot

1. vaartuie onder 6.75 meter wat slegs in die dag seil, maksimum 80 km vanaf die kus;

2. vaartuie wat langer as 6.75 meter is, maksimum 400 km vanaf die kus;

iii. Ander: soos in die polisbylae gespesifiseer.

b. Onderversekering (Eweredigheidsklousule)

Die bedrae wat in die bylae vermeld word, maak die grondslag uit vir algehele verlies-betalings en weerspieël die vervangingswaardes van die vaartuig, die toerusting daarvan of ander items wat in die bylae gespesifiseer is. Indien die versekerde bedrag van die vaartuig minder is as sy vervangingswaarde ten tyde van die versekerde verlies of skade ingevolge afdeling 1, moet u 'n eweredige deel van die verlies of skade betaal asof u die versekeraar was van die bedrag wat nie verseker is nie.

c. Bybetaling

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling vir elke verlies of skade aan u vaartuig voortspruitend uit 'n enkele gebeurtenis word verminder met die bedrag van die bybetaling soos aangedui in die bylae, behalwe in die geval van 'n werklike of afgeleide algehele verlies (wat nie uit 'n ongeluk in die branders voortspruit nie), wat ten volle betaalbaar is sonder om die bybetaling toe te pas.

d. Vervanging van uitrusting en toerusting

Voor die toepassing van, en benewens enige bybetaling ingevolge klousule 5(c), kan ons na goeddunke aftrekkings maak op grond van nuwe wat ou materiaal vervang ten opsigte van verlies van of skade aan

i. seile, maste, sparre, staande en lopende tuigwerk, beskermende oortreksels en batterye;

ii. buite-/binneboordmasjiene, hetsy volgens aparte waardasie verseker of nie ingevolge hierdie versekering.

Geen betaling sal egter meer wees as die waardes wat vir versekeringsdoeleindes verklaar is nie.

e. Besoedeling

Indien u vaartuig deur 'n versekerde gebeurtenis ingevolge afdeling I beskadig word en daarna 'n besoedelingsgevaar of -bedreiging word, betaal ons vir verlies of skade aan u vaartuig wat direk veroorsaak word deur 'n regeringsowerheid se optrede om sodanige besoedelingsgevaar of -bedreiging te voorkom of te beperk.

f. Ander vaartuie in u besit

Indien die vaartuig bots met of bergingsdienste ontvang van 'n ander vaartuig wat ten volle of gedeeltelik deur u besit word, sal u ingevolge hierdie polis dieselfde regte hê as wat u sou hê indien die ander vaartuig deur iemand anders besit is. In so 'n geval word die aanspreeklikheid vir die botsing of koste van bergingsdienste na 'n enkele arbiter verwys waarop u en ons moet ooreenkom indien daar nie 'n redelike ooreenkoms tussen u en ons bereik kan word nie.

g. Mediese uitgawes

Indien u, u gade of 'n lid van u gesin besering opdoen wat op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word direk as gevolg van die feit dat die vaartuig gesink of omgeslaan het of in 'n botsing met 'n uitwendige voorwerp behalwe water betrokke was, sal ons u mediese uitgawes in verband met sodanige besering betaal tot 'n bedrag van R400.00 (vier honderd rand) ten opsigte van elke persoon wat beseer is, onderworpe aan 'n maksimum van R1,000.00 (een duisend rand) vir 'n enkele gebeurtenis.

h. Oormaking of oordrag van versekering

Hierdie versekering is 'n kontrak wat persoonlik op u betrekking het en kan nie oorgemaak of oorgedra word nie, tensy 'n skriftelike ooreenkoms tussen u en ons aangegaan word.

i. Verkoop of oordrag van eienaarskap

Indien die vaartuig verkoop of oorgedra word aan 'n nuwe eienaar, word hierdie polis gekanselleer vanaf die tydstip van die verkoop of oordrag, wat ook al eerste gebeur, tensy ons skriftelik ooreenkom om die versekering voort te sit. Indien die vaartuig egter sy vasmeerplek verlaat het of op see is ten tyde van die verkoop of oordrag van eienaarskap, sal sodanige kansellasie egter, as u dit verlang, opgeskort word totdat die vaartuig by die volgende aanlêhawe binne die gebiedsperke aangekom het en veilig geanker of vasgemeer is.

j. Voortsetting

Indien die vaartuig op see of in nood of by 'n skuiling is op die tydstip dat hierdie versekering verval, gaan ons voort om die vaartuig te verseker totdat dit by die volgende aanlêhawe binne die gebiedsperke aangekom het en veilig geanker of vasgemeer is.

k. Kansellasie

i. Indien die vaartuig verkoop of oorgedra word aan 'n nuwe eienaar, word hierdie polis vanaf die tydstip van die verkoop of oordrag gekanselleer en sal 'n proporsionele daaglikse premie aan u terugbetaal word.

ii. Indien 'n algehele verlies betaal word terwyl die polis geldig is, word hierdie polis gekanselleer en sal u nie op 'n premieterugbetaling ten opsigte van die onverstreke tydperk geregtig wees nie, aangesien die polis sy verpligting sal nagekom het.

l. Premies

i. Terugbetalings

Geen premieterugbetalings word gedoen ten opsigte van bedrae van minder as R250 nie.

ii. Betaling in paaiemente

1. Indien hierdie polis om enige rede gekanselleer word, hoef u ingevolge die voorwaardes van hierdie polis vanaf die datum van kansellasie nie verdere premiepaaiemente te betaal nie en is u nie op 'n proporsionele premieterugbetaling geregtig nie.

2. Volle premie in die geval van algehele verlies.

Die verstandhouding en ooreenkoms is dat indien 'n eis vir algehele verlies of afgeleide algehele verlies van die vaartuig ingevolge hierdie polis ontstaan, die volle jaarlikse premie minus die bedrag van die premie wat reeds betaal is, onmiddellik verskuldig en betaalbaar word en van die bedrag betaalbaar afgetrek sal word.

m. Motor-aangedrewe vaartuie

Ons betaal ingevolge hierdie klousule nie

1. vir verlies van of skade aan die vaartuig of addisionele dekking of regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes nie

   a. wat ontstaan terwyl die vaartuig aan wedvaarte of snelheidstoetse of enige ander wedvaarte in verband daarmee deelneem;

   b. wat veroorsaak word of ontstaan omdat die vaartuig gestrand of gesink het of oorstroom is, of wegdryf terwyl dit onbewaak vasgemeer of geanker langs 'n oop strand of kus gelaat word;

2. vir verlies van of skade aan die vaartuig se roer, skroef, stutas, masjinerie, enjins, motore, batterye en hul verbindings nie, tensy die verlies of skade veroorsaak is

   a. omdat die vaartuig gestrand, gesink of gebrand het, aan die brand is of in 'n botsing betrokke was met 'n ander vaartuig, kaai of landingsplek;

   b. omdat dit onder die water gedompel is weens swaar weer;

   c. deur brand in die plek waar dit aan land geberg word;

   d. terwyl dit uit die vaartuig verwyder of daarin geplaas is;

3. vir verlies van of skade aan die vaartuig se roer, skroef, stutas, elektriese masjinerie, enjins en motore veroorsaak deur 'n botsing met 'n onderwatervoorwerp nie;

4. vir verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit brand of ontploffing op 'n vaartuig wat met binneboordmasjinerie toegerus is nie, tensy die vaartuig in die enjinkamer of -ruimte, tenkruimte of galery met hetsy 'n outomatiese brandblusstelsel of 'n stelsel met kontroles by die stuur toegerus is. Hierdie klousule geld nie vir vaartuie wat minder as 6.75 meters lank is waar slegs toereikende handbrandblussers vereis word nie;

5. vir verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit brand of ontploffing op 'n vaartuig wat minder as 6.75 meters lank is waar daar nie toereikende handbrandblussers is nie;

6. met dien verstande dat 'n brandblusstelsel (brandblussers ingesluit) behoorlik geïnstalleer moet wees en in stand gehou moet word om doeltreffend te werk.

**6. Waarborg t.o.v. pligte as eienaar**

a. Dit word gewaarborg dat u, u bediendes, u agente en die gebruikers van die vaartuig

i. alle redelike stappe sal doen om die vaartuig, buiteboordmotore, sleepwaens en ander versekerde eiendom in 'n behoorlike toestand, seewaardig en padwaardig in stand te hou;

ii. alle redelike stappe sal doen om enige moontlike verlies of skade wat hierkragtens verhaalbaar is, te voorkom of tot die minimum te beperk. Ons sal bydra tot koste wat behoorlik en redelikerwys deur u aangegaan word om aan hierdie klousule te voldoen.

b. Algemene eweredige verspreiding, bergingskoste, verdedigings- en aanvalskoste, en koste vir die betwisting van aanspreeklikheid soos gedek deur afdelings II en III is nie ingevolge hierdie klousule verhaalbaar nie.

c. Die bedrag verhaalbaar ingevolge hierdie klousule 6 is benewens 'n verlies wat andersins ingevolge hierdie versekering verhaalbaar is, maar die totale bedrag verhaalbaar sal onder geen omstandighede die versekerde bedrag van die versekerde eiendom waarvoor geëis word, oorskry nie.

d. Opname-waarborg

Wanneer die vaartuig 10 jaar oud word voordat dekking begin, vereis ons 'n bygewerkte onafhanklike, professionele opnameverslag oor seewaardigheid. Hierdie opname moet gedoen word terwyl die vaartuig uit die water is, en op u eie koste. Daarna moet opnameverslae elke twee jaar aan ons verskaf word.

e. Waarborg t.o.v. brander-tewaterlating

Dit word gewaarborg dat waar die vaartuig deur die branders te water gelaat word, dit met minstens twee motore in werkende en geredelik bruikbare toestand toegerus sal wees.

f. Waarborg t.o.v. Departement van Vervoer se regulasies

Dit word gewaarborg dat u nie die vaartuig sal gebruik, of sal toelaat of veroorsaak dat dit gebruik word om enige regulasies met betrekking tot plesiervaartuie, soos van tyd tot tyd gewysig, soos gepubliseer ingevolge die Handelskeepvaartwet 1951, te oortree nie.

g. Seewaardigheidswaarborg

Dit word gewaarborg dat u te alle tye die hele vaartuig in 'n behoorlike toestand en seewaardig/padwaardig sal hou en te alle tye met die nodige sorg en noulettendheid die vaartuig sal beman.

h. Waarborg t.o.v. oortreding van wette en regulasies

Dit word gewaarborg dat u nie die vaartuig sal gebruik, of sal toelaat of veroorsaak dat dit gebruik word om enige wet of regulasie wat deur 'n owerheid gepromulgeer is, te oortree nie.

7. **Algemene uitsluitings**

Hierdie polis verseker nie enige verlies, skade, addisionele dekking, regsaanspreeklikheid of mediese uitgawes nie

a. Tydens gebruik terwyl die vaartuig

i. vir enige ander doeleindes as privaat en plesierdoeleindes gebruik word;

ii. uitverhuur of teen vergoeding verhuur word of as 'n huisboot gebruik word;

iii. op water gesleep word, behalwe

1. wanneer bystand nodig is;
2. in die geval van gebruiklike sleepwerk wanneer die vaartuig uit die vaart geneem of uitgerus of herstel word;

iv. gesleep of geberg word behalwe in nood;

v. gesleep of geberg word (hetsy in nood of nie) ingevolge 'n kontrak wat gereël is voordat begin is om dit te sleep of te berg;

b. Vaartafstand

Terwyl die vaartuig buite die vaartafstandperke is soos in die bylae gespesifiseer is.

c. Transitorisiko's

Terwyl die vaartuig vervoer word of in transito is op land (behalwe terwyl dit met die hand beheer word), tensy anders aangedui in die bylae.

d. Soniese knal

Skade veroorsaak deur drukgolwe van lugvaartuie en ander lugtoestelle wat teen soniese of supersoniese spoed beweeg.

## 8. Eise en ongelukke

### Algemene voorwaardes en prosedures

a. Herstelwerk en tenders

Ons het die reg om die plek of die firma vir herstelwerk aan te wys en mag ook tenders vir die herstel van die vaartuig aanvra of vereis dat tenders daarvoor aangevra word. Enige bykomende uitgawes voortspruitend uit die nakoming van ons vereistes sal aan u terugbetaal word.

b. Herstelling

Ons kan kies om enige deel van die versekerde eiendom wat beskadig of vernietig is te herstel of te vervang, in plaas van om die bedrag van die verlies of skade te betaal. Indien ons besluit om 'n eiendom te herstel of te vervang, moet u op u koste al sodanige planne, dokumente, spesifikasies, waardasies en inligting wat ons redelikerwys kan aanvra, saamstel en aan ons verskaf. Ons is nie gebind om presies of volkome te vervang of te herstel nie, maar slegs soos omstandighede toelaat en op redelikerwys toereikende wyse, en ons is geensins gebind om ten opsigte van enige van die versekerde items meer as die versekerde bedrag daarvan te bestee nie.

c. Afleibare algehele verlies

Wanneer daar bepaal moet word of die vaartuig 'n afleibare algehele verlies is, sal die versekerde bedrag as die herstelde waarde geneem word en geen aspek van die skade of afbreekwaarde van die vaartuig of wrak sal in ag geneem word nie. Geen eis vir afleibare algehele verlies gebaseer op die koste van herwinning en/of herstel van die vaartuig is verhaalbaar nie, tensy sodanige koste die versekerde bedrag oorskry. Geen eisbetaling sal die versekerde bedrae wat in die bylae gespesifiseer is, oorskry nie.

d. Onherstelde skade

In geen geval is ons aanspreeklik vir onherstelde skade tesame met 'n daaropvolgende algehele verlies wat gely word gedurende die versekeringstydperk wat in die bylae vermeld is nie.

e. Repatriasieklousule

Hiermee word verklaar en ooreengekom dat indien 'n eis voorkom in 'n ander land as die Republiek van Suid-Afrika, die vaartuig op u eie koste na die Republiek van Suid-Afrika teruggebring sal word vir assessering.

f. Spoel van motor(e)

Indien die motor(e) in water gedompel word, is dit u plig om seker te maak dat sodanige motor(e) onmiddellik uitgespoel en so gou as moontlik weer aan die gang gekry word.

g. Wedvaartklassifikasie

In die geval van 'n verhaalbare eis, met aanspreeklikheid wat hierkragtens beperk word tot die koste van herstelwerk, vervanging of herstelling soos elders in die polis beskryf, is dit sonder verwysing na enige klassifikasie en waarborg ons nie die versekerde vaartuig se aanneemlikheid en/of aanvaarding vir klassifikasie en/of registrasie in enige wedvaart- en/of plesiervaartvereniging, -klub of -klas nie.

Hierdie bepaling geld slegs vir polisse met 'n jaarlikse premie van meer as R250.

Indien geen eis ingevolge hierdie polis ontstaan nie, en dit vir 12 opeenvolgende maande of langer van krag was en mits dit vir nog 12 maande hernu word, word die hernuwingspremie soos volg verminder:

| **Tydperk wat polis van krag was sonder 'n eis** | **Geeneis-korting** |
|---|---|
| 1 jaar | 5% |
| 2 opeenvolgende jare | 10% |
| 3 opeenvolgende jare | 15% |

9. **Standaard addisionele risiko-endossemente**

Die volgende endossemente geld slegs as hulle spesifiek in die bylae geaktiveer is.

a. Transitorisiko's

i. Afdeling 1 van hierdie polis word uitgebrei om die vaartuig te dek slegs terwyl dit per pad of spoor vervoer word, insluitend verlies of skade tydens die op- en aflaai daarvan binne die transitoperke wat in die bylae gespesifiseer is, maar geen eis word toegelaat nie ten opsigte van

1. skrape, duike en/of kneusing en die gevolglike koste van herstelwerk of herafwerking;

2. enige aanspreeklikheid ten opsigte van afdelings II en III van die polis terwyl dit in transito is.

ii. Met dien verstande dat die vaartuig vervoer word op 'n doelmatig en behoorlik geboude, padwaardige sleepwa en behoorlik en veilig aan die sleepwa vasgemaak is om dit te vervoer soos beoog.

b. Seiljagwedvaart-risiko's

Hierdie polis word uitgebrei om die koste te dek van herstelwerk aan of vervanging van seile, maste, sparre, staande en lopende tuigwerk wat verloor of beskadig word deur 'n gebeurtenis wat deur afdeling 1 gedek word, terwyl die vaartuig aan 'n wedvaart deelneem, maar ons betaal slegs twee derdes van sodanige koste tot 'n maksimum van twee derdes van die waarde wat in die bylae gespesifiseer is.

Indien die verlies of skade veroorsaak word omdat die vaartuig gestrand, gesink of gebrand het, of aan die brand is of by 'n botsing betrokke was, of in kontak met 'n uitwendige voorwerp (ys ingesluit) behalwe water, betaal ons die volle herstel- of vervangingskoste na aftrekking van enige bybetalings volgens klousule 5(c) en waardevermindering volgens klousule 5(f) – Vervanging van uitrusting en toerusting. Verhaalbare bedrae word bereken op grond van die waarde wat in die bylae gespesifiseer is.

Uitsluitings 2(d) en 2(e) van afdeling 1 van die polis word geag geen uitwerking te hê op dekking wat deur hierdie endossement verskaf word nie.

Ondanks die bepalings van algemene klousule 5(i) word gewaarborg dat geen addisionele versekering geplaas word of sal word om enige deel van die herstel- of vervangingskoste te dek wat nie ingevolge hierdie endossement verhaalbaar is nie.

(Klousule 329) soos aangeheg.

c. Uitbreiding t.o.v. waterskiërs

Aanspreeklikhede aangegaan deur of teenoor waterskiërs word hiermee ingesluit en klousule 3(b)(iv) word as geskrap beskou.

10. **Die volgende voorwaardes, beperkings en/of uitsluitings geld vir hierdie polis ten opsigte van:**

a. Seilplanke

i. Ons betaal nie vir

1. enige verlies of skade of aanspreeklikheid aangegaan as gevolg van die gebruik van “Wave Jumpers”, “Trick Boards” of soortgelyke tipes nie;

2. verlies of verdwyning van seile en/of ander dele (romp, mas of mikvering uitgesluit) nie, tensy sodanige verlies of verdwyning volg op kragdadige en gewelddadige toegang tot ’n geslote kompartement wat deel uitmaak van ’n geslote motorvoertuig of geslote sleepwa of geslote stoorplek op land;

3. verlies of skade of verdwyning van ’n seilplank of enige deel daarvan terwyl dit op ’n dakrak of dak van ’n motorvoertuig (insluitend op ’n sleepwa) gestoor is wat onbewaak buite gelaat word;

4. verlies of skade wat voorkom omdat die dakrak van die voertuig loskom en/of die materiaal waarmee die toerusting op die dakrak vasgemaak is, breek of loskom nie;

5. verlies van of skade aan die mas, mikvering of seile tydens gebruik nie.

6. Ondanks die feit dat die bedrag vermeld in die bylae ’n groter waarde kan hê, word hiermee ooreengekom dat aanspreeklikheid ten opsigte van elk van klousules 3 en 4 (afdelings II en III) beperk word tot R250,000 in ’n enkele ongeluk of reeks ongelukke voortspruitend uit een gebeurtenis of insident.

b. Semi-rigiede vaartuie en/of ten volle opblaasbare vaartuie

i. Indien die materiaal van die pontone van die vaartuig skeur en/of lostrek as gevolg van die voorkoms van ’n versekerde gevaar, is ons slegs aanspreeklik vir die las of herstel van sodanige skeur of deel wat losgetrek het.

# Huishoudelike uitgebreide aanspreeklikheid

## Omskrewe gebeurtenisse

1. Die versekerde se regsaanspreeklikheid om vergoeding te betaal vir besering of skade wat enige plek ter wêreld plaasvind, in die mate waartoe
   a. die versekerde se aanspreeklikheid
      i. nie ingevolge die versekerende klousule, versekerde gebeurtenisse of omskrewe gebeurtenisse versekerbaar is nie of
      ii. uitgesluit word deur enige onderliggende versekering.
   b. die bedrag van die versekerde se aanspreeklikheid die perk van die onderliggende versekering oorskry, en die onderliggende versekeraar die volle bedrag van daardie perk betaal het of aanspreeklikheid aanvaar het of aanspreeklik gehou is om dit te betaal, wat, vir die doeleindes van hierdie afdeling nie minder as R1,000,000 is nie, maar R500,000 ten opsigte van motorfietse, bromponies, woonwaens, sleepwaens en plesiervaartuie.

## Spesifieke omskrywings

1. Die spesifieke omskrywings in die afdeling Huishoudelike algemene aanspreeklikheid is op hierdie afdeling van toepassing.
2. Onderliggende versekering beteken 'n bestaande versekeringspolis wat van krag is by
   a. 'n Suid-Afrikaanse versekeraar en een of meer van die versekerde se
      i. persoonlike,
      ii. huiseienaars-,
      iii. huurders-,
      iv. motor- ,
      v. vaartuig-

      aanspreeklikhede dek en, daarbenewens,
   b. enige ander versekeraar wêreldwyd wat motor-, vaartuig- of huiseienaarsaanspreeklikheid dek, waar dit nodig was vir die versekerde om plaaslike skadeloosstelling uit te neem.

## Skadeloosstelling vir die versekerde

1. Die bedrag deur die Maatskappy betaalbaar sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae oorskry nie.
2. Die skadeloosstellingsperk sluit in
   a. koste en uitgawes
      i. deur enige eiser van die versekerde verhaalbaar.
      ii. aangegaan met sy skriftelike instemming.
   b. die perk van die onderliggende versekering.
3. Die Maatskappy mag, ten opsigte van enige gebeurtenis, die maksimum skadeloosstellingsperk betaal, min enige koste en uitgawes aangegaan of enige mindere bedrag waarvoor die eis of eise geskik kan word, wat ook al die kleiner bedrag.

## Spesifieke uitsonderings

Die Maatskappy sal nie die versekerde skadeloos stel ten opsigte van die volgende nie:

1. Enige veroordeling, toekenning, betaling of skikking wat gemaak word binne die lande wat onder die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada funksioneer, en ook geen bevel wat enige plek ter wêreld gemaak word om sodanige veroordeling, toekenning of skikking hetsy in die geheel of gedeeltelik af te dwing nie.
2. Aanspreeklikheid
   a. voortspruitend uit
      i. en in die loop van die versekerde se diens, besigheid of beroep, insluitend maar nie beperk tot die verkoop van enige goedere of die lewering van enige dienste teen 'n fooi, vergoeding of ander teenprestasie nie.
      ii. die verhuring teen 'n fooi, vergoeding of ander teenprestasie van enige vaste of roerende eiendom of gedeelte daarvan (behalwe residensiële eiendom in die Republiek van Suid-Afrika).
      iii. die versekerde se roekelose verontagsaming van die moontlike gevolge van die versekerde se optredes of versuim.
      iv. skade in die mate waartoe hierdie aanspreeklikheid deur enige ander versekeringspolis gedek word.
      v. die eienaarskap of gebruik van enige vliegtuig behalwe modelvliegtuie en hangsweeftuie.
      vi. enige oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige daad, of enige daad van fisieke aanranding of verleiding wat deur die versekerde gepleeg word.
      vii. enige boete of bestraffing of enige veelvoudige, bestraffende of waarskuwende skadevergoeding.
      viii. enige gelikwideerde skadevergoedingsklousules, bestraffende klousules of prestasiewaarborge, behalwe in die mate waartoe dit bewys kan word dat aanspreeklikheid in die afwesigheid van sodanige klousules of waarborge steeds sou ontstaan het.
      ix. die aankoop, verkoop, verruiling of omruiling van enige vaste of roerende eiendom, of die versekerde se versuim om enige verbandhoudende regulasies na te kom.
      x. enige toestand wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of verband hou met die menslike immuniteitsgebreksvirus (MIV) of mutante, afleidings of variasies daarvan, of wat op enige wyse verband hou met die verworwe immuniteitsgebreksindroom of enige sindroom of toestand van 'n soortgelyke aard, hoe dit ook al bekend staan.
   b. van een versekerde teenoor 'n ander, en hierdie uitsluiting is van toepassing op enige persoon wat nie meer deel van die versekerdes is nie, ten opsigte van enige voorval terwyl daardie persoon nog deel van die versekerdes was.
   c. wat die onderwerp is van enige statutêre of enige soortgelyke wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer, ten opsigte waarvan
      i. die versekerde gedwing word om versekering uit te neem of sekuriteit aan te bied, of
      ii. die staat of ander regerende liggaam aanspreeklikheid aanvaar het.
3. enige eis ten opsigte van motoraanspreeklikheid tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige van die onderliggende versekerings skadeloosstelbaar is, behalwe 'n eis wat slegs as gevolg van gebiedsbeperkinge uitgesluit word.
4. enige eis ten opsigte van vaartuigaanspreeklikheid
   a. tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige van die onderliggende versekerings skadeloosstelbaar is, behalwe 'n eis wat slegs as gevolg van gebiedsbeperkinge uitgesluit word.
   b. waar die algehele lengte van die vaartuig 6.7 meter oorskry.

5. skade aan enige selfaangedrewe landvoertuig, sleepwa, woonwa, vaartuig of vliegtuig onder die versekerde se sorg, beheer of toesig.
6. enige skuld.
7. versuim om onderhoud of alimentasie te betaal of enige bedrae wat op die verbreking van trou volg.

## Spesifieke voorwaardes

1. Die versekerde moet ten tye van die gebeurtenis oor geldige onderliggende versekering beskik wat aansienlike dekking verskaf vir die tipe skadeloosstelling wat vereis word, en moet al die voorwaardes van daardie versekering nagekom het.
2. Ten opsigte van enige gebeurtenis wat nie minstens gedeeltelik deur onderliggende versekering gedek word nie, sal die Maatskappy volle diskresie by die voering van enige prosedures en die skikking van enige eis hê.
3. Geen erkenning, aanbod, belofte of betaling in verband met enige eis ingevolge hierdie afdeling mag deur of namens die versekerde sonder die Maatskappy se skriftelike instemming gemaak of gegee word nie. Die versekerde moet alle redelike stappe doen om te verseker dat die onderliggende versekeraars hierdie voorwaarde nakom en met die Maatskappy saamwerk by die verdediging of skikking van enige eis wat deur beide die onderliggende versekering en hierdie polis skadeloosstelbaar is, en by die uitoefening van enige subrogasieregte. Die koste wat by die uitoefening van hierdie regte aangegaan word en enige bedrae wat verhaal word, sal aan elke party toegedeel word ooreenkomstig die bedrae wat ingevolge die onderskeie polisse betaal of betaalbaar is.
4. Algemene voorwaarde 2 en Algemene voorbehoudsbepaling 5 is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

# Brand

## Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, insluitend verbouings deur die versekerde as huurder van die geboue en strukture as gevolg van

1. brand.
2. weerlig of donderslag.
3. ontploffing.
4. sodanige bykomende gevare as wat in die bylae as ingesluit vermeld word.

## Spesifieke uitsonderings

1. Hierdie afdeling dek nie aardbewing (hetsy dit voortspruit uit mynboubedrywighede of andersins) tensy dit as 'n bykomende gevaar bygevoeg is, of vulkaniese uitbarstings of ander natuurontwrigting (behalwe onderaardse brande) nie.

   Enige skade wat plaasvind tydens die bestaan van abnormale toestande (hetsy fisiek of andersins) wat teweeggebring word deur of deur middel van of wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur enige van die genoemde gebeurtenisse word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in die mate waarin die versekerde bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande plaasgevind het. In enige aksie, geding of ander verrigtinge waar die versekeraar beweer dat enige skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

2. Tensy dit spesifiek ingesluit word, dek hierdie versekering nie die volgende nie:
   a. Skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings- of drogingsproses wat dit ondergaan.
   b. Skade aan eiendom wat ten tyde van die skade verseker is of as dit nie vir hierdie versekering was nie, verseker sou gewees het deur enige marinepolis(se), behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge die marinepolis(se) betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

## Spesifieke voorwaarde

## Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra by dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Bykomende gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Daar word verstaan en ooreengekom dat ten opsigte van elke uitbreiding rakende bykomende gevare wat by hierdie versekering ingesluit word

1. al die uitsonderings en voorwaardes wat op hierdie versekering van toepassing is, geld asof dit daar by ingelyf is.
2. enige versekerde skade vir die doeleindes daarvan beskou word asof dit deur brand veroorsaak is.

### Uitbreiding: Aardbewing

Skade wat deur 'n aardbewing veroorsaak word, maar met uitsluiting van skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

### Uitbreiding: Spesiale gevare

Skade wat veroorsaak word deur

1. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom

   a. wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.

   b. wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting.

   c. in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

   d. in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk).

   e. in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie.

   f. wat keermure is.

   g. synde kamp- en/of grensdrade

   h. synde plastiek- en/of alle ander tonnels

   } Tensy dit so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker word.

2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.

3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

   Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

   1. Slytasie of geleidelike agteruitgang.

   2. Skade wat veroorsaak of vererger word deur

      a. lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar- of drenkstelsel in die geboue wat hierkragtens verseker word of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker word.

      b. insakking of grondverskuiwing.

      c. die versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk.

   3. Skade aan pomptoerusting en besproeiingspype wat in 'n rivier, stroom of dam of op die walle van 'n rivier, stroom of dam geleë is.

### Uitbreiding: Lekkasie

Skade wat veroorsaak word deur die lekkasie of ontlading van enige spinkelaar-, drenkstelsel of brandblusinstallasie/-toestel.

Indien 'n eersteverliesperk in die bylae teenoor hierdie bykomende gevaar aangetoon word, is die bedrag van sodanige perk die maksimum aanspreeklikheid van die versekeraar ten opsigte van enige enkele gebeurtenis en, slegs vir die doeleindes van hierdie uitbreiding, word die eweredigheidsvoorwaarde wat vooraf hierin uiteengesit is, vervang deur die volgende:

"Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur die lekkasie of ontlading, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit teen brandskade verseker is, is die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding slegs aanspreeklik vir die deel van die eersteverliesperk wat die versekerde bedrag teen brand van die totale waarde van sodanige eiendom uitmaak en word die versekerde sy eie versekeraar geag vir die verskil en dra by dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie uitbreiding van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe."

Slegs ten opsigte van hierdie uitbreiding word Spesifieke uitsondering 1 geskrap.

## Uitbreiding: Insakking en grondverskuiwing

Skade wat deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak word, met dien verstande dat die versekerde die eerste deel van elke eis dra tot 'n bedrag bereken teen 1 persent van die versekerde bedrag op die eiendom, of R500, wat ook al die grootste is.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. Skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is.
2. Skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan
   a. foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is.
   b. werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is.
   c. uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.
3. Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

   Indien die versekeraar in enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitsonderings nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan

1. roerende eiendom wat
   a. gesteel word.
   b. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word.
2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek.
3. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van
   a. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;
   b. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

   a. Skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing
   b. Gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
   c. Skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.
   d. Skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.
   e. Skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys. Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die versekeraar verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning, word die versekerde 'n medeversekeraar saam met die versekeraar en dra by 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

### Uitbreiding: oproer en staking

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
    a. Verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.
    b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
    c. Verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.
    d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.
    e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

    Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Klousules en uitbreidings

### Klousule: Huurgeld (indien ingevolge kolom 2 verseker)

Die versekeraar betaal die bedrag van die huurgeld wat ontvangbaar of betaalbaar is of die huurwaarde (na gelang van die geval) soos hieronder omskryf, in geval die perseel wat in die bylae vermeld word gedurende die termyn wat daarin gespesifiseer word, onverhuurbaar word as gevolg van skade deur 'n omskrewe gebeurtenis.

1. Huurgeld ontvangbaar – die werklike huurgeld wat ten tyde van die gebeurtenis deur die versekerde ontvangbaar is ten opsigte van die vermelde perseel of ten opsigte van sodanige deel daarvan as wat dan verhuur mag wees.
2. Huurgeld betaalbaar – die werklike huurgeld wat betaalbaar is deur die versekerde aan die eienaar of verhuurder van vermelde perseel.
3. Huurgeldwaarde – die werklike huurwaarde van die vermelde perseel.

    Die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, is in die verhouding waarin die versekerde bedrag staan tot die werklike huurgeld ontvangbaar/huurgeld betaalbaar of die huurwaarde van die perseel na gelang van die geval. Indien die perseel nie vir die hele vermelde termyn onverhuurbaar is nie, is die versekeraar slegs aanspreeklik om sodanige deel te betaal van die bedrag wat betaalbaar is as die wat die tydperk waartydens die vermelde perseel onverhuurbaar bly, uitmaak van die hele termyn wat hierbo gespesifiseer is, maar die tydperk mag nie die tydsduur wat nodig is om die perseel in 'n verhuurbare toestand te bring, oorskry nie.

### Klousule: toewysing van eiendom

Ten einde waar dit nodig is te bepaal ingevolge watter kolom enige eiendom verseker is, stem die versekeraar in om die toewysing waaronder sodanige eiendom in die versekerde se boeke ingeskryf is, te aanvaar.

### Klousule: Alle ander inhoud

Die uitdrukking "alle ander inhoud" waarna verwys word in die omskrywing van eiendom in kolom 3 van die bylae, sluit die volgende in, maar is nie beperk nie tot, persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat die eiendom van die versekerde of direkteure of werknemers van die versekerde is in die mate waarin sodanige eiendom nie andersins verseker is nie.

Die voordeel ingevolge hierdie uitbreiding word tot R10,000 beperk vir enige enkele persoon ten opsigte van eiendom wat verloor of beskadig word terwyl dit op die versekerde se perseel is.

### Klousule: Beperkings

Die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge kolom 3 van die bylae word beperk ten opsigte van

1. geld en seëls tot 'n perk van R10,000.
2. dokumente, manuskripte, sakeboeke, planne, rekenaarstelselopgawes en -media, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan arbeid bestee word.

### Klousule: veranderings en wanbeskrywing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of uit hoofde van die aanskaffing van bykomende persele, strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting met dien verstande dat die versekeraar so gou moontlik daarna in kennis gestel word en die versekerde instem om, indien vereis, 'n bykomende premie te betaal.

### Klousule: Argitek- en ander professionele gelde

Die versekering ingevolge kolom 1 en 3 van die bylae sluit professionele gelde in (vir beramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde eiendom te herstel of te vervang na skade weens 'n omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval oorskry dit 25 persent van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige skade nie en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop. Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige gelde sluit nie onkoste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

### Klousule: Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bo die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die eiendom behalwe bedryfsvoorraad en -materiaal vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die versekeraar elke kwartaal van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

### Klousule: Koste van sloping en opruiming en die oprigting van skuttings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van geboue en masjinerie en/of die verwydering van puin (insluitende voorraadpuin) en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede na skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die versekeraar betaal nie vir enige koste of uitgawe nie

1. aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein.

2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/afdeling verseker is nie.

### Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

### Klousule: verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die versekeraar egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die versekeraar aanvaar word.

### Klousule: Munisipale planondersoekgelde

Die versekering ingevolge kolom 1 van die bylae sluit die munisipale planondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die gebou wat geraak word, beloop.

### Klousule: vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in as wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie:
    a. Die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogemelde regulasies
        i. ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is.
        ii. ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie.
        iii. ingevolge waarvan kennis aan die versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het.
        iv. ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van die deel wat beskadig is.
    b. Die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogemelde regulasies te voldoen, nie ontstaan het nie.
    c. Die bedrag van enige munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogemelde regulasies.
2. die herstel- of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer word en dit mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien bogemelde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie.
3. indien die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word.
4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

## Klousule: Spoorweg- en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel nie deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame.

## Klousule: Herstelwaardevoorwaardes

Ingeval die eiendom, behalwe voorraad, beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was, met dien verstande dat

1. die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, anders word geen betaling gedoen bo en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie.
2. totdat uitgawe deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom die versekeraar nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie klousule nie hierby ingelyf was nie.
3. Indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n omskrewe gebeurtenis, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en by dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe.
4. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is nie, indien
   a. die versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die versekeraar skriftelik mag toelaat, die versekeraar in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel.
   b. die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## Klousule: Alternatiewe vervangingsvoorwaardes (ontwerp-vermoë)

Indien die versekerde eiendom wat oor 'n meetbare werkingsvermoë of produksie beskik, deur 'n omskrewe voorval beskadig word en dit nie moontlik is om sodanige eiendom ingevolge die herstelwaardevoorwaardes te vervang of te herstel nie, betaal die versekeraar die koste van vervanging van sodanige eiendom met eiendom waarvan die gehalte van werkingsvermoë of produksie so na moontlik maar nie minderwaardig is nie aan die van die oorspronklike eiendom, met dien verstande dat

1. voorbehoudsbepaling 1, 2, 3 en 4 van die herstelwaardevoorwaardes gelykwaardig op hierdie klousule van toepassing is.
2. by die toepassing van die bepalings van voorbehoudsbepaling 3 van die herstelwaardevoorwaardes, die koste (soos voorsien in voorbehoudsbepaling 3) “wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel indien die totale eiendom beskadig was” verhoog deur sodanige bedrag wat ingevolge die alternatiewe vervangingsklousule betaalbaar is en wat meer is as dit wat betaalbaar sou gewees het ingevolge die klousule: Herstelwaardevoorwaardes sou dit moontlik gewees het om die eiendom daarkragtens te vervang of te herstel.

## Klousule: tydelike verwydering

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die versekerde eiendom gedek terwyl dit tydelik na 'n ander plek verskuif word op die perseel wat in die bylae vermeld word of na enige ander perseel insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, met dien verstande dat

1. die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens 15 persent is van die versekerde bedrag wat vir elke item geld tensy die doel van sodanige tydelike verwydering die skoonmaak, hernuwing, herstel of 'n soortgelyke proses is.
2. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die skade op die deel van die perseel plaasgevind het waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

## Klousule: Huurders

Die versekeraar se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied nie. Die versekerde moet die versekeraar egter van enige sodanige optrede of versuim  wat strydig is met die bepalings uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die versekeraar aanvaar word.

## Klousule: voorraadverklaringsvoorwaardes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ten opsigte van bedryfsvoorraad en -materiaal wat ingevolge hierdie afdeling verseker word en wat onderworpe is aan die voorraadverklaringsvoorwaardes word die premie op 75 persent van die bedrag of bedrae waarteen dit verseker is, bereken, onderworpe aan die volgende spesifieke voorwaardes:

1. a. Die versekerde moet skriftelik aan die versekeraar die markwaarde van sy bedryfsvoorraad en materiaal op die laaste dag van elke maand/kwartaal (soos vermeld in die bylae) verklaar en sodanige verklaring moet binne 30 dae vanaf daardie datum gedoen word anders word dit geag dat hy die versekerde bedrag ten opsigte van sodanige eiendom as die markwaarde daarvan verklaar het.

   b. Na elke versekeringstydperk word die premie bereken op die gemiddelde versekerde bedrag, naamlik die totaal van die waardes wat verklaar is of geag word verklaar te wees, gedeel deur die getal verklarings wat afgelê moes word. Indien die premie so bereken verskil van die voorlopige premie, word die verskil aan of deur die versekerde betaal na gelang van die geval, maar die bedrag wat deur die versekeraar betaalbaar is, is hoogstens 50 persent van die voorlopige premie.
2. Enige eis hierkragtens word op die grondslag van die markwaarde onmiddellik voor die skade geskik.
3. Indien daar na die plaasvind van skade gevind word dat die bedrag van die laaste verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, word die bedrag wat deur die versekerde verhaalbaar sou wees in sodanige verhouding verminder as die wat die bedrag van die genoemde verklarings uitmaak van die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ook al die kleinste bedrag is. Indien van toepassing, werk die bepalings van hierdie voorwaarde kumulatief saam met die bepalings van die spesifieke voorwaarde wat betrekking het op eweredigheid.
4. As teenprestasie daarvoor dat die versekering nie deur die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die versekerde vanaf die datum van die verlies tot die verstryking van die versekeringstydperk bykomende premie op die bedrag van die verlies betaal en sodanige bykomende premie word nie by die finale aanpassingspremie in ag geneem nie en word daarvan onderskei.
5. Die versekeraar se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag en die premie is nie ontvangbaar ten opsigte van waardes wat dit oorskry nie.
6. Bogemelde spesifieke voorwaardes geld afsonderlik vir elke item van die spesifikasie waarop hierdie voorraadverklaringsvoorwaarde van toepassing is.

### Klousule: Hooftoevoerverbindings

Hierdie afdeling word uitgebrei om toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasie-verbindings, die eiendom van die versekerde of waarvoor by regtens verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte te dek.

### Uitbreiding: Kragstuwing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om skade weens 'n kragstuwing aan die verhuurder se los en vaste toebehore wat deel van versekerde geboue ingevolge hierdie afdeling uitmaak, in te sluit, met dien verstande dat:

i. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R50,000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis is;

ii. die Maatskappy nie vir die eerste 10% van die eis, met 'n minimum van R500, aanspreeklik is nie.

### Uitbreiding: Prysaanpassingsklousule (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(-e) ingevolge kolomme 1 en/of 3 van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag(-e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die versekerde die versekeraar in kennis stel van die bedrag(-e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie uitbreiding is 50 persent van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is.

### Klousule: Wegdoen met geredde goedere: (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Sonder om die regte van die versekeraar te verminder om hom in geval van 'n verlies op die bepalings van die algemene voorwaardes te beroep, stem die versekeraar in om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis hierkragtens is sonder die toestemming van die versekerde te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie, mits die versekerde tot die bevrediging van die versekeraar kan bewys dat sy belange sodoende benadeel word in welke geval die versekeraar instem om die versekerde die eerste keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde, wat ook al die grootste is.

Die versekerde is nie ingevolge die bepalings van hierdie klousule daarop geregtig om enige eiendom aan die versekeraar prys te gee nie, hetsy die versekeraar daarvan besit geneem het of nie.

### Klousule: Herstelwerk en maatreëls na 'n verlies

Na verlies of skade weens 'n versekerde gebeurtenis

a. mag die versekerde, om verdere verlies te beperk, tydelike herstelwerk onderneem en nodige maatreëls tref (insluitend die aanstel van wagte) om die versekerde eiendom te beveilig;

b. sal die Maatskappy die redelike koste van noodverblyf betaal terwyl die versekerde eiendom onbewoonbaar is, totdat alternatiewe verblyf gereël kan word, met dien verstande dat die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid hoogstens R20,000 beloop.

### Klousule: Geisers (met kapasiteit van tot 200 liter) en waterpype (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Geisers (met kapasiteit van tot 200 liter) en waterpype, wat die versekerde se eiendom is en geïnstalleer is en deel van die geboue uitmaak soos vermeld in die bylae, word gedek as dit bars, lek of oorloop, met dien verstande dat

i. hierdie uitbreiding nie strukturele defekte, foutiewe ontwerp, gebrekkige vakmanskap, slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitend die geleidelike impak van lig of atmosferiese toestande) dek nie;

ii. indien 'n gebou of struktuur vir meer as 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort word;

iii. die Maatskappy nie vir die eerste R1,000 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

### Klousule: Weerligafleiers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

'n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid is dat alle geboue met 'n gras-, strooi- of rietdak voorsien word van en behoorlik toegerus word met 'n SABS-goedgekeurde weerligafleier of 'n weerligafleier van 'n soortgelyke of beter standaard wat geïnstalleer word uitsluitlik met die doel om weerlig van gemelde gebou af te lei.

### Klousule: Pluimvee (indien spesifiek verseker)

Die Maatskappy sal nie vir die dood van pluimvee soos omskryf aanspreeklik wees nie, tensy die pluimvee minstens 10 dae oud is, met dien verstande dat die dood van pluimvee onderworpe is aan 'n versekerde gevaar gepaardgaande met skade aan die struktuur of strukture waar die pluimvee gehuisves word.

### Bederf van voorraad

Die maatskappy stem in om die versekerde te vergoed vir tot en met 'n bedrag van R25 000 vir noodsaaklike koste aangegaan vir die vervanging van voorraad in koelstoorfasiliteite wat bederf het as gevolg van 'n temperatuurverandering voortspruitend uit 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge hierdie afdeling gedek word.

### Klousule oor arbeiders/kontrakteurs/werknemers

Indien 'n arbeider, kontrakteur of werknemer sonder die medewete van die versekerde iets doen of versuim om iets te doen en dit strydig met die voorwaardes van hierdie afdeling is, sal dekking nie ongeldig verklaar word nie. Die versekerde moet die maatskappy van die handeling of versuim in kennis stel sodra hy daarvan bewus word.

# Geboue omvattend

## Omskrewe gebeurtenisse

1. Skade veroorsaak deur die omskrewe gevare
   a. in onderafdeling A aan die geboue met inbegrip van alle buitegeboue daarvan (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teel-, metaal-, beton- of asbesdak tensy anders in die bylae vermeld) en sport- en ontspanningstrukture, verhuurder se los en vaste toebehore daarin en daarop, mure (behalwe dammure), hekke, pale, heinings en geteerde of plaveide paaie, opritte, weë of parkeerareas;
   b. in onderafdeling B aan openbare toevoeraansluitpunte; geleë soos in die bylae vermeld.
2. Verlies aan huurgeld soos in onderafdeling C voorsien.
3. Regsaanspreeklikheid soos in onderafdeling D voorsien.

## Onderafdeling A – Eiendom

1. Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.
2. Storm, wind, water, hael of sneeu behalwe
   a. dit wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.
   b. slytasie en geleidelikwerkende agteruitgang.
   c. verlies of skade
      i. aan keermure behalwe waar ’n sertifikaat deur ’n professionele ingenieur uitgereik word wat sertifiseer dat die konstruksie van die keermure in ooreenstemming met bouwette en -regulasies is.
      ii. veroorsaak of vererger deur
         1. insakking of grondverskuiwing.
         2. die versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die onderhoud en veiligheid van die versekerde eiendom en om enige vernietiging of skade tot ’n minimum te beperk.
3. Aardbewing.
4. Lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.
5. Botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.
6. Diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou. Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 60 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie item opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die versekeraar verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding. Gedurende die aanvanklike tydperk van 60 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde ’n medeversekeraar saam met die versekeraar en dra by ’n eweredige deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.
7. Toevallige skade aan sanitêre ware, maar die bedrag betaalbaar word met R250 verminder vir elke sodanige skade.
8. Skielike en onverwagte lekkasie van olie uit ’n oliegestookte verhittingstelsel wat deel van die gebou uitmaak.

9. Toevallige onklaarraking of ineenstorting van radio- of televisie-antennas, satellietskottels, lugdraadtoebehore of maste.

10. Koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ter voldoening aan enige wetsvereistes om onbeskadigde gedeeltes van 'n outomatiese sprinkelstelsel, outomatiese drenktoestel, gas of skuim van installasies op te gradeer of te vervang ná skade deur 'n onversekerde gevaar, met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag nie die versekerde bedrag oorskry nie. Hierdie gevaar geld slegs indien die versekerde ten tyde van die verlies bewys kan lewer van 'n huidige ASIB-sertifikaat.

### Spesifieke voorwaarde (nie van toepassing nie op 7 hierbo nie)

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra by dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### Onderafdeling B – Hooftoevoerverbindings

Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telekommunikasieverbindings wat die eiendom van die versekerde is of waarvoor hy regtens verantwoordelik is, tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte.

### Onderafdeling C – Huurgeld

Verlies aan huurgeld weens die feit dat die versekerde eiendom sodanig beskadig word deur enige van die gespesifiseerde gevare dat dit onverhuurbaar is (insluitend gedeeltelik onverhuurbaar), maar slegs vir die tydperk wat vir vervanging nodig is en vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen die geraakte eiendom verseker is. Die berekeningsgrondslag is die huurgeld wat betaalbaar is onmiddellik voor die skade of die ekwivalent daarvan in huurwaarde.

### Onderafdeling D – Aanspreeklikheid

Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik gehou word as gevolg van die toevallige dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna besering genoem) of die toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem) wat voorkom gedurende die versekeringstydperk in, op of in die omgewing van die versekerde eiendom en wat voortspruit uit die versekerde se eienaarskap daarvan.

### Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige getal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens R5,000,000.

### Spesifieke uitsonderings (van toepassing op onderafdeling D)

Die versekeraar stel nie die versekerde ingevolge hierdie onderafdeling skadeloos ten opsigte van die volgende nie:

1. Besering of skade wat opgedoen word deur
   a. enige lid van dieselfde huishouding as die versekerde.
   b. enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is, en wat regstreeks ontstaan uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde.
   c. enige ander persoon en wat spruit uit die eienaarskap van of die gebruik deur of namens die versekerde van meganiesaangedrewe voertuie (behalwe trapfietse en grassnyers).

2. Skade aan eiendom

   a. i. wat aan die versekerde behoort.

      ii. wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige werknemer van die versekerde is.

   b. wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of versteuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.

3. Aanspreeklikheid wat volgens 'n ooreenkoms aanvaar word, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.

4. a. Aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade of verlies aan die gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

   b. Die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

   Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat, by die afwesigheid van hierdie uitsondering, nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie.

5. Boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.

6. a. Skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland.

   b. Regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal is en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 6(a) hierbo beskryf word nie.

## Memoranda tot onderafdeling D

1. Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die versekeraar elke versekerde afsonderlik en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die versekeraar nie verhoog word bo die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word nie.

2. Met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die versekeraar nie verhoog word bo die skadeloosstellingsperk wat vermeld word nie, stel die versekeraar ook, asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is, die volgende skadeloos:

   a. in geval van die dood van die versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde opgeloop is.

   b. enige vennoot of direkteur of lid of werknemer van die versekerde (indien die versekerde dit vervang) teen enige eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is.

3. Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie onderafdeling geskrap en deur die volgende vervang:

   "Hierdie onderafdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of selftoegeëiende mag nie."

4. Indien, ten tyde van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling, skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word, dra hierdie onderafdeling nie saam met enige ander versekering by nie, behalwe met betrekking tot enige oorskryding bó die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

## Klousules en uitbreidings

### **Uitbreiding tot onderafdeling A: Insakking en grondverskuiwing** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die onderstaande gevaar word bygevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A – Eiendom

8. Skade wat deur insakking en grondverskuiwing veroorsaak word met dien verstande dat die versekerde die eerste gedeelte van elke eis dra tot 'n bedrag wat bereken word teen 1 persent van die bedrag waarteen die eiendom verseker is of R500, wat ook al die grootste is.

   Vir die doeleindes hiervan word enige versekerde skade geag deur brand veroorsaak te wees met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

   a. Skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is.

   b. Skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan

      i. foutiewe ontwerp of konstruksie van of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is.

      ii. werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige geboue wat op die versekerde perseel geleë is.

      iii. uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.

   c. Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld.

      Indien die versekeraar in enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teenteel te bewys.

### **Uitbreiding tot onderafdelng C: verhindering van toegang** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien eiendom gedurende die versekeringstydperk binne 'n radius van 10 km vanaf die persele vermeld in die bylae verloor of beskadig word as gevolg van 'n gevaar in onderafdeling A omskryf en dit verhinder of belemmer die gebruik van of toegang tot die persele wat kragtens hierdie afdeling verseker word, betaal die versekeraar vir enige verlies aan huurgeld wat die versekerde as gevolg daaarvan ly tot hoogstens 'n bedrag van 25 persent van die versekerde bedrag van toepassing op die geraakte eiendom. Die berekening van die verlies aan huurgeld word gegrond op die huurgeld betaalbaar onmiddellik voor die verlies of skade of die gelykstaande huurgeldwaarde daarvan.

### **Klousule: Sekuriteitsfirmas** (van toepassing op onderafdeling D – Aanspreeklikheid)

Nieteenstaande Spesifieke uitsondering 3, indien die versekerde (as die eienaar van die persele wat in die bylae gespesifiseer word) ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir hierdie onderafdeling.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die versekeraar nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

### Klousule: Argitek- en ander professionele gelde

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit professionele gelde in (vir ramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan is om die versekerde eiendom te herstel of te vervang na skade weens 'n omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval sal dit 25 persent van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige skade oorskry nie en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop. Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige gelde sluit nie koste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

### Klousule: Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die versekeraar elke kwartaal van sodanige verbouings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

### Klousule: Koste van sloping en opruiming en die oprigting van skuttings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van versekerde eiendom en/of die verwydering van puin en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/ of boubedrywighede na skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die versekeraar betaal nie vir enige koste of uitgawe nie

1. wat aangegaan word vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein.
2. wat voortspruit uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/afdeling verseker is nie.

### Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur die brand bedreig is.

### Klousule: verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die versekeraar egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die versekeraar aanvaar word.

### Klousule: Munisipale planondersoekgelde

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit munisipale planondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die eiendom wat aldus geraak word, beloop.

### Klousule: vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, afdelings-, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is, nie die volgende insluit nie:
    a. Die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies
        i. ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is.
        ii. ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie.
        iii. ingevolge waarvan kennis aan die versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het.
        iv. ten opsigte van onbeskadigde eiendom, onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van daardie deel wat beskadig is.
    b. Die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie.
    c. Die bedrag van munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies.
2. die herstel- of herbouwerk moet met redelike spoed begin en uitgevoer word en mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien bogenoemde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie.
3. indien die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word.
4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

### Klousule: Spoorweg- en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

### Klousule: Herstelwaardevoorwaardes

Ingeval die eiendom beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was, met dien verstande dat

1. die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen bó en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie.
2. totdat uitgawe deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom, die versekeraar nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie klousule nie hierby ingelyf was nie.
3. indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom

deur 'n omskrewe gebeurtenis, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies moet bydra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe.

4. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien
    a. die versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die versekeraar skriftelik mag toelaat, die versekeraar in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel.
    b. die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

### Klousule: tydelike verwydering

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die verhuurder se los en vaste toebehore gedek terwyl dit tydelik na enige ander perseel verskuif word, insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, met dien verstande dat die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die verlies of skade plaasgevind het op die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

### Klousule: Huurders

Die versekeraar se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige huurder (behalwe as die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied nie. Die versekerde moet die versekeraar egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat aan betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die versekeraar aanvaar word.

### Uitbreiding: Prysaanpassingsklousule (indien in die bylae ingesluit vermeld)

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(-e) ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag(-e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die versekerde die versekeraar in kennis stel van die bedrag(-e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie uitbreiding is 50 persent van die premie wat verkry moet word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is.

### Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsonderings, uitsluitings en waarborge hierin vervat, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die doelbewuste of opsetlike daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan

1. roerende eiendom wat
    a. gesteel word.
    b. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word terwyl daar in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek.

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige gebou op die perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of gepoog word om in of uit te breek.
3. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van
   a. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;
   b. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel. Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
      a. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing.
      b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
      c. Verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.
      d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.
      e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die versekeraar verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning, word die versekerde 'n medeversekeraar saam met die versekeraar en dra by 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

### Uitbreiding: oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
   a. Verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.
   b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
   c. Verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.
   d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

### Klousule: Slotte, sleutels en afstandbeheerders

Benewens die skadeloosstellingsperk soos in die bylae vermeld, sal die Maatskappy die versekerde skadeloos stel vir koste wat noodsaaklikerwys en rederlikerwys aangegaan word na verlies van of skade aan slotte en sleutels (insluitend kaartsleutels en afstandbeheertoestelle of alarmbeheerders) en, indien nodig, die herprogrammering van sodanige gekodeerde alarmstelsel vir ’n versekerde perseel,

met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R10,000 ten opsigte van ’n enkele gebeurtenis beloop;
2. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

### Geisers (met kapasiteit van tot 200 liter) en waterpype (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Geisers (met kapasiteit van tot 200 liter) en waterpype, wat die versekerde se eiendom is en geïnstalleer is en deel van die geboue uitmaak soos vermeld in die bylae, word gedek as dit bars, lek of oorloop, met dien verstande dat

i. hierdie uitbreiding nie strukturele defekte, foutiewe ontwerp, gebrekkige vakmanskap of slytasie dek nie of geleidelike agteruitgang (insluitend die geleidelike impak van lig of atmosferiese toestande);

ii. indien ’n gebou of struktuur vir meer as 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort word;

iii. die Maatskappy nie vir die eerste R1,000 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

### Kragstuwing-uitbreiding

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om skade weens ’n kragstuwing aan die verhuurder se los en vaste toebehore wat deel van versekerde geboue ingevolge hierdie afdeling uitmaak, in te sluit,

met dien verstande dat:

i. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R50,000 ten opsigte van ’n enkele gebeurtenis is;

ii. die Maatskappy nie vir die eerste 10% van die eis, met ’n minimum van R500, aanspreeklik is nie.

### Herstelwerk en maatreëls na verlies

Na verlies of skade weens ’n versekerde gebeurtenis

a. mag die versekerde, om verdere verlies te beperk, tydelike herstelwerk onderneem en nodige maatreëls tref (insluitend die aanstel van wagte) om die versekerde eiendom te beveilig;

b. sal die Maatskappy die redelike koste van noodverblyf betaal terwyl die versekerde eiendom onbewoonbaar is, totdat alternatiewe verblyf gereël kan word, met dien verstande dat die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid hoogstens R20,000 beloop.

### Weerligafleiers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

’n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid is dat alle geboue met ’n gras-, strooi- of rietdak voorsien word van en behoorlik toegerus word met ’n SABS-goedgekeurde weerligafleier of ’n weerligafleier van ’n soortgelyke of beter standaard wat geïnstalleer word uitsluitlik met die doel om weerlig van gemelde gebou af te lei.

### Reklameborde en naamborde

Die Maatskappy stel die versekerde skadeloos vir toevallige verlies van of skade aan reklameborde en naamborde wat die versekerde onderneming op die versekerde perseel of binne 'n omtrek van 10 kilometer buite die versekerde perseel adverteer, met dien verstande dat

a. die versekering ingevolge hierdie uitbreiding beperk word tot R10,000 per versekeringstydperk;

b. die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar, naamlik R500 per eis.

### Brandblustoestelle en -installerings

Die Maatskappy stel die versekerde skadeloos vir toevallige ontlading van of lekkasie uit brandblustoestelle of -installerings.

### Bome wat omgeval het

Die Maatskappy stel die versekerde skadeloos ten opsigte van koste wat redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan word om bome of dele van bome wat omgeval het ná 'n omskrewe gebeurtenis soos omskryf in Onderafdeling A, te verwyder van die perseel soos beskryf in die bylae, met dien verstande dat

a. sodanige koste aan die Maatskappy se skriftelike toestemming onderworpe is;

b. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R5,000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis beloop;

c. die versekerde vir 'n eerste bedrag betaalbaar van R500 ten opsigte van elke sodanige skade verantwoordelik is.

### Uitbreiding t.o.v. skade aan uitgelegde tuine

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir die vervanging van uitgelegde bome, plante of struike op die perseel na verlies of skade weens brand, brandbestrydingspogings, ontploffing, botsing deur voertuie, lugvaartuie of ander voorwerpe wat daaruit laat val word, beperk tot R10,000 per gebeurtenis.

### Uitbreiding t.o.v. instandhoudings- en skoonmaaktoerusting

Hierdie polis word uitgebrei om dekking in te sluit soos omskryf in items 1 tot 6 van onderafdeling A ten opsigte van toerusting wat die versekerde besit vir die instandhouding en skoonmaak van die perseel, beperk tot R10,000 per gebeurtenis.

### Uitbreiding t.ov. swembad/boorgatpomp

Skadeloosstelling word uitgebrei om swembad- en borrelbadmasjinerie of boorgatpompe in huishoudelike gebruik te dek indien dit beskadig word weens enige ander oorsaak as slytasie of depresiasie. Die Maatskappy sal volgens sy keuse die beskadigde toerusting herstel of vervang of aan die versekerde die waarde daarvan betaal, beperk tot R10,000 per eis.

### Antennes, satellietskottels en sonpanele/sonverhittingstelsels

Die aanspreeklikheid van die maatskappy beloop hoogstens die volgende:

| | | | |
|---|---|---|---|
| a. | Antennes / satellietskottels | - | R2 500 |
| b. | Sonpanele / sonverhittingstelsels | - | R25 000 |

Dekking wat ingevolge hierdie afdeling verskaf word, word beperk tot skade veroorsaak deur enige van die omskrewe gebeurtenisse, onderhewig aan 'n eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis, met 'n minimum van R500.

## Klousule oor toevallige en meganiese brekasie

Die aanspreeklikheid van die maatskappy is beperk tot R5 000 vir enige enkele item en altesaam R10 000 in enige enkele versekeringstydperk. Skade voortspruitend uit slytasie en geleidelike agteruitgang word spesifiek uitgesluit. Hierdie afdeling stel die versekerde skadeloos ten opsigte van vaste masjinerie of elektriese toerusting en/of toestelle, soos hieronder beskryf, terwyl dit op die perseel (soos omskryf in die bylae) is, in die geval van:

i. skielike toevallige verlies van of skade aan; of

ii. toevallige meganiese en/of elektriese onklaarraking van:

  a. besproeiingstelsels, insluitend pype, spuitkoppe en pompe

  b. filtreertoerusting wat aan motors en/of pompe gekoppel is

  c. elektriese hekke en motors, insluitend die afstandbeheerder (maksimum twee eenhede)

  d. motorhuisdeure met motors, insluitend die afstandbeheerder (maksimum twee eenhede)

  e. skakeltuig met betrekking tot die toerusting

  f. isolering van elektriese geleiers

  g. lugversorgers (muureenhede of verdeelde eenhede).

Onderhewig aan 'n eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis, met 'n minimum van R250.

## Uitbreidings vir Gastehuise en Lodges

Hierdie uitbreidings geld slegs vir daardie deel van die risiko wat met die gastehuis en/of lodge verband hou indien dit ingevolge hierdie afdeling verseker is:

## Onderafdeling A – Eiendom

Paragraaf 6 word gekanselleer en deur die volgende vervang:

6. Diefstal (of enige poging daartoe) behalwe

  a. Die eerste bedrag betaalbaar van R500 in die geval van diefstal van inhoud.

  Indien 'n versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word hierdie item opgeskort ten opsigte van die geaffekteerde eiendom, tensy die versekerde voor die voorkoms van skade skriftelike instemming van die maatskappy verkry het om hierdie uitbreiding voort te sit. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde 'n medeversekeraar saam met die maatskappy en dra die versekerde 'n eweredige deel van enige skade gelykstaande aan 20% van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

  Paragraaf 7 word gekanselleer en deur die volgende vervang:

7. Die bars, oorloop, lekkasie of storting van water of olie uit tenks, waterverhittingsapparate, pype of apparaat, insluitend enige vaste water- of olieverhittingsinstallasie, met inbegrip van skade aan sodanige tenks, waterverhittingsapparate, pype, apparaat en water- of olieverhittingsinstallasie.

  Die versekerde is verantwoordelik vir 'n eerste bedrag betaalbaar van R250 ten opsigte van 'n eis as gevolg van hierdie uitbreiding.

## Die volgende uitbreidings word bygevoeg:

8. Verlies of skade weens enige oorsaak aan swembad-, boorgat- (vir huishoudelike gebruik), borrelbad- en saunabadtoerusting en -masjinerie, elektriese deure en hekke, met dien verstande dat:

  a. die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R5 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis is;

  b. die bedrag betaalbaar met R200 verminder sal word vir iedere en elke sodanige skade.

9. Toevallige skade aan:

   a. vaste glas en sanitêre ware;

   b. huishoudelike elektriese toestelle;

   c. radio- of televisielugdrade of -maste;

   met dien verstande dat die bedrag betaalbaar met R500 verminder sal word vir iedere en elke sodanige skade.

10. Verlies of skade veroorsaak deur die algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare elektrisiteitstoevoer na die perseel van die versekerde, met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak word nie:

    a. droogte;

    b. waterbesoedeling;

    c. ’n brandstof- of watertekort;

    d. ’n fout in enige deel van die installasie wat aan die perseel behoort;

    e. ’n owerheid wat regtens gemagtig is om elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks toe te skryf is aan skade aan eiendom van sodanige owerheid.

    Die maatskappy is nie aanspreeklik ingevolge hierdie uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of ingryping langer as 24 uur is.

11. Die uitwerking van koelgasse wat uit die eenheid ontsnap het, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

    a. verlies of skade veroorsaak deur ’n opsetlike daad deur die voorsieningsowerheid of die uitoefening deur ’n voorsieningsowerheid van sy mag om die voorsiening van elektrisiteit en/of gas te weerhou of te beperk, tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan eiendom van sodanige owerheid;

    b. gevolglike verlies.

       Die versekerde is verantwoordelik vir ’n eerste bedrag betaalbaar van R250 ten opsigte van ’n eis as gevolg van hierdie uitbreiding.

## Dood van perde

Die maatskappy sal tot en met R5 000 betaal vir enige enkele gebeurtenis waar die dood of besering van perde regstreeks voortspruit uit brand, weerlig, donderslag, ontploffing, aardbewing, diefstal, lugvaartuie (of voorwerpe wat daaruit val), storm, orkaan, oorstroming, botsing deur voertuie of ’n daad wat deur enigiemand gepleeg word met die bedoeling om sodanige dood of besering te veroorsaak.

## Bederf van voedsel

Die maatskappy sal tot en met R25 000 betaal vir toevallige bederf van voedsel weens enige oorsaak behalwe:

a. skade as gevolg van die opsetlike weerhouding van krag deur ’n voorsieningsowerheid;

b. gevolglike verlies;

c. die eerste 10% en minstens R500 ten opsigte van elke eis.

# Kantoorinhoud

### Omskrewe Gebeurtenisse

1. Verlies van of skade aan die inhoud (behalwe dokumente soos omskryf in onderafdeling C indien dit daarkragtens verseker is en elektroniese dataverwerkingstoerusting), insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore, die eiendom van die versekerde of waartoe by verantwoordelik is en tensy andersins vermeld in die bylae, tot die mate waarin die eiendom nie andersins verseker is nie, eiendom wat besit word deur enige vennoot, of direkteur of werknemer van die versekerde tot hoogstens 'n bedrag van R5,000 per persoon terwyl dit gehou word in die kantore en/of spreekkamers wat geleë is soos in die bylae vermeld (hierna die kantoorperseel genoem) deur enige van die gevare wat in onderafdeling A gespesifiseer word.
2. Verlies van of skade aan die geheel of 'n deel van die eiendom wat ingevolge item C van die bylae verseker word en ingevolge onderafdeling C omskryf en die gevolge daarvan wat ingevolge item D van die bylae verseker en ingevolge onderafdeling D beskryf word.
3. Verlies en/of uitgawe wat ingevolge onderafdelings B en E beskryf word.

### Onderafdeling A – Inhoud

1. Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing, meteoriet, vulkaanas.
2. Storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.
3. Aardbewing, maar met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.
4. Lugvaartuie en ander lugtoestelle of artikels wat daaruit laat val word.
5. Botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.
6. Toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaaie van meubels of vaste glas wat deel uitmaak van enige meubelstuk.

### Beperkingsklousule

Die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling word ten opsigte van dokumente, manuskripte, sakeboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan die arbeid bestee is.

### Spesifieke voorwaarde

#### **Eweredigheid** (nie van toepassing op gevaar 6 hierbo nie)

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige verlies of skade deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra by dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom verseker, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### Onderafdeling B – Huurgeld

Verlies aan huurgeld wat werklik deur die versekerde gely is as gevolg daarvan dat die kantoorperseel of 'n deel daarvan sodanig beskadig word deur enige van die gevare in die onderafdeling A gespesifiseer dat dit onbewoonbaar is, maar slegs vir die tydperk wat vir vervanging nodig is. Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling beloop hoogstens 25 persent van die versekerde bedrag of waarde (wat ook al die minste is) van alle inhoud van die kantoorperseel wat geraak is. Vir die doeleindes van hierdie onderafdeling word die woord "kantoorperseel" geag enige persele of deel daarvan in die nabyheid van die kantoorperseel in te sluit indien skade aan sodanige persele toegang tot die kantoorperseel verhinder of beperk.

## Onderafdeling C – Dokumente

Verlies van of skade aan dokumente wat normaalweg by die kantoorperseel gehou word deur enige gevaar wat nie spesifiek uitgesluit is nie.

### Omskrywing

Die woord "dokumente" beteken die volgende:

Films, bande, adressograafplate, boeke, rekords, planne, tekeninge, uittreksels, aktes, testamente, verbandbriewe, ooreenkomste, manuskripte, briewe, sertifikate, dokumente en soortgelyke papiere waarop skrif, tik- of drukwerk aangebring is, wat deur die versekerde in die besigheid gebruik word en wat aan hom behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, met uitsluiting van geld, geldige pos- of inkomsteseëls, gekanselleerde en ongekanselleerde koepons, effekte, toonderobligasies, tjeks, wissels en enige skriftelike opdrag om 'n bepaalde bedrag te betaal en enige skriftelike bewys van skuld of verpligting en alle eiendom wat vervoer of aangehou word as monsters of vir verkoop of naverkoopaflewering en rekenaarprogrammatuur en rekenaardatadraende media tensy anders in die bylae vermeld.

### Beperkingsklousule

Die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling word beperk tot alle koste, heffings en uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word ter vervanging of herstel van sodanige dokumente.

### **Spesifieke uitsondering** (van toepassing op onderafdeling A)

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie:

1. Eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.
2. Ontwerpe, patrone, modelle of gietvorms (behalwe tot die mate wat die vermelde artikels ingevolge onderafdeling A verseker is), bedryfsvoorraad, monsters, motorvoertuie en toebehore daarvoor, geld, effekte, seëls, juweliersware of edelgesteentes.
3. Die eerste 10 persent van die skadeloosstelbare bedrag of R1,000, welke ook al die grootste is, indien die verlies of skade aan weerligskade te wyte is.

### **Spesifieke uitsondering** (van toepassing op onderafdeling C)

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie:

1. Verlies of skade wat veroorsaak word deur
    a. elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, versteuring of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames, tensy te wyte aan weerlig in welke geval die weerligverlies- of skadeloosstelbare bedrag met die grootste van 10 persent of R1,000 verminder word.
    b. ongedierte of inherente defek of deur verwerking, kopiering of ander werk aan die dokumente.
    c. die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot of direkteur van die versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan. Hierdie uitsondering geld nie vir enige direkteur wat ook 'n werknemer van die versekerde is en ten opsigte van wie die versekerde die reg het om te alle tye in die uitvoering van sy werk in diens van die versekerde en in die loop van die besigheid te bestuur, beheer of opdrag te gee nie.
2. Geleidelike agteruitgang of slytasie.
3. Koste aangegaan om films en video's en klankbane oor op te neem.

## Onderafdeling D – Regsaanspreeklikheid Dokumente

Regsaanspreeklikheid as 'n regstreekse gevolg van verlies van of skade aan dokumente soos omskryf in onder afdeling C en ten opsigte waarvan betaling, vervanging of herstelwerk gedoen, of aanspreeklikheid deur die versekeraar ingevolge onderafdeling C erken is, tensy sodanige betaling, vervanging, herstelwerk of aanspreeklikheid nie gedoen of erken is nie slegs omdat dit van die versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra.

### Spesifieke uitsondering (van toepassing op onderafdeling D)

Hierdie onderafdeling dek nie aanspreeklikheid nie wat ingevolge enige kontrak, onderneming of ooreenkoms deur die versekerde aanvaar is indien sodanige aanspreeklikheid nie by die versekerde sou berus het in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie.

### Onderafdeling E – Verhoging in bedryfskoste

Enige bykomende uitgawes waarvoor daar nie andersins in hierdie afdeling voorsiening gemaak word nie en wat redelikewys deur die versekerde aangegaan word met die doel om die gewone werksaamhede van die besigheid in stand te hou as gevolg van verlies of skade ten opsigte waarvan betaling, vervanging of herstelwerk gedoen, of aanspreeklikheid deur die versekeraar ingevolge onderafdelings A of C erken is. Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling beloop hoogstens 25 persent van die versekerde bedrag ten opsigte van alle inhoud van die kantoorperseel wat geraak word.

### Klousules en uitbreidings

### Klousule: veranderings en wanbeskrywing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of te wyte aan strukturele veranderings, herstelwerk aan die geboue, masjinerie of toerusting met dien verstande dat die versekeraar so gou moontlik daarna in kennis gestel word en die versekerde instem, indien vereis, om 'n bykomende premie te betaal.

### Klousule: Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrae nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die versekeraar elke kwartaal van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings in kennis te stel en om die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

### Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

### Slotte, sleutels en afstandbeheerders

Benewens die skadeloosstellingsperk soos in die bylae vermeld, sal die Maatskappy die versekerde skadeloos stel vir koste wat noodsaaklikerwys en rederlikerwys aangegaan word na verlies van of skade aan slotte en sleutels (insluitend kaartsleutels en afstandbeheertoestelle of alarmbeheerders) en, indien nodig, die herprogrammering van sodanige gekodeerde alarmstelsel vir 'n versekerde perseel, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R10,000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis beloop;
2. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

## Klousule: Nuwe en bykomende persele

Indien die versekerde ander kantore of spreekkamers okkupeer behalwe dié wat geleë is soos in die bylae vermeld in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, geld die versekering ingevolge hierdie afdeling asof sodanige kantore of spreekkamers kantoorpersele binne die bestek van hierdie afdeling is, met dien verstande dat

1. die versekerde die versekeraar binne 'n redelike tyd ná okkupasie daarvan in kennis stel en die bykomende premie betaal wat pro rata bereken word vanaf die tydstip van okkupasie tot aan die einde van die versekeringstydperk wat op daardie tydstip van krag was.
2. hierdie klousule nie geld vir enige verlies, indien en in soverre dit andersins verseker is nie.

## Klousule: verwydering van puin

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om sodanige redelike koste en uitgawes in te sluit wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin ná verlies of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawe in totaal die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word ten opsigte van die eiendom wat geraak word.

Die versekeraar betaal nie vir enige koste of uitgawe nie

1. aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein.
2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker is nie.

## Klousule: tydelike verwydering

Behalwe ten opsigte van die persoonlike eiendom van enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, word verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is terwyl dit tydelik gehuisves word in enige gebou in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, geag word plaas te gevind het terwyl sodanige eiendom in die kantoorperseel gehou is.

## Klousule: Huurders

Die versekeraar se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak nie deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied. Die versekerde moet die versekeraar egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die versekeraar aanvaar word.

## Klousule: Herstelwaardevoorwaarde

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word vir 'n eis ten opsigte van inhoud, is óf die vervanging van die inhoud met soortgelyke eiendom in 'n toestand gelykstaande aan, maar nie beter of omvangryker nie as die toestand daarvan toe dit nuut was

óf

die herstel van die inhoud tot 'n toestand aansienlik dieselfde maar nie beter nie as die toestand daarvan toe dit nuut was met dien verstande dat, indien op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die inhoud verlore, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

## Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige person wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan

1. roerende eiendom wat
   a. gesteel word.
   b. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder vanuit enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word.
2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek.
3. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van
   a. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;
   b. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die bedoeling om enige deel daarvan te steel, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
      a. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing.
      b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
      c. Verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.
      d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.
      e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

   Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys. Indien die versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die versekeraar verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde 'n medeversekeraar saam met die versekeraar en dra by 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

## Uitbreiding: oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins ondeworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
   a. Verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.

b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

c. Verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

### Uitbreiding: Diefstal as gevolg van kragdadige betreding (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A – inhoud:

7. Diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die kantore en/of spreekkamers gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld,

   met dien verstande dat

   a. die versekeraar nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik is nie vir diefstal of poging tot diefstal deur enige prinsipaal, direkteur of werknemer van die versekerde.

   b. die bedrag betaalbaar verminder word met die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding.

   c. die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding, min die eerste bedrag betaalbaar.

### Uitbreiding: Diefstal (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A – inhoud:

7. Diefstal of enige poging daartoe behalwe deur ’n prinsipaal, vennoot in of van of direkteur of werknemer van die versekerde,

   met dien verstande dat

   a. die bedrag betaalbaar verminder word met die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding.

   b. die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding, min die eerste bedrag betaalbaar.

### Herstelwerk en maatreëls na ’n verlies

Na verlies of skade weens ’n versekerde gebeurtenis

a. mag die versekerde, om verdere verlies te beperk, tydelike herstelwerk onderneem en nodige maatreëls tref (insluitend die aanstel van wagte) om die versekerde eiendom te beveilig;

b. sal die Maatskappy die redelike koste van noodverblyf betaal terwyl die versekerde eiendom onbewoonbaar is, totdat alternatiewe verblyf gereël kan word,

met dien verstande dat die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid hoogstens R10,000 beloop.

## Diefalarm-waarborg

Ten opsigte van enige perseel waarop 'n diefalarm geïnstalleer word, is dit 'n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid van die Maatskappy dat:

a. die diefalarm wat op die perseel geïnstalleer is ten volle in werking gestel is wanneer die perseel ook al onbewaak is;

b. sodanige alarms in behoorlike werkende toestand gehou word, maar die versekerde word geag sy aanspreeklikheid na te gekom het indien hy sy verpligtinge ingevolge 'n kontrak met die verskaffers of diensingenieurs van die alarmstelsel nagekom het.

Hierdie versekering dek nie verlies van of skade aan die eiendom nadat die sleutels van die diefalarmstelsel of enige duplikaat daarvan wat aan die versekerde behoort gebruik is nie, tensy hierdie sleutels deur geweld of dreiging met geweld bekom is.

## Memorandum

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van onderafdeling D geskrap en deur die volgende vervang: Hierdie onderafdeling dek nie verlies, skade, aanspreeklikheid of onkoste wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

## Kragstuwing-uitbreiding

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om skade weens 'n kragstuwing aan die verhuurder se los en vaste toebehore wat deel van versekerde geboue ingevolge hierdie afdeling uitmaak, in te sluit,met dien verstande dat:

i. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R50,000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis is;

ii. die Maatskappy nie vir die eerste 10% van die eis, met 'n minimum van R500, aanspreeklik is nie.

## Loper sleutels

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies of skade aan die versekerde eiendom te dek veroorsaak of vergesel deur die gebruik te maak van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die versekerde tot die bevrediging van die versekeraar kan bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

## Klousule oor arbeiders/kontrakteurs/werknemers

Indien 'n arbeider, kontrakteur of werknemer sonder die medewete van die versekerde iets doen of versuim om iets te doen en dit strydig met die voorwaardes van hierdie afdeling is, sal dekking nie ongeldig verklaar word nie. Die versekerde moet die maatskappy van die handeling of versuim in kennis stel sodra hy daarvan bewus word.

# Sake-onderbreking

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies wat volg op 'n onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die perseel plaasvind ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is ingevolge

1. die afdeling Brand van hierdie polis;
2. die afdeling Geboue Omvattend van hierdie polis;
3. die afdeling Kantoorinhoud van hierdie polis;
4. enige ander materiële skade-versekering wat die belang van die versekerde dek, behalwe dekking wat ingevolge die afdeling brand: priële/stutpale, heinings en plantmateriaal toegestaan word, maar slegs ten opsigte van gevare wat verseker is ingevolge die afdeling Brand hiervan (hierna skade genoem).

Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra.

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos in ooreenstemming met die bepalings van die spesifikasie soos hieronder uiteengesit.

## Spesifieke voorwaardes

1. Die versekering ingevolge hierdie afdeling word gestaak indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word behalwe met die skriftelike toestemming van die versekeraar.
2. By die plaasvind van enige skade as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel kan word moet die versekerde, benewens om te voldoen aan Algemene voorwaarde 6 en 7, met die nodige ywer alles doen en meehelp en toelaat dat dit gedoen word wat redelikerwys moontlik is om enige onderbreking of belemmering van die besigheid tot die minimum te beperk of te stuit of om die verlies te voorkom of te verminder en in geval 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, nie later nie as 30 dae na die verstryking van die skadeloosstellingstydperk of binne sodanige verdere tyd as wat die versekeraar skriftelik mag toelaat, op sy eie onkoste aan die versekeraar 'n skriftelike opgawe voorlê waarin besonderhede van sy eis vervat word saam met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of gevolglike verlies van enige aard wat daaruit voortspruit, dek. Geen eis is ingevolge hierdie afdeling betaalbaar nie tensy die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is en in geval van die nienakoming daarvan in enige opsig, moet enige betaling wat reeds vanweë hierdie eis gedoen is, onmiddellik aan die versekeraar terugbetaal word.

## Item 1 – Bruto wins (verskilgrondslag)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

1. **vermindering in omset en**
2. **verhoging in bedryfskoste**

   en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is

   1. **ten opsigte van 'n vermindering in omset,** die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardomset tekort skiet.
   2. **ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste,** die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy,

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit die bruto wins betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

### Item 1 – Bruto wins (byvoegingsgrondslag)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

1. **'n vermindering in omset en**
2. **'n verhoging in bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is

1. **ten opsigte van 'n vermindering in omset,** die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet;
2. **ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste,** die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy,

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste as wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

### Memorandum

Indien enige vaste koste van die besigheid nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie, word daar by die berekening van die bedrag wat hierkragtens as verhoogde bedryfskoste verhaalbaar is slegs daardie deel van die bykomende uitgawes in berekening gebring as die verhouding waarin die som van die netto wins en die versekerde vaste koste staan tot die som van die netto wins en alle vaste koste.

### Item 2 – Bruto huurgeld

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot

1. **verlies aan bruto huurgeld en**
2. **verhoging in bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is

1. **ten opsigte van die verlies aan bruto huurgeld,** die bedrag waarmee die bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaard-bruto huurgeld te kort skiet;
2. **ten opsigte van verhoging in bedryfskoste,** die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan bruto huurgeld wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan bruto huurgeld daardeur vermy,

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto huurgeld betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto huurgeld minder is as die jaarlikse bruto huurgeld indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse bruto huurgeld indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

### Item 3 – Inkomste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot

1. **verlies aan inkomste en**
2. **verhoging in bedryfskoste**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is

1. **ten opsigte van die verlies aan bruto inkomste,** die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardinkomste te kort skiet;
2. **ten opsigte van verhoging in bedryfskoste,** die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan inkomste wat as gevolg van die skade gedurende die

skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan inkomste daardeur vermy, min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit inkomste betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van inkomste minder is as die jaarlikse inkomste indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse inkomste indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

### Item 4 – Bykomende verhoging in bedryfskoste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot redelike bykomende uitgawes (nie verhaalbaar ingevolge ander items nie) wat met die toestemming van die versekeraar aangegaan word gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade ten einde die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou.

### Item 5 – Lone (grondslag van aantal weke)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies wat deur die versekerde gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die skade en nie langer as die gespesifiseerde aantal weke daarna voortduur nie. Die bedrag wat as skadeloosstelling ingevolge hierdie item betaalbaar is, is die werklike bedrag wat die versekerde vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die skade hoegenaamd nie deur die versekerde benut kan word nie en ’n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die skade nie ten volle deur die versekerde benut kan word nie, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik na die skade aan lone betaal sou gewees het indien die skade nie voorgekom het nie.

### Item 6 – Boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag as skadevergoeding hierkragtens betaalbaar is die bedrag waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van skade vir nie- voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

## Omskrywings

**Skadeloosstellingstydperk –** Die tydperk wat met die aanvang van die skade begin en eindig nie later nie as die getal maande daarna in die bylae vermeld waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die skade geraak word.

**Omset –** Die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

**Inkomste –** Die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

**Bruto huurgeld –** Die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar deur huurders ten opsigte van huurgeld vir die perseel en dienste gelewer.

**Bruto wins** (verskilgrondslag) – Die bedrag waarmee

1. die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad meer is as
2. die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste.

   Die bedrag van die begin- en eindvoorraad word vasgestel volgens die versekerde se gewone rekeningkundige metodes nadat behoorlike voorsiening vir waardevermindering gemaak is.

**Onversekerde koste –** Soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die versekerde).

**Bruto wins** (byvoegingsgrondslag) – Die bedrag wat verkry word deur die netto wins te voeg by die bedrag van die versekerde vaste koste of, indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste, min sodanige deel van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van die versekerde vaste koste tot alle vaste koste van die besigheid staan.

**Netto wins –** Die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en -aanwas en alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit die besigheid van die versekerde by die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, met inbegrip van waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen die winste vorderbaar is.

**Versekerde vaste koste –** Soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die versekerde).

### Standaardomset

### Standaardinkomste

**Standaard bruto huurgeld –** Die omset (inkomste) (bruto huurgeld) gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk ooreenstem waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid en afwykings of ander omstandighede wat die besigheid of na die skade raak,

### Jaarlikse omset Jaarlikse inkomste

**Jaarlikse bruto –** huurgeld Die omset (inkomste) (bruto huurgeld) gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die skade

**Bruto winskoers –** Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die skade of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk na die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie.

**Let wel:** Indien die skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van die items wat links hiervan vermeld word, bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die skade.

### Memorandum

Indien goedere of dienste of deur die versekerde of deur ander namens hom gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel verkoop of gelewer word vir die voordeel van die besigheid, word die geld betaal of betaalbaar vir sodanige verkope of dienste in berekening gebring om die omset, inkomste of bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk te bepaal.

### Uitbreidings en klousules

### Klousule oor wynkelders

Vir hierdie afdeling sal die beskrywing van inkomste soos volg gewysig word:

- Netto betaling bereken op tonnemaat verskaf/gebruik
- Plus – Vaste koste
- Plus – Koöperasiekommissie vir spesifieke poel
- Plus – Uitgawes reeds aangegaan
- Minus – Enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid gespaar is, wat opgeskort of verminder is weens die skade.

### Klousule: rekenmeesters

Enige gegewens of besonderhede wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word en wat deur die versekeraar benodig mag word ingevolge hierdie afdeling met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is prima facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

### Klousule: opgehoopte voorraad

Met die berekening van enige verlies word dit in ag geneem, en ’n billike voorsiening word gemaak, indien enige tekort in omset of inkomste te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset of inkomste tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

### Klousule: Departemente

Indien die besigheid in departemente of takke bedryf word waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is, geld die bepalings ingevolge item 1 (bruto wins), 2 (bruto huurgeld) of 3 (inkomste) wat verband hou met verlaging in omset/bruto huurgeld/inkomste en verhoging in bedryfskoste afsonderlik vir elke departement of tak wat deur die skade geraak word, behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur die betrokke item minder is as die totaal van die jaarlikse bruto inkomste/jaarlikse huurgeld ontvangbaar verkry deur die bruto wins-koers vir elke departement/ tak van die besigheid, hetsy deur skade geraak al dan nie, toe te pas op die betrokke jaarlikse omset (of op ’n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingsperk twaalf maande oorskry).

### Klousule: Depositopremie

Met inagneming daarvan dat die premie ingevolge items 1, 2 of 3 voorlopig is omdat dit beteken word op 75 persent van die versekerde bedrag, is die premie soos volg onderworpe aan aanpassing by die verstryking van elke versekeringstydperk: In geval die bruto wins/bruto huurgeld/inkomste wat verdien is (na verhouding verhoog indien die aantal maande waarna in die omskrywing van die skadeloosstellingstydperk verwys word 12 oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk, minder of meer is as 75 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, word pro rata-terugbetalings- of bykomende premie wat nie 33.3 persent oorskry van die voorlopige premie wat vir sodanige versekeringstydperk betaal is nie, ten opsigte van die verskil betaal.

In geval ’n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, word die bedrag wat daarop betaal of betaalbaar is, as werklik verdien beskou.

### Klousule: Produksie (alternatiewe grondslag)

Na die keuse van die versekerde mag die woord "produksie" die woord "omset" vervang en vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken produksie die verkoop- of oordragwaarde, soos in die versekerde se boeke aangedui, van goedere wat deur die versekerde by die perseel vervaardig of verwerk is,

met dien verstande dat

1. slegs die betekenis van produksie of die betekenis van omset geld in verband met enige enkele gebeurtenis wat onderbreking tot gevolg het.
2. indien die betekenis van produksie gebruik word
    a. geld die klousule insake die opgehoopte voorraad nie.
    b. die memo aan die einde van die omskrywings soos volg lees:

    Indien goedere of deur die versekerde of deur ander namens hom gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel vervaardig of verwerk word vir die voordeel van die besigheid, word die verkoop of oordrag van sodanige goedere in berekening gebring om die produksie gedurende die skadeloosstellingstydperk te bepaal.

### Klousule: verkoop van geredde goedere

Indien die versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk 'n bergingsverkoping hou, lees klousule 1 van item 1 (bruto wins) vir die doeleindes van sodanige eis soos volg:

1. ten opsigte van vermindering in omset, die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk (minus die omset vir die tydperk van die verkoping van geredde goedere) as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet, van welke totaal die werklike bruto wins wat gedurende die tydperk van die verkoping van geredde goedere verdien is, afgetrek word.

### Uitbreidings na ander persele

Verlies, soos verseker deur hierdie afdeling, wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade (soos hierin omskryf) by die ondergemelde liggings of aan die eiendom wat hieronder aangedui is, word geag verlies te wees wat voortspruit uit skade aan eiendom wat deur die versekerde by die perseel gebruik word.

1. **Gespesifiseerde verskaffers/subkontrakteurs (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

    Die persele van die verskaffers en subkontrakteurs wat in die bylae gespesifiseer word, onderworpe aan die vermelde perke.

2. **Ongespesifiseerde verskaffers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

    Die persele van enige van die versekerde se ander verskaffers, vervaardigers of verwerkers van komponente, goedere of materiaal, maar met uitsluiting van die perseel van enige openbare verskaffingsonderneming waarvandaan die versekerde elektrisiteit, gas of water verkry, onderworpe aan die perk wat in die bylae vermeld word.

3. **Berging, transito en voertuig**

    Die eiendom van die versekerde terwyl dit geberg word of terwyl dit per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word of wat die motorvoertuie van die versekerde is op 'n ander plek as by die perseel wat deur die versekerde geokkupeer word.

4. **Kontrakterreine**

    Enige ligging wat nie deur die versekerde geokkupeer word nie waar die versekerde 'n kontrak uitvoer.

5. **Verhindering van toegang**

    Eiendom wat binne 'n radius van 10 km vanaf die versekerde se perseel is waarvan vernietiging of skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer hetsy die perseel of die versekerde se eiendom daarin beskadig is of nie.

6. **Verhindering van toegang – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Eiendom wat binne 'n radius van 10 km vanaf die perseel is waarvan die vernietiging of skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer hetsy die perseel of die versekerde se eiendom daarin beskadig is of nie.

7. **Bykomende persele**

   Indien die versekerde gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling enige nuut toegevoegde perseel okkupeer of eiendom daarop het vir die doeleindes van die besigheid word sodanige nuut toegevoegde perseel geag ingesluit te wees by dié wat gespesifiseer is, onderworpe aan kennisgewing daaraan aan die Versekeraar so gou dit redelikerwys moontlik is en 'n aanpassing van die premie indien nodig.

8. **Klante (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Die persele van die klante in die bylae gespesifiseer, onderworpe aan die gespesifiseerde perke.

9. **Openbare dienste – slegs versekerde gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwante gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings van 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot 'n toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by die perseel van die versekerde.

10. **Openbare telekommunikasie – slegs versekerde gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

    a. Eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan die versekerde te verskaf.

    b. Die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in (a) vermeld.

## Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker voortspruitend uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die versekerde se persele word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf), met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voorspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

1. Droogte.
2. 'n Fout by enige deel van die persele wat aan die versekerde behoort.
3. 'n Besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.
4. Enige gebeurtenis in Algemene uitsondering 1 en 2 omskryf, maar dekking verskaf deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis word nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie tensy die onderbreking of belemmering van die versekerde se besigheid langer as 24 uur duur.

## Openbare dienste – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van 'n algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na die versekerde se perseel word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

1. Droogte.
2. Waterbesoedeling.
3. 'n Brandstof- of watertekort.

4. 'n Fout in enige deel van die installasie wat aan die perseel behoort.
5. 'n Owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.
6. Enige gebeurtenis in Algemene uitsondering 1 en 2 beskryf, maar dekking wat verskaf is deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis is nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan 'n meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur.

### Die gebiedsgrense van

Items 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9 en 10 van die uitbreidings tot ander persele en die uitgebreide dekking vir openbare telekommunikasies en openbare dienste word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

Item 7 van die uitbreidings tot ander persele word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.

### Toevallige skade (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende omskrewe gebeurtenis word bygevoeg:

"Verlies na onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge omskrewe gebeurtenis van die afdeling Toevallige Skade van hierdie polis (hierna skade genoem), met dien verstande dat

1. die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling, dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, geskrap word ten opsigte van hierdie omskrewe voorval.
2. die versekeraar nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die afdeling Toevallige Skade vir beide hierdie afdeling en die afdeling Toevallige Skade tesame nie."

Met dien verstande dat die afdeling toevallige skade: wyn, wyntenke en verwante eiendom nie deel van hierdie omskrewe gebeurtenis van die uitbreiding uitmaak nie.

### Uitbreidings vir Gastehuise en Jaghuise

Hierdie uitbreidings geld slegs vir daardie deel van die risiko wat met die gastehuis en/of lodge verband hou indien dit ingevolge hierdie afdeling verseker is:

### Moord/Selfmoord/Siekte/Siekwees/Besoedeling/Haai- en dier-aanval

Skade (soos hierin omskryf) word geag verlies in te sluit na die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van:

a. moord, selfmoord, gewapende roof, kwaadwillige of terreuraktiwiteite (hetsy werklik of skyn) by die versekerde se perseel;
b. voedsel- of drankvergiftiging by die versekerde se perseel;
c. sluiting van die perseel weens skadelike gasse binne 'n radius van 50 kilometer van die versekerde se perseel, in opdrag van die bevoegde plaaslike, munisipale, streeks- of staatsowerheid verantwoordelik vir die area;
d. negatiewe weerstoestande binne 'n radius van 50 kilometer van die versekerde se perseel, wat intens en/of sterk genoeg is dat dit skade aan eiendom of besering aan persone kan veroorsaak;
e. besoedeling van enige see, strand, waterweg, dam of rivier binne 'n radius van 50 kilometer van die versekerde se perseel, behalwe die besoedeling van drinkwater;
f. haai-aanval of aanval deur 'n wilde dier binne 'n radius van 50 kilometer van die versekerde se perseel;

g. bomwerpery binne 'n radius van 50 kilometer van die versekerde se perseel;

h. sluiting van die perseel weens ongediertes, plae of defektiewe sanitêre stelsels, in opdrag van die bevoegde plaaslike, munisipale, streeks- of staatsowerheid verantwoordelik vir die area;

i. aansteeklike of besmetlike aanmeldbare siekte binne 'n radius van 50 kilometer van die versekerde se perseel, met dien verstande dat die munisipale, streeks-, plaaslike of staatsowerheid verantwoordelik vir die area verklaar het dat 'n aanmeldbare mediese toestand of oordraagbare siekte in die area bestaan en/of kwarantynregulasies opgelê het en/of opgetree het om toegang tot die area te beperk ingevolge enige plaaslike, munisipale, streeks- of nasionale wet, verordening of regulasie met betrekking tot openbare gesondheid en veiligheid.

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding:

1. beteken "skadeloosstellingstydperk" die tydperk wat begin met die voorkoms van (a), (b), (d), (e), (f) of (g) hierbo of vir (c), (h) en (i) die datum waarop beperkings op die perseel toegepas is en wat nie later as drie maande daarna eindig nie;
2. beteken "versekerde se perseel" die plekke wat in die bylae gelys is as die versekerde se perseel, en dit sluit nie die perseel van verskaffers, kliënte of kontrakteurs (of subkontrakteurs) in nie, ondanks die feit dat hierdie versekering andersins uitgebrei kan word om sodanige perseel in te sluit;
3. beteken aansteeklike of besmetlike aanmeldbare siekte 'n siekte wat enige persoon opdoen weens 'n menslike besmetlike of menslike aansteeklike siekte, 'n uitbraak ten opsigte waarvan die munisipale, streeks-, plaaslike of staatsowerheid bepaal het dat hulle daarvan in kennis gestel moet word, met uitsluiting van verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS) of 'n VIGS-verwante toestand.

Die dekking wat deur hierdie uitbreiding toegestaan word, sluit nie koste in wat voortspruit uit die skoonmaak, herstel, onttrekking of nagaan van die versekerde se perseel nie.

### Spoorweg- en lugdienste

Verlies soos verseker deur die afdeling voortspruitend uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade aan ondergenoemde situasies en aan ondergenoemde eiendom word geag verlies te wees voortspruitend uit skade aan eiendom wat deur die versekerde gebruik word:

a. by die perseel en eiendom van enige spoordiens;

b. by die perseel en eiendom van enige lughawe of terminaalfasiliteit insluitend lugvaartuie;

c. by die perseel van enige skeepsterminaal of vraglaaifasiliteit;

d. aan enige pad, tonnel, brug of dienstoegangspad in verband hiermee;

e. aan enige padvoertuig wat aan 'n kliënt van die versekerde behoort of 'n padvervoerdiens

Met dien verstande dat:

1. sodanige skade nie aangebring is deur die regstreekse of onregstreekse optrede van enige party nie, wat insluit stakings, arbeidsonluste, kwaadwillige skade of bedoeling of politieke inmenging;
2. indien sodanige onderbreking of belemmering toe te skryf is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding vir die onderbreking of belemmering van die besigheid bestaan nie, tensy die onderbreking of belemmering langer as 24 uur na die aanvang daarvan voortduur.

Die geografiese grense van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

### Verlies van wild

Verlies soos verseker deur die afdeling voortspruitend uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die dood van wild deur 'n veldbrand word geag voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf).

Die geografiese grense van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## Onklaarraking van lugversorging

Verlies soos verseker deur die afdeling voortspruitend uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die onklaarraking van 'n lugversorgingstelsel wat die verkoelings- of verhittingsvereistes van die versekerde se perseel beheer, word geag voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf), met dien verstande dat indien sodanige onderbreking of belemmering aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking toe te skryf is, daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding is nie.

Die geografiese grense van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## Ontklaarraking van hulpkrag

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die versuim van die hulpkragaanleg om te funksioneer in die geval van die onklaarraking van die hoofelektrisiteitsvoorsieningsnetwerk waarvan die versekerde normaalweg sy krag verkry, word geag as synde deur Skade(soos hierin omskryf) veroorsaak te wees, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie skade dek as gevolg van verlies regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur die volgende nie:

a. gebrek aan instandhouding of versuim om sodanige toerusting weekliks te toets;

b. normale slytasie of geleidelike agteruitgang;

c. 'n tekort aan brandstof of die verkeerde voorsiening van brandstof;

d. 'n pap battery of battery-faling wanneer die toerusting aangesit word.

Die geografiese grense van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## Dranklisensie

Verlies soos verseker deur die afdeling voortspruitend uit onderbreking of belemmering van die besigheid omdat 'n lisensie wat ten opsigte van die perseel vir kleinhandelsverkope van aksynspligtige drank toegestaan is, opgeskort of verbeur word ingevolge die bepalings van die betrokke wetgewing wat sulke lisensies beheer of hernuwing geweier word na behoorlike aansoek om sodanige hernuwing by die betrokke owerheid op enige tydstip gedurende die versekeringstydperk, welke opskorting, verbeuring of geweierde vernuwing veroorsaak word deur redes buite die versekerde se beheer.

Met dien verstande dat:

a. indien die versekerde geregtig is op die betaling van vergoeding ingevolge die bepalings van enige parlementswet ten opsigte van die weiering om die lisensie te hernu, geen eis ingevolge hierdie afdeling ontstaan nie;

b. in die geval van dood, bankrotskap, onbevoegdheid, drossery van die persele of skuldigbevinding op enige oortreding waar sodanige skuldigbevinding die karakter of reputasie van die skuldigbevinde persoon ten opsigte van sy eerlikheid, morele karakter of soberheid van die huurder, bestuuder, okkupeerder of lisensiehouer skaad, die versekerde, waar doenlik en op versoek van die versekeraar, 'n geskikte persoon in diens sal neem om hom te vervang en aan wie die gereg die lisensie sal oordra of die lisensie deur hernuwing sal toeken;

c. indien die verbeuring van die lisensie of weiering om die lisensie te hernu algeheel of gedeeltelik veroorsaak word deur die wangedrag of verkryging of oogluikende toelating of nalatigheid of versuim van die versekerde of deur versuim van die versekerde om enige nodige stappe te doen om die lisensie van krag te hou, geen eis ingevolge hierdie afdeling ontstaan nie, tensy die versekerde of enige ander eiser ingevolge hierdie afdeling tot die redelike bevrediging van die maatskappy bewys dat sodanige saak buite sy of hul bevoegdheid of beheer was;

d. indien geweierde hernuwing, opskorting of verbeuring van die lisensie regstreeks of onregstreeks voortspruit uit enige stads- of landbeplanningskema, verbetering, herontwikkeling, verpligte aankoop of 'n wysiging van die wet wat die toestaan, afkoop, geweierde hernuwing, opskorting of verbeuring van lisensies affekteer, geen eis ingevolge hierdie afdeling ontstaan nie;

e. die versekerde by bewuswording van enige

   i. klagte teen die perseel of die beheer daarvan

   ii. regstappe teen of veroordeling van die gelisensieerde, bestuurder, huurder of bewoner van die perseel vir enige skending van lisensiëringswetgewing of enige saak hoegenaamd waardeur die karakter of reputasie van die betrokke persoon geaffekteer word of bevraagteken word met betrekking tot sy eerlikheid, morele status of soberheid

   iii. oordrag of voorgenome oordrag van die lisensie

   iv. verandering in die doel waarvoor die perseel gebruik word

   v. beswaar teen hernuwing of ander omstandighede wat die lisensie of hernuwing daarvan kan bedreig,

   onmiddellik die maatskappy skriftelik hiervan in kennis stel en sodanige addisionele inligting verskaf en hulp verleen as wat die maatskappy redelikerwys kan vereis.

   Die geografiese grense van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

# Rekenings ontvangbaar

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies, of skade weens 'n ongeval of teëspoed (hierna skade genoem) aan die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords by die perseel of by die woning van enige direkteur, vennoot of werknemer of by die perseel van enige rekenmeester van die versekerde as gevolg waarvan die versekerde nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's wat ten volle of gedeeltelik aan hom verskuldig is, na te spoor of vas te stel nie. Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die versekerde bedrae beloop wat in die bylae vermeld word, en dat die skadeloosstellingsgrondslag is soos uiteengesit in die spesifikasie wat deel uitmaak van hierdie afdeling. Indien sodanige rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords na 'n plek van veiligheid verwyder word weens 'n dreigende gevaar van hulle vernietiging, geld die versekering hierkragtens indien sodanige goedere vernietig, beskadig of verlore raak, soos voorheen vermeld, gedurende sodanige verwydering of terwyl dit Aldus geleë is of terwyl dit na die perseel teruggebring word, met dien verstande dat die versekerde die versekeraar binne 30 dae daarna skriftelik van sodanige verwydering in kennis stel. Die versekeraar betaal ook alle redelike invorderingskoste en -uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word en wat die gewone invorderingskoste en -uitgawes oorskry wat deur sodanige skade genoodsaak word.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar betaal nie vir die volgende nie:

1. Verlies wat voortspruit uit verlies van of skade aan die rekeningboeke of ander besigheidsboeke of rekords wat veroorsaak word deur
    a. slytasie of geleidelike agteruitgang of motte of ongedierte.
    b. terughouding, beslaglegging of konfiskering deur enige wettig ingestelde owerheid.
    c. elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, steuring van of uitwissing, tensy die versekerde duplikaatrekords in stand hou waarna in die duplikaatrekordsklousule in hierdie afdeling verwys word, in welke geval die versekerde vir die eerste R500 van elke verlies verantwoordelik is.
2. Verlies veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid van enige prinsipaal, direkteur, vennoot of werknemer van die versekerde.

## Spesifikasie

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot die verlies wat deur die versekerde gely word ten opsigte van uitstaande debietsaldo's wat regstreeks te wyte is aan die skade, en die bedrag wat betaalbaar is, beloop hoogstens

1. die verskil tussen
    a. die uitstaande debietsaldo's; en
    b. die totaal van die bedrae ontvang of nagespoor ten opsigte daarvan; plus
2. die bykomende uitgawe aangegaan om kliente se debietsaldo's na te spoor en vas te stel na die skade. Met dien verstande dat, indien die versekerde bedrag ingevolge hierdie item minder is as die uitstaande debietsaldo's, die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

## Omskrywings

### Uitstaande debietsaldo's

Die totaal wat verklaar word in die laaste verklaring wat ingevolge die bepalings van die volgende memorandum gegee en aangepas is vir

1. slegte skulde.
2. bedrae gedebiteer (of gefaktureer maar nie gedebiteer nie) en gekrediteer (insluitende kredietnotas en kontant wat nie ten tyde van die skade in die boeke opgeneem is nie) teen kliënte se rekeninge in die tydperk tussen die datum van die vermelde laaste verklaring en die datum van die skade en
3. enige abnormale handelstoestand wat 'n wesenlike invloed op die besigheid gehad het of kon gehad het sodat die aangepaste bedrag aldus verkry so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die bedrag verteenwoordig wat, as dit nie vir die skade was nie, verkry sou gewees het op die datum van die skade.

## Klousules en memoranda

### Verklarings

Die versekerde moet binne 60 dae na die einde van elke maand, of 'n ander tydperk waarop ooreengekom word, by die versekeraar 'n ondertekende verklaring indien wat die totale bedrag aantoon wat uitstaande is in kliente se rekeninge soos uiteengesit in die versekerde se rekeninge aan die einde van die betrokke maand.

### Aanpassing

As teenprestasie daarvoor dat die premie ingevolge hierdie afdeling voorlopig is omdat dit op 75 persent van die versekerde bedrag bereken word, word die premie soos volg aangepas:

By die verstryking van elke versekeringstytperk word die werklike premie bereken teen die persentasietarief per jaar op die gemiddelde versekerde bedrag, dit wil se, die totaal van die bedrae wat verklaar is, gedeel deur die getal verklarings. Indien die werklike premie meer is as die voorlopige premie moet die versekerde die verskil betaal. Indien dit minder is, word die verskil aan die versekerde terugbetaal, maar sodanige terugbetaling beloop hoogstens 33.3 persent van die voorlopige premie wat betaal is.

Indien die bedrag van 'n verklaring die versekerde bedrag oorskry wat op die datum van sodanige verklaring van toepassing is, word dit slegs vir die doel van hierdie memorandum geag dat die versekerde sodanige versekerde bedrag verklaar het.

### Uitbreiding: oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
    a. Verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.
    b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
    c. Verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.
    d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.
    e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

### Klousule: rekenmeesters

Enige gegewens of besonderhede wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords vervat word en wat deur die versekeraar benodig mag word ingevolge hierdie afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

### Duplikaatrekords (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde moet duplikate in stand hou van sy rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords waarin besonderhede van uitstaande saldo's vervat word en sodanige duplikate moet by ander persele as die oorspronklikes daarvan geberg word.

### Beskermings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords wat besonderhede van uitstaande saldo's bevat, moet buite sake-ure in 'n brandvaste brandkas, kabinet of brandkluis gehou word, tensy daar aan hulle gewerk word of hulle vir onmiddellike verwysing benodig word.

### Uitbreiding: transito (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit in verlies, soos omskryf, aan die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords terwyl dit vervoer word na of van die perseel of woning van enige direkteur, vennoot, werknemer of rekenmeester van die versekerde.

# Diefstal

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die versekerde of waarvoor by verantwoordelik is) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel wat in die bylae beskryf word weens diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld.

## Uitbreidings

1. Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom te dek:
    a. Wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met
        i. ’n dief of diewe wat voor sluitingstyd op die versekerde perseel skuilhou.
        ii. betreding en/of verlating van die perseel deur gebruik te maak van ’n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van ’n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die versekerde tot die bevrediging van die versekeraar kan bewys dat ’n loper of soortgelyke toestel gebruik is.
    b. Terwyl in ’n gebou op enige bykomende perseel wat deur die versekerde gebruik word, met dien verstande dat
        i. die versekeraar binne 30 dae vanaf datum waarop die risiko vir die versekeraar bestaan van sodanige bykomende perseel in kennis gestel word.
        ii. ’n bykomende premie, indien enige, betaal word.
        iii. die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding hoogstens 50 persent beloop van die hoogste bedrag wat in die bylae vermeld word ten opsigte van enige enkele perseel.
2. Benewens die skadeloosstellingsperk in die bylae vermeld
    a. sluit die versekering ingevolge hierdie afdeling die volgende in:
        i. Skade aan geboue (insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore) op die versekerde perseel in die loop van diefstal of enige poging daartoe.
        ii. Verlies van geboue en verhuurder se los en vaste toebehore, by die versekerde persele weens diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal, of enige poging daartoe, wat volg op, geweld of dreigement daartoe.
        iii. alle permanente los en vaste toebehore aan die binnekant en buitekant van ’n gebou by die versekerde perseel wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige verwydering uit sodanige gebou.
    b. vergoed die versekeraar die versekerde vir alle redelike koste en uitgawes wat aangegaan word om sodanige tydelike herstelwerk uit te voer en sodanige tydelike maatreëls te tref as wat redelikerwys nodig mag wees na verlies of skade wat aanleiding gee tot ’n eis in ingevolge hierdie afdeling;

       met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R25,000 of die bedrag vermeld in die bylae, wat ook al die grootse is, ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop.
3. Benewens die skadeloosstellingsperk soos in die bylae vermeld, sal die Maatskappy die versekerde skadeloos stel vir koste wat noodsaaklikerwys en rederlikerwys aangegaan word na verlies van of skade aan slotte en sleutels (insluitend kaartsleutels en afstandbeheertoestelle of alarmbeheerders) en, indien nodig, die herprogrammering van sodanige gekodeerde alarmstelsel vir ’n versekerde perseel,

    met dien verstande dat

    a. die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R10,000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop.

    b. die versekeraar nie vir die eerste R500 ten opsigte van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

4. Die uitdrukking “alle inhoud” sluit die volgende in: persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat die eiendom is van die versekerde, enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde tot die mate waartoe sodanige eiendom nie anders verseker is nie, tot hoogstens ’n bedrag van R5,000 ten opsigte van enige enkele persoon.

5. Hierdie uitbreiding geld slegs vir daardie deel van die risiko wat met die gastehuis en/of jaghuis verband hou indien dit ingevolge hierdie afdeling verseker is.

   Verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is) van ’n versekerde gebou op die versekerde perseel wat in die bylae beskryf word, as gevolg van diefstal of enige poging daartoe, met dien verstande dat diefstal uit ’n kroeg, drankwinkel, drank- of sigaretpakruimte gepaard moet gaan met kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit die gebou.

### Beperkings

Die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, rekenaarstelselrekords en -media, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms word beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrag aan arbeid bestee.

### Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir

1. verlies of skade wat ingevolge ’n brandpolis verseker kan word, behalwe in die geval van ontploffing wat veroorsaak word in ’n poging om toegang te verkry.
2. verlies of skade wat ingevolge ’n glasversekeringspolis versekerbaar is.
3. eiendom wat meer spesifiek verseker is of, tensy dit in die bylae gespesifiseer is, kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare seëls en dokumente of sertifkate van ’n verhandelbare aard.
4. verlies of skade waarby enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of enige lid van die versekerde se huishouding as dader of medepligtige betrokke is.
5. voortvloeiende verlies of skade van enige aard hoegenaamd.

### Spesifieke voorwaardes

1. Hierdie afdeling word nietig verklaar indien die aard van die risiko wesenlik verander sonder dat die skriftelike toestemming van die versekeraar vooraf verkry is.
2. Ten opsigte van enige perseel wat in die bylae as onderworpe aan hierdie voorwaarde vermeld word waar ’n diefalarm geïnstalleer is, is die volgende voorvereistes vir die aanspreeklikheid van die versekeraar en word daar gewaarborg dat
    a. die diefalarm wat op die perseel geïnstalleer is ten volle in werking gestel word wanneer die perseel nie vir besigheidsdoeleindes oop is nie, tensy ’n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde op die perseel is.
    b. sodanige diefalarm in ’n behoorlike werkende toestand in stand gehou word, maar dit word as gedoen geag indien die versekerde sy verpligtinge ingevolge ’n kontrak met die verskaffers of versieningsingenieurs van die alarmstelsel nagekom het.

   Hierdie versekering dek geen verlies van of skade aan die eiendom as gevolg van die gebruik van die sleutels van die diefalarm of enige duplikaat daarvan wat aan die versekerde behoort nie, tensy sodanige sleutels met geweld of weens ’n dreigement van geweld aan enige persoon verkry is.

### Diefalarmwaarborg

Ten opsigte van enige perseel waarop ’n diefalarm geïnstalleer word, is dit ’n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid van die Maatskappy dat:

a. die diefalarm wat op die perseel geïnstalleer is ten volle in werking gestel is wanneer die perseel ook al onbewaak is;

b. sodanige alarms in behoorlike werkende toestand gehou word, maar die versekerde word geag sy aanspreeklikheid na te gekom het indien hy sy verpligtinge ingevolge ’n kontrak met die verskaffers of diensingenieurs van die alarmstelsel nagekom het.

Hierdie versekering dek nie verlies van of skade aan die eiendom nadat die sleutels van die diefalarmstelsel of enige duplikaat daarvan wat aan die versekerde behoort gebruik is nie, tensy hierdie sleutels deur geweld of dreiging met geweld bekom is.

# Geld

## Omskrewe Gebeurtenisse

Verlies van of skade aan geld (soos omskryf) wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, behalwe indien andersins gespesifiseer, met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid vir alle verlies of skade wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak hoogstens die spesifieke perke vermeld in die bylae beloop.

## Woordomskrywings

**Geld** beteken kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige onderhandelbare pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en dokumente, sertifikate of ander middele van 'n verhandelbare aard, die eiendom van die versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

**Houer** beteken enige brandkas, -kluis, -trommel, kasregister, geldlaai, geldkis of ander houer vir geld of enige frankeermasjien.

**Klerasie** beteken klerasie en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie wat aan die versekerde of aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde behoort.

## Uitbreidings

1. **Houers en klerasie**

   Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van houers en klerasie (soos omskryf) wat verloor of beskadig word weens diefstal, of poging daartoe, van geld met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens R5,000 beloop ten opsigte van klerasie en die bedrag vermeld in die bylae ten opsigte van houers of R5,000 of wat ook al die hoogste is.

2. **Slotte en sleutels**

   Benewens 'n betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis, sal die Maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van die koste om slotte en sleutels van 'n houer by die versekerde perseel te vervang na die verdwyning van 'n sleutel(s) vir sodanige houer of indien die versekerde enige rede het om te vermoed dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutel kan wees, met dien verstande dat

   a. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R10,000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis beloop;

   b. die Maatskappy nie vir die eerste R500 van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

## Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

a. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.

b. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna daar in (a) hierbo verwys word,

   met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

   a. Verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind.

   b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd.

   c. Verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

4. **Lopers**

Die versekering kragtens hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom in te sluit wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met toegang tot houers deur middel van die gebruik van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die versekerde tot bevrediging van die versekeraar bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

5. **Uitbreiding: Persoonlike ongevalle (aanranding) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die uitdrukking "omskrewe gebeurtenisse" in die geldafdeling word geag om liggaamlike besering in te sluit wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe) aan die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem) terwyl sodanige persoon optree in die loop van sy pligte in die versekerde se diens.

Die versekeraar betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die versekerde die bedrag of bedrae vermeld in die bylae in die geval van liggaamlike besering van enige sodanige persoon wat binne 24 kalendermaande lei tot

| | | |
|---|---|---|
| 1. | dood | **Die kapitale bedrag** |
| 2. | permanente ongeskiktheid soos volg | **Die persentasie van die gespesifiseerde kapitale bedrag** |
| | | **[illegible]** |
| i. | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate | 100 |
| ii. | permanente en algehele verlies van | |
| | hele oog | 100 |
| | sig in oog | 100 |
| | sig in oog behalwe waarneming van lig | 75 |
| iii. | permanente en algehele gehoorverlies in | |
| | albei ore | 100 |
| | een oor | 25 |
| iv. | permanente en algehele spraakverlies | 100 |
| v. | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | 100 |
| vi. | verlies van vier vingers | 70 |
| vii. | verlies van duim | |
| | albei falankse | 25 |
| | een falanks | 10 |
| viii. | verlies van wysvinger | |

| | | |
|---|---|---|
| | drie falankse | 10 |
| | twee falankse | 8 |
| | een falanks | 4 |
| ix. | verlies van middelvinger | |
| | drie falankse | 6 |
| | twee falankse | 4 |
| | een falanks | 2 |
| x. | verlies van ringvinger | |
| | drie falankse | 5 |
| | twee falankse | 4 |
| | een falanks | 2 |
| xi. | verlies van pinkie | |
| | drie falankse | 4 |
| | twee falankse | 3 |
| | een falanks | 2 |
| xii. | verlies van middelhandbeen | |
| | eerste of tweede (bykomend) | 3 |
| | derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2 |
| xiii. | verlies van tone | |
| | almal aan een voet | 30 |
| | groottoon, albei falankse | 5 |
| | groottoon, een falanks | 2 |
| | ander tone / behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen | 2 |

3. In die geval van algehele en absolute ongeskiktheid om die gewone besigheid of beroep te behartig is die weeklikse bedrag wat in die bylae gespesifiseer is, betaalbaar.
4. Die redelike koste aangegaan, tot hoogstens die bedrag gespesifiseer in die bylae, is betaalbaar ten opsigte van mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (met in begrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en -ledemate en die koste en uitgawe wat aangegaan word vir noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

## Memoranda (van toepassing op permanente ongeskiktheidsvoordele)

1. Waar die besering nie gespesifeer word nie, betaal die versekeraar sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met die voormelde bepalings nie.
2. Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.
3. 100 persent is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon, met dien verstande dat
    1. die versekeraar nie aanspreeklik is om meer as die kapitale bedrag plus die bedrae gespesifiseer ingevolge items 3 en 4 ten opsigte van enige sodanige persoon te betaal nie.
    2. die bedrag gespesifiseer ingevolge item 3 slegs betaalbaar is vir die duur van die ongeskiktheid van sodanige persoon en nie vir langer as 104 weke nie en sodanige betaling gestaak word sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak, sover redelikerwys moontlik geheel het nieteenstaande die feit dat permanente ongeskiktheid mag voortduur.

3. vergoeding betaalbaar ingevolge item 4 word verminder met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is ingevolge enige ongevallewetgewing ten opsigte van enige behandeling waarvoor vergoeding ingevolge item 4 betaalbaar is.
4. hierdie uitbreiding nie van toepassing is op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bo die ouderdom van 75 jaar nie.
5. sodanige persoon nadat hy 'n liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan. Die versekeraar is nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie tensy hierdie voorbehoudsbepaling na sy bevrediging nagekom is.
6. Algemene uitsondering 2 en Algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie uitbreiding van toepassing is nie.
7. slegs ten opsigte van hierdie uitbreiding Algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word: "Hierdie uitbreiding dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand teen gesag, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

### Uitbreidings op die uitbreiding: persoonlike ongevalle (aanranding)

1. Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente en wat regstreeks of onregstreeks voortspruit daaruit dat sodanige person die slagoffer van diefstal (of enige poging daartoe) is.
2. In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die versekeraar tevrede stel dat hy besering opgedoen het waarop hierdie Uitbreiding: Persoonlike Ongevalle (Aanranding) van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die versekeraar vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie uitbreiding verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die versekeraar 'n betaling hieronder gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die versekeraar terugbetaal word.

### Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir verlies van of skade aan geld

1. voortspruitend uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur, persoon of persone in diens van die versekerde wat nie binne 14 werkdae ná die plaasvind daarvan ontdek word nie.
2. voortspruitend uit tekort te wyte aan fout of weglating.
3. voortspruitend uit die gebruik van sleutels van enige brandkas of -kluis tensy die sleutels
    a. deur geweld of dreigement van geweld bekom is.
    b. deur die sleutelhouer gebruik word en die versekerde tot die bevrediging van die versekeraar kan bewys dat die sleutelhouer die sleutel gebruik het om die brandkas of -kluis oop te maak.
4. in 'n ongesluite brandkas of -kluis terwyl die deel van die perseel wat sodanige brandkas- of kluis bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die versekeraar bewys kan word dat die sleutelhouer van die brandkas of -kluis dit doelbewus ongesluit gelaat het met die doel om die diefstal van die geld toe te laat.
5. nie gehou in 'n gesluite brandkas of -kluis nie terwyl die deel van die perseel wat sodanige geld bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die versekeraar bewys kan word dat die persoon(e) wie se verantwoordelikheid die geld is, dit doelbewus buite die brandkas of -kluis gelaat laat het met die doel om die diefstal daarvan toe te laat.
6. in enige voertuig wat deur die versekerde gebruik word, tensy 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde inderdaad in sodanige voertuig is, of indien nie in sodanige voertuig nie, binne 5 meter daarvandaan in 'n posisie van waar die voertuig duidelik sigbaar is. Hierdie uitsondering is nie van toepassing nie na 'n ongeluk, waarby sodanige voertuig betrokke is, wat die vermelde person onbevoeg laat.

7. voortvloeiende verlies of skade van enige aard hoegenaamd.

Spesiale uitsonderings 3, 4, 5 en 6 is nie van toepassing op bedrae tot R5,000 nie en sodanige verliese word nie met enige eerste bedrag betaalbaar verminder nie.

## Memoranda

1. Verlies van of skade aan geld voortspruitende uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of persoon in diens van die versekerde (sodanige persoon), soos verseker ingevolge hierdie afdeling, is aan die volgende Klousule: Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar onderworpe:

   Die bedrag hierkragtens betaalbaar ten opsigte van ’n gebeurtenis waarby enige een of enige aantal sodanige persone wat saamspan, betrokke is, word verlaag met

   a. 2 persent van die toepaslike perk ingevolge omskrewe gebeurtenisse, plus
   b. ’n verdere bedrag van 10 persent van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die 2 persent wat in (a) hierbo gespesifiseer word.
2. Die versekeraar is nie ingevolge hierdie afdeling van die polis aanspreeklik nie ten opsigte van verlies of skade voortspruitend uit enige gebeurtenis ten opsigte waarvan ’n eis betaalbaar is of betaalbaar sou gewees het, as dit nie was nie vir die eerste bedrag betaalbaar of medeversekeringsklousule ingevolge die Getrouheidsafdeling van die polis of enige ander getrouheidsversekering.

## Spesiale voorwaardes van toepassing op tjeks

## Eerste bedrag betaalbaar van toepassing op diefstal van tjeks

Enige verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike gebeurtenis wat ingevolge hierdie polis betaalbaar is en wat voortspruit uit die diefstal van enige tjek of tjeks word met ’n eerste bedrag betaalbaar van 25 persent van die verlies verminder tensy:

1. Tjeks getrek deur die versekerde
   a. die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande “Aanbevole Suid Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAVV)-prosedure vir trekking en kruising van tjeks” of enige ander beter metode goedgekeur deur die SAVV en die gedrukte gedeelte van die tjek (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of ’n drukker gelisensieer deur die Outomatiese Klaringsburo om die tjeks te druk, of
   b. die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos.
2. Tjeks getrek deur enige persoon anders as die versekerde en wat deur die versekerde deur die pos of direk by die kassier ontvang word
   a. sodanige tjek onmiddellik na ontvangs daarvan deur die versekerde gekruis en “nie verhandelbaar nie” en “nie oordraagbaar nie” gemerk is, en
   b. die versekerde in staat is om die trekker en die bedrag van die tjek uit hul rekords te identifiseer.
3. Tjeks waarvan die versekerde die ware eienaar is en wat getrek is deur enige persoon anders as die versekerde en wat aan die versekerde gepos is maar wat nie ontvang is nie
   a. die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande “Aanbevole SAVV prosedure vir trekking en kruising van tjeks” of enige ander beter metode goedgekeur deur die SAVV, of
   b. die tjek per gesertifiseerde pos aan die versekerde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos, of
   c. die faktuur van die versekerde (waarop die betaling per tjek betrekking het) ’n boodskap daarop bevat (goedgekeur deur die versekeraar of die SAVV) wat aanbeveel of vereis dat die tjek getrek word in ooreenstemming met die “Aanbevole SAVV-prosedure vir trekking en kruising van tjeks”.

## Aanbevole SAvv-prosedure vir trekking en kruising van tjeks en druk van blanko tjeks

1. **trekking en kruising van tjeks**

   Een van die veiligste metodes om ’n tjek te trek en te kruis en wat vir banke aanvaarbaar is word hieronder uiteengesit. Hierdie metode word deur die SAVV aanbeveel:

   a. Skrap die voorafgedrukte woorde “of toonder”. Dit beperk die moontlikheid dat die bank aan ’n toonder uitbetaal wat nie op betaling geregtig is nie.

   b. Indien die woorde “of order” in plaas van “of toonder” op u tjek gedruk is moet hierdie woorde ook geskrap word.

   c. Skryf die woorde “nie oordraagbaar nie” op die voorkant van die tjek.

   d. Kruis die tjek deur twee parallellyne deur die tjek te trek.

   e. Skryf die woorde “nie verhandelbaar nie” tussen die twee parallelle lyne waarna in (d) hierbo verwys word.

   f. Maak seker dat die begunstigde noukeurig, behoorlik en volledig beskryf is byvoorbeeld wanneer die begunstigde ’n Maatskappy is moet die volle naam gebruik word, soos byvoorbeeld: RH Jones (Edms) Bpk en nie net RH Jones nie.

      Waar die bankrekeningnommer of BK-nommer van die begunstigde bekend is, moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word, soos byvoorbeeld “RH Jones (Edms.) Bpk., Mpy. Nr.: 69/123456” of “RH Jones (Edms) Bpk ABC bankrekeningnommer: 123456789”. Alhoewel dit sterk aanbeveel word, is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie.

   g. Met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat sal stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie.

   h. ’n Voorbeeld van hierdie metode om ’n tjek te trek word as Aanhangsel A aangeheg.

   i. Die bewoording wat in Aanhangsel B uiteengesit is, moet op die voorkant van die tjek gedruk word (sien laaste bladsy van hierdie afdeling). Maak seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente.

   j. Al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek moenie afkortings of ander weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die woorde “nie verhandelb” en ’n kruising d.m.v. ’n stempel met ’n reghoek in plaas van twee parallelle lyne is nutteloos.

   k. Die metode waarop tjeks voltooi word moet ’n inkafdruk op die papier laat soos handskrif ’n tikmasjien of ’n matriksdrukker. Die lint wat in die drukker/tikmasjien gebruik word moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Vermy die volgende:

      i. Ou linte.

      ii. Laserdrukkers wat nie ’n afdruk op die papier laat nie.

      iii. Die “omgekeerde druktegniek”.

      iv. Wysigbare tiklinte.

2. **Druk van blanko tjeks**

   Blanko tjeks moet net deur die bank self of ’n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is gedruk word. Hierdie drukkers is bekend met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruikmaak van goedgekeurde

   a. sekuriteitspapier (CBS1 of beter).

   b. sekuriteitsontwerpe.

   c. spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp.

   d. metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om ’n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieer.

## Diefalarmwaarborg


Ten opsigte van enige perseel waarop ’n diefalarm geïnstalleer word, is dit ’n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid van die Maatskappy dat:

a. die diefalarm wat op die perseel geïnstalleer is ten volle in werking gestel is wanneer die perseel ook al onbewaak is;

b. sodanige alarms in behoorlike werkende toestand gehou word, maar die versekerde word geag sy aanspreeklikheid na te gekom het indien hy sy verpligtinge ingevolge ’n kontrak met die verskaffers of diensingenieurs van die alarmstelsel nagekom het.

Hierdie versekering dek nie verlies van of skade aan die eiendom nadat die sleutels van die diefalarmstelsel of enige duplikaat daarvan wat aan die versekerde behoort gebruik is nie, tensy hierdie sleutels deur geweld of dreiging met geweld bekom is.

## AANHANGSEL A – SAVV-AANBEVOLE TJEK




## AANHANGSEL B – SAVV-AANBEVOLE TJEK

Waarskuwing wat op die voorkant (onder) van die tjek gedruk moet word – laat genoeg spasie vir bankstempels ens.

**WAARSKUWING**

Aan die persoon wat hierdie tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang:

Indien 'n tjek van die ware eienaar gesteel of deur hom verloor is mag u aanspreeklik gehou word om sodanige ware eienaar vir sy/haar verlies te vergoed indien u sodanige tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang. (Artikel 81 van die Wet of Wissels, 1964)

LW Hierdie tjek is gekruis en “nie verhandelbaar nie” en “nie oordraagbaar nie” gemerk

# Glas

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan interne en eksterne glas (insluitende spieëls), letterskilderwerk en die behandeling daarvan op die versekerde persele, soos in die bylae vermeld, wat die eiendom van die versekerde is of waarvoor hy verantwoordelik is.

Na verlies van of skade aan glas stel die versekeraar die versekerde ook teen die volgende skadeloos:

1. Die koste van die aanbring van sodanige skuttings as wat redelikerwys nodig mag wees.
2. Skade aan winkeltoonvensters, rame, vensteruitstallings (insluitende los en vaste toebehore), diefalarmstroke, -drade en-vibrators as ’n regstreekse gevolg van sodanige verlies of skade.
3. Die koste van die verwydering en herinstallering van los en vaste toebehore wat nodig is om die glas te vervang.
4. Die koste van die aanstel van ’n wagdiens voor die vervanging van die glas of die aanbring van skuttings of die herstel van die diefalarmstelsel, tensy dit ingevolge enige ander versekering wat deur die versekerde gereël is, betaalbaar is,

   met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die volgende beloop:

   a. Vir die vervanging van die glas, letterskilderwerk en behandeling – die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word as van toepassing op die perseel waar die verlies of skade plaasvind.
   b. Vir alle ander koste en uitgawe waarvoor voorsiening gemaak word deur hierdie afdeling en wat voortspruit uit een gebeurtenis of ’n reeks gebeurtenisse wat aan een bron of oorspronklike oorsaak toeskryfbaar is – in totaal die bedrag van R15,000.

## Spesifieke voorwaarde

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik van groter waarde is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra by dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### Omskrywing van glas

Tensy spesifiek ooreengekom, word aanvaar dat alle glas (behalwe spieëls) wat deur hierdie afdeling verseker is, vensterglas is wat nie dikker as 6.0 mm is nie, hetsy bedek deur ’n laag of nie, of gelamineerde veiligheidsglas van 6.5 mm.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir

1. verlies of skade wat verseker word deur, of in die afwesigheid van hierdie afdeling verseker sou word, deur enige brandversekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó dié bedrag wat ingevolge sodanige brandversekering betaalbaar sou gewees het indien die versekering ingevolge hierdie afdeling nie aangegaan is nie. Hierdie spesifieke uitsondering is egter nie van toepassing nie op verlies of skade waarvoor die versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is.
2. glas wat deel uitmaak van handelsvoorraad.
3. glas wat by die aanvang van hierdie versekering gebars of gebreek is, tensy die versekeraar ingestem het om dit te dek.
4. skending of skade, behalwe ’n bars dwarsdeur die dikte van die glas of enige laminering daarvan.
5. voortvloeiende verlies of skade van enige aard hoegenaamd.

## Uitbreidings

### **Spesiale herstel** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde ná verlies of skade wat hierkragtens verseker is, ingevolge die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing verplig word om die beskadigde glas te vervang met glas van ’n beter gehalte, is die versekeraar verantwoordelik vir die verhoogde koste van sodanige vervanging insluitende (maar nie daartoe beperk nie) rame daarvoor, met dien verstande dat indien die koste om die hele versekerde eiendom (insluitende ander versekerde items) so te vervang groter is as die bedrag waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies of skade dra.

### **Uitbreiding: oproer en staking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
    a. Verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.
    b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
    c. Verlies of skade wat spruit uit ’n algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.
    d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.
    e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

    Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b) (c), (d), of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

    Hierdie uitbreiding is slegs van toepassing op verlies of skade waarvoor die versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is.

# Getrouheid

## Omskrewe gebeurtenisse

1. Verlies van geld en/of ander eiendom wat aan die versekerde behoort of waarvoor by verantwoordelik is en wat deur 'n versekerde werknemer gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling gesteel word.
2. Regstreekse finansiële verlies wat die versekerde ly weens bedrog of oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat alles gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling plaasvind en wat lei tot oneerlike persoonlike finansiële voordeel vir die betrokke werknemer, met dien verstande dat

1. a. die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir alle verliese wat langer as 24 maande voor ontdekking plaasgevind het.
   b. alle verliese ontdek word nie langer as 12 maande nie na die beëindiging van
      i. hierdie afdeling, of
      ii. hierdie afdeling ten opsigte van enige versekerde werknemer betrokke by 'n verlies, of
      iii. die diens van die versekerde werknemer of die laaste van die versekerde werknemers betrokke by 'n verlies na gelang wat eerste plaasvind.
2. a. OORDEKKENDE GRONDSLAG – die versekeraar se aanspreeklikheid vir alle verliese hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae beloop hetsy dit enige enkele werknemer is of enige aantal werknemers wat saamspan of onafhanklik van mekaar optree.
   b. NAAM- OF POSGRONDSLAG – die versekeraar se aanspreeklikheid vir alle verliese waarby enige werknemer betrokke is hoogstens die versekerde bedrag beloop wat teenoor sy naam in die bylae vermeld word, of as hy nie vermeld word nie, die versekerde bedrag teenoor die pos wat hy in die besigheid beklee, soos in die bylae vermeld.
3. Hernuwing van hierdie versekering van tydperk tot tydperk of enige verlenging van enige versekeringstydperk nie die uitwerking het dat dit die versekeraar se aanspreeklikheid ophoop of verhoog bó die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie. Indien die versekeringstydperk korter as 12 maande is, word die versekeraar se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag in die bylae vermeld gedurende enige versekeringstydperk van 12 maande bereken vanaf aanvang of hernuwing.
4. Die uitdrukking "oneerlike persoonlike finansiële voordeel" nie voordeel deur 'n werknemer in die vorm van salaris, salarisverhogings, gelde, kommissies, bonusse, bevorderings of ander vergoeding insluit nie.

## Woordomskrywing

## Werknemer beteken

1. enige persoon wat ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die versekerde in diens is;
2. enige persoon wat van enige ander party aan die diens van die versekerde gehuur of geleen word;

   wat die versekerde te alle tye in die loop van sy besigheid geregtig is om te beheer en te beveel in die uitvoering van sy werk en, indien hierdie afdeling op 'n naam-en/of posgrondslag is, wat by wyse van hierdie naam en/of pos in die bylae beskryf word.

## Spesifieke uitsonderings

1. Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir
   a. verlies voortspruitende uit of waartoe bygedra word deur enige omskrewe gebeurtenis deur
      i. enige vennoot van die versekerde tot die mate waartoe sodanige vennoot baat sou vind by die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie polis verleen word.
      ii. enige prinsipaal, direkteur of lid van die versekerde tensy sodanige prinsipaal, direkteur of lid ook 'n werknemer is.

    iii. enige werknemer vanaf die tyd dat die versekerde bewus word dat sodanige werknemer enige daad van bedrog of oneerlikheid gepleeg het.

  b. enige gevolglike verlies van enige aard wat plaasvind na verliese waarna in die omskrewe gebeurtenisse verwys word.

2. Hierdie afdeling dek nie enige Maatskappy of ander regsentiteit wat gedurende die versekeringstydperk verkry word nie.

3. Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir enige omskrewe gebeurtenis indien dit spruit uit oneerlike

  a. manipulasie van;

  b. invoering in;

  c. onderdrukking van invoering in;

  d. vernietiging van;

  e. verandering aan;

  enige rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wat by die versekerde se elektroniese dataverwerkingsafdeling of -gebied in diens is.

  Hierdie uitsondering geld nie vir versekerde werknemers wat in diens is by die elektroniese dataverwerkingsafdeling/gebied van enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaar nie.

4. Die versekeraar is slegs tot die mate van die deelname/aandeelhouding van enige onbetrokke vennoot/prinsipaal/direkteur of lid aanspreeklik vir 'n versekerde gebeurtenis waarby enige vennoot/prinsipaal/direkteur of lid van die versekerde regstreeks betrokke is of was.

  Hierdie spesifieke uitsondering geld slegs vir vennootskappe, privaatmaatskappye of beslote maatskappye.

### Spesifieke voorwaardes

1. Die versekerde moet al sodanige kontrole- en beheerstelsels, rekening- en klerikale prosedures en metodes vir die bedryf van sy besigheid instel en/of in stand hou en voortgaan om dit toe te pas soos wat deur hom aan die versekeraar voorgehou word, maar die versekerde mag

  a. die vergoeding en diensvoorwaardes van enige werknemer verander.

  b. ten opsigte van enige werknemer wat by sy naam in die bylae beskryf word, sy pligte en pos verander.

  c. ten opsigte van enige werknemer wat slegs by sy pos in die bylae beskryf word, sodanige werknemer verwyder en enige ander persoon wat binne die woordomskrywing van werknemer val, in sy plek aanstel.

  d. sodanige ander veranderings maak as wat vooraf skriftelik deur die versekerde se ouditeure goedgekeur word.

2. Indien die versekerde enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is wat die bedrag betaalbaar hierkragtens oorskry ten opsigte van sodanige verlies, is die versekerde geregtig op alle verhalings (behalwe uit borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling geneem of aangegaan deur die versekeraar of vir die bedrag van enige eerste bedrag betaalbaar) deur wie ook al gemaak as gevolg van sodanige verlies totdat dit ten volle vergoed is, min die werklike koste om dit aan te gaan, en enige oorblywende deel word aangewend tot vergoeding van die versekeraar en die versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item 2 van die Klousule: Verpligte eerste bedrag betaalbaar.

### Klousules en uitbreidings Klousule: rekenmeesters

Enige besonderhede of gegewens wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -dokumente vervat word wat deur die versekeraar benodig mag ingevolge hierdie afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

### Uitbreiding: uitgebreide dekking vir voormalige werknemers

Enige persoon wat nie meer 'n werknemer is nie word vir die doeleindes van hierdie afdeling beskou as synde 'n werknemer te wees vir 'n tydperk van 30 dae nadat hy opgehou het om 'n werknemer te wees.

### Uitbreiding: terugwerkende dekking – Geen vorige versekering van krag nie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling is ook van toepassing op omskrewe gebeurtenisse soos hierkragtens verseker wat tot 12 maande voor aanvang van hierdie afdeling plaasvind maar nie langer as 24 maande voordat dit ontdek is nie, met dien verstande dat die gebeurtenisse ontdek word binne 12 maande na die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 maande na die verstryking van hierdie afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind.

### Uitbreiding: vervangde versekering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling is ook van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat hierkragtens verseker is wat plaasgevind het gedurende die geldigheidsduur van enige versekering wat deur hierdie afdeling vervang word en in die bylae gespesifiseer word met dien verstande dat

1. hierdie uitbreiding beperk word tot verliese wat deur die vervangde versekering betaalbaar sou gewees het maar wat nie opeisbaar is nie weens die verstryking van die tydperk wat deur die vervangde versekering toegelaat word vir die ontdekking van die omskrewe gebeurtenisse.
2. die omskrewe gebeurtenisse ontdek word binne 12 maande na die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 maande na die verstryking van hierdie afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind.
3. die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens die bedrag kragtens hierdie afdeling verseker of die bedrag kragtens die vervangde versekering verseker, wat ook al die minste is, beloop.
4. indien die omskrewe gebeurtenisse waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling sowel as die geldigheidsduur van die vervangde polis plaasvind, die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die bedrag beloop verseker deur hierdie afdeling ten tyde van ontdekking van die omskrewe gebeurtenisse.
5. hierdie uitbreiding nie van toepassing is op omskrewe gebeurtenisse wat langer as die getal jare in die bylae vermeld, voor die aanvang van hierdie afdeling, plaasgevind het nie.
6. die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir enige verlies wat langer as 24 maande voor ontdekking plaasgevind het.

### Ander versekering

Dit is 'n voorwaarde van hierdie afdeling dat behalwe

1. 'n geldpolis;
2. dit wat by aanvangs- of hernuwingsdatum of ten tyde van die instel van 'n eis aan die versekeraar verklaar is;
3. 'n pensioenfondsgetrouheidspolis wat nie hierdie afdeling in waarde oorskry nie;
4. hierdie polis,

daar geen ander polis gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling van krag is om te verseker teen die risiko's wat hierkragtens verseker word nie.

### Verpligte eerste bedrag betaalbaar

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis waarby een werknemer of enige getal werknemers wat saamspan betrokke is, word verminder met

1. 2 persent van die totaal van die versekerde bedrag ingevolge hierdie afdeling en die verklaarde versekering of R60,000, wat ook al die minste is, plus

2. 'n verdere bedrag van 10 persent van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die bedrag wat in 1 hierbo gespesifiseer word.

   Beide bedrae word ten volle deur die versekerde gedra en bly onverseker.

### Rekenaarverliese – eerste bedrag betaalbaar

Die persentasie aangetoon in 2 van die klousule: verpligte eerste bedrag betaalbaar word van 10 persent na 20 persent verhoog indien die omskrewe gebeurtenis voortspruit uit oneerlike

1. manipulasie van;
2. invoering in;
3. onderdrukking van invoering in;
4. vernietiging van;
5. verandering aan,

enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wie se pligte die bestuur, toesig, ontwerp, skepping of verandering van rekenaarstelsels of-programme behels.

### Eerste bedrag betaalbaar vir verliese ontdek langer as 12 maande nadat dit gepleeg is

Indien enige versekerde gebeurtenis ontdek word langer as 12 maande nadat

1. dit gepleeg is;
2. die eerste gebeurtenis binne 'n reeks gebeurtenisse gepleeg is deur een persoon of 'n aantal persone wat saamspan word die persentasies vervat in Klousule: Eerste bedrag betaalbaar soos volg verhoog:

| Klousule: Eerste bedrag betaalbaar | Eerste bedrag betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui | |
|---|---|---|
| | Indien verliese ontdek word langer as 12 maande nadat die gepleeg is maar nie langer as 24 maande daarna nie | Indien die polis verleng is om daardie gedeelte van verliese te dek wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 36 maande daarna nie |
| Verpligtend | | |
| Paragraaf (a) | Van 2% to 4% | Van 2% tot 5% |
| Paragraaf (b) | Van 10% tot 15% | Van 10% tot 20% |
| Rekenaarverliese | Van 20% tot 30% | Van 20% tot 35% |

Nieteenstaande bogemelde mag die versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing is.

### Klousule: vrywillige eerste bedrag betaalbaar (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Benewens die bedrag wat deur die versekerde betaalbaar is ingevolge die Klousule: Verpligte eerste bedrag betaalbaar, is die versekerde verantwoordelik vir die verskil tussen sodanige bedrag en die bedrag vermeld in die bylae as die vrywillige eerste bedrag betaalbaar, met dien verstande dat sodanige vrywillige bedrag die verpligte bedrag oorskry.

### Klousule: Vermindering/Herstel van versekerde bedrag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Betaling deur die versekeraar van enige verlies waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is verminder nie die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van die res van die versekerde werknemers nie, met dien verstande dat

1. die maksimum bedrag wat deur die versekeraar betaalbaar is vir alle versekerde werknemers hoogstens dubbel die versekerde bedrag in die bylae beloop;
2. die versekerde 'n bykomende premie betaal op die bedrag van die versekerde verlies, bereken volgens die volgende formule:

$$\text{Jaarlikse premie van krag ten tyde van ontdekking van verlies} \times \frac{\text{Bedrag van eisskikking}}{\text{Versekerde bedrag ten tyde van ontdekking van verlies}}$$

Die bykomende premie is ten volle betaalbaar en mag nie verminder word omrede die tydperk tussen die datum van ontdekking van die verlies en die verstrykingsdatum korter as 12 maande is nie.

### Uitbreiding: verhalingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is en wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry, betaal die versekeraar benewens die versekerde bedrag hoogstens die bedrag vermeld in die bylae aan die versekerde vir koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys met die toestemming van die versekeraar (welke toestemming nie onredelikerwys weerhou mag word nie) aangegaan word vir die verhaling of poging tot verhaling vanaf die werknemer met betrekking tot wie die eis ingestel is, van daardie deel van die verlies wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry. Alle bedrae bó die gemelde deel van die verlies wat deur die versekerde verhaal word, is tot die voordeel van die versekeraar en die versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item (b) van die Klousule: Verpligte eerste bedrag betaalbaar.

### Uitbreiding: rekenaarverliese (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde 'n bevredigende vraelys voltooi het, word Spesifieke uitsondering 3 en die Klousule: Eerste bedrag betaalbaar vir rekenaarverliese, geskrap.

### **Verlenging vir verliese wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 36 maande daarna nie** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

1. As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word voorbehoudsbepaling 1(a) van die omskrewe gebeurtenisse vervang met:

1. a. Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir alle verliese wat plaasgevind het langer as 36 maande voor ontdekking.

2. Indien hierdie polisafdeling die Klousule: Vervangde versekering insluit, word die tydperk vvaarna in voorbehoudsbepaling 6 daarvan verwys word vanaf 24 maande tot 36 maande verleng.

### **Verlenging toegestaan by ontvangs van 'n bevredigende stelseloudit ten opsigte van verliese wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie daarvoor dat die ouditeursfirma vermeld in die bylae 'n bevredigende oudit gedoen het van die versekerde se stelsels van

- beheer
- ontdekking van bedrog, oneerlikheid en diefstal

en onderworpe daaraan dat die versekerde al die aanbevelings vervat in sodanige oudit implementeer en in stand hou:

1. Word voorbehoudsbepaling 1(a) van die omskrewe gebeurtenisse (wat dekking beperk tot daardie deel van verliese wat binne 24 maande ontdek word) en voorbehoudsbepaling 6 van die uitbreiding: vervangde versekeringklousule (indien van toepassing) geskrap.
2. Indien enige versekerde voorval ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is, word die persentasies vervat in ondergemelde Klousule: Eerste bedrag betaalbaar, soos volg verhoog:

| Klousule: Eerste bedrag betaalbaar | Eerste bedrag betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui indien verliese ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is |
|---|---|
| Verpligtend | |
| Paragraaf (a) | Van 2% tot 3% |
| Paragraaf (b) | Van 10% tot 12,5% |
| Rekenaarverliese | Van 20% tot 25% |

Nieteenstaande bogemelde mag die versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is, in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing is.

3. Die Klousule: Eerste bedrag betaalbaar vir verliese ontdek langer as 12 maande nadat dit gepleeg is, word geskrap.

## Memoranda

1. In die geval van die ontdekking van enige verlies wat uit 'n omskrewe gebeurtenis voortspruit, mag die versekerde, nieteenstaande enigiets tot die teendeel in paragraaf (ii) van Algemene voorwaarde 6 vervat, nalaat om die aangeleentheid by die polisie aan te meld, maar sal dit onmiddellik doen indien die versekeraar dit verlang.
2. Verswyging van sy eie bedrog of oneerlikheid of dié van ander persone met wie hy saamspan, deur enige persoon wat die aansoekvorm onderteken of hernuwing of enige ander instruksies gee, benadeel nie enige eis ingevolge hierdie afdeling nie.
3. Algemene uitsonderings 1 en 2 en Algemene voorwaarde 9 is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.
4. Indien die versekerde bedrag te eniger tyd verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat na die datum van sodanige verhoging gepleeg word.

# Goedere in transito

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word en aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, in die loop van transito deur die vervoermiddel of ander metodes wat daarmee gepaard gaan, deur enige ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie, met dien verstande dat

1. die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld ten opsigte van elke omskrewe gebeurtenis behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing.
2. die aanspreeklikheid van die versekeraar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## Memoranda

1. Transito word geag 'n aanvang te neem vanaf die tydstip waarop die eiendom wat in die bylae beskryf word by die afsender se persele verwyder word (met inbegrip van die dra na enige vervoermiddel en die laai daarop), voortgesit te word met die vervoer na die ontvanger (insluitend tydelike berging van hoogstens 96 uur in die loop van die reis) en te eindig wanneer die aflaai en aflewering voltooi is by enige gebou of bergingsplek by die ontvanger se persele.
2. Indien enige ontvanger weier om eiendom te ontvang wat versend is, word transito geag voortgesit te word en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom bly van krag totdat die eiendom deur enige vervoermiddel by die persele van die versender afgelewer word met dien verstande dat die versekerde alle redelike maatreëls tref om seker te maak dat die eiendom so gou as redelikerwys moontlik teruggestuur word.
3. Wanneer die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig is, is die versekering ingevolge hierdie afdeling van toepassing op eiendom op enige voertuig wat tydelik in die plek daarvan gebruik word terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word, welke vervangingsvoertuig nie die eiendom van die versekerde is of deur hom gebruikhuur of gehuur word ingevolge 'n bruikhuur- of opskortende verkoopsooreenkoms nie.
4. Ingeval 'n gespesifiseerde vervoermiddel onklaar raak gedurende transito of indien die eiendom om enige rede buite die beheer van die versekerde in gevaar gestel word verhinder niks hierin vervat die versekerde daarvan om gebruik te maak van enige ander soort vervoermiddel ten einde die transito te voltooi nie en die versekering verleen word nie daardeur beïnvloed nie.

## Uitbreiding: Puinverwydering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin na skade aan die vervoermiddel of die eiendom daarop, onderworpe aan 'n perk van R20,000 of die perk wat in die bylae vermeld word, wat ook al die hoogste is, ten opsigte van enige enkele omskrewe gebeurtenis.

## Beperkte dekking

### **Brand-, ontploffing-, botsing-, ontsporing- en omslaanbeperking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot verlies van of skade aan die eiendom wat voortspruit uit brand of ontploffing of botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel wat in die bylae beskryf word.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir

1. verlies van of skade aan eiendom wat voortspruit uit of veroorsaak word deur
   a. diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde is, tensy die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self in 'n beveiligde en gesluite gebou gehuisves word en betreding of verlating van sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan.
   b. inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes.
   c. die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, hetsy by alleen optree of saamspan.
   d. terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede.
   e. of wat ontstaan gedurende transito per see of binnelandse transito wat daarmee gepaard gaan.
   f. onklaarraking van verkoelingstoerusting.
2. slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig-, klimaats- of atmosferiese toestande) tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.
3. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring van die versekerde eiendom, tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.
4. verlies van of skade aan
   a. kontant, bank- en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard.
   b. eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.
   c. eiendom wat andersins verseker is, of wat in die afwesigheid van hierdie afdeling, verseker sou word deur enige ander versekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bo die bedrag wat ingevolge sodanige versekering betaalbaar sou gewees het as die versekering ingevolge hierdie afdeling nie aangegaan is nie.
5. gevolglike verlies van enige aard, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat teweeg gebring word deur natuurlike oorsake.
6. verlies of skade gely terwyl 'n voertuig bestuur word deur:
   a. die versekerde terwyl hy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of terwyl hy nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie;
   b. enige ander persoon met die algemene toestemming van die versekerde wat, na die versekerde se wete, onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie, maar dit is nie van toepassing nie indien die versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieer is en indien die versekerde tot bevrediging van die maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy besigheid prosedures in werking is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

## Spesifieke uitbreidings

1. **Uitbreiding: Brandbluskoste**

   Indien die eiendom omskryf in die bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie afdeling verseker word, betaal die versekeraar, benewens skadeloosstelling aan die versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe met dien verstande dat die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens

die skadeloosstellingsperk beloop teenoor hierdie uitbreiding in die bylae vermeld plus (indien van toepassing die verhoogde Brandbluskoste-uitbreidingsperk.

2. **uitbreiding: oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   a. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.

   b. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 2(a) hierbo verwys word,

      met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

      a. Verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.

      b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

      c. Verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

      d. Verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

      e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

      Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Addisionele uitsluitings ten opsigte van Lewende Hawe en Stamdiere in Transito

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. eise vir vrekte of verlies van die versekerde dier as gevolg van:

   i. spring

   ii. wegdwaling

2. vrekte van 'n versekerde dier wat jonger as 3 maande is

3. vrekte wat regstreeks of onregstreeks deur uithongering of wanvoeding veroorsaak word

4. vrekte veroorsaak deur vertrapping of versmoring weens oorlaaiing van 'n voertuig

5. vrekte wat voorkom binne 7 dae na 'n ongeluk wat aanleiding gee tot 'n eis.

## Klousule: Wegdoen met geredde goedere

Sonder om die regte van die maatskappy te verminder om hom in geval van 'n verlies op die bepalings van die algemene voorwaardes te beroep, stem die maatskappy in om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis hierkragtens is sonder die toestemming van die versekerde te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie, mits die versekerde tot die bevrediging van die maatskappy kan bewys dat sy belange sodoende benadeel word, in welke geval die maatskappy instem om die versekerde die eerste keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde daarvan, wat ook al die grootste is.

Die versekerde is nie ingevolge die bepalings van hierdie klousule daarop geregtig om enige eiendom aan die maatskappy prys te gee nie, hetsy die maatskappy daarvan besit geneem het of nie.

## Addisionele uitsluitings ten opsigte van Lewende Hawe en Stamdiere in Transito

1. **Genadedood**

   Die aanspreeklikheid van die maatskappy beloop hoogstens R2 000 per gebeurtenis of insident.

   Na 'n versekerde gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee, word alle koste in verband met die genadedood van die beseerde dier(e) geag skade aan die versekerde dier(e) te wees en is dit betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik kan wees.

   Die maatskappy aanvaar genadedood as oorsaak van vrekte ingevolge hierdie polis.

2. **Noodbehandeling**

   Die aanspreeklikheid van die maatskappy beloop hoogstens R2 000 per gebeurtenis of insident.

   Na 'n versekerde gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee, word alle koste in verband met die toediening van behandeling van die beseerde dier(e) geag skade aan die versekerde dier(e) te wees en is dit betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik kan wees.

## Algemene voorwaarde ten opsigte van Lewende Hawe en Stamdiere

By die aanvang van transito word lewende hawe en stamdiere geag in 'n goeie kondisie, gesond en vry van besering te wees.

## Omskrewe gebeurtenisse

i. Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word terwyl dit op enige plek ter wêreld is, deur enige ongeluk of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie, met dien verstande dat die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld ten opsigte van iedere en elke gebeurtenis behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing.

ii. Verlies van of skade aan die eiendom van gaste/kliënte van hoogstens R3 000 per gas/kliënt (maksimum waarde vir enkele item R1 500) en verder beperk tot R25 000 per gebeurtenis. Hierdie item sluit spesifiek gaste/kliënte se vuurwapens uit.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir

1. verlies van of skade aan eiendom wat spruit uit of veroorsaak word deur
   a. diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder die beheer is van die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde tensy die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self in 'n beveiligde en gesluite gebou gehuisves word en betreding of verlating tot sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan.
   b. die proses van skoonmaak, herstel, kleuring, bleiking, verandering of opknapping wat die eiendom ondergaan.
   c. inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes.
   d. die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan.
   e. terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede.
2. slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig-, klimaats- of atmosferiese toestande) tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.
3. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring, tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.
4. verlies van of skade aan kontant, bank- en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard.
5. verlies van of skade aan goedere wat kragtens 'n vragbrief versend word.
6. voortvloeiende verlies of skade van enige aard hoegenaamd.

## Spesifieke voorwaardes

### 1. Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom, wat nie afsonderlik en individueel gespesifiseer is nie, by die aanvang van enige verlies of skade aan enige sodanige eiendom meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra by 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom verseker, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### 2. Herstelwaardevoorwaarde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word, is òf die vervanging van die eiendom met soortgelyke eiendom gelykstaande aan maar nie beter of omvangryker nie as die nuwe toestand daarvan, òf herstel van die eiendom na 'n toestand wat wesenlik dieselfde, maar nie beter nie, is as die nuwe toestand daarvan. Met dien verstande dat indien die bedrag wat die koste verteenwoordig

wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die versekerde eiendom verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van die verlies of skade, die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies of skade dra.

## Spesifieke uitbreidings

1. **Uitbreiding: verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot uitgawe wat nie andersins ingevolge hierdie afdeling verhaalbaar is nie en wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word weens verlies van of skade aan eiendom waarvoor betaling gedoen of aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling erken word met die doel om die gewone werkverrigtinge van die besigheid in stand te hou.

2. **Uitbreiding: oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   a. Burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting.

   b. Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 2(a) hierbo verwys word,

      met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

      a. Verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.

      b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

      c. Verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

      d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

      e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

   Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## **Melkbottels en inseminasieflesse** (indien in die bylae gespesifiseer)

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word. Indien daar meer as een bottel of fles op die versekerde perseel is, word die versekerde bedrag proporsioneel per bottel of fles bereken.

In die geval van ’n stifstof-inseminasiefles en versekerde inhoud ingevolge hierdie polis is die maatskappy aanspreeklik vir verlies van of skade aan die flesse en inhoud voortspruitend uit die wanfunksie van die flesse omdat die vakuum verlore is.

# Toevallige skade

## Omskrewe gebeurtenisse (i)

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is, of waarvoor versekering nie beskikbaar is nie en wat beskryf word (hetsy by hierdie polis ingelyf al dan nie) ingevolge enige ander afdeling (behalwe Sake Alle Risiko's) wat in die inhoudsopgawe van hierdie polis uiteengesit is.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld en nieteenstaande Algemene voorwaarde 2 dra hierdie afdeling nie by tot enige omskrewe gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik vir die volgende nie:

1. Enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit is uit enige ander beskikbare versekering by die versekeraar ten tyde van die aanvang hiervan en ook nie vir enige bybetaling wat betaalbaar is deur die versekerde ingevolge sodanige versekering en ook nie vir enige vermindering in enige bedrag betaalbaar ingevolge enige eis te wyte aan die toepassing van eweredigheid nie.
2. Meer as die afsonderlike waarde van elke item wat deel uitmaak van 'n paar, stel of versameling sonder inagneming van enige spesiale waarde daaraan as deel van sodanige paar, stel of versameling.
3. Terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of ander geregtelike proses.
4. Onverklaarbare verdwyning of tekort wat slegs bekend word by of na 'n voorraadopname, of foute of weglatings in kwitansies of betalings of rekeningkunde, of foutiewe liassering of verlegging van inligting.
5. Verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur
   a. enige oneerlike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel toegepas op die versekerde (of enige persoon onder wie se toesig versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal of agent van die versekerde.
   b. oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek. Hierdie uitsondering is slegs van toepassing op houers, pype, buise of soortgelyke apparaat.
   c. onklaarraking, elektriese, elektroniese en/of meganiese steuring.
   d. verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan.
   e. foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking of eie slytasie.
   f. induiking, afsplintering, krapmerke of kraking wat nie die werkverrigting van die item affekteer nie.
   g. termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, die werking van lig.
6. Versakking, vasstamp, gronddeining of kraking van strukture of die verwydering of verswakking van die stut van enige versekerde eiendom.
7. a. Verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word.
   b. Verlies of skade voortspruitende uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe.

8. Onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van en/of gebrek aan toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel.
9. Ineenstorting van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakwerk of stoorplatforms).

### Omskrywing versekerde eiendom

Enige tasbare eiendom wat aan die versekerde behoort of deur hom in trust of in kommissie gehou word of waarvoor hy verantwoordelik is, behalwe

1. gangbare munt (insluitende Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, geldige ongebruikte pos-, inkomste- en vakansieseëls, kredietkaartstrokies, ongebruikte MVO-bewyse en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard;
2. pelse, juweliersware, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en -stene, rariteite, seldsame boeke en kunswerke;
3. eiendom in transito per lug, binnelandse waterweg of see;
4. spoorweglokomotiewe, rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, watervaartuie, meganies- of elektriesaangedrewe voertuie, motorfietse, mobiele toerusting, karavane en sleepwaens;
5. staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (met inbegrip van bogrond, opvulling, dreinering en duikslote) opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel) sweefspore, brûe, dokke, kaaie, seehoofde, piere, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;
6. elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting wat daarin vervat word;
7. eiendom in die loop van konstruksie, oprigting en aftakeling insluitende die materiale of voorrade wat daarmee verband hou;
8. eiendom in die besit van kliënte ingevolge bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopsooreenkomste;
9. glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels, tensy in die bylae as ingesluit vermeld.

### Omskrewe gebeurtenisse (ii) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom as gevolg van ontlading of lekkasie van chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe (met inbegrip van verlies van sodanige chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe) uit tenks, pype of apparaat behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelikwerkende oorsake van die tenks, pype of apparaat.

### Klousules en uitbreidings Klousule: Beperkte dekking

Die versekering ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle, gietvorms en rekenaarstelselrekords word beperk tot die waarde van die materiale en die arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes uit in verband met die lewering van enige inligting daarin vervat of die waarde van sodanige inligting aan die versekerde.

### Klousule: Bykomende koste

Die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde geboue, toerusting en masjinerie sluit die volgende in:

1. Enige herstel- of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid na die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis, met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie:
    a. Enigiets waarvan kennis reeds aan die versekerde gegee is voor die versekerde gebeurtenis;
    b. Enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom;
    c. Eiendoms- en ander belasting, ontwikkelings- en ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom;

2. ondersoekgelde van munisipale of ander planne;
3. koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping, puinverwydering (insluitende onbeskadigde inhoud) en die oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping en herbouing;
4. die professionele gelde van argitekte, bestekopnemers en ander konsultante; en die versekerde bedrag vir alle versekerde eiendom sluit in;
5. gelde gehef deur enige gemagtigde brandweer vir hulle dienste, maar die versekeraar is nie ingevolge 1, 2 of 4 aanspreeklik nie tensy die verlore of beskadigde eiendom vervang of herstel word sonder onnodige oponthoud, en ook nie ingevolge 4 vir enige uitgawes in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

Verder is die versekeraar ook nie ingevolge 3 aanspreeklik nie vir enige koste of uitgawe

1. wat aangegaan word vir die verwydering van puin, behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein.
2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker word nie.

### Klousule: verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die versekeraar egter daarvan in kennis stel sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die versekeraar aanvaar word.

### Klousule: Spoorweg- en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

### Klousule: Huurders

Die versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die perseel wat by besit of waarvan by ’n medehuurder is of van die eienaar van enige perseel waarvan hy ’n huurder is nie, met dien verstande dat die versekeraar in kennis gestel word sodra hy van sodanige handeling te wete kom en by enige bykomende premie betaal voortspruitende uit die versekeraar se aanvaarding van enige bykomende risiko.

### Memoranda

1. **Eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Indien die versekerde eiendom by die plaasvind van ’n versekerde gebeurtenis meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra by diensooreenkomstig ’n eweredige gedeelte van die verlies of skade.

   Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie memorandum onderworpe.

2. **Uitgeslote eiendom (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Die eiendom wat in die bylae uiteengesit word, word gevoeg by die uitgeslote eiendom in die omskrywing van versekerde eiendom.

3. **Herstel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na ’n versekerde gebeurtenis ten opsigte van geboue, toerusting en masjinerie is die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was nie, met dien verstande dat

a. die vervanging of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die versekerde onderworpe daarvan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, anders word geen betaling gedoen bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie by hierdie afdeling ingelyf was nie.

b. totdat die uitgawe deur die versekerde aangegaan word vir vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die versekeraar nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie memorandum nie by hierdie afdeling ingelyf was nie.

c. indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel die bedrag oorskry waarteen dit verseker was by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy 'n eweredige deel van die verlies. Elke item waarop hierdie memorandum van toepassing is, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe.

d. hierdie memorandum is nie van toepassing nie indien

   i. die versekerde versuim om die versekeraar binne ses maande vanaf die versekerde gebeurtenis (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die versekeraar skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel.

   ii. die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel.

4. **Eersteverlies-eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Indien, op die tydstip wat enige verlies of skade ontstaan, die totale waarde van die eiendom wat deur elke item beskryf word, nie die bedrae oorskry wat in die bylae vermeld word nie, is hierdie versekering nie aan eweredigheid onderworpe nie maar indien die totale waarde van sodanige eiendom meer is as die voormelde bedrae, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en die versekeraar is slegs aanspreeklik vir sodanige deel van die eerste verlies-versekerde bedrag as die verhouding waarin die voormelde bedrae staan tot die totale waarde en dit beloop hoogstens die totale bedrag waarteen elke item verseker is.

# Gemeenregtelike aanspreeklikheid (gebeurtenisgrondslag)

## Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die dood, liggaamlike besering of siekte van ’n persoon (hierna besering genoem) of die verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem) wat gedurende die versekeringstydperk in die loop van of in verband met die besigheid binne die gebiedsperke plaasvind.

## Omskrywings

Vir die bepaling van die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling toegestaan word, beteken die volgende terme:

1. **Skade**

   Verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom of wederregtelike aantasting van die genot van regte op tasbare eiendom.

2. **Werknemer**

   Persoon/Persone wat ingevolge ’n dienskontrak of vakleerlingskap by die versekerde in diens is.

3. **Besering**

   Dood, liggaamlike besering, breinbesering, siekte (geestelik en liggaamlik) of ongesteldheid van ’n persoon.

4. **Produk**

   Enige tasbare eiendom (insluitend houers en etikette) nadat dit nie meer in bewaring of onder beheer van die versekerde is nie, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is deur of namens die versekerde.

5. **Besoedeling**

   Emissie, uitlating, vrystelling, verspreiding, storting, sypeling of ontsnapping van soliede, likiede, gas- of termiese kontaminante of irriteermiddels, insluitend dampe, reuke, humiditeit, walms, rook, roet of ander stofdeeltjies in die lug, sure, alkalieë, chemikalieë en afval, elektromagnetiese golwe, geraas, vibrasies, ander uitlating van afvloeisel of skadelike stowwe in of op die grond, die atmosfeer of enige waterweg of watermassa.

6. **Koste en uitgawes**

   Koste, heffings, uitgawes en regskoste verhaalbaar van die versekerde deur ’n eiser of ’n aantal eisers, of deur die maatskappy aangegaan, of deur die versekerde met die maatskappy se vooraftoestemming aangegaan:

   i. in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie Polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde aanhangig gemaak word ten opsigte van Besering of Skade of ander aanspreeklikhied soos verseker ingevolge die bepalings van hierdie Afdeling van die Polis;

   ii. in die verteenwoordiging by enige ondersoek of beseringondersoek ten opsigte van Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees en/of in die verdediging van enige geregtelike stappe in ’n Hof van Summiere Jurisdiksie ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees.

## Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur ’n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## Gebiedsperke

Enige plek ter wêreld, maar nie in verband met die volgende nie:

1. Enige besigheid wat die versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

   of

2. enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

   die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

## Spesifieke uitsonderings

Die Maatskappy stel die versekerde nie ten opsigte van die volgende skadeloos nie:

1. Aanspreeklikheid as gevolg van die besering van enige persoon wat kragtens 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde.
2. Skade aan
   a. i. eiendom wat aan die versekerde behoort.
      ii. eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige werknemer van die versekerde is.
   b. Die deel van enige eiendom waaraan die versekerde werk of gewerk het, indien sodanige skade regstreeks weens sodanige werk ontstaan.
3. Aanspreeklikheid wat volg op besering of skade
   a. wat veroorsaak word deur of in verband met enige advies (behalwe ongevraagde advies) of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat deur of in opdrag van die versekerde gegee of toegedien word.
   b. wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die versekerde van enige meganiesaangedrewe voertuig (behalwe nie-gemotoriseerde vaartuie op binnelandse water) of van enige sleepwa, water vaartuig, lokomotief of rollende materiaal. Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie die versekeraar onthef nie van die verpligting om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op 'n besering of skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig, in die mate wat sodanige besering of skade nie deur enige ander versekeringspolis verseker is nie.
   c. wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met
      i. die brandstofinname van lugvaartuie.
      ii. die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery.
      iii. die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek.
   d. wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met goedere of produkte (insluitente houers en etikette) wat verkoop of verskaf word en wat plaasvind elders as op die perseel wat deur die versekerde geokkupeer word, behalwe voedsel en drank wat toevallig verskaf word vir verbruik op die perseel.
   e. wat plaasvind na die voltooiing en oorhandiging van enige werk en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige gebrek, fout of weglating in sodanige werk.
4. Skade wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.
5. Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word (behalwe die versekerde se eie standaard-kontrakvoorwaardes) tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.
6. a. Aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat

regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

b. Die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie.

7. Boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.

8. a. Skadevergoeding ten opsigte van enige uitspraak, toekenning of skikking in lande wat aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada onderworpe is (of enige bevel wat op enige plek in die wêreld gegee word om sodanige uitspraak, toekenning of skikking gedeeltelik of ten volle ten uitvoer te bring).

   b. Regsonkoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal is en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 8(a) hierbo beskryf word nie.

9. Eerste bedrag betaalbaar

   Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld ten opsigte van 'n eis of 'n aantal eise voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat voortspruit uit of toeskryfbaar is aan 'n enkele bron of oorspronklike oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule geld vir eise voortspruitend uit skade en geld ook vir koste en uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word.

10. Aanspreeklikheid voortspruitend uit die opsetlike, bewustelike of doelbewuste verontagsaming deur die versekerde se tegniese of administratiewe bestuur van die nodigheid om alle redelike stappe te doen om eise te voorkom.

11. Aanspreeklikheid veroorsaak deur of in verband met kommersiële jag- of wildbesigtigingsaktiwiteite op 'n eiendom wat aan die versekerde behoort of eiendom onder bewaring of beheer van die versekerde of enige van sy werknemers.

12. Aanspreeklikheid veroorsaak deur of in verband met die eienaarskap of bedryf van 'n gastehuis of lodge deur die versekerde of 'n werknemer van die versekerde op 'n eiendom wat aan die versekerde behoort of eiendom onder bewaring of beheer van die versekerde of enige van sy werknemers.

13. Aanspreeklikheid voortspruitend uit besering of skade direk of indirek veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit of toeskryfbaar aan

    a. plofstof

    b. die ontploffing van 'n ketel

    c. brand of ontploffing

    d. oorstroming, insluitend oorstroming as gevolg van die bars van 'n damwal

    e. die eienaarskap of besit van of gebruik deur of namens die versekerde van 'n dier.

14. Die opdam of afleiding van water deur die versekerde of enige persoon wat namens die versekerde optree.

15. Skade aan suikerriet- of enige bosbouplantasies.

16. Verlies of skade en agteruitgang veroorsaak deur of terwyl in transito.

17. Onregmatige hantering, steuring, vervalsing of verandering van produkte.

18. Enige eis vir, en wat ontstaan uit, veranderings in die karakter van wyn en verwante produkte, met dien verstande dat die konsep "veranderings in die karakter van wyn en verwante produkte" insluit (maar nie beperk is nie tot) veranderings in kleur, tekstuur, afronding of smaak voortspruitend uit die verandering in temperatuur weens klimaatsverandering tydens bewaring, hantering, versending of vervoer van sodanige produkte.

19. Verspreiding van siekte.

### Memorandum

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang: “Hierdie afdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van ’n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.”

### Manifestasieklousule

Wanneer die feite nie vanself spreek nie en die maatskappy en die versekerde nie onderling kan ooreenkom wanneer die besering of skade voorgekom het nie, word – vir die bepaling van die skadeloosstelling wat toegestaan word:

a. die besering geag te gebeur het toe die eiser die eerste keer ’n gekwalifiseerde praktisyn oor sodanige besering geraadpleeg het, hetsy dit op daardie tydstip korrek gediagnoseer is of nie. Indien geen sodanige konsultasie plaasgevind het nie, word die besering geag te gebeur het toe die versekerde die eerste keer van die besering in kennis gestel is.

b. die skade geag te gebeur het toe dit die eerste keer vir die eiser duidelik geword het, selfs al was die oorsaak onbekend.

### Uitbreidings Bykomende versekerdes

Die versekeraar stel ook die volgende skadeloos asof ’n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:

1. In die geval van die dood van die versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde opgeloop word.
2. Enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (indien die versekerde dit verlang), teen enige eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is.
3. In die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word (en nieteenstaande Spesifieke uitsondering 5) en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat vermeld word in enige kontrak wat die versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan.
4. Ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer- of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan die versekerde behoort of deur hom tot stand gebring is tot voordeel van sy werknemers

    a. enige beampte of lid daarvan.

    b. enige besoekende sportspan of lid daarvan, met dien verstande dat

        a. die versekeraar se totale aanspreeklikheid nie verhoog word bó die skadeloosstellingsperke wat in die bylae vermeld word nie.

        b. enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is, nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie.

        c. die skadeloosstelling ingevolge 1, 2 en 3 slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waaarvoor die versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die versekerde ingestel was.

    Die versekeraar doen vir die doel van hierdie uitbreiding afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy mag hê of wat hy mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

### Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande Spesifieke uitsondering 5, indien die versekerde ingevolge ’n kontrak met ’n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die versekerde se eiendom, in die loop van die besigheid van die versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge ’n dienskontrak by die versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die aanspreeklikheidsperk vermeld in die bylae.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van ’n gebeurtenis wat tot ’n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die versekeraar nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

### Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die versekeraar elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

### Handelswerktuig

Spesifieke uitsondering 3(b) is nie van toepassing op die werkverrigting, as ’n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat die versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering val, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie. Die versekeraar is ook nie aanspreeklik nie aanspreeklik nie indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur die versekerde aangegaan is.

### Eiendom van werknemers en besoekers

Spesifieke uitsondering 2(a) (ii) is nie van toepassing nie op eiendom wat behoort aan enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of enige besoeker aan die versekerde se perseel.

### Aanspreeklikheid ingevolge ooreenkoms

Nieteenstaande die bepalings van Spesifieke uitsonderings 2(a) (ii), 3(b) en 5, word hierdie afdeling uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel

1. teen aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak wat aangegaan word met, of vrywaring wat verleen word aan, Transnet, die staat of semi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke liggame wat die gebruik van spoorwegsylyne dek of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van ’n soortgelyke aard.
2. teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is.
3. ten opsigte van aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit by enige spoorwegsylyn deur of namens die versekerde gebruik word.

### Los sleepwaens

Sover dit sleepwaens aangaan, is Spesifieke uitsondering 3(b) nie van toepassing nie ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganiesaangedrewe voertuig vas is nie en nie per abuis daarvandaan losgekom het nie, met dien verstande dat die versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie vir die deel van enige verlies wat

1. deur enige ander polis of polisse wat deur die versekerde aangegaan is, verseker is of, wat in die afwesigheid van hierdie afdeling, so verseker sou gewees het.
2. binne die bestek val van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie.

### Nood-mediese onkoste

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die versekerde mag wees.

### Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van Spesifieke uitsondering 2(a) (ii), stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hul inhoud en toebehore, die eiendom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die versekerde voorsien word.

### Huurdersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 2(a) (ii) en 3(b) van hierdie afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat deur die versekerde as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.

### Uitbreiding: Produkaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in Spesifieke uitsondering 3(d) vervat, stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat plaasvind enige plek in die gebiede wat in die bylae vermeld word elders as op 'n perseel wat deur die versekerde geokkupeer word en wat veroorsaak word deur goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat deur die versekerde verkoop of verskaf word in verband met die besigheid (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere).

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan is vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

**Bykomende spesifieke uitsonderings** (van toepassing op die uitbreiding: produkaanspreek-likheid)

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikhede nie:

1. Die herstel-, verandering-, onttrekkings- of vervangingskoste van goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat besering of skade veroorsaak.
2. Die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die goedere of produkte (insluitende houers en etikette) en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die goedere of produkte beskadig is.
3. a. Wat voortspruit uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie maar indien die versekerde 'n kleinhandelaar is, is hierdie spesifieke uitsondering (3) nie van toepassing nie indien die versekerde se aktitiwiteite in hul geheel beperk is tot verkope, verspreiding en/of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en die versekerde se aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit nie wat beteken die herverpakking, verpakking etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysings voor die verkoop aan die versekerde se oorspronklike klante en ook nie enige opknapping, aanpassing of wysiging aan die produk nie.

   b. Wat voortspruit uit ondoeltreffendheid of die versuim om aan die spesifikasie te voldoen, tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie.
4. Wat voortspruit uit goedere of produkte wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geinstalleer te word en daarin geinstalleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak.
5. Ten opsigte van besering of skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur of in opdrag van die versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige goedere of produkte na die versekerde se wete deur of namens die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is.

**Uitbreiding: Aanspreeklikheid ten opsigte van gebrekkige vakmanskap** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsonderings 2(b) en 3(e) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk, beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

**Bykomende spesifieke uitsonderings** (van toepassing op aanspreeklikheid ten opsigte van gebrekkige vakmanskap)

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikheid nie:

1. Die koste van die herstel of onttrekking van foutiewe werk.
2. Voortspruitend uit ondoeltreffendheid van sodanige werk of omdat die werk nie die resultate gelewer het wat daarvan verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie.
3. Wat ontstaan voor die oorhandiging van sodanige werk.
4. Wat voortspruit uit gebrekkige ontwerp.
5. Wat voortspruit uit enige werk aan enige lugvaartuig of enige deel daarvan.

### **Uitbreiding: regsverdedigingskoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde dit verlang, stel die versekeraar enige werknemer, vennoot of direkteur van die versekerde skadeloos teen koste en uitgawes wat hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word en wat met die toestemming van die versekeraar aangegaan word deur of namens sodanige persoon in die verdediging van enige strafregtelike geding wat teen sodanige persoon ingestel word in die loop van sy werk by die versekerde en wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van die wette soos hierin omskryf gedurende die versekeringstydperk, met dien verstande dat

1. die versekeraar in die geval van 'n appèl nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat wat deur die versekeraar goedgekeur is, adviseer dat sodanige appèl na sy mening behoort te slaag.
2. die versekeraar nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestraffing wat deur enige landdros of regter opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie.
3. sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en afdeling daarvan nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees.

### Die Wette

Die Wet op Verbruikersbeskerming, No. 68 van 2008 (soos gewysig),

Die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, No. 101 van 1998 (soos gewysig),

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993 (soos gewysig),

Die Wet op Myne en Bedrywe, No. 27 van 1956 (soos gewysig),

Die Elektrisiteitswet, No. 41 van 1987 (soos gewysig), en/of enige ander Wet of Ordinansie met betrekking tot die verskaffing van elektrisiteit, almal tesame gelees met die Wet op Kriminele Vervolging, No. 51 van 1977 (soos gewysig).

### **Uitbreiding: Onregmatige inhegtenisname en laster** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

1. Wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);
2. Ten opsigte van laster,

altyd met dien verstande dat die skadeloosstellingsperk, soos vermeld, hoogstens R50,000 elk ingevolge 1 en 2 beloop en R100,000 in enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk.

### **Uitbreiding: E.U.-aanspreeklikheid** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en beperkings word die volgende veranderinge aan hierdie afdeling van die polis aangebring ten opsigte van "besering" of "skade" (soos verseker deur die uitbreiding ten opsigte van produkaanspreeklikheid) wat ontstaan uit goedere of produkte wat na enige lidland van die Europese Gemeenskap (E.U.) of enige lidland van die Europese Vryehandelsvereniging (E.V.H.V.) (European Free Trade Associations) uitgevoer word.

1. Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (anders as grondstowwe) moet die versekerde
   a. 'n stelsel instel en in stand hou ingevolge waarvan die goedere of produkte duidelik geïdentifiseer kan word deur 'n besending- of reeksnommer of datumstempel of op 'n ander soortgelyke wyse.
   b. die datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is, aanteken en handhaaf.

   Hierdie opgawe moet in stand gehou word sodat dit die verlangde besonderhede kan lewer vir 'n tydperk van minstens 10 jaar nadat die goedere of produkte aanvanklik in omloop gebring is.
2. Die inligting in 1 genoem, tesame met alle stawende dokumentasie moet te eniger tyd op aanvraag aan die versekeraar of sy benoemde beskikbaar gestel word.

3. Die versekerde is, ten opsigte van hierdie skadeloosstelling, verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar wat ten opsigte van hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### **Aanspreeklikheid vir brand en ontploffing** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsonderings 13(b) en 13(c) word geskrap.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, insluitend regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of 'n aantal eisers en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorspronklike oorsaak of bron of tydens 'n enkele (jaarlikse) versekeringstydperk, is hoogstens die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae.

'n Opskortende voorwaarde vir hierdie uitbreiding is dat, by die voorkoms van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding aanleiding gee, die versekerde aan die vereistes van die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, No. 101 van 1998 (soos gewysig), voldoen het.

### **Diere** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ondanks enige andersluidende bepaling in Spesifieke uitsondering 13(e), sal die Maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat veroorsaak word deur diere (in besit van die versekerde of waarvoor die versekerde regtens verantwoordelik is) wat deur die versekerde gebruik of aangehou word in verband met die versekerde se besigheid,

a. met dien verstande dat die versekerde redelike voorsorgmaatreëls tref om aan wetgewing in verband met die aanjaag van diere op openbare paaie te voldoen, of
b. terwyl die diere op 'n perseel van die versekerde is, of
c. terwyl die diere op enige plek (met uitsluiting van 'n perseel van die versekerde) binne die gebiedsgrense is waar sodanige diere tydelik gehou of gehuisves word, of
d. terwyl die diere wegdwaal van die plek waarna in paragraaf (c) hierbo verwys word of wegdwaal van die perseel waarna in paragraaf (b) hierbo verwys word.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, insluitend regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of 'n aantal eisers en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorspronklike oorsaak of bron of tydens 'n enkele (jaarlikse) versekeringstydperk, is hoogstens die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae.

### **Oorstroming en bars van damwalle** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 11(d) word geskrap

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, insluitend regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of 'n aantal eisers en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorspronklike oorsaak of bron of tydens 'n enkele (jaarlikse) versekeringstydperk, is hoogstens die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae.

Met dien verstande dat ten opsigte van 'n enkele eis of 'n aantal eise voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat voortspruit uit of toeskryfbaar is aan 'n enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, die versekerde verantwoordelik is vir 'n eerste bedrag betaalbaar bereken teen 10% van die koste en uitgawes wat deur die Maatskappy aangegaan word, verder met dien verstande dat voormelde bedrag altyd minstens R5,000 sal wees.

### **Verkrygings en nuwe besighede**

Die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling van die polis toegestaan word, word uitgebrei na enige maatskappy wat gedurende die versekeringstydperk deur die versekerde gestig en/of verkry word, vir 'n tydperk van 90 dae na sodanige stigting en/of verkryging.

Altyd met dien verstande dat:

1. die versekerde se besigheidsaktiwiteite onveranderd bly;
2. die jaarlikse omset van alle pas gestigte en/of verkreë maatskappye hoogstens 5% (vyf persent) is van die geraamde jaarlikse omset van die versekerde soos by die aanvang hiervan aan die maatskappy verstrek;
3. die versekerde die maatskappy van sodanige stigtings en/of verkrygings in kennis stel voor die verstryking van 90 dae daarna en dat die maatskappy die voorwaardes van hierdie afdeling van die polis dienooreenkomstig mag wysig.

## Uitbreidings vir Gastehuise en Lodges

Hierdie uitbreidings geld slegs vir daardie deel van die risiko wat met die gastehuis en/of lodge verband hou indien dit ingevolge hierdie afdeling verseker is:

A. **Skoonmaak/Droogskoonmaak van gaste se besittings**

Ondanks spesiale uitsonderings 2(a)(ii) en 2(b) sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel vir verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl dit skoongemaak of droogskoongemaak word, met dien verstande dat:

a. die maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot R10 000 per gebeurtenis en R50 000 in enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk;

b. die maatskappy nie vir die eerste R1 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis aanspreeklik is nie.

B. **Eiendom van gaste**

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) word gekanselleer en vervang deur:

2(a)(ii) Eiendom in bewaring of onder beheer van die versekerde of 'n werknemer van die versekerde, maar hierdie uitsondering is nie op die volgende van toepassing nie:

1. eiendom (behalwe motorvoertuie) van besoekers aan die versekerde se perseel of van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers van die versekerde;
2. voertuie wat nie gehuur word deur of geleen word aan die versekerde nie (insluitend hul inhoud en toebehore) en wat die versekerde se parkeergeriewe gebruik;
3. 'n perseel wat nie deur die versekerde besit of gehuur word nie, wat tydelik deur hom geokkupeer word om daarop of daarin te werk, tensy aanspreeklikheid suiwer op grond van 'n ooreenkoms ontstaan.

C. **Onregmatige inhegtenisneming en laster**

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

i. voortspruitend uit onregmatige inhegtenisneming (insluitend aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisneming);

ii. ten opsigte van laster,

altyd met dien verstande dat die skadeloosstellingsperke hoogstens R100 000 per gebeurtenis en R500 000 in enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk is.

## Ondoeltreffendheidsdekking (slegs van toepassing indien Produkaanspreeklikheid gekies is)

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R50 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos teen verlies of skade waarvoor die versekerde regtens aanspreeklikheid word weens die ondoeltreffendheid van produkte wat deur die versekerde verskaf is.

Vir hierdie uitbreiding beteken ondoeltreffendheid eise wat teen die versekerde ingestel word vir ekonomiese verliese waar die versekerde se produkte soos beskryf in die bylae:

1. nie aan die verwagte opbrengswaarde wat gekwoteer is, voldoen nie

2. nie geskik is om tot kommersiële voordeel gebruik te word nie.

### Diere/Lewende Hawe by Skoue en Veilings

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R1 000 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit die tentoonstelling van lewende hawe of terwyl sodanige lewende hawe in bewaring van die versekerde is tydens 'n veiling.

### Diere wat nie aan die versekerde behoort nie

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R1 000 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit skade veroorsaak deur diere (wat nie aan die versekerde behoort nie) wat met die versekerde se toestemming op sy grond wei.

Verlies van of skade aan sodanige diere word nie deur hierdie uitbreiding verseker nie.

### Karretjies wat deur Huisdiere getrek word

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R500 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling word hiermee uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit wat voortspruit uit 'n karretjie wat deur huisdiere getrek word wat aan die versekerde behoort, of terwyl dit in bewaring of onder beheer van die versekerde is, insluitend die dood of liggaamlike besering van enige persoon wat nie 'n werknemer van die versekerde is nie terwyl die persoon op- of afklim van 'n karretjie wat deur huisdiere getrek word wat onder beheer van die versekerde is of deur die versekerde bedryf word.

### Oesbespuiting

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R1 000 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling word hiermee uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit wat voortspruit uit die bespuiting van oeste met plaag- en onkruiddoders en ander sodanige stowwe op landbougrond, of veld in besit van of bewoon deur die versekerde, maar met uitsluiting van aanspreeklikheid voortspruitend uit lugbespuiting van gewasse, plantasies, boorde, landbougrond, veld of landerye.

# Gemeenregtelike aanspreeklikheid (eise ingestel-grondslag)

## Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die dood, liggaamlike besering of siekte van 'n persoon (hierna besering genoem) of die verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem) wat op of na die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word in die loop van of in verband met die besigheid binne die gebiedsgrense plaasvind en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die versekerde ingestel word.

## Omskrywings

Vir die bepaling van die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling toegestaan word, beteken die volgende terme:

1. **Skade**

   Verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom of wederregtelike aantasting van die genot van regte op tasbare eiendom.

2. **Werknemer**

   Persoon/Persone wat ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die versekerde in diens is.

3. **Besering**

   Dood, liggaamlike besering, breinbesering, siekte (geestelik en liggaamlik) of ongesteldheid van 'n persoon.

4. **Produk**

   Enige tasbare eiendom (insluitend houers en etikette) nadat dit nie meer in bewaring of onder beheer van die versekerde is nie, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is deur of namens die versekerde.

5. **Besoedeling**

   Emissie, uitlating, vrystelling, verspreiding, storting, sypeling of ontsnapping van soliede, likiede, gas- of termiese kontaminante of irriteermiddels, insluitend dampe, reuke, humiditeit, walms, rook, roet of ander stofdeeltjies in die lug, sure, alkalieë, chemikalieë en afval, elektromagnetiese golwe, geraas, vibrasies, ander uitlating van afvloeisel of skadelike stowwe in of op die grond, die atmosfeer of enige waterweg of watermassa.

6. **Koste en uitgawes**

   Koste, heffings, uitgawes en regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of 'n aantal eisers, of deur die maatskappy aangegaan, of deur die versekerde met die maatskappy se vooraftoestemming aangegaan:

   i. in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie Polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde aanhangig gemaak word ten opsigte van Besering of Skade of ander aanspreeklikhied soos verseker ingevolge die bepalings van hierdie Afdeling van die Polis;

   ii. in die verteenwoordiging by enige ondersoek of beseringondersoek ten opsigte van Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees en/of in die verdediging van enige geregtelike stappe in 'n Hof van Summiere Jurisdiksie ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees.

## Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## Gebiedsperke

Enige plek ter wêreld, maar nie in verband met die volgende nie:

1. Enige besigheid wat die versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

   of

2. enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

   die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar stel die versekerde nie ten opsigte van die volgende skadeloos nie:

1. Aanspreeklikheid as gevolg van die besering van enige persoon wat kragtens 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat voortspruit uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde.
2. Skade aan
   - a.
     - i. eiendom wat aan die versekerde behoort.
     - ii. eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige werknemer van die versekerde is.
   - b. Die deel van enige eiendom waaraan die versekerde werk of gewerk het, indien sodanige skade regstreeks weens sodanige werk ontstaan.
3. Aanspreeklikheid wat volg op besering of skade
   - a. wat veroorsaak word deur of in verband met enige advies (behalwe ongevraagde advies) of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat deur of in opdrag van die versekerde gegee of toegedien word.
   - b. wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die versekerde van enige meganiesaangedrewe voertuig (behawe 'n trapfiets of grassnyer of enige voetgangerbeheerde tuintoerusting) of van enige sleepwa, watervaartuig (behalwe nie- gemotoriseerde vaartuie op binnelandse water), lokomotief of rollende materiaal. Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie die versekeraar onthef nie van die verpligting om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op 'n besering of skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig, in die mate wat sodanige besering of skade nie deur enige ander versekeringspolis verseker is nie.
   - c. wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met
     - i. die brandstofinname van lugvaartuie.
     - ii. die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery.
     - iii. die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek.
   - d. wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat verkoop of verskaf word en wat plaasvind elders as op die perseel wat deur die versekerde geokkupeer word, behalwe voedsel en drank wat toevallig verskaf word vir verbruik op die perseel.
   - e. wat ontstaan na die voltooiing en oorhandiging van enige werk en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige gebrek, fout, of weglating in sodanige werk.
4. Skade wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.
5. Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word (behalwe die versekerde se eie standaard-kontrakvoorwaardes), tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.

6. a. Aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

   b. Die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

   Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie.

7. Boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.

8. a. Skadevergoeding ten opsigte van enige uitspraak, toekenning of skikking in lande wat aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada onderworpe is (of enige bevel wat op enige plek in die wêreld gegee word om sodanige uitspraak, toekenning of skikking gedeeltelik of ten volle ten uitvoer te bring).

   b. Regsonkoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 8(a) hierbo beskryf word nie.

9. Enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is

   a. wat nie ingevolge Algemene voorwaarde 6 by die versekeraar aangemeld is nie.

   b. voor die aanvang van hierdie afdeling.

10. Enige eis (in die geval van die kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 48 maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) skriftelik teen die versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in Spesifieke voorwaarde 2.

11. Die eerste bedrag betaalbaar.

    Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule is van toepassing op eise wat voortspruit uit skade en is van toepassing op koste en uitgawe wat deur die versekerde aangegaan word.

12. Aanspreeklikheid voortspruitend uit die opsetlike, bewustelike of doelbewuste verontagsaming deur die versekerde se tegniese of administratiewe bestuur van die nodigheid om alle redelike stappe te doen om eise te voorkom.

13. Aanspreeklikheid veroorsaak deur of in verband met kommersiële jag- of wildbesigtigingsaktiwiteite op 'n eiendom wat aan die versekerde behoort of eiendom onder bewaring of beheer van die versekerde of enige van sy werknemers.

14. Aanspreeklikheid veroorsaak deur of in verband met die eienaarskap of bedryf van 'n gastehuis of lodge deur die versekerde of 'n werknemer van die versekerde op 'n eiendom wat aan die versekerde behoort of eiendom onder bewaring of beheer van die versekerde of enige van sy werknemers.

15. Aanspreeklikheid voortspruitend uit besering of skade direk of indirek veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit of toeskryfbaar aan

    a. plofstof

    b. die ontploffing van 'n ketel

    c. brand of ontploffing

    d. oorstroming, insluitend oorstroming as gevolg van die bars van 'n damwal

    e. die eienaarskap of besit van of gebruik deur of namens die versekerde van 'n dier.

16. Die opdam of aflleiding van water deur die versekerde of enige persoon wat namens die versekerde optree.

17. Skade aan suikerriet- of enige bosbouplantasies.

18. Verlies of skade en agteruitgang veroorsaak deur of terwyl in transito.
19. Onregmatige hantering, steuring, vervalsing of verandering van wyn en verwante produkte.
20. Enige eis vir, en wat ontstaan uit, veranderings in die karakter van wyn en verwante produkte, met dien verstande dat die konsep "veranderings in die karakter van wyn en verwante produkte" insluit (maar nie beperk is nie tot) veranderings in kleur, tekstuur, afronding of smaak voortspruitend uit die verandering in temperatuur weens klimaatsverandering tydens bewaring, hantering, versending of vervoer van sodanige produkte.
21. Verspreiding van siekte.

### Memorandum

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang: "Hierdie afdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

### Spesifieke voorwaardes

1. Enige eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld word (hierna 'n aangemelde gebeurtenis genoem) word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die versekeraar aangemeld het.
2. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis
    a. word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word gedurende die 48 maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing hanteer asof dit teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag wat die versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot na die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig word.
    b. mag die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 by die versekeraar aanmeld tot 30 dae na kansellasie of nie-hernuwing met dien verstande dat
        i. sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het.
        ii. enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 48 maande wat in 2(a) hierbo gespesifiseer word.
3. Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die versekerde ingestel word as gevolg van een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof almal aanvanklik teen die versekerde ingestel is
    a. op die datum waarop die versekerde die gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld het,

       of

    b. op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word indien die versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee.

### Manifestasieklousule

Wanneer die feite nie vanself spreek nie en die maatskappy en die versekerde nie onderling kan ooreenkom wanneer die besering of skade voorgekom het nie, word – vir die bepaling van die skadeloosstelling wat toegestaan word:

a. die besering geag te gebeur het toe die eiser die eerste keer 'n gekwalifiseerde praktisyn oor sodanige besering geraadpleeg het, hetsy dit op daardie tydstip korrek gediagnoseer is of nie. Indien geen sodanige konsultasie plaasgevind het nie, word die besering geag te gebeur het toe die versekerde die eerste keer van die besering in kennis gestel is.

b. die skade geag te gebeur het toe dit die eerste keer vir die eiser duidelik geword het, selfs al was die oorsaak onbekend.

## Uitbreidings

### Verlengde aanmeldingsopsie

Na die keuse van die versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, stem die versekeraar in om die tydperk waartydens die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom sal word, maar onder geen omstandighede langer as 36 maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem), met dien verstande dat:

1. Hierdie opsie net uitgeoefen mag word indien die versekeraar hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernieu.
2. Hierdie opsie skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae na kansellasie of nie-hernuwing.
3. Hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die versekeraar gekanselleer kan word nie.
4. Die versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan die afdeling wat verstryk het nie.
5. Die versekeraar slegs aanspreeklik is vir 'n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het na die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing.
6. Eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing.
7. Die bedrag wat deur die versekeraar betaalbaar is vir eise wat ingestel word of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie.
8. Enige eis wat na 'n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 48 maande na die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing skriftelik teen die versekerde ingestel is, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot na die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

### Bykomende versekerdes

Die versekeraar stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:

1. In die geval van die dood van die versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde opgeloop is.
2. Enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (indien die versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is.
3. In die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word (en nieteenstaande Spesifieke uitsondering 5) en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat vermeld word in enige kontrak wat die versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan.
4. Ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer- of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan die versekerde behoort of deur hom tot stand gebring is tot voordeel van sy werknemers
    a. enige beampte of lid daarvan.
    b. enige besoekende sportspan of lid daarvan, met dien verstande dat
    a. die versekeraar se totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperke beloop wat in

die bylae vermeld word.

b. enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie.

c. die skadeloosstelling ingevolge 1, 2 en 3 slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die versekerde ingestel was.

Die versekeraar doen vir die doel van hierdie uitbreiding afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy mag hê of wat hy mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande Spesifieke uitsondering 5, indien die versekerde ingevolge ’n kontrak met ’n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge ’n dienskontrak by die versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van ’n gebeurtenis wat tot ’n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die versekeraar nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die versekeraar elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## Handelswerktuig

Spesifieke uitsondering 3(b) is nie van toepassing op die werkverrigting, as ’n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat die versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering val nie, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is. Die versekeraar is ook nie aanspreeklik nie indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur die versekerde aangegaan is.

## Eiendom van werknemers en besoekers

Spesifieke uitsondering 2(a) (ii) is nie van toepassing nie op eiendom wat behoort aan enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of enige besoeker aan die versekerde se perseel.

## Aanspreeklikheid ingevolge ooreenkoms

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsonderings 2(a) (ii), 3(b) en 5 word hierdie afdeling uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel

1. teen aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak wat aangegaan word met, of vrywaring wat verleen word aan, Transnet, die staat of semi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke liggame wat die gebruik van spoorwegsylyne dek of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van ’n soortgelyke aard.

2. teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is.
3. ten opsigte van aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit by enige spoorwegsylyn deur of namens die versekerde gebruik word.

### Los sleepwaens

Sover dit sleepwaens aangaan, is Spesifieke uitsondering 3(b) nie van toepassing nie ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganiesaangedrewe voertuig vas is nie en wat nie per abuis daarvan losgekom het nie, met dien verstande dat die versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie vir die deel van enige verlies wat

1. deur enige ander polis of polisse wat deur die versekerde aangegaan is, verseker is of wat, in die afwesigheid van hierdie afdeling, so verseker sou gewees het.
2. binne die bestek val van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie.

### Nood-mediese onkoste

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die versekerde mag wees.

### Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsondering 2(a) (ii), stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hulle inhoud en toebehore, die eiendom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die versekerde voorsien word.

### Huurdersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 2(a) (ii) en 3(b) van hierdie afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat deur die versekerde as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.

### Uitbreiding: Produkaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydig in Spesifieke uitsondering 3(d) vervat, stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat plaasvind te enige plek in die gebiede wat in die bylae vermeld word elders as op 'n perseel wat deur die versekerde geokkupeer word en wat veroorsaak word deur goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat deur die versekerde verkoop of verskaf word in verband met die besigheid (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere).

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### **Bykomende spesifieke uitsonderings** (van toepassing op die uitbreiding: produkaanspreeklikheid)

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikhede nie:

1. Die herstel-, verandering-, herroeping- of vervangingskoste van goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat besering of skade veroorsaak.
2. Die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die goedere of produkte (insluitende houers en etikette) en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die goedere of produkte beskadig is.

3. a. Wat voortspruit uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie maar indien die versekerde 'n kleinhandelaar is, is hierdie spesifieke uitsondering (iii) nie van toepassing nie indien die versekerde se aktitiwiteite in hulle geheel beperk is tot verkope, verspreiding en/of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en die versekerde se aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit nie wat beteken die herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysings voor die verkoop aan die versekerde se oorspronklike klante en ook nie enige opknapping aanpassing of wysiging aan die produk nie.

   b. Wat voortspruit uit ondoeltreffendheid of die versuim om aan die spesifikasie te voldoen, tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie.

4. Wat voortspruit uit goedere of produkte wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstalleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak.
5. Ten opsigte van besering of skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur of in opdrag van die versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige goedere of produkte na die versekerde se wete deur of namens die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is.

**Uitbreiding: Aanspreeklikheid ten opsigte van gebrekkige vakmanskap** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsonderings 2(b) en 3(e) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawe wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

**Bykomende spesifieke uitsonderings** (van toepassing op aanspreeklikheid ten opsigte van gebrekkige vakmanskap)

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikheid nie:

1. Die koste van die herstel of onttrekking van foutiewe werk.
2. Voortspruitend uit ondoeltreffendheid van sodanige werk of omdat die werk nie die resultate gelewer het wat daarvan verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie.
3. Wat ontstaan voor die oorhandiging van sodanige werk.
4. Wat voortspruit uit gebrekkige ontwerp.
5. Wat voortspruit uit enige werk aan enige lugvaartuig of enige deel daarvan.

**Uitbreiding: regsverdedigingskoste** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde dit verlang, stel die versekeraar enige werknemer, vennoot of direkteur van die versekerde skadeloos teen koste en uitgawes wat hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word en wat met die toestemming van die versekeraar aangegaan word deur of namens sodanige persoon in die verdediging van enige strafregtelike geding wat teen sodanige persoon ingestel word in die loop van sy werk by die versekerde en wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van die wette soos hierin omskryf gedurende die versekeringstydperk, met dien verstande dat:

1. Die versekeraar in die geval van 'n appèl nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat wat deur die versekeraar goedgekeur is, adviseer dat sodanige appèl na sy mening behoort te slaag.
2. Die versekeraar nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestraffing wat deur enige landdros of regter opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie.

3. Sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en hierdie afdeling daarvan nakom uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees.

### Die Wette

Die Wet op Verbruikersbeskerming, No. 68 van 2008 (soos gewysig),

Die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, No. 101 van 1998 (soos gewysig),

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993 (soos gewysig),

Die Wet op Myne en Bedrywe, No. 27 van 1956 (soos gewysig),

Die Elektrisiteitswet, No. 41 van 1987 (soos gewysig), en/of enige ander wet of ordonnansie wat met die verskaffing van elektrisiteit verband hou almal saamgelees met die Strafproseswet nr. 51 van 1977 (soos gewysig).

### **Uitbreiding: Onregmatige inhegtenisname en laster** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

1. Wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);
2. Ten opsigte van laster, altyd met dien verstande dat die skadeloosstellingsperk soos vermeld hoogstens R50,000 elk ingevolge 1 en 2 beloop en R100,000 in enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk.

### **Uitbreiding: E.U.-aanspreeklikheid** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en beperkings word die volgende veranderinge aan hierdie afdeling van die polis aangebring ten opsigte van “besering” of “skade” (soos verseker deur die uitbreiding produkaanspreeklikheid) wat ontstaan uit goedere of produkte wat na enige lidland van die Europese Unie (E.U.) of enige lidland van die Europese Vryehandelsvereniging (E.V.H.V.) (European Free Trade Association) uitgevoer word.

1. Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (behalwe grondstowwe) moet die versekerde
   a. ’n stelsel instel en in stand hou ingevolge waarvan die goedere of produkte duidelik geïdentifiseer kan word deur ’n besending- of reeksnommer, of datumstempel of op ’n ander soortgelyke wyse.
   b. die datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is, aanteken en handhaaf.

   Hierdie opgawe moet in stand gehou word sodat dit die verlangde besonderhede kan lewer vir ’n tydperk van minstens 10 jaar nadat die goedere of produkte aanvanklik in omloop gebring is.
2. Die inligting in 1 genoem, tesame met alle stawende dokumentasie, moet te eniger tyd op aanvraag aan die versekeraar of sy benoemde beskikbaar gestel word.
3. Die versekerde is, ten opsigte van hierdie skadeloosstelling, verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar wat ten opsigte van hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### **Aanspreeklikheid vir brand en ontploffing** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsonderings 15(b) en 15(c) word geskrap.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, insluitend regskoste verhaalbaar van die versekerde deur ’n eiser of ’n aantal eisers en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir ’n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met ’n enkele oorspronklike oorsaak of bron of tydens ’n enkele (jaarlikse) versekeringstydperk, sal nie die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae, oorskry nie.

’n Opskortende voorwaarde vir hierdie uitbreiding is dat, by die voorkoms van ’n gebeurtenis wat tot ’n eis ingevolge hierdie uitbreiding aanleiding gee, die versekerde aan die vereistes van die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, No. 101 van 1998 (soos gewysig), voldoen het.

**Diere** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ondanks enige andersluidende bepaling in Spesifieke uitsondering 15(e), sal die Maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat veroorsaak word deur diere (in besit van die versekerde of waarvoor die versekerde regtens verantwoordelik is) wat deur die versekerde gebruik of aangehou word in verband met die versekerde se besigheid,

a. met dien verstande dat die versekerde redelike voorsorgmaatreëls tref om aan wetgewing in verband met die aanjaag van diere op openbare paaie of op enige plek binne die gebiedsgrense te voldoen, of

b. terwyl die diere op 'n perseel van die versekerde is, of

c. terwyl die diere op enige plek (met uitsluiting van 'n perseel van die versekerde) binne die gebiedsgrense is waar sodanige diere tydelik gehou of gehuisves word, of

d. terwyl die diere wegdwaal van die plek waarna in paragraaf (c) hierbo verwys word of wegdwaal van die perseel waarna in paragraaf (b) hierbo verwys word.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, insluitend regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of 'n aantal eisers en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorspronklike oorsaak of bron of tydens 'n enkele (jaarlikse) versekeringstydperk, sal nie die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae, oorskry nie.

**Oorstroming en bars van damwalle** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 15(d) word geskrap.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, insluitend regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of 'n aantal eisers en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met 'n enkele oorspronklike oorsaak of bron of tydens 'n enkele (jaarlikse) versekeringstydperk, sal nie die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae, oorskry nie.

Met dien verstande dat ten opsigte van 'n enkele eis of 'n aantal eise voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat voortspruit uit of toeskryfbaar is aan 'n enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, die versekerde verantwoordelik is vir 'n eerste bedrag betaalbaar bereken teen 10% van die koste en uitgawes wat deur die Maatskappy aangegaan word, verder met dien verstande dat voormelde bedrag altyd minstens R5,000 sal wees.

### Verkrygings en nuwe besighede

Die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling van die polis toegestaan word, word uitgebrei na enige maatskappy wat gedurende die versekeringstydperk deur die versekerde gestig en/of verkry word, vir 'n tydperk van 90 dae na sodanige stigting en/of verkryging.

Altyd met dien verstande dat:

1. die versekerde se besigheidsaktiwiteite onveranderd bly;
2. die jaarlikse omset van alle pas gestigte en/of verkreë maatskappye hoogstens 5% (vyf persent) is van die geraamde jaarlikse omset van die versekerde soos by die aanvang hiervan aan die maatskappy verstrek;
3. die versekerde die maatskappy van sodanige stigtings en/of verkrygings in kennis stel voor die verstryking van 90 dae daarna en dat die maatskappy die voorwaardes van hierdie afdeling van die polis dienooreenkomstig mag wysig.

### Uitbreidings vir Gastehuise en Lodges

Hierdie uitbreidings geld slegs vir daardie deel van die risiko wat met die gastehuis en/of lodge verband hou indien dit ingevolge hierdie afdeling verseker is:

A. **Skoonmaak/Droogskoonmaak van gaste se besittings**

Ondanks spesiale uitsonderings 2(a)(ii) en 2(b) sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel vir verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl dit skoongemaak of droogskoongemaak word, met

dien verstande dat:

a. die maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot R10 000 per gebeurtenis en R50 000 in enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk;

b. die maatskappy nie vir die eerste R1 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis aanspreeklik is nie.

B. **Eiendom van gaste**

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) word gekanselleer en vervang deur:

2(a)(ii) Eiendom in bewaring of onder beheer van die versekerde of ’n werknemer van die versekerde, maar hierdie uitsondering is nie op die volgende van toepassing nie:

1. eiendom (behalwe motorvoertuie) van besoekers aan die versekerde se perseel of van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers van die versekerde;
2. voertuie wat nie gehuur word deur of geleen word aan die versekerde nie (insluitend hul inhoud en toebehore) en wat die versekerde se parkeergeriewe gebruik;
3. ’n perseel wat nie deur die versekerde besit of gehuur word nie, wat tydelik deur hom geokkupeer word om daarop of daarin te werk, tensy aanspreeklikheid suiwer op grond van ’n ooreenkoms ontstaan.

C. **Onregmatige inhegtenisneming en laster**

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

i. voortspruitend uit onregmatige inhegtenisneming (insluitend aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisneming);

ii. ten opsigte van laster,

altyd met dien verstande dat die skadeloosstellingsperke hoogstens R100 000 per gebeurtenis en R500 000 in enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk is.

### **Ondoeltreffendheidsdekking** (slegs van toepassing indien Produkaanspreeklikheid gekies is)

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R50 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos teen verlies of skade waarvoor die versekerde regtens aanspreeklikheid word weens die ondoeltreffendheid van produkte wat deur die versekerde verskaf is.

Vir hierdie uitbreiding beteken ondoeltreffendheid eise wat teen die versekerde ingestel word vir ekonomiese verliese waar die versekerde se produkte soos beskryf in die bylae:

1. nie aan die verwagte opbrengswaarde wat gekwoteer is, voldoen nie
2. nie geskik is om tot kommersiële voordeel gebruik te word nie.

### Diere/Lewende Hawe by Skoue en Veilings

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R1 000 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit die tentoonstelling van lewende hawe of terwyl sodanige lewende hawe in bewaring van die versekerde is tydens ’n veiling.

### Diere wat nie aan die versekerde behoort nie

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R1 000 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling is uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit skade veroorsaak deur diere (wat nie aan die versekerde behoort nie) wat met die versekerde se toestemming op sy grond wei.

Verlies van of skade aan sodanige diere word nie deur hierdie uitbreiding verseker nie.

### Karretjies wat deur Huisdiere getrek word

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R500 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling word hiermee uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit wat voortspruit uit 'n karretjie wat deur huisdiere getrek word wat aan die versekerde behoort, of terwyl dit in bewaring of onder beheer van die versekerde is, insluitend die dood of liggaamlike besering van enige persoon wat nie 'n werknemer van die versekerde is nie terwyl die persoon op- of afklim van 'n karretjie wat deur huisdiere getrek word wat onder beheer van die versekerde is of deur die versekerde bedryf word.

### Oesbespuiting

Die maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot R1 000 000 ten opsigte van iedere en elke insident of gebeurtenis.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling word hiermee uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit wat voortspruit uit die bespuiting van oeste met plaag- en onkruiddoders en ander sodanige stowwe op landbougrond, of veld in besit van of bewoon deur die versekerde, maar met uitsluiting van aanspreeklikheid voortspruitend uit lugbespuiting van gewasse, plantasies, boorde, landbougrond, veld of landerye.

# Werkgewersaanspreeklikheid

## Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat op of ná die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word in die loop van en in verband met sodanige persoon se diens by die versekerde plaasvind, binne die gebiedsperke, en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die versekerde ingestel word.

## Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## Gebiedsperke

Enige plek ter wêreld maar nie in verband met die volgende nie:

1. Enige besigheid wat die versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite,

   of

2. Enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

   die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

## Spesifieke uitsonderings

Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

1. Aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word kragtens enige kontrak, onderneming of ooreenkoms indien die versekerde in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie aanspreeklik sou gewees het nie.
2. Aanspreeklikheid vir siekte of verswakking wat te wyte is aan 'n geleidelikwerkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of gebeurtenis voortspruit nie.
3. Boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.
4. a. Skadevergoeding ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer word deur of verkry word in 'n hof anders as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland.
   b. Regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 4(a) hierbo beskryf word nie.
5. Enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is
   a. wat nie ingevolge algemene voorwaarde 6 by die versekeraar aangemeld word nie.
   b. voor die aanvang van hierdie afdeling.
6. Enige eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 48 maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) skriftelik teen die versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in spesifieke voorwaarde 2.

### Spesifieke voorwaardes

1. Enige eis, wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge algemene voorwaarde 6 aangemeld word (hierna 'n aangemelde gebeurtenis genoem), word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die versekeraar aangemeld het.
2. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis
   a. word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel is gedurende die 48 maande onmiddellik ná kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag wat die versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig word.
   b. mag die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 6 by die versekeraar aanmeld tot 15 dae ná kansellasie of nie-hernuwing met dien verstande dat
      i. sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het.
      ii. enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 48 maande soos in 2(a) hierbo gespesifiseer word.
3. Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is
   a. op die datum waarop die versekerde die gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 6 aangemeld het; of
   b. op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word, indien die versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee.

### Uitbreidings

### Verlengde aanmeldingsopsie

Na die keuse van die versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, stem die versekeraar in om die tydperk waartydens die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 6 mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom sal word, maar onder geen omstandighede langer as 36 maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem), met dien verstande dat

1. hierdie opsie slegs uitgeoefen mag word indien die versekeraar hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernieu.
2. hierdie opsie skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae ná kansellasie of nie-hernuwing.
3. hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die versekeraar gekanselleer kan word nie.
4. die versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan die afdeling wat verstryk het nie.
5. die versekeraar slegs aanspreeklik is vir 'n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het ná die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing.
6. eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing.
7. die bedrag wat deur die versekeraar betaalbaar is vir eise wat ingestel is of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie.

8. enige eis wat ná ’n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 48 maande na die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing skriftelik teen die versekerde ingestel is, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

## Prinsipale

Indien ’n prinsipaal en die versekerde aanspreeklik is vir dieselfde skadevergoeding en indien enige kontrak of ooreenkoms tussen ’n prinsipaal en die versekerde dit vereis, stel die versekeraar, ongeag die voormelde spesifieke uitsondering 1, die prinsipaal op ’n soortgelyke wyse as die versekerde skadeloos, maar slegs in soverre die prinsipaal teenoor ’n werknemer soos vermeld, aanspreeklik is vir dood of liggaamlike besering of siekte van sodanige persoon wat voortspruit uit die nalatigheid van die versekerde of die versekerde se werknemers, met dien verstande dat

1. die versekerde in die geval van ’n eis ingevolge hierdie uitbreiding poog om met die prinsipaal te reël dat die hantering en kontrolering van alle eise by die versekeraar berus.
2. die prinsipaal, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie polis nakom en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees.
3. die aanspreeklikheid van die versekeraar nie hierdeur verhoog word nie.

## Memorandum

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang: “Hierdie afdeling dek nie dood, besering, siekte of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van ’n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

# Aangegewe voordele

## Omskrewe gebeurtenisse

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie afdeling sodanige persoon genoem) wat in die bylae gespesifiseer word. Die versekeraar betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die versekerde die vergoeding wat in die bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die bylae onder die opskrif omstandighede.

## Omskrywings

| | | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|---|
| 1. | **Permanente ongeskiktheid** beteken die volgende | | |
| | a. | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate | 100 |
| | b. | permanente en algehele verlies van | |
| | | hele oog | 100 |
| | | sig in oog | 100 |
| | | sig in oog behalwe waarneming van lig | 75 |
| | c. | permanente en algehele gehoorverlies in | |
| | | albei ore | 100 |
| | | een oor25 | |
| | d. | permanente en algehele spraakverlies | 100 |
| | e. | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | 100 |
| | f. | verlies van vier vingers | 70 |
| | g. | verlies van duim | |
| | | albei falankse | 25 |
| | | een falanks | 10 |
| | h. | verlies van wysvinger | |
| | | drie falankse | 10 |
| | | twee falankse | 8 |
| | | een falanks | 4 |
| | i. | verlies van middelvinger | |
| | | drie falankse | 6 |
| | | twee falankse | 4 |
| | | een falanks | 2 |
| | j. | verlies van ringvinger | |
| | | drie falankse | 5 |
| | | twee falankse | 4 |
| | | een falanks | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| k. | verlies van pinkie | |
| | drie falankse | 4 |
| | twee falankse | 3 |
| | een falanks | 2 |
| i. | verlies van middelhandbeen | |
| | eerste of tweede (bykomend) | 3 |
| | derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2 |
| m. | verlies van tone | |
| | almal aan een voet | 30 |
| | groottoon, albei falankse | 5 |
| | groottoon, een falanks | 2 |
| | ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen | 2 |

## Memoranda

1. Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die versekeraar sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met die voormelde bepalings nie.
2. Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.
3. 100 persent is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.
4. **tydelike algehele ongeskiktheid** beteken die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.
5. **Mediese onkoste** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en -ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawes wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.
6. **Jaarlikse verdienste** beteken die jaarlikse koers van die loon, salaris en lewenskostetoelae wat deur die versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word ten tyde van die toevallige liggaamlike besering plus die oortydbetaling, huurgeld, voedseltoelaes, kommissie en ander vergoeding van 'n deurlopende aard wat deur die versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die toevallige liggaamlike besering.
7. **Gemiddelde weeklikse verdienste** beteken een twee-en-vyftigste deel van die jaarlikse verdienste.

## **Besigheidsbeperking** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van sodanige persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid.

## Voorbehoudsbepalings

Daar word verklaar en ooreengekom dat

1. die versekeraar nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die dood of permanente ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir tydelike algehele ongeskiktheid en mediese onkoste vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit.

2. die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak, sover redelikerwys moontlik herstel het nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur.
3. tensy daar andersins hierin voorsiening gemaak word, hierdie afdeling nie van toepassing is nie op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bó die ouderdom van 75 jaar.
4. enige vergoeding wat deur die versekeraar betaalbaar is vir enige tydperk van tydelike algehele ongeskiktheid of vir mediese onkoste verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is deur of ten behoewe van sodanige persoon ingevolge enige ongevallewetgewing vir tydelike ongeskiktheid vir dieselfde of 'n korter tydperk of ten opsigte van mediese onkoste.
5. sodanige persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die versekeraar van hom vereis word. Die versekeraar is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie.
6. Algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie afdeling van toepassing is nie.
7. slegs ten opsigte van hierdie afdeling Algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word: "Hierdie afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geusürpeerde gesag nie."

## Uitbreidings

1. **Blootstelling**

   Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

2. **Verdwyning**

   In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die versekeraar tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die versekeraar vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die versekeraar 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die versekeraar terugbetaal word.

3. **Skending weens brandwonde** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

   Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die omskrywing "Permanente ongeskiktheid":

| | Persentasie van vergoeding |
|---|---|
| (n) permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die | |
| i. gesig en nek | |
| 100% van die oppervlak geskend | 50 |
| minder as 100% van die oppervlak geskend | Die deel van 50 waarin die werklik geskende staan tot 100% van die geskende oppervlakte |
| | |
| ii. oorblywende dele van die liggaam behalwe as die gesig en nek | |
| 100% van die oppervlak geskend | 25 |
| minder as 100% van die | Die deel van 25 waarin die werklik geskende oppervlak geskend staan tot 100% van die geskende oppervlakte |

Die versekeraar betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie tensy die skending 10% oorskry ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan ’n eis ingestel word.

4. **Lewenshulpmasjinerie**

   Nieteenstaande enigiets in die omskrewe voorvalle vervat sluit die 24 maande-tydperk daarin vermeld nie enige tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige persoon uitsluitlik vertraag word deur die gebruik van lewenshulpmasjinerie, toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens drie opeenvolgende dae nie.

5. **Mobiliteit**

   Wanneer die Maatskappy ’n eis vir permanente algehele ongeskiktheid erken het en die versekerde persoon direk as gevolg van hierdie ongeskiktheid permanent van ’n rolstoel afhanklik is om te beweeg, sal die Maatskappy ’n addisionele bedrag van hoogstens R10,000 betaal vir

   a. ’n selfgedrewe rolstoel; en/of
   b. die veranderings aan die stuurkontroles van die versekerde persoon se motorvoertuig en (indien nodig) die montering van rolstoellaaitoerusting; en/of
   c. aanpassings aan die versekerde persoon se woning om die gebruik van so ’n rolstoel moontlik te maak.

**6. repatriasie** (slegs van toepassing indien die doodsvoordeel verseker is)

   Die Maatskappy sal benewens die vergoeding betaalbaar soos vermeld in die bylae redelike en nodige uitgawes vir die repatriasie van die liggaam van ’n oorlede versekerde persoon na sy normale woonplek betaal, tot ’n bedrag van hoogstens R5,000.

7. **Begrafniskoste**

   Die Maatskappy sal, in die geval van toevallige sterfte van die versekerde persoon, benewens die kapitaalbedrag nog R5,000 vir die begrafniskoste van die versekerde persoon betaal.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie om vergoeding te betaal vir dood, ongeskiktheid of mediese onkoste ten opsigte van sodanige persoon

1. terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of teniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie.
2. deur sy selfmoord of moedswillige selfbesering.
3. wat uitsluitlik veroorsaak word deur ’n bestaande fisiese gebrek of ander swakheid van sodanige persoon.
4. weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon, tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ’n lid van die mediese beroep (behalwe hyself).
5. weens sy deelname aan enige oproer of burgerlike beroering.
6. in die geval van vroue, wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit of verleng of verhaas word deur of toe te skryf is aan swangerskap, bevalling, aborsie, miskraam, verloskundige prosedure of enige gevolge daarvan.
7. terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan
   a. motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passasier) behalwe op besigheid van die versekerde.
   b. wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe
      i. voertuig.
      ii. vaartuig.
      iii. tuig.
   c. bergklim wat die gebruik van toue vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal of hangswewery.

# Groep persoonlike ongevalle

## Omskrewe gebeurtenisse

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie afdeling sodanige persoon genoem) wat in die bylae gespesifiseer word.

Die versekeraar betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die versekerde die vergoeding wat in die bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die bylae onder die opskrif omstandighede.

## Omskrywings

| | | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|---|
| 1. | **Permanente ongeskiktheid** beteken die volgende | | |
| | a. | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate | 100 |
| | b. | permanente en algehele verlies van | |
| | | hele oog | 100 |
| | | sig in oog | 100 |
| | | sig in oog behalwe waarneming van lig | 75 |
| | c. | permanente en algehele gehoorverlies in | |
| | | albei ore | 100 |
| | | een oor25 | |
| | d. | permanente en algehele spraakverlies | 100 |
| | e. | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | 100 |
| | f. | verlies van vier vingers | 70 |
| | g. | verlies van duim | |
| | | albei falankse | 25 |
| | | een falanks | 10 |
| | h. | verlies van wysvinger | |
| | | drie falankse | 10 |
| | | twee falankse | 8 |
| | | een falanks | 4 |
| | i. | verlies van middelvinger | |
| | | drie falankse | 6 |
| | | twee falankse | 4 |
| | | een falanks | 2 |
| | j. | verlies van ringvinger | |
| | | drie falankse | 5 |
| | | twee falankse | 4 |
| | | een falanks | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| k. | verlies van pinkie | |
| | drie falankse | 4 |
| | twee falankse | 3 |
| | een falanks | 2 |
| l. | verlies van middelhandbeen | |
| | eerste of tweede (bykomend) | 3 |
| | derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2 |
| m. | verlies van tone | |
| | almal aan een voet | 30 |
| | groottoon, albei falankse | 5 |
| | groottoon, een falanks | 2 |
| | ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen | 2 |

## Memoranda

1. Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die versekeraar sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met die voormelde bepalings nie.
2. Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.
3. 100 persent is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.
4. **tydelike algehele ongeskiktheid** beteken die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.
5. **Mediese onkoste** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en -ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawes wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

## **Besigheidsbeperking** (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van sodanige persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid.

## Voorbehoudsbepalings

Daar word verklaar en ooreengekom dat

1. die versekeraar nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die dood of permanente ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir tydelike algehele ongeskiktheid en mediese onkoste vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit.
2. die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak, sover redelikerwys moontlik herstel het nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur.
3. tensy daar andersins hierin voorsiening gemaak word, hierdie afdeling nie van toepassing is nie op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bó die ouderdom van 70 jaar.
4. sodanige persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die versekeraar van hom vereis word. Die

versekeraar is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie.

5. algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie afdeling van toepassing is nie.

6. slegs ten opsigte van hierdie afdeling algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word: "Hierdie afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

## Uitbreidings

1. **Blootstelling**

   Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

2. **Verdwyning**

   In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die versekeraar tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die versekeraar vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die versekeraar 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die versekeraar terugbetaal word.

3. **Skending weens brandwonde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die omskrywing "Permanente ongeskiktheid":

| | | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|---|
| (n) | permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die | | |
| | i. | gesig en nek | |
| | | 100% van die oppervlak geskend | 50 |
| | | minder as 100% van die oppervlak geskend. | Die deel van 50 waarin die werklik geskende deel staan tot 100% van die geskende oppervlakte |
| | ii. | oorblywende dele van die liggaam behalwe as die gesig en nek | |
| | | 100% van die oppervlak geskend | 25 |
| | | minder as 100% van die oppervlak geskend | Die deel van 25 waarin die werklik geskende deel staan tot 100% van die geskende oppervlakte |

   Die versekeraar betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie tensy die skending 10% oorskry ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan 'n eis ingestel word.

4. **Lewenshulpmasjinerie**

   Nieteenstaande enigiets in die omskrewe voorvalle vervat sluit die 24 maande-tydperk daarin vermeld nie enige tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige persoon uitsluitlik vertraag word deur die gebruik van lewenshulpmasjinerie, toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens drie opeenvolgende dae nie.

5. **Mobiliteit**

   Wanneer die Maatskappy 'n eis vir permanente algehele ongeskiktheid erken het en die versekerde persoon direk as gevolg van hierdie ongeskiktheid permanent van 'n rolstoel afhanklik is om te beweeg, sal die Maatskappy 'n addisionele bedrag van hoogstens R10,000 betaal vir

   a. 'n selfgedrewe rolstoel; en/of

   b. die veranderings aan die stuurkontroles van die versekerde persoon se motorvoertuig en (indien nodig) die montering van rolstoellaaitoerusting; en/of

c. aanpassings aan die versekerde persoon se woning om die gebruik van so 'n rolstoel moontlik te maak.

6. **Repatriasie (slegs van toepassing indien die doodsvoordeel verseker is)**

Die Maatskappy sal benewens die vergoeding betaalbaar soos vermeld in die bylae redelike en nodige uitgawes vir die repatriasie van die liggaam van 'n oorlede versekerde persoon na sy normale woonplek betaal, tot 'n bedrag van hoogstens R5,000.

7. **Begrafniskoste**

Die Maatskappy sal, in die geval van toevallige sterfte van die versekerde persoon, benewens die kapitaalbedrag nog R5,000 vir die begrafniskoste van die versekerde persoon betaal.

## Spesifieke uitsonderings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie om vergoeding te betaal vir dood, ongeskiktheid of mediese onkoste ten opsigte van sodanige persoon

1. terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie.
2. deur sy selfmoord of moedswillige selfbesering.
3. wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisiese gebrek of ander swakheid van sodanige persoon.
4. weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon, tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe hyself).
5. weens sy deelname aan enige oproer of burgerlike beroering.
6. in die geval van vroue, wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit of verleng of verhaas word deur of toe te skryf is aan swangerskap, bevalling, aborsie, miskraam, verloskundige prosedure of enige gevolge daarvan.
7. terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan
   a. motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passasier) behalwe op besigheid van die versekerde.
   b. wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe
      i. voertuig.
      ii. vaartuig.
      iii. tuig.
   c. bergklim wat die gebruik van toue vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal of hangswewery.

# Motor persoonlike ongelukke

## Omskrewe gebeurtenisse

Liggaamsbesering veroorsaak deur toevallige, gewelddadige eksterne en sigbare metodes aan enige persoon wat in die bylae gespesifiseer word (hierna in hierdie afdeling sodanige persoon genoem) terwyl sodanige persoon in die permanent ingeslote bestuurs-/passasiersvervoerkajuit van die motorvoertuig wat in die bylae beskryf word, reis. Die Maatskappy sal, in geval van ongeluksliggaamsbesering van sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande dood of ongeskiktheid tot gevolg het soos in die bylae onder die opskrif omstandighede gespesifiseer, aan die versekerde, namens sodanige persoon of sy boedel, die vergoeding betaal wat in die bylae aangegee word.

## Aanspreeklikheidsperke

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om meer te betaal nie as

1. R2,080,000 aan enige sodanige persoon en R20,000,000 ongeag die aantal sodanige persone wat beseer word as gevolg van 'n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit een oorsaak.
2. R10,000 sterftevergoeding aan sodanige persoon onder die ouderdom van 6 jaar.
3. R30,000 sterftevergoeding aan sodanige persoon onder die ouderdom van 14 jaar.
4. 50% van die vergoeding wat aangegee word indien sodanige persoon op die tydstip van besering nie 'n sitplekgordel gedra het nie.

## Omskrywings

| | | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|---|
| 1. | **Permanente ongeskiktheid** beteken | | |
| | a. | verlies deur fisiese skeiding by of bokant die gewrig of enkel van een of meer ledemate | 100 |
| | b. | permanente en algehele verlies van | |
| | | hele oog | 100 |
| | | sig in een oog | 100 |
| | | sig in een oog behalwe waarneming | 75 |
| | c. | permanente en totale gehoorverlies | |
| | | albei ore | 100 |
| | | een oor | 25 |
| | d. | permanente en algehele spraakverlies | 100 |
| | e. | besering wat permanente en algehele onbevoegdheid tot gevolg het om gewone beroep of enige ander beroep waarvoor die versekerde persoon deur kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | 100 |
| | f. | verlies van vier vingers | 70 |
| | g. | verlies van duim | |
| | | albei litte | 25 |
| | | een lit | 10 |
| | h. | verlies van voorvinger | |
| | | drie litte | 10 |
| | | twee litte | 8 |
| | | een lit | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| i. | verlies van middelvinger | |
| | drie litte | 6 |
| | twee litte | 4 |
| | een lit | 2 |
| j. | verlies van ringvinger | |
| | drie litte | 5 |
| | twee litte | 4 |
| | een lit | 2 |
| k. | verlies van pinkie | |
| | drie litte | 4 |
| | twee litte | 3 |
| | een lit | 2 |
| l. | verlies van middelhandbene | |
| | eerste of tweede (addisioneel) | 3 |
| | derde, vierde of vyfde (addisioneel) | 2 |
| m. | verlies van tone | |
| | almal aan een voet | 30 |
| | groot, albei litte | 5 |
| | groot, een lit | 2 |
| | anders as groottoon, indien meer as een toon verloor, elk | 2 |

## Memoranda

1. Waar die besering nie gespesifiseer word nie, sal die Maatskappy sodanige bedrag betaal as wat na hulle mening met die bogenoemde bepalings ooreenstem.
2. Permanente algehele gebruiksverlies van ’n gedeelte van die liggaam sal as ’n verlies van sodanige gedeelte behandel word.
3. 100 persent is die maksimum vergoedingspersentasie wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid wat voortspruit uit ’n ongeluk of reeks ongelukke wat uit een oorsaak ten opsigte van enige sodanige persoon ontstaan.
4. **Mediese uitgawes** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddele, prostese, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting of hospitaalbehandeling (insluitende koste en uitgawes aangegaan vir noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien vasgekeer of om sodanige persoon na ’n plek van veiligheid te bring) as gevolg van liggaamsbesering en binne 24 maande van die omskrewe gebeurtenis opgedoen.

## Voorbehoudsbepalings

Daar word verklaar en ooreengekom dat

1. die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees om ten opsigte van enige enkele persoon vir dood of ongeskiktheid voortspruitend uit ’n ongeluk of reeks ongelukke wat uit een oorsaak ontstaan, meer te betaal as die vergoeding wat vir dood of permanente ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat vir mediese uitgawes betaalbaar is, te betaal nie.
2. hierdie afdeling nie van toepassing sal wees op enige sodanige persoon bo die ouderdom van 75 nie.
3. nadat ongeluksliggaamsbesering opgedoen is waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, sodanige persoon wanneer redelikerwys deur die Maatskappy vereis om dit te doen, ’n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling moet ondergaan. Die Maatskappy

is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy tot sy bevrediging aan hierdie voorbehoudsbepaling voldoen word nie.

4. algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie afdeling van toepassing is nie.

5. ten opsigte van hierdie afdeling alleenlik, algemene uitsondering 1 geskrap word en deur die volgende vervang word: "hierdie afdeling dek nie dood of besering wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word, verband hou met of die gevolg is van oorlog, inval, optrede deur buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of selftoegeëiende mag."

6. indien dekking op die enige-passasier-en-bestuurder-grondslag is en die aantal persone (insluitende die bestuurder) in die genoemde voertuig ten tye van die gebeurtenis meer is as die aantal persone/sitplekkapasiteit wat in die bylae aangegee word, die Maatskappy slegs aanspreeklik is vir 'n eweredige gedeelte van die vergoeding wat andersins betaalbaar sou wees.

## Uitbreiding

1. **Lewensondersteuningsapparaat**

   Nieteenstaande enigiets wat in die omskrewe gebeurtenisse vervat word, sluit die tydperk van 24 maande wat daarin aangegee word nie enige tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige person uitsluitlik vertraag word deur die gebruik, vir tydperke van minstens drie agtereenvolgende dae, van lewensondersteuningsmasjinerie, -toerusting of -apparaat nie.

2. **Benoemde-persoon-grondslag**

   Dekking ten opsigte van sodanige persoon word uitgebrei deur skrapping van die woorde "motorvoertuig in die bylae beskryf" onder omskrewe gebeurtenisse en vervanging van die woorde "motorvoertuig."

## Spesifieke uitsonderings

Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir die betaling van vergoeding vir sterfte-, ongeskiktheids- of mediese uitgawes ten opsigte van sodanige persoon nie as gevolg van

1. sy selfmoord of opsetlike selfbesering.

2. uitsluitlik veroorsaak deur 'n bestaande fisiese defek of sieklikheid van sodanige persoon.

3. as gevolg van die invloed van alkohol, verdowingsmiddels of dwelms op die bestuurder van die voertuig tensy deur 'n lid van die mediese professie (behalwe homself) toegedien of tensy voorgeskryf deur of geneem ooreenkomstig die instruksies van 'n lid van die mediese professie (behalwe homself).

4. in die geval van vroue, wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit of verleng word of vervroeg word deur of toeskryfbaar is aan swangerskap, kindergeboorte, aborsie, miskraam, obstetriese prosedures of enige nagevolge daarvan.

5. terwyl hy deelneem aan, of as gevolg van sy deelname aan,

   a. motorfietsry (insluitende bromponies en kwads), hetsy as 'n bestuurder of passasier.

   b. wedrenne van enige aard.

# Lewende hawe (stamdiere)

## Omskrewe gebeurtenisse

Die Maatskappy kom hiermee ooreen om, indien 'n dier gespesifiseer in die bylae gedurende die versekeringstydperk 'n besering opdoen wat alleenlik en direk voortspruit uit 'n ongeluk veroorsaak op uitwendige, gewelddadige en sigbare wyse of 'n siekte opdoen wat direk en onafhanklik van enige ander oorsaak tot die dier se dood lei, onderworpe aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes hierin vervat of hierop geendosseer, vergoeding aan die versekerde te betaal tot en met hoogstens die bedrag wat in die bylae ten opsigte van sodanige dier gespesifiseer is.

Waar die versekeringstydperk 'n termyn van 12 maande is en 'n ongeluk voorkom of siekte manifesteer gedurende die versekeringstydperk, sal die Maatskappy die versekerde vergoed indien sodanige dier binne 30 dae na verstryking van die versekering vrek, met dien verstande dat skriftelike kennis van sodanige ongeluk of siekte aan die Maatskappy gegee is voordat hierdie versekering verstryk het.

## Uitsonderings

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie ten opsigte van verlies wat direk of indirek uit die volgende voortspruit:

1. vankantmaking ter voldoening aan die vereistes van 'n wet of bevel van 'n staatsdepartement of plaaslike owerheid, behalwe dat die Maatskappy nie hierdie betrokke uitsondering ter verdediging sal aanvoer nie
   a. waar 'n versekerde dier beseer word of deur 'n uiters pynlike siekte geaffekteer word en 'n gekwalifiseerde veearts wat deur die Maatskappy aangestel is, sertifiseer dat dit ongeneeslik en so erg is dat onmiddellike vankantmaking om menslike redes noodsaaklik is;

      of

   b. waar 'n versekerde dier beseer word en 'n gekwalifiseerde veearts wat deur die versekerde aangestel is, eers 'n sertifikaat verskaf het dat die dier se lyding ongeneeslik en so erg is dat onmiddellike vankantmaking om menslike redes noodsaaklik is, sonder om te wag dat die Maatskappy 'n veearts aanstel,

   met dien verstande dat, ten opsigte van paragraaf (a) of (b) hierbo, die Maatskappy die geleentheid gegee word om 'n nadoodse ondersoek deur die veearts te laat uitvoer as hulle dit wil doen;
2. 'n ongeluk wat voorkom of siekte wat opgedoen word buite die Republiek van Suid-Afrika;
3. 'n ongeluk wat voorkom of siekte wat opgedoen word in transito per lug of see;
4. toevallige plantvergiftiging of vergiftiging voortspruitend uit voeding en/of suiping en/of dippery, behalwe tot die omvang van 65% van die versekerde bedrag;
5. a. enige chirurgiese operasie, tensy uitgevoer deur 'n gekwalifiseerde veearts en deur hom as noodsaaklik gesertifiseer uitsluitlik as gevolg van 'n ongeluk of siekte soos deur hierdie polis verseker en uitgevoer in 'n poging om die dier se lewe te red;
   b. die toediening van enige medikasie, tensy dit deur 'n gekwalifiseerde veearts (of ervare personeel onder leiding van die veearts) gedoen word en deur 'n veearts gesertifiseer is dat dit profilakties van aard is of noodsaaklik is weens 'n ongeluk of siekte soos deur hierdie polis verseker. "Medikasie" soos hierin gebruik, sluit enige doofmiddel, hormoon, vitamien, proteïen of ander middel in, behalwe suiwer voer of drinkmiddels;

6, rooiwaterkoors;

7. hartwaterkoors;
8. galsiekte;
9. bloednier;
10. bloutong;
11. enige siekte wat deur bosluise oorgedra word en binne 30 dae na die aanvang van dekking ingevolge hierdie afdeling manifesteer;

12. voortvloeiende verlies, hoe dit ookal kan ontstaan;
13. wegdwaling, diefstal of poging tot diefstal van diere;
14. ongeskiktheid vir of onbevoegdheid om die funksies uit te voer waarvoor die dier aangehou word;
15. vrekte weens uithongering of wanvoeding;
16. vertrapping of versmoring weens oorlaaiing van 'n voertuig wat gebruik word om die versekerde dier te vervoer;
17. kwaadwillige of opsetlike besering veroorsaak deur die versekerde of enige persoon wat namens die versekerde optree;
18. aanspreeklikheid teenoor 'n derde party;
19. skade aan of verlies van lewende hawe wat nie aan die versekerde behoort nie of in trust gehou word deur of in bewaring of onder beheer van die versekerde is;
20. onwettige vervoer of handel of risiko's van smokkelhandel;
21. aanval deur honde of wilde diere;
22. verkluiming van lewende hawe;
23. inenting, kastrasie, stertverwydering of chirurgiese operasie of bevalling of die gevolge daarvan, of dragtigheid.

## Voorwaardes

1. **Situasie en gebruik**
   a. Geen dier mag sonder die Maatskappy se skriftelike toestemming uit die situasie soos vermeld in die bylae verwyder word met die doel om permanent elders aangehou te word nie.
   b. Geen dier mag sonder die Maatskappy se skriftelike toestemming gebruik word vir ander doeleindes as die wat in die aansoek gemeld is nie.
2. **Kennisgewing van eis**
   a. Die versekerde moet die Maatskappy onmiddellik in kennis stel van enige siekte of ongeluk van 'n dier wat in die bylae beskryf is en op eie koste onmiddellik toereikende aandag en behandeling deur 'n veearts reël en moet, wanneer dit verlang word, 'n verslag deur die behandelende veearts oor die dier se toestand verskaf. Die versekerde moet te alle tye alle behoorlike en redelike sorg en voorsorg teen verlies of gevaar van verlies tref en alle redelike regulasies en voorskrifte van die Maatskappy of 'n veearts in diens van die Maatskappy nakom.
   b. Wanneer 'n dier wat in die bylae beskryf is vrek, moet die versekerde die Maatskappy se kantoor soos vermeld in die bylae onmiddellik daarvan in kennis stel en die Maatskappy die geleentheid gee om die karkas te ondersoek, deur nie die karkas te slag of daarmee weg te doen voor die verstryking van 'n minimum tydperk van 24 uur nadat sodanige kennisgewing deur die Maatskappy ontvang is nie.

   Die versekerde moet op eie koste binne 14 dae nadat hy gevra is om dit te doen, sodanige inligting asook 'n veearts se sertifikaat/sertifikate en bevredigende bewys van die dier se dood, identiteit en waarde aan die Maatskappy verskaf as wat die Maatskappy kan verlang. Die bewyslas dat 'n versekerde dier nie weens 'n uitgesonderde oorsaak soos beskryf in hierdie polis gevrek het nie, rus op die versekerde. Indien die eis erken word, moet die versekerde op die beste manier wegdoen met die karkas en die gerealiseerde bedrag moet tot voordeel van die Maatskappy wees.
3. **Bydrae en ander tipes versekering**
   a. Indien daar ten tyde van 'n eis wat ingevolge hierdie afdeling ontstaan 'n ander polis is wat dieselfde risiko of 'n deel daarvan dek, hetsy aangegaan deur of namens die versekerde of enige ander persoon, is die Maatskappy nie aanspreeklik om meer as die eweredige gedeelte van die eis te betaal of by te dra nie.

b. Hierdie versekering dek nie 'n verlies wat ten tyde van sodanige verlies verseker is of, as hierdie afdeling nie bestaan het nie, sou wees deur 'n brand-, mariene of transitopolis of sodanige polis(se) indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

4. **Eweredigheid**

Indien daar ten tyde van verlies van lewende hawe soos ingevolge hierdie afdeling verseker gevind word dat daar meer diere as die versekerde getal is, is die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Indien daar meer as een item is, is elke item afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Waarborg

Dit word gewaarborg dat elke dier by die aanvang van hierdie versekering gesond en vry van enige aandoening, siekte, lamheid, besering of gebreklikheid is.

Ten opsigte van stamboekdiere waarborg die versekerde die egtheid van sodanige stamboek, wat voor die betaling van vergoeding voorgelê moet word.

## Uitbreidings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

## Opsetlike skade

Verlies of skade wat direk veroorsaak word deur of as gevolg van die opsetlike of moedswillige of roekelose daad van 'n persoon, wat gepleeg word met die voorneme om sodanige verlies of skade te veroorsaak, maar uitgesonderd verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit diefstal of poging tot diefstal, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. voortvloeiende of indirekte verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
2. verlies of skade voortspruitend uit totale staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid;
3. verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike onteiening voortspruitend uit konfiskering, opkommandering of opeising deur 'n wettig gekonstitueerde owerheid;
4. verlies of skade met betrekking tot of veroorsaak deur 'n gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering (a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van 'n wettig gekonstitueerde owerheid om enige sodanige gebeurtenis te beheer, voorkom, onderdruk of op enige ander wyse te hanteer.

Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade op grond van bepalings 1, 2, 3, of 4 nie deur hierdie polis gedek word nie, is die bewyslas op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Endossemente (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

**1. a. Impotensie van bulle/ramme slegs as gevolg van 'n ongeluk**

Indien deur die voorlegging van bevredigende bewys en 'n sertifikaat bewys word dat die dier soos beskryf in die bylae permanent impotent of onvrugbaar is of permanent nie tot natuurlike dekking in staat is nie as gevolg van 'n besering veroorsaak op toevallige, gewelddadige eksterne en sigbare wyse en gedurende die versekeringstydperk opgedoen, sal die Maatskappy, nadat 'n tydperk van 3 kalendermaande verstryk het vanaf die datum van kennisgewing van impotensie, onvrugbaarheid of onvermoë tot natuurlike dekking, die verskil tussen die gerealiseerde bedrag by wegdoening met die dier en die versekerde bedrag vermeld in die bylae betaal, met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige eise ten opsigte van voortvloeiende verlies, hoe dit ook al kan ontstaan.

**1. b. Impotensie van bulle/ramme as gevolg van 'n ongeluk en/of siekte**

Indien deur die voorlegging van bevredigende bewys en 'n sertifikaat bewys word dat die dier soos beskryf in die bylae permanent impotent of onvrugbaar is of permanent nie tot natuurlike dekking in staat is nie as gevolg van 'n besering veroorsaak op toevallige, gewelddadige eksterne en sigbare wyse of as gevolg van siekte opgedoen gedurende die versekeringstydperk, sal die Maatskappy, nadat 'n tydperk van 3 kalendermaande verstryk het vanaf die datum van

kennisgewing van impotensie, onvrugbaarheid of onvermoë tot natuurlike dekking, die verskil tussen die gerealiseerde bedrag by wegdoening met die dier en die versekerde bedrag vermeld in die bylae betaal, met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige eise ten opsigte van voortvloeiende verlies, hoe dit ook al kan ontstaan.

2. **Rooiwaterkoors**

Uitsondering 6 word gekanselleer.

3. **Hartwaterkoors**

Uitsondering 7 word gekanselleer.

4. **Galsiekte**

Uitsondering 8 word gekanselleer.

5. **Bloednier**

Uitsondering 9 word gekanselleer, met dien verstande dat die betrokke dier teen hierdie siekte ingeënt is 6 maande voordat dit gevrek het en verder met dien verstande dat die entstof korrek bewaar en gebruik is soos in die gebruiksaanwysings voorgeskryf is.

6. **Bloutong**

Uitsondering 10 word gekanselleer, met dien verstande dat die betrokke dier teen hierdie siekte ingeënt is 12 maande voordat dit gevrek het en verder met dien verstande dat die entstof korrek bewaar en gebruik is soos in die gebruiksaanwysings voorgeskryf is.

**Memorandum van toepassing op endossemente 5 en 6**

'n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling is dat bewys van inenting in die vorm van 'n sertifikaat wat deur 'n veearts geteken is, of indien die versekerde self die inenting toegedien het, 'n sertifikaat wat deur die versekerde geteken en deur 'n naburige boer mede-onderteken is, onmiddellik na die toediening van die inenting en voor die voorkoms van die eis deur die Maatskappy ontvang word.

7. **Uitbreiding t.o.v.** kalwers

Hierdie afdeling van die polis word uitgebrei om dekking te verskaf vir 'n kalf of tweelingkalwers ouer as 24 uur maar jonger as 6 maande, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige kalf of tweelingkalwers nie meer as 20% van die versekerde bedrag van die versekerde koei is nie. Hierdie uitbreiding geld nie ten opsigte van tweelingkalwers indien slegs een van hulle vrek nie.

In die geval van betaling van vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding word die versekerde bedrag van die versekerde koei met die bedrag van sodanige vergoeding verminder.

8. **Uitbreiding t.o.v.** lammers

Hierdie afdeling van die polis word uitgebrei om dekking te verskaf vir 'n lam of tweelinglammers ouer as 24 uur maar jonger as 6 maande, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige lam of tweelinglammers nie meer as 20% van die versekerde bedrag van die versekerde ooi is nie.

Hierdie uitbreiding geld nie ten opsigte van tweelinglammers indien slegs een van hulle vrek nie.

In die geval van betaling van vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding word die versekerde bedrag van die versekerde ooi met die bedrag van sodanige vergoeding verminder.

9. **Vergiftiging**

Uitsondering 4 word gekanselleer.

10. **Diefstal**

Ondanks uitsondering 13 word hierdie afdeling uitgebrei om diefstal of poging tot diefstal van die versekerde diere in te sluit, met dien verstande dat

1. die versekerde in die geval van 'n eis onmiddellik die polisie in kennis stel en watter stappe ookal nodig is, doen om met die terugkryging van sodanige vee te help;

2. die Maatskappy nie eise vir diefstal van versekerde diere sal uitbetaal indien die polisieverwysingsnommer nie saam met die eisvorm voorgelê word nie;

3. die versekerde ten opsigte van elke eis aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vermeld word.

11. **Omvattende transitodekking alleenlik**

Hiermee word verklaar en ooreengekom dat die dekking wat hierdie afdeling verskaf, beperk is tot verlies gely as gevolg van die vrekte van 'n dier gespesifiseer in die bylae terwyl dit in transito is of binne 14 dae daarna as gevolg van 'n ongeluk of siekte opgedoen terwyl dit in transito was, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n dier nie meer sal wees as die versekerde bedrag wat teenoor daardie dier in die bylae vermeld word nie;

2. die versekerde ten opsigte van elke eis aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae gemeld word.

**12. Beperkte transitodekking (brand, botsing, ontsporing en omslaan alleenlik)**

Hiermee word verklaar en ooreengekom dat die dekking wat hierdie afdeling verskaf, beperk is tot verlies gely as gevolg van die vrekte van 'n dier gespesifiseer in die bylae na brand, botsing, ontsporing of die omslaan van die voertuig waarin dit vervoer word of binne 14 dae daarna as gevolg van 'n ongeluk of siekte opgedoen terwyl dit in transito was, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n dier nie meer sal wees as die versekerde bedrag wat teenoor daardie dier in die bylae vermeld word nie;

2. die versekerde ten opsigte van elke eis aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae gemeld word.

13. **Aanval deur honde en wilde diere**

Uitsondering 21 word gekanselleer en hierdie afdeling word uitgebrei om dekking te verskaf ten opsigte van verlies gely as gevolg van die vrekte van die gespesifiseerde dier, direk veroorsaak deur 'n aanval deur honde of wilde diere, uitgesonderd honde of wilde diere wat aan die versekerde, lede van sy huishouding of sy werknemers behoort of in hul bewaring is, met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n dier nie meer sal wees as die versekerde bedrag wat teenoor daardie dier in die bylae vermeld word nie;

2. die versekerde ten opsigte van elke eis aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae gemeld word.

14. **verkluiming van lewende hawe**

Uitsondering 22 word gekanselleer en hierdie afdeling word uitgebrei om dekking te verskaf ten opsigte van verlies gely as gevolg van skade ten opsigte van die vrekte van die gespesifiseerde dier, direk veroorsaak deur

1. storm, wind, water, hael en sneeu;

2. verkluiming, met die uitsondering van verlies weens 'n daling in temperatuur wat nie met storm, wind, water, hael of sneeu gepaardgaan nie,

   met dien verstande dat

   a. geen dekking ingevolge hierdie uitbreiding binne die eerste 7 dae na die aanvang van sodanige dekking sal geld nie;

   b. die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n dier nie meer sal wees as die versekerde bedrag wat teenoor daardie dier in die bylae vermeld word nie;

   c. die versekerde ten opsigte van elke eis aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae gemeld word.

## Spesifieke voorwaardes

1. Die versekerde moet te alle tye alle redelike sorg en voorsorg tref om die diere teen verlies of gevaar van verlies, ongeluk of siekte te beskerm en alle redelike regulasies en voorskrifte van die Maatskappy of ’n veearts in diens van die Maatskappy nakom.
2. Die versekerde moet die Maatskappy onmiddellik in kennis stel van enige ongeluk of verlies van ’n dier wat ingevolge hierdie afdeling verseker is en op die versekerde se koste onmiddellik toereikende aandag en behandeling reël.
3. Die versekerde onderneem om alle wette, reëls en regulasies met betrekking tot die vervoer van diere na te kom.
4. Indien ’n gebeurtenis voorkom wat tot ’n eis aanleiding gee of kan gee, moet die versekerde die Maatskappy onmiddellik van sodanige gebeurtenis in kennis stel:
   - i. die versekerde moet op eie koste binne 14 dae na sodanige gebeurtenis ’n ingevulde eisvorm, saam met alle ander inligting wat verlang kan word, insluitend ’n gekwalifiseerde veearts se sertifikate, foto’s en bevredigende bewys van die dier se dood, identiteit en waarde, aan die versekeraar verskaf;
   - ii. indien die Maatskappy beweer dat die dier aan ’n uitgesonderde oorsaak gevrek het, is die bewyslas op die versekerde om die teendeel te bewys;
   - iii. indien die Maatskappy die eis erken, kan die versekerde op die beste manier wegdoen met die karkas en die gerealiseerde bedrag moet teen die bedrag van die eis verreken word.

## Onderafdeling A – Materiële skade aan rekenaartoerusting

### Omskrewe gebeurtenisse

Skielike en onvoorsiene fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit word nie, wat meebring dat dit herstel of vervang moet word (hierna die insident genoem), op of in die omgewing van die perseel binne die gebiedsgrense, synde rekenaartoerusting-items soos beskryf in die bylae, in besit van of gehuur deur die versekerde, en dan slegs indien dit gehuur word ooreenkomstig ’n skriftelike en getekende huur- en instandhoudingsooreenkoms wat vereis dat die versekerde versekering vir die gehuurde items aangaan, terwyl

1. in werking of nie in gebruik nie op enige plek binne daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word op die versekerde perseel beskryf in die bylae, behalwe skootrekenaars/ notaboekrekenaars/iPads/ tablette en dies meer wat wêreldwyd gedek word, met dien verstande dat elke sodanige item afsonderlik onder die opskrif “Wêreldwye dekking” in die bylae gelys word;
2. in transito, met inbegrip van laai en aflaai of terwyl dit tydelik op enige perseel onderweg gestoor word;
3. tydelik verwyder uit daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel beskryf in die bylae, na ’n ander gebou.

### Spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A

1. Besonderhede wat op die bylae moet verskyn ten opsigte van enige item wat ingevolge Onderafdeling A verseker word:
    a. Die versekerde moet elke rekenaartoerusting-item wat ingevolge hierdie onderafdeling verseker word, afsonderlik lys en identifikasiebesonderhede aangaande elke item skriftelik verskaf.
    b. Hierbenewens moet die versekerde items afsonderlik onder die volgende opskrifte gelys word:

        **A.1 Binne die gebiedsgrense by die gespesifiseerde perseel**

        a. Hardeware

        b. Sagteware

        **A.2 Wêreldwye dekking**

        a. Hardeware (slegs vir draagbare skootrekenaars, notaboekrekenaars, iPads, tablette)

        b. Sagteware (sagteware gekoop en gelaai op hardeware-items wat onder Wêreldwye dekking A.2 (a) gedek word en slegs as sodanige sagteware ook onder Wêreldwye dekking gelys en gespesifiseer is en die nuwe vervangingswaarde daarvan by die Wêreldwye dekking se versekerde bedrag ingesluit is).
2. Indien die versekerde ’n rekenaarhardeware-toerustingitem huur, moet die versekerde (huurder) voor die aanvang van dekking vir sodanige item afskrifte van die versekerde se bestelling en skriftelike en getekende huurooreenkoms saam met die identifikasiebesonderhede van die item soos hierbo vereis, by die Maatskappy indien. Geen gehuurde rekenaarhardeware-item wat meer as drie jaar oud is en ’n oorspronklike koopwaarde van minder as R50,000 het, word deur hierdie versekering gedek nie. Geen gehuurde rekenaarhardeware-toerusting word deur hierdie versekering gedek nie, tensy sodanige toerusting by sy plek op die versekerde perseel geïnstalleer is en suksesvol in bedryf gestel is. Die identifikasiebesonderhede van elke sodanige gehuurde item sluit ’n sertifikaat in wat deur beide die verskaffer (verhuurder) van sodanige toerusting of die verhuurder se behoorlik gemagtigde installeringsagent en die versekerde (huurder) onderteken is en bevestiging deur die versekerde (huurder) van sodanige installering en suksesvolle inbedryfstelling. Geen gehuurde sagteware word deur hierdie versekeringspolis gedek nie.
3. Hierdie onderafdeling verskaf nie dekking vir rekenaartoerusting wat geïnstalleer is in of deel uitmaak van enige soort voertuig, vaartuig of enige ander bewegende masjien of toerusting nie.

4. Hierdie onderafdeling verskaf nie dekking vir eiendom wat ouer as 7 (sewe) jaar sedert die oorspronklike vervaardigingsdatum is nie.

## **Spesiale voorwaardes** (van toepassing op onderafdeling A)

**1. Spesiale opskortende voorwaarde vir die toestaan van die spesiale laer eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van veiligheidsmaatreëls verlies of skade veroorsaak deur kragstuwings of weerligslag**

’n Opskortende voorwaarde vir die toestaan van die spesiale laer eerste bedrag betaalbaar ingevolge Onderafdeling A is dat die versekerde eiendom voor die aanvang van hierdie polis behoorlik en voldoende deur middel van geskikte veiligheidsmaatreëls teen weerlig en variasies in die kragtoevoer beskerm moet wees en dat sodanige beskerming gedurende die versekeringstydperk in goeie orde in stand gehou word. Voldoende en geskikte veiligheidsmaatreëls is:

a. Eksterne weerligbeskerming wat aan SANS 62305 voldoen.

b. Eksterne weerligbeskerming wat aan SANS 62305 en SANS 10313 vir riet- en houtgeboue voldoen.

c. Interne weerligbeskerming wat aan beide Klas 1 weerligafleiers en Klas 2 stuwingsweerders ooreenkomstig SANS 10142 – 1:2009 Bylae L voldoen.

d. Klas 2 stuwingsweerders wat ooreenkomstig SANS 10142 – 1:2009 Bylae L in die hoof elektriese distribusiebord geïnstalleer word.

e. Waarskuwing: Die versekerde word aangeraai om nie Klas 3 prop- en verlengprop-tipe stuwingsweerders te gebruik nie, tensy Klas 2 stuwingsweerders ook stroomop in die hoof elektriese distribusiebord geïnstalleer is, soos vereis deur SANS 10142. Wanneer Klas 3 prop- en verlengprop-tipe stuwingsweerders sonder Klas 2 stuwingsbeskerming in ’n elektriese installasie gebruik word, kan die Klas 3 prop- en verlengprop-tipe stuwingsweerders beskadig word en ’n brand veroorsaak in die geval van ’n groot kragstuwing.

f. Om vir die spesiale eerste bedrag betaalbaar te kwalifiseer, moet die versekerde op enige tydstip wanneer die Maatskappy se verteenwoordiger dit versoek, ’n geldige statutêre Nakomingsertifikaat aangaande bogenoemde voldoende en geskikte veiligheidsmaatreëls voorlê wat nie meer as 6 (ses) maande voor die begin van die versekeringstydperk en nie later as die begin van die versekeringstydperk nie uitgereik/hernu is.

## Uitsonderings van toepassing op onderafdeling A

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om die versekerde skadeloos te stel nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van

1. die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae ten opsigte van Onderafdeling A, van toepassing op elke gebeurtenis wat tot ’n eis aanleiding gee. Indien meer as een item van die versekerde eiendom fisiese verlies of skade tydens ’n enkele gebeurtenis opdoen, is die eerste bedrag betaalbaar die hoogste enkelbedrag van toepassing op sodanige versekerde eiendom;
2. foutiewe werking of onklaarraking tensy dit veroorsaak is deur fisiese skade wat andersins deur hierdie onderafdeling gedek word;
3. skade of verlies verhaalbaar ingevolge ’n waarborg, instandhoudings-, huur- en/of bruikhuurooreenkoms wat deur of namens die versekerde aangegaan is en wat die versekerde rekenaartoerusting dek;
4. foute of defekte wat ten tyde van die reël van hierdie versekering of gedurende die geldigheidsduur van die versekering aan die versekerde (of sy verantwoordelike werknemers) bekend is en wat nie aan die Maatskappy openbaar gemaak is nie, of enige gevolge daarvan;
5. vermorsing van materiaal of dies meer of slytasie van enige deel van die versekerde eiendom wat veroorsaak word deur of natuurlik ontstaan uit die gewone gebruik of werking of ander geleidelike agteruitgang, die ontwikkeling van swak kontakte of skraping van geverfde of gepoleerde oppervlakke van ’n kosmetiese aard;
6. onderdele met ’n kort lewensduur soos (maar nie daartoe beperk nie) gloeilampe, kleppe, x-straalbuise, katodestraalbuise, termioniese emissiebuise, sekerings en offerstroombane. Indien sodanige dele

beskadig word as gevolg van fisiese verlies van of skade aan ander dele van die versekerde eiendom waarvoor in hierdie onderafdeling voorsiening gemaak word, stel die Maatskappy die versekerde skadeloos vir die reswaarde voor die verlies van sodanige uitruilbare dele;

7. die koste van die toevoeging, vervanging, reproduksie, herstel of verandering van data;

8. die koste van die toevoeging, vervanging, reproduksie, herstel of verandering van programmatuur of programme, behalwe as sodanige sagteware of programme spesifiek gelys en verseker is in die bylae in Onderafdeling A van hierdie afdeling;

9. verlies van gebruik van die eiendom of ander gevolglike verlies, skade of aanspreeklikheid van watter aard ook al, behalwe verliese waarvoor spesifiek hierin voorsiening gemaak word;

10. verlies weens diefstal of verdwyning van die versekerde eiendom

    a. vanaf die gespesifiseerde perseel of enige ander tydelike perseel, tensy dit aan die Polisie gerapporteer is en

        i. dit deur bedrog/identiteitsbedrog veroorsaak is; of

        ii. dit gepaardgaan met sigbare kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van 'n perseel;

            of

        iii. toegang tot die gespesifiseerde perseel verkry word deur 'n loper of ander soortgelyke toestel (duplikaatsleutel uitgesluit) te gebruik, met dien verstande dat die versekerde tot bevrediging van die Maatskappy vasstel dat so 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

        Uitsluiting 10(a) geld nie vir skootrekenaars/notaboekrekenaars/handpalmrekenaar en ander soortgelyke draagbare rekenaartoerusting nie, met dien verstande dat hulle afsonderlik gelys, geprys en as sodanig verseker is onder “Wêreldwye dekking” in die bylae.

    b. in transito uit 'n motorvoertuig onder bewaring of beheer van die versekerde of sy/haar werknemer, tensy

        i. die versekerde eiendom in 'n geslote kompartement in die voertuig gehou word en nie sigbaar is nie;

        ii. die voertuig toe en behoorlik gesluit is wanneer dit sonder toesig is;

        iii. die voertuig in 'n behoorlik beskermde omgewing gehou word wanneer dit oornag in die voertuig gelaat word;

        iv. dit noodgedwonge en buite die voertuigbestuurder se beheer onbewaak gelaat word weens 'n kaping, ongeluk of onklaarraking van die voertuig,

            met dien verstande dat, ten opsigte van b (i), (ii), (iii) en (iv) (waar van toepassing), sodanige diefstal of verdwyning met sigbare kragdadige en gewelddadige optrede gepaardgegaan het.

            (a) en (b) hierbo geld nie vir diefstal van die versekerde eiendom indien die transportvoertuig

            i. gekaap is, of

            ii. in 'n padongeluk betrokke was of onklaar geraak het en die versekerde eiendom weens omstandighede buite die voertuigbemanning/-bestuurder se beheer noodgedwonge onbeskerm gelaat is nie.

11. Verlies van of skade aan 'n komponent van 'n versekerde rekenaartoerusting-item wat uit enige tipe lasertoestel bestaan en/of dit bevat en/of beheer, soos maar nie beperk nie tot aktiewe lasermedia, moduleerders, resoneerders en prosesseerders. Hierdie uitsondering geld nie in die geval van 'n totale verlies van die versekerde item of as gevolg van 'n fisiese oorsaak buite die versekerde item in die geval van gedeeltelike verlies of skade nie. Hierdie uitsondering geld ook nie vir rekenaar-CD- en DVD-aandrywers nie.

12. Enige roof- of onwettig bekomde sagteware, programme of data en die gebruik daarvan.

## Skadeloosstellingsgrondslag

Benewens die skadeloosstelling soos bepaal ingevolge die Algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings van hierdie polis, is die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling, altyd onderworpe aan die versekerde bedrae vermeld in die bylae of enige spesifieke aanspreeklikheidsperk wat in hierdie onderafdeling vermeld word, soos hierna bepaal word en soos van toepassing, met inbegrip van demontering, heroprigting, vervoer, verwydering van beskadigde versekerde eiendom (maar minus die waarde van die oorblywende eiendom) en, waar van toepassing, invoerbelasting.

1. **Gedeeltelike verlies**

   Indien die versekerde eiendom herstelbare skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die hersteluitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word om die beskadigde eiendom tot sy werkende toestand te herstel,

   met dien verstande dat

   a. enige bestaande onbeskadigde dele van die beskadigde item(s) wat redelikerwys gebruik kan word, in die herstelproses gebruik word, anders sal die waarde van die nuwe dele wat in plaas daarvan gebruik word van die herstelkoste afgetrek word;

   b. die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat ten tyde van die herstelwerk uitgevoer word nie kragtens hierdie onderafdeling verhaalbaar is nie;

   c. indien tydelike herstelwerk sonder die Maatskappy se toestemming deur die versekerde uitgevoer word in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die Maatskappy gedra sal word. Indien die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, moet enige bykomende koste wat hiervoor aangegaan word of die gevolge daarvan deur die versekerde betaal word;

   d. indien die skade beperk is tot ’n deel of dele van ’n versekerde item, die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir ’n bedrag groter as die waarde van sodanige verlore of beskadigde deel of dele waarvoor in die versekerde bedrag van die versekerde item voorsiening gemaak is.

2. **totale verlies**

   **A. Nuwe versekerde eiendom**

   In insidente waar die nuwe versekerde eiendom totaal verloor of vernietig word, is die skadeloosstellingsgrondslag die koste van die vervanging of herstel daarvan op dieselfde plek deur nuwe eiendom van gelyke werkverrigting en/of kapasiteit of, indien dit nie moontlik is nie, vervanging daarvan deur nuwe eiendom met die naaste gelykwaardige werkverrigting en/of kapasiteit aan dié van die verlore of beskadigde eiendom, altyd met dien verstande dat

   a. die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer kan word op ’n ander plek en op enige wyse wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders sal geen betaling benewens die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die skade gedoen word nie;

   b. totdat die uitgawe deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die versekerde eiendom, die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingesluit was nie;

   c. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is indien

      i. die versekerde versuim om binne ses (6) maande na die datum waarop die skade voorgekom het (of sodanige verdere tydperk wat die Maatskappy skriftelik kan toelaat) die Maatskappy skriftelik in kennis te stel van die versekerde se voorneme om die versekerde eiendom te vervang of te herstel;

      ii. die versekerde nie in staat of nie bereid is om die eiendom op dieselfde of ’n ander plek te vervang of te herstel nie;

   d. ná kommersiële en tegniese beoordeling deur ’n verteenwoordiger van die Maatskappy en na die Maatskappy se uitsluitlike goeddunke, die tydperk waarna in die omskrywing

van nuwe eiendom verwys word, verleng mag word (op 'n jaarlikse grondslag vanaf die hernuwingsdatum), altyd onderworpe daaraan dat sodanige verlenging van die tydperk by wyse van ŉ endossement by hierdie afdeling toegelaat word.

**Omskrywing van nuwe versekerde eiendom**

Nuwe versekerde eiendom beteken eiendom wat nie meer as 7 (sewe) jaar voor die aanvangs- of hernuwingsdatum van die polis, wat ook al die laatste is (of sodanige verlengde tydperk wat skriftelik deur die Maatskappy goedgekeur kan word), vervaardig en gekoop is nie, en daar word uitdruklik ooreengekom dat, met die toepassing van hierdie omskrywing, opgraderings en verbeterings in ag geneem sal word in die berekening van die skadeloosstelbare bedrag na ŉ insident, maar dat dit nie die versekerde bedrag van die verlore of beskadigde versekerde item(s) sal oorskry nie.

**B. Eiendom waarvoor nie in (A) hierbo voorsiening gemaak word nie**

Ten opsigte van versekerde eiendom waarvoor nie in (A) hierbo voorsiening gemaak word nie, is die skadeloosstellingsgrondslag die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade, maar nie meer as die versekerde bedrag van die verlore of beskadigde versekerde item(s) nie. Na die goeddunke van die Maatskappy word die versekerde eiendom as totaal vernietig beskou indien die herstelkoste soos omskryf in 1. Gedeeltelike verlies hierbo gelyk aan of groter as die markwaarde daarvan onmiddellik voor die skade is.

## Omskrywing van markwaarde

Markwaarde is die aankoopprys ten tyde van die insident, van tweedehandse/gebruikte eiendom van gelykstaande werkverrigting en/of kapasiteit met dié van die verlore of beskadigde eiendom en in wesenlik dieselfde toestand, maar hoogstens die versekerde bedrag. Indien geen soortgelyke eiendom beskikbaar is nie, is die markwaarde gelyk aan die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste ekwivalente eiendom, maar nie meer as die versekerde bedrag van die verlore of beskadigde versekerde item(s) nie.

## Eweredigheid

Ten opsigte van 1. Gedeeltelike Verlies en 2. Totale verlies hierbo, indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel indien al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel, die versekerde bedrag daarop ten tyde van enige verlies van of skade aan sodanige eiendom oorskry, word die versekerde as sy eie versekeraar beskou vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item (indien meer as een) van hierdie onderafdeling waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan dié bepaling onderworpe.

## Aanspreeklikheidsperk

Die aanspreeklikheidsbedrag ten opsigte van enige van die items wat in die bylae gespesifiseer word, mag hoogstens die versekerde bedrag beloop wat teenoor die betrokke item aangegee word, en daarbenewens die volgende:

1. **Argitek- en ander professionele gelde**

   Professionele gelde wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word vir die herstel of vervanging van eiendom na skadeloosstelbare verlies of skade, met dien verstande dat die betaalbare bedrag ten opsigte van sodanige gelde hoogstens 10% (tien persent) van die versekerde bedrag van die beskadigde item(s) beloop, maar nie koste insluit wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

2. **Opruimingskoste**

   Koste wat noodsaakliker- en redelikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping of demontering van eiendom en/of puinverwydering en by die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings en ander soortgelyke strukture wat nodig is tydens sloping, demontering, puinverwydering en herbouing ná skadeloosstelbare verlies van of skade aan sodanige eiendom, met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens 10% (tien persent) van die versekerde bedrag van die beskadigde item(s) mag beloop.

3. **Spoedaflewering en oortyd**

Bykomende heffings vir spoedaflewering, lugvrag, oortyd, Sondag- en vakansieloontariewe betaalbaar ten opsigte van die noodsaaklike en redelike bykomende koste wat deur die versekerde aangegaan word vir herstel of vervanging wat deur die Maatskappy goedgekeur is, beperk tot 50% (vyftig persent) van die bedrag wat die herstel of vervanging sou gekos het indien hierdie bykomende koste nie aangegaan is nie.

### Brandweerkoste

Enige koste met betrekking tot die blus of bestryding van brand tot ŉ perk van R75,000 (vyf-en-sewentig duisend rand) word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik kan wees, mits die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en mits die versekerde eiendom weens die brand in gevaar was.

### Huurders

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van 'n eienaar van ŉ gebou of ŉ huurder (buiten die versekerde) waarvan die versekerde nie bewus is nie. Die versekerde moet egter die Maatskappy in kennis stel sodra hy bewus word van sodanige optrede of versuim wat strydig is met enige van die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, en die versekerde is verantwoordelik vir enige bykomende premie betaalbaar vanaf die datum waarop die Maatskappy groter risiko aanvaar.

### Huurkoop-/finansieringsooreenkomste

Indien die Maatskappy kennis dra dat die versekerde eiendom of enige individuele item daarvan die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, word betaling hierkragtens gedoen aan die eienaar wat daarin beskryf word, wie se kwitansie dien as volle en finale kwytskelding van die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van verlies of skade wat ingevolge hierdie onderafdeling van die afdeling skadeloosstelbaar is.

## Onderafdeling B – Gevolglike verlies (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

## Verhoogde bedryfskoste en herstelkoste van data, en verhoogde bedryfskoste omskrewe gebeurtenisse

Verlies as gevolg van skielike en onvoorsiene fisiese verlies van of skade aan die rekenaartoerusting vermeld in die bylae, wat gedurende die versekeringstydperk op die perseel voorkom, ten opsigte waarvan betaling gedoen of aanspreeklikheid erken is ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling, en onderworpe aan die skadeloosstellingsperke en maksimum skadeloosstellingstydperke hierkragtens en in die bylae vermeld, en dit sluit in

## Item 1. verhoogde bedryfskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld) benewens die perk vermeld by 3.

### Basiese verhoogde bedryfskoste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die bykomende uitgawes benewens die skadeloosstellingsperk vermeld in item 3 hieronder wat noodsaakliker- en redelikerwys gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die insident deur die versekerde met die Maatskappy se toestemming aangegaan word met die uitsluitlike doel om die onderbreking of ontwrigting van die normale werksaamhede van die versekerde te voorkom of te verminder, minus enige bedrag bespaar tydens die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat kan staak of minder kan wees as gevolg van die insident. Die versekeraar se aanspreeklikheidsperk ingevolge Verhoogde bedryfskoste beloop egter hoogstens 25% (vyf-en-twintig persent) van die totale versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A, per insident per perseel. Indien in die bylae vermeld en teen 'n bykomende premie, kan hierdie perk tot 50% (vyftig persent) van die totale versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A per insident per perseel verhoog word. Ten opsigte van elke insident of reeks insidente wat voortspruit uit of verband hou met een oorspronklike oorsaak of bron wat deur hierdie item skadeloos gestel kan word,

dra die versekerde die bedrag wat in die bylae as die eerste bedrag betaalbaar vermeld word en/of die tyduitsluiting wat daarin vermeld word per perseel. Sodanige eerste bedrag betaalbaar en/of tyduitsluiting en/of maksimum skadeloosstellingstydperk vermeld in die bylae kanselleer die tyduitsluiting en/of maksimum skadeloosstellingstydperk vermeld by item 3 hieronder. Indien geen ander bedrag betaalbaar en/ of tyduitsluiting en/of maksimum skadeloosstellingstydperk egter by hierdie item in die bylae vermeld word nie, is die tyduitsluiting 3 (drie) dae en is die maksimum skadeloosstellingstydperk soos vermeld by item 3 hieronder van toepassing. In alle ander gevalle word die tyduitsluiting van die skadeloosstellingstydperk afgetrek.

Die skadeloosstelling wat deur hierdie item verskaf word, dra nie regstreeks of onregstreeks by nie tot

a. die dekking waarvoor in item 2 van hierdie onderafdeling voorsiening gemaak word;

b. die intrinsieke waarde (met inbegrip van herstelwaarde) van die eiendom wat ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling verseker is.

### Item 2. Herstel van data/Herlaai van sagteware en/of programme (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Koste en uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys deur die versekerde met die Maatskappy se toestemming aangegaan vir die heropstel of hersamestelling van data en/of herlaai van sagteware en/of programme opgeneem op of gestoor in datadraende media wat verlore raak as gevolg van 'n insident wat gedurende die versekeringstydperk voorkom, ten opsigte waarvan betaling gedoen of aanspreeklikheid erken is ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling, met dien verstande dat

a. die skadeloosstelling nie uitgebrei word na en nie sodanige koste opgeloop vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of korruptering van data en/of programme insluit nie;

b. ten opsigte van elke insident of reeks insidente wat voortspruit uit of verband hou met een oorspronklike oorsaak of bron wat ingevolge hierdie item skadeloosstelbaar is, dra die versekerde die bedrag wat in die bylae as die eerste bedrag betaalbaar vermeld word;

c. die versekerde slegs vergoed word vir die koste van die herstel van data wat langer as vyf werksdae voor die datum van die verliesgebeurtenis in die versekerde se besit was, in soverre sodanige data werklik beskikbaar is om afgelaai en geïnstalleer te word vanaf die versekerde se elektroniese datamedia-rugsteunkopieë;

d. die skadeloosstelling deur hierdie item nie regstreeks of onregstreeks van toepassing is op die dekking waarvoor item 1 of 3 van hierdie onderafdeling voorsiening maak nie;

e. die Maatskappy se aanspreeklikheidsperk ingevolge Herstel van data/Herlaai van sagteware hoogstens 25% (vyf-en-twintig persent) van die totale versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A per gebeurtenis per perseel beloop. Indien in die bylae vermeld en teen 'n bykomende premie, kan hierdie perk tot 50% (vyftig persent) van die totale versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A per gebeurtenis per perseel verhoog word;

f. die heropstel of hersamestelling van data en/of herlaai van sagteware en/of programme opgeneem op of gestoor in datadraende media slegs uitgevoer word met betrekking tot data, sagteware en programme wat gereproduseer moet word en dat alle skadeloosstelbare reproduksie binne 12 (twaalf) maande na die insident uitgevoer word, waarna skadeloosstelling ingevolge hierdie item staak.

### Item 3. Basiese verhoogde bedryfskoste (ingesluit)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die uitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die insident deur die versekerde met die Maatskappy se toestemming aangegaan word met die uitsluitlike doel om die onderbreking of ontwrigting van die normale werksaamhede van die versekerde te voorkom of te verminder, minus enige bedrag bespaar tydens die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat kan staak of minder kan wees as gevolg van die insident. Ten opsigte van elke insident of reeks insidente wat voortspruit uit of verband hou met een oorspronklike oorsaak of bron wat deur hierdie item skadeloos gestel kan word, dra die versekerde die tyduitsluiting per perseel. Die Maatskappy se aanspreeklikheidsperk ingevolge Basiese verhoogde bedryfskoste is egter hoogstens R20,000 (twintig duisend rand) per insident per perseel, onderworpe aan die aftrekking van 'n tyduitsluiting van 24 (vier-en-twintig) uur van die skadeloosstellingstydperk en 'n maksimum skadeloosstellingstydperk van 3 (drie) maande.

Die skadeloosstelling wat deur hierdie item verskaf word, dra nie regstreeks of onregstreeks by nie tot

a. die dekking waarvoor in item 2 van hierdie onderafdeling voorsiening gemaak word
b. die intrinsieke waarde (met inbegrip van herstelwaarde) van die eiendom wat ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling verseker is.

### Spesifieke bepalings en voorwaardes van toepassing op Onderafdeling B

1. Nakoming van die spesifieke bepalings en voorwaardes van toepassing op Onderafdeling A is 'n opskortende voorwaarde vir aanvaarding van enige aanspreeklikheid ingevolge Onderafdeling B van hierdie afdeling.
2. Die Maatskappy is nie aanspreeklik om die versekerde skadeloos te stel nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van enige roof- of onwettig bekomde sagteware, programme of data en die gebruik daarvan.

### Herstelvoorwaarde

Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie onderafdeling, word hiermee verklaar en ooreengekom dat, in die geval van 'n onderbreking wat op verlies of skade volg en wat vererger word deur

1. die versekerde se onvermoë of onwilligheid om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang of te herstel, of sy versuim om sodanige vervanging of herstel binne redelike tyd uit te voer; of
2. toevoegings, veranderings of verbeterings aan die versekerde eiendom wat tydens die herstel aangebring word, die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling slegs verband hou met die sake-onderbreking wat in die afwesigheid van 1 en 2 van hierdie klousule sou ontstaan het.

### Omskrywings

### Skadeloosstellingstydperk en Maksimum Skadeloosstellingstydperk

Die skadeloosstellingstydperk is die tydperk waarin die resultate van die besigheid geraak word as gevolg van 'n insident wat begin ten tyde van die voorkoms van die insident waarvoor betaling gedoen of aanspreeklikheid erken is ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling, en wat eindig nie later nie as die verstryking van die skadeloosstellingstydperk soos uiteengesit in die bylae as die maksimum skadeloosstellingstydperk na sodanige gebeurtenis. Die maksimum skadeloosstellingstydperk is hoogstens drie maande.

### Die aanspreeklikheidsperk

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy beloop hoogstens die bedrae gespesifiseer in die bylae (met betrekking tot Onderafdeling B) ten opsigte van enige enkele insident of reeks insidente wat voortspruit uit of ontstaan in verband met enige enkele gebeurtenis. Die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hetsy Bykomende verhoogde bedryfskoste of Herstel van data/Herlaai van sagteware is egter 25% (vyf-en-twintig persent) van die totale versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A. Indien in die bylae vermeld en teen 'n bykomende premie, kan hierdie perk tot 50% (vyftig persent) van die totale versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A per insident per perseel verhoog word.

In die geval van die betaling van 'n bedrag of bedrae deur die Maatskappy ter kwytskelding van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling, word die toepaslike skadeloosstellings vir die oorblywende deel van die huidige versekeringstydperk herstel, met dien verstande dat die versekerde aan die Maatskappy die bykomende premie wat die Maatskappy vereis betaal, proporsioneel bereken vanaf die datum van die insident tot die einde van die versekeringstydperk.

### Spesifieke uitsonderings van toepassing op Onderafdeling B

1. **Boetes en straftoekennings**

   Die Maatskappy is nie aanspreeklik om die versekerde skadeloos te stel nie ten opsigte van boetes of straftoekennings vir kontrakbreuk vir laat uitvoering of nie-voltooiing van bestellings of vir enige bestraffing van watter aard ook al.

2. **Verlies aan wins**

   Die Maatskappy is nie aanspreeklik om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van die verlies aan bruto wins of gevolglike verlies van watter aard ook al nie, tensy spesifiek daarvoor voorsiening gemaak word in die Omskrewe gebeurtenisse-klousule van Onderafdeling B.

3. **Tyduitsluiting en/of Eerste bedrag betaalbaar**

   Die Maatskappy is nie aanspreeklik om die versekerde skadeloos te stel nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van die tyduitsluiting en/of eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae ten opsigte van Onderafdeling B, van toepassing op elke insident wat tot 'n eis aanleiding gee. Die tyduitsluiting en/of eerste bedrag betaalbaar ingevolge Onderafdeling B is nie van toepassing op verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur brand, storm (weerlig uitgesluit), insakking, wind of die ineenstorting van geboue nie.

## Algemene memoranda van toepassing op onderafdelings A en B

### Memorandum 1 – Kapitaaltoevoegings

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling sluit in bykomende rekenaartoerusting of -programme aangekoop deur die versekerde, van 'n soortgelyke aard aan dié in die bylae gespesifiseer en tot 'n totale waarde van hoogstens 25% (vyf-en-twintig persent) van die totale versekerde bedrag van alle items in die bylae, met dien verstande dat, ten opsigte van enige verlies of skade verseker ingevolge Onderafdeling A of B van hierdie afdeling, die versekering eers in werking tree ná bevredigende voltooiing of installering of inbedryfstelling/toetsing en inwerkingstelling by die plek waar dit op die versekerde se perseel geleë is.

Die bykomende premie is binne 60 (sestig) dae na die aankoop van sodanige bykomende items betaalbaar.

## Spesiale uitbreiding (van toepassing op onderafdelings A en B en dan slegs indien in die bylae as ingesluit vermeld)

### Onversoenbaarheidsdekking (slegs indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ondanks enige andersluidende bepalings in die polis, en onderworpe aan al die ander uitsonderings, bepalings en voorwaardes van hierdie afdeling, word die skadeloosstelling verleen deur Onderafdelings A en B van hierdie afdeling uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel teen koste aangegaan ten opsigte van

1. modifikasies of veranderings aan die versekerde eiendom wat regstreeks volg op skadeloosstelbare verlies of skade om die bedryfsintegriteit van die rekenaarstelsel te verseker;
2. vervanging of opgradering van wettige programme om versoenbaarheid met die gemodifiseerde of veranderde rekenaarstelsel te bewerkstellig;
3. die herstel van voorheen vasgelegde data wat ontoeganklik geword het weens die modifikasies van of veranderings aan die rekenaarstelsel of as gevolg van die vervanging of opgradering van wettige programme, altyd met dien verstande dat
   a. die koste waarvoor in 1, 2 en 3 hierbo voorsiening gemaak word noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word om normale werktoestande in stand te hou;
   b. sodanige bykomende koste aangegaan word as 'n regstreekse gevolg van skadeloosstelbare verlies of skade ingevolge Onderafdeling A of B (item 2) van hierdie afdeling;
   c. die dekking hierkragtens verskaf beperk word tot
      i. onderdele of komponente van die rekenaarstelsel wat nie ingevolge Onderafdeling A hiervan skadeloosstelbaar is nie;
      ii. herstel van programme of data wat nie ingevolge item 2 van Onderafdeling B hiervan skadeloosstelbaar is nie.
4. Die skadeloosstelling deur hierdie uitbreiding ten opsigte van enige enkele gebeurtenis word in totaal beperk tot 25% (vyf-en-twintig persent) van die toepaslike totale versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A (die skadeloosstellingsperk) en Onderafdeling B (item 2) of R100,000 (een honderd duisend rand), wat ook al die minste is, per insident per perseel.

## Spesiale uitsondering (van toepassing op onderafdelings A en B)

### Virusse, Trojane, wurms, kuberstrikroof, ongemagtigde toegang, kwaadwillige ontwrigting

Die Maatskappy stel nie die versekerde skadeloos nie teen verlies of skade van watter aard ook al wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of verband hou met die werking van enige rekenaarvirus, Trojaan, wurm(s), kuberstrikroof, indringing, wolkbewerking ("cloud computing"), kwaadwillige elektroniese of kuber-ontwrigting of aanval, spammery (verspreiding van gemorspos) of poging daartoe, hetsy via die internet of 'n intranet, of enige ander soortgelyke skadelike media- of bedryfstelsel- of databasis-ontwrigting of enige ander soortgelyke ongemagtigde toegang tot hardeware, sagteware, data en rekenaartoerusting.

## Spesiale voorwaardes (van toepassing op onderafdelings A en B)

1. **Gebiedsgrense**

   Die gebiedsgrense geld nie vir skootrekenaars/notaboekrekenaars/handpalmrekenaar en ander soortgelyke draagbare rekenaartoerusting nie, met dien verstande dat hulle afsonderlik gelys, geprys en as sodanig verseker is onder "Wêreldwye dekking" in die bylae van Onderafdeling A.

# Kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsels

## Onderafdeling A – Materiële skade – Kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsels

### Omskrewe gebeurtenisse

Skielike en onvoorsiene fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom, weens enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit word nie, wat meebring dat dit herstel of vervang moet word (hierna die insident genoem), welke verlies of skade voorkom op of in die omgewing van die perseel binne die gebiedsgrense. Die versekerde eiendom is soos gespesifiseer in hierdie onderafdeling en is kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel- items in besit van of gehuur deur die versekerde, en dan slegs indien dit gehuur word ooreenkomstig skriftelike en getekende huur- en instandhoudingsooreenkomste wat vereis dat die versekerde versekering vir die  gehuurde item aangaan. Enige versekerde item moet suksesvol getoets, in bedryf gestel en in gebruik geneem wees ooreenkomstig die vervaardiger se instruksies.

### Spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A

1. **Besonderhede wat op die bylae moet verskyn ten opsigte van enige item wat ingevolge onderafdeling A verseker word**

   Die versekerde moet elke kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel-item wat ingevolge hierdie onderafdeling verseker word, afsonderlik lys en identifikasiebesonderhede aangaande elke item skriftelik verskaf.

2. **Ouderdom van versekerde eiendom**

   Hierdie onderafdeling verskaf nie dekking vir eiendom wat ouer as 20 (twintig) jaar sedert die oorspronklike vervaardigingsdatum is nie.

3. **Gereelde diens en instandhouding van die versekerde eiendom**

   ’n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling is dat die versekerde eiendom gereeld gediens en in stand gehou word soos voorgeskryf deur die vervaardiger. Die versekerde moet die besonderhede van alle dienste, instandhouding en herstelwerk wat aan die versekerde eiendom gedoen is, opteken en op enige redelike tydstip op versoek van die Maatskappy se verteenwoordiger verskaf. Versuim om aan hierdie klousule te voldoen, sal hierdie versekering en enige verlies of skade nietig maak, tensy die Maatskappy skriftelik daartoe instem.

4. **Eweredigheid (behalwe waar as gekose waarde vermeld)**

   Indien die nuwe vervangingswaarde van versekerde eiendom, by die aanvang van skade aan sodanige eiendom weens ’n gevaar waarteen verseker is, gesamentlik ’n groter waarde as die versekerde bedrag daarop het, word die versekerde geag sy eie versekeraar te wees vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Indien daar meer as een item is, is elke item afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

5. **Gekose waarde (indien vermeld teenoor ’n item wat by die bylae ingesluit is)**

   Andersins onderworpe aan die terme, uitsonderings, bepalings en voorwaardes vervat in die polis of endossement daarby, en indien so verkies en voorgelê deur die versekerde en aanvaar deur die Maatskappy voor die aanvang of hernuwing van die polis, kan ’n kraggedrewe bewegende besproeiingstelsel-item teen ’n vaste gekose waarde verseker word wat vir die polistydperk geldig is, en wat hoogstens die markwaarde plus 10% (tien persent) en minstens die markwaarde minus 10% (tien persent) is. Die markwaarde is gegrond op die billike waarde vir die tipe, fabrikaat, model, ouderdom en toestand van die spesifieke item by die aanvang van die polistydperk.

   Die gekose waarde is hoogstens die nuwe vervangingswaarde van die spesifieke item of sy naaste ekwivalent soos gewaardeer by die aanvang van die polistydperk. Indien die Maatskappy se verteenwoordiger ten tyde van ’n verlies-insident vasstel dat die gekose waarde meer is as die werklike nuwe vervangingswaarde soos gewaardeer by die aanvang van die polistydperk, word die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid ten opsigte van die gekose waarde beperk tot die markwaarde of die nuwe vervangingswaarde, wat ook al die minste is, beide soos gewaardeer by die aanvang van die polistydperk.

6. **Klousule oor herstellingsvoorwaardes**

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken sal word, is die koste van vervanging of herstel van eiendom van dieselfde aard of tipe maar nie beter of groter as die versekerde eiendom wanneer nuut nie, op dieselfde plek, met dien verstande dat,

a. die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer kan word op 'n ander terrein en op enige wyse wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders sal geen betaling gedoen word benewens die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie herstellingsvoorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

b. totdat uitgawes deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom, die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

c. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is indien

   i. die versekerde versuim om binne ses maande na die datum waarop die skade voorgekom het, of sodanige verdere tydperk wat die Maatskappy skriftelik kan toelaat, die Maatskappy skriftelik in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

   ii. die versekerde nie in staat of nie bereid is om die eiendom op dieselfde of op 'n ander plek te vervang of te herstel nie.

## Uitsonderings van toepassing op onderafdeling A

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om die versekerde skadeloos te stel nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van

1. die eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van onderafdeling A op enige enkele plek.

   Indien meer as een item beskryf in die bylae tydens een enkele insident by enige plek of perseel fisiese verlies ly of skade opdoen, is die eerste bedrag betaalbaar die hoogste enkelbedrag van toepassing op verlore of beskadigde items;

2. verlies of skade veroorsaak deur 'n aanvanklike gebeurtenis en/of ononderbroke reeks gebeurtenisse suiwer voortspruitend uit elektriese/meganiese/elektroniese foutiewe werking of onklaarraking van die versekerde eiendom. Indien

   a. ander verlies of skade van buite aan die versekerde eiendom ontstaan as gevolg van sodanige elektriese/meganiese/elektroniese foutiewe werking of onklaarraking, word sodanige verlies of skade nie uitgesluit nie;

   b. andersins skadeloosstelbare verlies of skade tot elektriese/meganiese foutiewe werking of onklaarraking lei, word sodanige verlies of skade nie uitgesluit nie;

3. verlies van of skade aan versekerde eiendom wat uit uitruilbare of verbruikbare eenhede, dele, aanhangsels of komponente met 'n beperkte leeftyd bestaan, soos maar nie beperk nie tot lemme, stuwers, siwwe, skerms, filters, seëls, toue, kabels, bande, batterye, wielbande of ander komponente wat gereeld vervang word, tensy dit veroorsaak is deur ander skadeloosstelbare verlies of skade ten opsigte waarvan die Maatskappy 'n bedrag sal betaal wat die gedepresieerde reswaarde van sodanige uitgeslote items verteenwoordig;

4. verlies van of skade aan bedryfsmiddels soos maar nie beperk nie tot olies, smeermiddels, koelmiddels, vloeistowwe, ensovoorts, tensy dit as gevolg van skadeloosstelbare verlies van of skade aan die versekerde items is;

5. verlies of skade voortspruitend uit slytasie, vermoeidheid, onklaarraking, geleidelike agteruitgang, roes of ander atmosferiese aksie, veroorsaak deur of op natuurlike wyse voortspruitend uit gewone gebruik of werking, maar ander skadeloosstelbare verlies of skade voortspruitend uit voormelde word nie uitgesluit nie;

6. verlies van of skade aan versekerde eiendom terwyl dit op enige watervaartuig is of aan masjinerie daarop vasgeheg is;

7. verlies of skade voortspruitend uit foute of defekte in die versekerde eiendom wat ten tyde van die reël van hierdie versekering of gedurende die geldigheidsduur van die versekering aan die versekerde of sy verantwoordelike werknemers bekend is en wat nie aan die Maatskappy openbaar gemaak is nie, of enige gevolge daarvan;
8. verlies of skade voortspruitend uit tandem- of multi-hyswerksaamhede, tensy die Maatskappy spesifiek daartoe instem;
9. verlies of skade wat ontdek word tydens roetine-diens, tensy gekoppel aan 'n spesifieke insident;
10. verlies of skade wat voorkom wanneer 'n versekerde eiendom-item, terwyl dit toetse van enige aard ondergaan, opsetlik oorlaai word of gebruik word op 'n ander wyse of vir 'n ander doel as waarvoor dit ontwerp is;
11. verlies of skade terwyl die versekerde eiendom ondergronds is, of aan ondergrondse komponente, kabels of pype;
12. voortvloeiende verlies of aanspreeklikheid van enige aard hoegenaamd, verlies van gebruik of depresiasie behalwe soos spesifiek elders in die polis bepaal;
13. gelikwideerde straftoekennings of boetes vir vertraging of oponthoud of in verband met waarborge van werkverrigting of doeltreffendheid;
14. verlies of skade voortspruitend uit oponthoud, konfiskering, vernietiging of opeising deur doeane of enige ander amptenare of owerhede;
15. verlies van of skade aan 'n komponent van versekerde eiendom wat uit enige tipe lasertoestel bestaan en/ of dit bevat en/of beheer, soos maar nie beperk nie tot aktiewe lasermedia, moduleerders, resoneerders en prosesseerders. Hierdie uitsondering geld nie vir die CD- of DVD-aandrywers van 'n gerekenariseerde beheerstelsel nie;
16. verlies van of skade aan versekerde eiendom of enige gevolge daarvan voortspruitend uit ongebalanseerde elektriese spanning/eenfase-toevoer.

### Skadeloosstellingsgrondslag onderafdeling A

Benewens die skadeloosstelling soos bepaal ingevolge die Algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings van hierdie polis, word die volgende skadeloosstelling deur hierdie onderafdeling verskaf:

1. **Gedeeltelike verlies**

   Indien die versekerde eiendom skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die koste en uitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word om die beskadigde eiendom te herstel tot sy werkende toestand onmiddellik voordat die skade gebeur het, insluitend die koste van demontering, heropstel, asook gewone vrag- en doeanekoste, met dien verstande dat

   a. enige bestaande onbeskadigde dele van die beskadigde item(s) wat redelikerwys gebruik kan word, in die herstelproses gebruik word;
   b. die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat ten tyde van die herstelwerk uitgevoer word nie kragtens hierdie polis verhaalbaar is nie;
   c. indien tydelike herstelwerk sonder die Maatskappy se toestemming deur die versekerde uitgevoer word in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die Maatskappy gedra sal word. Indien die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, moet enige bykomende koste wat so aangegaan word of die gevolge daarvan deur die versekerde betaal word;
   d. indien die skade beperk is tot 'n deel of dele van 'n versekerde item, die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir 'n bedrag groter as die waarde van sodanige verlore of beskadigde deel of dele waarvoor in die versekerde bedrag voorsiening gemaak is.

   In die geval van diefstal word die persentasie van die eerste bedrag betaalbaar deur die versekerde soos aangedui in die bylae onder Onderafdeling A verdubbel en word dit die eerste bedrag betaalbaar deur die versekerde vir diefstal ingevolge Onderafdeling A.

2. **totale verlies**

Indien die versekerde eiendom totaal verloor of vernietig word, is die bedrag betaalbaar die koste om die beskadigde eiendom te verwyder (beperk tot verwyderingskoste van hoogstens 10% (tien persent) van die versekerde bedrag van die beskadigde items) minus die waarde van wat oorbly, plus

a. die koste van vervanging of herstel van eiendom van dieselfde werkverrigting, kapasiteit en ouderdom maar nie beter of groter as die versekerde item nie, in soverre dit prakties uitvoerbaar is, op dieselfde plek; of

b. die plaaslike opemarkwaarde van die versekerde item onmiddellik voordat die skade voorgekom het, welke waarde bereken sal word deur redelike, billike depresiasie van die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde van die item af te trek (altyd onderworpe aan 'n minimum waarde van 25% (vyf-en-twintig persent) van die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde maar, waar van toepassing, proporsioneel onderworpe in terme van eweredigheid soos uiteengesit onder Spesifieke bepalings en voorwaardes van toepassing op Onderafdeling A, 4. Eweredigheid, wat ook al die laagste is).

Die versekerde item word as totaal vernietig beskou indien die herstelkoste (soos omskryf onder Gedeeltelike verlies) gelyk is aan of meer is as die waarde soos omskryf in 2(b) hierbo onmiddellik voor die insident.

In die geval van diefstal word die persentasie van die eerste bedrag betaalbaar deur die versekerde soos aangedui in die bylae onder Onderafdeling A verdubbel en word dit die eerste bedrag betaalbaar deur die versekerde vir diefstal ingevolge Onderafdeling A.

## Omskrywings

1. **versekerde bedrag – Nuwe vervangingswaarde**

Die versekerde bedrag vir die prysbepaling van elke item wat in die bylae gelys is, is ekwivalent aan die huidige nuwe vervangingswaarde van daardie item soos op die terrein by die perseel geïnstalleer. Die maksimum skadeloosstellingsperk van elke item is die markwaarde op die dag voor 'n insident, onderworpe daaraan dat aanspreeklikheid deur die Maatskappy aanvaar is.

## Onderafdeling B – Aanspreeklikheid teenoor derde partye

## Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om gedurende die versekeringstydperk te betaal, voortspruitend uit 'n insident wat op die perseel binne die gebiedsgrense voorkom en veroorsaak is deur of verband hou met 'n versekerde item ingevolge Onderafdeling A ten opsigte van

i. die dood of liggaamlike besering van 'n persoon, maar met uitsluiting van die dood of liggaamlike besering van 'n persoon in diens van die versekerde(s) voortspruitend uit en tydens sodanige diens of van 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde(s) en/of sy direkteure/lede en/of sy werknemer(s);

ii. skade aan eiendom behalwe eiendom wat aan die versekerde en/of sy direkteure/lede en/of sy werknemer(s) behoort of in trust gehou word deur of onder bewaring of beheer is van die versekerde(s) en/of sy direkteure/lede en/of sy werknemer(s).

Die Maatskappy sal ook, ooreenkomstig en onderworpe aan die beperkings van en vir die doel van hierdie onderafdeling alle koste en uitgawes betaal wat met die Maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan is, en is geregtig om na eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by 'n ondersoek of geregtelike nadoodse ondersoek ten opsigte van 'n sterfte wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling kan wees, of vir verdediging in 'n landdroshof ten opsigte van 'n strafsaak rakende optrede wat aanleiding gegee het tot of verband hou met 'n insident wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling kan wees, met dien verstande dat die Maatskappy se totale aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie die gemelde skadeloosstellingsperk van toepassing op Onderafdeling B oorskry nie.

## Spesifieke bepalings en voorwaardes van toepassing op Onderafdeling B

1. **Skadeloosstellingsperk**

   Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling ten opsigte van enige enkele oorsaak in verband met enige enkele versekerde is hoogstens R500,000 (vyf honderd duisend rand), wat alle regs- en enige ander koste en uitgawes insluit.

2. **Nakoming van die spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A**

   Nakoming van die spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A is ’n opskortende voorwaarde vir die aanvaarding van enige aanspreeklikheid ingevolge Onderafdeling B van hierdie afdeling.

## Uitsonderings van toepassing op onderafdeling B

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik nie ten opsigte van

a. die eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van Onderafdeling B op enige enkele terrein;

b. enige eis voortspruitend uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

c. verlies van of skade aan saad, oeste, die kweek van gewasse, water, bemestingstof, insekdoders, plaagdoders en enige ander oesproduksieverwante koste en uitgawes.

## Omskrywings van toepassing op onderafdeling B

1. **Insident**

   Die term insident beteken ’n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit een oorsaak in verband met enige enkele versekerde item wat ingevolge Onderafdeling A verseker is en ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling van die polis verskaf word.

## Spesiale voorwaardes (van toepassing op onderafdelings A en B)

1. **Spesiale opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid ten opsigte van veiligheidsmeganismes op kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsels**

   a. ’n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid ingevolge Onderafdelings A en B is dat elke versekerde kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel voor die aanvang van hierdie polis toegerus moet wees met die volgende werkende outomatiese veiligheidsmeganismes ten opsigte van sy onderskeie komponente en dat sodanige beskerming gedurende die versekeringstydperk in goeie orde in stand gehou word:

      i. lae waterdruk-veiligheidskakelaar

      ii. temperatuur-uitsnyskakelaar vir te lae en te hoë temperature

      iii. dreineerklep

      iv. inlynbeheerskakeling

      v. weerligafleiers by die kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel se kabelpunt en by die kragvoorsieningskakelbord se kabelpunt weg van die kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel, asook by alle pompe en hul skakelborde.

      Enige opsetlike omleiding, kortsluiting of soortgelyke deaktivering van veiligheidsmeganismes wat by die versekerde eiendom ingebou is en skade daaraan veroorsaak, maak hierdie versekering en enige voortvloeiende verlies nietig.

   b. ’n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid ingevolge Onderafdelings A en B is dat elke versekerde kraggedrewe sprinkelbesproeiingstelsel en enige geboue of strukture wat elektriese of elektroniese toerusting bevat wat aan kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel-items gekoppel is, voor die aanvang van hierdie polis behoorlik en voldoende deur geskikte veiligheidsmeganismes teen weerlig, kragstuwings en wisselings in kragtoevoer beskerm moet wees en dat sodanige beskerming gedurende die versekeringstydperk in goeie orde in stand gehou word.

Voldoende en geskikte veiligheidsmeganismes is:

i. Eksterne weerligbeskerming wat aan SANS 62305 voldoen vir alle kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel-items, geboue en strukture wat elektriese of elektroniese toerusting of pype en/of kabels bevat wat aan kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel-items gekoppel is.

ii. Eksterne weerligbeskerming wat aan SANS 62305 en SANS 10313 voldoen vir alle riet- en houtgeboue en strukture wat elektriese of elektroniese toerusting of pype en/of kabels bevat wat aan kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel-items gekoppel is.

iii. Interne weerligbeskerming wat aan beide Klas 1 weerligafleiers en Klas 2 stuwingsweerders ooreenkomstig SANS 10142 – 1:2009 Bylae L voldoen vir alle elektriese of elektroniese toerusting of pype en/of kabels wat aan kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel-items gekoppel is.

iv. Klas 2 stuwingsweerders ooreenkomstig SANS 10142 – 1:2009 Bylae L in die hoof elektriese distribusiebord geïnstalleer wat aan kraggedrewe bewegende sprinkelbesproeiingstelsel-items gekoppel is.

v. Waarskuwing: Die versekerde word aangeraai om nie Klas 3 prop- en verlengprop-tipe stuwingsweerders te gebruik nie, tensy Klas 2 stuwingsweerders ook stroomop in die hoof elektriese distribusiebord geïnstalleer is, soos vereis deur SANS 10142. Wanneer Klas 3 prop- en verlengprop-tipe stuwingsweerders sonder Klas 2 stuwingsbeskerming in 'n elektriese installasie gebruik word, kan die Klas 3 prop- en verlengprop-tipe stuwingsweerders beskadig word en 'n brand veroorsaak in die geval van 'n groot kragstuwing.

vi. Die versekerde moet op enige tydstip wanneer die Maatskappy se verteenwoordiger dit versoek, 'n geldige statutêre Nakomingsertifikaat aangaande bogenoemde voldoende en geskikte veiligheidsmaatreëls voorlê wat nie meer as 6 (ses) maande voor die begin van die versekeringstydperk en nie later as die begin van die versekeringstydperk nie uitgereik/hernu is.

## Onderafdeling A: Materiële skade aan kraggedrewe nie-bewegende masjinerie

### Omskrewe gebeurtenisse

Skielike en onvoorsiene fisiese verlies of skade weens enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit word nie, wat die herstel of vervanging (hierna die insident genoem) van die versekerde eiendom op of in die omgewing van die perseel binne die gebiedsgrense noodsaak, welke versekerde eiendom in die bylae binne hierdie onderafdeling gespesifiseer is as kraggedrewe nie-bewegende masjinerie terwyl dit in werking of nie in gebruik is nie, tydens demontering, verskuiwing, herposisionering, skoonmaak, inspektering, opknapping of latere herinstallering op sy plek binne die perseel.

### Spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A

1. **Besonderhede wat op die bylae moet verskyn ten opsigte van enige item wat ingevolge onderafdeling A verseker word**

   Die versekerde moet elke kraggedrewe nie-bewegende masjinerie-item wat ingevolge hierdie onderafdeling verseker word, afsonderlik lys en identifikasiebesonderhede aangaande elke item skriftelik verskaf.

2. **Masjinerie wat nie vir dekking kwalifiseer nie**

   Hierdie afdeling verskaf nie dekking vir die volgende nie:

   a. enige masjinerie op of wat aangeheg is aan ’n voertuig, vaartuig of enige ander bewegende masjien, toestel, toerusting of tydelike struktuur, en geen handwerktuie word gedek nie, hetsy kraggedrewe of nie;

   b. enige masjinerie ouer as 20 (twintig) jaar sedert dit oorspronklik vervaardig is;

   c. enige gehuurde masjinerie.

3. **Gereelde diens en instandhouding**

   ’n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling is dat die versekerde eiendom gereeld gediens en in stand gehou word soos voorgeskryf deur die vervaardiger. Die versekerde moet die besonderhede van alle dienste, instandhouding en herstelwerk wat aan die versekerde eiendom gedoen is, opteken en op enige redelike tydstip op versoek van die Maatskappy se verteenwoordiger verskaf. Versuim om aan hierdie klousule te voldoen, sal hierdie versekering en enige verlies of skade met betrekking tot die versekerde item nietig maak, tensy die Maatskappy skriftelik daartoe instem.

### Spesifieke uitsonderings

1. Die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae ten opsigte van Onderafdeling A, van toepassing op elke insident wat tot ’n eis aanleiding gee. Indien meer as een item van die versekerde eiendom fisiese verlies of skade tydens ’n enkele insident opdoen, is die eerste bedrag betaalbaar die hoogste enkelbedrag van toepassing op sodanige versekerde eiendom.

2. Ongeag die naaste oorsaak van die skade, geld die skadeloosstelling wat deur hierdie polis toegestaan word nie vir, en sluit dit ook nie skade in wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of voortspruit uit, die volgende nie:

   a. brand, blus van ’n brand, ontploffing, weerlig en donderslag;

   b. natuurkragte soos insakking, grondstorting, rotsstorting, aardbewing of aardtrilling (hetsy as gevolg van mynbedrywighede of nie) of vulkaanuitbarsting, storm, sikloon, vloed, tsoenami, oorstroming, hael, sneeu;

   c. diefstal, ineenstorting van geboue, botsing/impak deur diere of voertuie, lugvaartuie of ander lug- of ruimtetoestelle of voorwerpe wat uit die lug val, soniese skokgolwe;

d. water of enige vloeistof wat uit 'n houer ontsnap, lekkasie of ontlading van 'n sprinkelblusser of ander blustoestel, na sloping, demontering en opruiming van puin;

e. foute of defekte in die versekerde eiendom wat ten tyde van die reël van hierdie versekering of gedurende die geldigheidsduur van die versekering aan die versekerde of sy verantwoordelike werknemers bekend is en wat nie aan die Maatskappy openbaar gemaak is nie, of enige gevolge daarvan.

3. Verlies of skade wat ontstaan tydens die uitvoer van doelbewuste oorbelastingtoetse of eksperimente wat die toepas van abnormale toestande vereis, of skade veroorsaak deur die verkeerde aanwending van gereedskap of toerusting.

4. a. Herstel of vervanging weens normale slytasie van die materiaal van die masjinerie wat stadigaan vervorming, onderbroke werkverrigting, verwringing of geleidelike agteruitgang veroorsaak, maar ander voortspruitende versekerde insidente word nie hierdeur uitgesluit nie.

   b. Verlies van of skade aan vuurvaste artikels, uitruilbare of verbruikbare dele en werktuie soos maar nie beperk nie tot seëls, pakstukke, bore, snyers, messe, lemme, snymoere, vorms, patroonrollers, siwwe, kettings, bande, toue, vervoerbande, las- en verpakkingsmateriaal, sekerings, elektriese kontakte waarby vonking of boogvonking voorkom, verhittingselemente, stroomafnemers, maar indien voormelde items beskadig word as gevolg van ander skadeloosstelbare skade waarvoor die polis voorsiening maak, stel die Maatskappy die versekerde skadeloos vir enige oorblywende reswaarde, met die voorbehoudsbepaling dat sodanige items by die versekerde bedrag ingesluit is.

5. Gevolglike verlies, vertraging of onderbreking van die besigheid of aanspreeklikheid van watter aard ook al behalwe verliese waarvoor spesifiek hierin voorsiening gemaak word.

6. a. Herstel, vervanging, heropstel of vergoeding van enige deel van die versekerde eiendom wat gebrekkig is met betrekking tot materiaal, vakmanskap, ontwerp, plan of spesifikasie.

   b. Skade aan masjinerie, soos beskryf in die bylae, tydens opknapping, instandhouding of herstel, voortspruitend uit of veroorsaak deur gebrekkige vakmanskap of die gebruik van defektiewe materiaal.

7. Verlies van of skade aan enige kraggedrewe bewegende spuitbesproeiingstelsel en sy komponente.

8. Verlies van of skade aan 'n komponent van masjinerie wat uit enige tipe lasertoestel bestaan en/of dit bevat en/of beheer, soos maar nie beperk nie tot aktiewe lasermedia, moduleerders, resoneerders en prosesseerders.

9. Verlies van of skade aan versekerde eiendom terwyl dit op enige watervaartuig is of aan masjinerie daarop vasgeheg is.

10. Verlies van of skade aan versekerde eiendom of enige gevolge daarvan voortspruitend uit ongebalanseerde elektriese spanning/eenfase-toevoer.

11. Verlies van of skade aan raamsae, stoomketels wat by houtvervaardiging gebruik word en masjinerie wat in suikerrietboerdery en -produksie gebruik word.

## Skadeloosstellingsgrondslag van toepassing op onderafdeling A

Benewens die skadeloosstelling soos bepaal ingevolge die Algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings van hierdie polis, is skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling, altyd onderworpe aan die versekerde bedrae vervat in die bylae of enige spesifieke aanspreeklikheidsperk vervat in hierdie onderafdeling, soos hierna bepaal word en soos van toepassing met inbegrip van demontering, heroprigting, vervoer, verwydering van beskadigde versekerde eiendom (maar minus die waarde van die oorblywende eiendom) en, waar van toepassing, invoerbelasting en belasting op toegevoegde waarde.

1. **Gedeeltelike verlies**

   Indien die versekerde masjinerie skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die koste en uitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word om die beskadigde masjinerie te herstel tot sy werkende toestand onmiddellik voordat die skade voorgekom het, insluitend die koste om toegang te verkry, die koste van demontering, heropstel, asook gewone vrag- en doeanekoste, met dien verstande dat

a. enige bestaande onbeskadigde dele van die beskadigde item(s) wat redelikerwys gebruik kan word, in die herstelproses gebruik word, anders sal die waarde van die nuwe dele wat in plaas daarvan gebruik word van die herstelkoste afgetrek word;

b. die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat ten tyde van die herstelwerk of vervanging uitgevoer word nie kragtens hierdie polis verhaalbaar is nie;

c. indien tydelike herstelwerk sonder die Maatskappy se toestemming deur die versekerde uitgevoer is in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die Maatskappy gedra word. Indien die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, moet enige bykomende koste wat so aangegaan word of die gevolge daarvan deur die versekerde betaal word;

d. indien die skade beperk is tot ’n deel of dele van ’n versekerde item, die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir ’n bedrag groter as die waarde van sodanige verlore of beskadigde deel of dele waarvoor in die versekerde bedrag van die versekerde item voorsiening gemaak is.

2. **Totale verlies**

In insidente waar die versekerde items totaal vernietig word, is die bedrag betaalbaar die koste om die beskadigde masjinerie te verwyder minus die waarde van wat oorbly, plus

a. die koste van vervanging of herstel van masjinerie van dieselfde grootte, werkverrigting of kapasiteit maar nie beter of groter as die versekerde item nie, in soverre dit prakties uitvoerbaar is, op dieselfde plek; of

b. i. die plaaslike markwaarde van die masjinerie onmiddellik voor die verlies, synde die waarde van soortgelyke masjinerie van dieselfde ouderdom, grootte, werkverrigting of kapasiteit;

ii. waar soortgelyke masjinerie nie beskikbaar is nie, is die bedrag betaalbaar die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde van die naaste hoër ekwivalente masjinerie gedepresieer met 5% (vyf persent) per jaar,

wat ook al die laagste van (a) of (b) is (maar altyd met ’n minimum reswaarde van 25% [vyf-en-twintig persent] van die nuwe vervangingswaarde van (b) (i) of (ii), wat ook al van toepassing is, proporsioneel verminder indien die voorwaarde van eweredigheid geld).

In alle gevalle waar versekerde bedrae enigiets anders as nuwe vervangingswaarde weerspieël, word enige verwysing na betaling ter vereffening van ’n minimum persentasiewaarde van die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde geskrap.

Die versekerde item word as totaal vernietig beskou indien die herstelkoste (soos omskryf in 1. Gedeeltelike verlies) gelyk is aan of meer is as die waardes soos omskryf in 2(b) (i) of (ii) (wat ook al van toepassing is) onmiddellik voor die verlies. Geen depresiasie sal toegepas word op versekerde items wat jonger as 3 (drie) jaar is nie.

3. **Versekerde bedrag vir premieprysbepaling en waardes van toepassing op skadeloosstelling**

Die versekerde bedrag vir premieprysbepalingsdoeleindes van elke item wat die versekerde in die bylae moet vermeld, is ekwivalent aan die huidige nuwe vervangingswaarde van daardie item. Die maksimum skadeloosstellingsperk van elke item is egter die markwaarde op die dag voor ŉ verlies-insident, of die gekose waarde, soos omskryf indien die gekose waarde die versekerde bedrag is.

## Spesifieke bepalings en voorwaardes en standaard-uitbreidings

1. **Fondamente**

In die geval van skade aan die fondament van die versekerde eiendom voortspruitend uit ’n skadeloosstelbare gebeurtenis word die polis geag herstel of vervanging van sodanige fondament in te sluit, met die voorbehoudsbepaling dat die nuwe vervangingswaarde van die fondament by die versekerde bedrag ingesluit is.

**2. Uitbreiding t.o.v. transito en tydelike persele**

Die polis word uitgebrei om dekking te verskaf vir versekerde eiendom in transito na, vanaf en by (insluitend laai/aflaai) 'n tydelike perseel vir hersteldoeleindes. As gevolg van hierdie uitbreiding sal uitsondering 1 nie geld nie, met die voorbehoudsbepaling dat hierdie uitbreiding slegs van toepassing is op 'n tekort in skadeloosstelling wat elders verskaf word.

3. **Bedryfsmiddels**

Mits die huidige nuwe vervangingswaarde van alle bedryfsmiddels van 'n versekerde item, soos maar nie beperk nie tot olies, smeermiddels, koelmiddels, vloeistowwe, verkoelingsmiddels, ens. by die huidige nuwe vervangingswaarde van die betrokke versekerde item gevoeg is, en albei waardes by die versekerde bedrag ingesluit is, word die polis uitgebrei om die koste te dek van enige prosessering, herlading of hernuwing van enige bedryfsmiddels (gas, olie of verkoelmiddel) wat nodig is na 'n skadeloosstelbare verlies-insident.

4. **Markwaarde**

Markwaarde word bereken op die grondslag dat vir elke gebruiksjaar (of deel daarvan) die huidige nuwe vervangingswaarde van 'n identiese masjien proporsioneel verminder word oor 'n tydperk van 15 (vyftien) jaar, altyd onderworpe aan 'n minimum reswaarde-skadeloosstelling van 25% (vyf-en-twintig persent) indien die voorwaarde van eweredigheid nie geld nie.

## **Uitbreidings van onderafdeling A van hierdie polis** (wat in die bylae vermeld of by wyse van 'n endossement ingesluit moet word)

1. **Skade aan omliggende eiendom (indien vermeld teenoor 'n item(s) wat by die bylae ingesluit is)**

Dit word ooreengekom en verstaan dat, andersins onderworpe aan die terme, uitsonderings, bepalings en voorwaardes vervat in die polis of endossement daarby, en mits die versekerde die ooreengekome ekstra premie betaal het, hierdie versekering uitgebrei word ten opsigte van 'n item(s) wat in die polis gespesifiseer word om enige skielike en onvoorsiene fisiese verlies van of skade aan eiendom van die versekerde behalwe sy eie masjinerie wat ingevolge hierdie of enige ander soortgelyke polis verseker is in te sluit en die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van enige sodanige bedrae waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om as skadevergoeding te betaal voortspruitend uit

   a. toevallige liggaamlike besering of siekte van derde partye (hetsy noodlottig of nie);

   b. toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan derde partye behoort, direk voortspruitend uit en suiwer as gevolg van ontploffing of ineenstorting of skeuring weens sentrifugale kragte afkomstig van die item(s) waarna hierbo verwys is.

## Spesiale voorwaardes

1. Die Maatskappy stel nie die versekerde skadeloos nie ten opsigte van

   a. uitgawes aangegaan om enigiets wat ingevolge die polis gedek word of kan word te vergoed of te herstel;

   b. aanspreeklikheid voortspruitend uit

      i. liggaamlike besering of siekte (hetsy noodlottig of nie) van werknemers of werkers van die versekerde of lede van hul gesinne;

      ii. enige ooreenkoms deur die versekerde om by wyse van skadeloosstelling of andersins 'n bedrag te betaal, tensy die versekerde ook in die afwesigheid van sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.

2. Geen erkenning, belofte, aanbod, betaling of skadeloosstelling word deur of namens die versekerde gedoen of gegee sonder skriftelike toestemming van die Maatskappy nie, wat geregtig is om, as hy wil, in die naam van die versekerde die verdediging of skikking van 'n eis oor te neem en te hanteer of tot sy eie voordeel in die versekerde se naam 'n eis vir skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voort te sit, en volle diskresie het in die uitvoering van enige regstappe of die skikking van 'n eis; die versekerde moet alle inligting en hulp verskaf wat die Maatskappy kan vereis.

3. Die Maatskappy kan in die geval van ’n ongeluk aan die versekerde die skadeloosstellingsperk vir enige enkele ongeluk betaal (maar in so ’n geval enige bedrag of bedrae wat reeds as vergoeding ten opsigte daarvan betaal is, daarvan aftrek) of enige laer bedrag waarvoor die eis(e) voortspruitend uit sodanige ongeluk geskik kan word en het daarna geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige ongeluk nie.

2. **Ontploffing van stoomketels of drukhouers (indien vermeld teenoor ’n item(s) wat by die bylae ingesluit is)**

Die polis word uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel teen skielike en onvoorsiene verlies van of skade aan die stoomketels en/of drukhouers gespesifiseer in die bylae, regstreeks veroorsaak is deur ’n ontploffing, wat beteken die skielike en gewelddadige uitmekaarskeur daarvan deur krag of interne druk of ontbrande rookgas wat geweldige fisiese verplasing van enige deel veroorsaak, gepaardgaande met ’n kragtige uitwerping van die inhoud van die versekerde item. Alle verlies of skade buite die versekerde masjinerie-item(s) weens die verspreiding van sodanige brand of chemiese ontploffing of die blus van sodanige brand word uitgesluit. Die Maatskappy se skadeloosstellingsperk ingevolge hierdie uitbreiding is hoogstens die versekerde bedrag vir sodanige item(s) wat in Onderafdeling A in die bylae vermeld word. Geen dekking word verskaf vir versekerde stoomketels of drukhouers wat nie ten volle aan die nodige statutêre vereistes en inspeksies voldoen nie.

3. **Beskermende baksteenwerk en vuurvaste materiaal (indien die waarde by die versekerde bedrag gevoeg is van ’n item(s) wat by die bylae ingesluit is)**

Die polis word uitgebrei om die koste te dek van regstreekse/onregstreekse verlies, skade of nodige verwydering of vervanging van vuurvaste materiaal of beskermende baksteenwerk geassosieer met die versekerde eiendom, voortspruitend uit ’n skadeloosstelbare gebeurtenis met die versekerde eiendom, met dien verstande dat die toegestane skadeloosstellingsbedrag in die geval van vuurvaste materiaal sal berus op die verhouding van die onverstreke gedeelte van die lewensduur teenoor die normale lewensduur, en in die geval van baksteenwerk die normale koste om die baksteenwerk te verwyder of vervang, met die voorbehoudsbepaling dat die versekerde bedrag vir die versekerde item die nuwe vervangingswaarde van alle beskermende baksteenwerk en vuurvaste materiaal insluit.

4. **Verlies van inhoud van vloeistofbergingshouers (indien vermeld teenoor ’n item(s) wat by die bylae ingesluit is)**

Andersins onderworpe aan die terme, uitsonderings, bepalings en voorwaardes vervat in die polis of endossement daarby, en mits die versekerde die ooreengekome ekstra premie betaal het, word die dekking ingevolge hierdie polis uitgebrei om voorsiening te maak vir die koste van verlies, herstel- of herverwerkingskoste na herwinning van die vloeistofinhoud van bergingshouers wat regstreeks deur ’n skadeloosstelbare insident aan sodanige versekerde vloeistofbergingshouer-item veroorsaak is, met die voorbehoudsbepaling dat enige verliese veroorsaak deur of voortvloeiend uit verdamping, besoedeling, kontaminasie, chemiese aksie of natuurlike handelsverliese, oorvulling of onopsetlike dreinering uitgesluit is. Die aanspreeklikheidsperk is die versekerde bedrag van die vloeistofinhoud en die eerste bedrag betaalbaar is soos vermeld in die bylae. Die berekeningsgrondslag van die koste van sodanige verlies, herstel- of herverwerkingskoste is in ooreenstemming met die versekerde se normale produksiekosteberekening en maak nie voorsiening vir enige verlies van verkope of bestellings nie. Slegs vir hierdie uitbreiding word spesifieke uitsondering 2(d) gewysig om te lui “water of enige vloeistof wat uit ’n sprinkelblusser of ander blustoestel ontsnap, na sloping, demontering en opruiming van puin”.

5. **Gekose waarde (indien vermeld teenoor ’n item wat by die bylae ingesluit is)**

Andersins onderworpe aan die terme, uitsonderings, bepalings en voorwaardes vervat in die polis of endossement daarby, en indien so verkies en voorgelê deur die versekerde en aanvaar deur die Maatskappy voor die aanvang of hernuwing van die polis, kan ’n masjinerie-item teen ’n vaste gekose waarde verseker word wat vir die polistydperk geldig is, en wat hoogstens die markwaarde plus 10% (tien persent) en minstens die markwaarde minus 10% (tien persent) is. Die markwaarde is gegrond op die billike waarde vir die tipe, fabrikaat, model, ouderdom en toestand van die spesifieke item by die aanvang van die polistydperk.

Die gekose waarde is hoogstens die nuwe vervangingswaarde van die spesifieke item of sy naaste ekwivalent soos gewaardeer by die aanvang van die polistydperk. Indien die Maatskappy se verteenwoordiger ten tyde van ŉ verlies-insident vasstel dat die gekose waarde meer is as die werklike nuwe vervangingswaarde soos gewaardeer by die aanvang van die polistydperk, word die Maatskappy

se maksimum aanspreeklikheid ten opsigte van die gekose waarde beperk tot die markwaarde of die nuwe vervangingswaarde, wat ook al die minste is, beide soos gewaardeer by die aanvang van die polistydperk.

## Die skadeloosstelling en standaard-uitbreidings van toepassing op onderafdeling A

Indien skadeloosstelling toegestaan word, mag die bedrag/bedrae wat ingevolge die polis geëis kan word nie die perk(e) soos in die bylae gespesifiseer ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit 'n enkele gebeurtenis plus bykomende koste in verband met die werking van enige van die uitbreidings (1-4) hieronder gelys oorskry nie.

1. **Outomatiese toevoegings**

   Die polis word uitgebrei om op die versekerde se perseel skadeloosstelling te verskaf vir bykomende masjinerie van 'n soortgelyke aard aan dié gespesifiseer in die polisbylae, met dien verstande dat:

   a. installering en inbedryfstelling suksesvol was en normaalweg aanvaarde bedryfstandaarde bereik is;

   b. die totale versekerde bedrag van al sodanige bykomende masjinerie hoogstens 25% (vyf-en-twintig persent) van die totale versekerde bedrag in die bylae beloop;

   c. die versekerde die Maatskappy binne 60 (sestig) dae na die aankoop van sodanige toevoegings in kennis stel, by versuim waarvan dekking sal staak;

   d. die versekerde die bykomende premie soos bepaal deur die Maatskappy effektief vanaf die aankoopdatum betaal.

2. **Argitek- en ander professionele gelde**

   Professionele gelde wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word vir die herstel of vervanging van eiendom na skadeloosstelbare verlies of skade, met dien verstande dat die totale betaalbare bedrag ten opsigte van sodanige gelde hoogstens 10% (tien persent) van die versekerde bedrag van die beskadigde item(s) beloop, maar nie koste insluit wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

3. **Opruimingskoste**

   Koste wat noodsaakliker- en redelikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping of demontering van toerusting en/of puinverwydering en by die verskaffing/oprigting/instandhouding van skuttings wat nodig is tydens sloping, demontering, puinverwydering en herbouing na skadeloosstelbare verlies van of skade aan sodanige toerusting, insluitend koste voortspruitend uit die aktiwiteite van 'n openbare owerheid om die gevolge van 'n versekerde gevaar wat voorgekom het te hanteer, met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens 10% (tien persent) van die versekerde bedrag van die beskadigde item(s) mag beloop.

4. **Spoedaflewering en oortyd**

   Bykomende heffings vir spoedaflewering, lugvrag, oortyd, Sondag- en vakansieloontariewe is betaalbaar ten opsigte van die noodsaaklike en redelike bykomende koste wat deur die versekerde aangegaan word vir herstel of vervanging deur die Maatskappy, beperk tot 50% (vyftig persent) van die bedrag wat die herstel of vervanging sou gekos het indien hierdie bykomende koste nie aangegaan is nie.

## Algemene memoranda van toepassing op onderafdelings A en B

1. **Belange van banke of ander finansiële instellings**

   Waar 'n bank of ander finansiële instelling 'n belang in enige van die versekerde eiendom hierkragtens het, word hul belang geag opgeteken te wees, met dien verstande dat sodanige belang in die versekerde eiendom onderworpe is daaraan dat

   a. die polis ten tyde van 'n verlies- of skade-insident van krag is;

   b. die versekerde aan al die vereistes van die polis na 'n verlies- of skade-insident voldoen;

   c. die versekerde die Maatskappy ten tyde van die verlies- of skade-insident van sodanige belang in die versekerde eiendom verwittig.

2. **Eweredigheid (behalwe waar teenoor ’n item(s) as gekose waarde vermeld)**

Die versekerde bedrag vermeld teenoor elke versekerde eiendom-item is te alle tye gelyk aan die huidige geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde, tensy anders vermeld. Indien die versekerde eiendom by die aanvang van ’n verlies- of skade-insident aan sodanige versekerde eiendom deur ’n skadeloosstelbare insident ’n groter waarde as die versekerde bedrag daarop het, word die versekerde geag sy eie versekeraar te wees vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Indien daar meer as een item is, is elke item afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

3. **Redelike voorsorgmaatreëls**

Die versekerde moet in alle omstandighede alle redelike voorsorgmaatreëls tref vir die beskerming, instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en die voorkoming van verlies of skade en dat slegs bestendige en bekwame werknemers in diens geneem word en dat alle geboue, paaie/roetes, werkplase en masjinerie substansieel en solied en in goeie orde en geskik is vir die doel waarvoor dit gebruik word, en dat alle Parlementswette en alle regulasies en voorskrifte deur die statutêre of plaaslike owerheid behoorlik nagekom word. Indien defekte of werktoestande ontdek word wat meebring dat die risiko groter as gewoonlik is, moet die versekerde die Maatskappy onmiddellik daarvan in kennis stel en stappe doen om die gemelde defekte of toestande reg te stel en intussen toesien dat bykomende voorsorgmaatreëls getref word soos omstandighede vereis.

## Onderafdeling B: Verslegting van voorraad

### Omskrewe gebeurtenisse

Verlies of skade weens verslegting of besmetting van goedere (hierna die versekerde eiendom genoem) in besit, sorg of bewaring of onder beheer van die versekerde terwyl dit suiwer vir bergingsdoeleindes in ’n koelkamer, vrieskas, verkoelingslokaal of -eenheid in ’n beheerde omgewing gehou word in die plekke op die versekerde se perseel of persele wat almal by hierdie onderafdeling in die bylae gelys is, voortspruitend uit ’n verandering in die beheerde omgewing as gevolg van skadeloosstelbare verlies of skade (hierna die insident genoem) soos omskryf in Onderafdeling A van hierdie afdeling, wat voorgekom het ten opsigte van die versekerde masjinerie daarop.

## Spesifieke bepalings en voorwaardes van toepassing op Onderafdeling B

### Die versekerde bedrae

Die versekerde bedrae weerspieël beide

1. die totale risikobedrag in elke koelkamer, vrieskas, verkoelingslokaal of -eenheid in die beheerde omgewing bestaande uit die maksimum somtotaal van die risikowaarde van al die voorraad/inhoud wat op enige tydstip gedurende die versekeringstydperk daarin gestoor kon gewees het; en
2. die totale bedrag van die omset in enige enkele versekeringstydperk bestaande uit die somtotaal van die waarde van al die voorraad/inhoud wat gedurende die versekeringstydperk in elke koelkamer, vrieskas, verkoelingslokaal of -eenheid gestoor is, wat die maksimum totale risikowaarde op enige tydstip verteenwoordig.
3. Aan die einde van die versekeringstydperk moet die versekerde die werklike totale omset wat gedurende die versekeringstydperk behaal is, voorlê en uit hul daaglikse rekords verklaar, en die finale premie betaalbaar word dan daarop bereken met inagneming van enige premie wat reeds betaal is.

### Die skadeloosstelling

Die skadeloosstelling betaalbaar is

1. die waarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor berging plus redelike koste deur die versekerde aangegaan vir
   a. hantering,
   b. berging tot op die tydstip van die verlies;
2. die koste van houers of verpakking wat as gevolg van die verlies beskadig is;

3. die koste van wegdoening, maar altesaam hoogstens die versekerde bedrag wat bepaal is ten opsigte van elke koelkamer of die totale getal koelkamers wat deur die verlies geaffekteer is, minus die monetêre eerste bedrag betaalbaar.

### Eerste bedrag betaalbaar

Die bedrag wat in die polisbylae as die eerste bedrag betaalbaar gespesifiseer is, is deur die versekerde betaalbaar. Indien meer as een koelkamer in 'n beheerde omgewing deur verlies of skade soos verseker tydens een enkele gebeurtenis geaffekteer word, is die eerste bedrag betaalbaar beperk tot die hoogste enkelbedrag van toepassing op sodanige koelkamers in 'n beheerde omgewing.

### Spesifieke opskortende voorwaardes vir aanspreeklikheid en besonderhede wat aangaande versekerde items ingevolge onderafdeling A vereis word

1. **Alternatiewe bergingsfasiliteite**

   'n Opskortende voorwaarde vir die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding is dat die versekerde in die geval van skadeloosstelbare verlies van of skade aan die masjinerie soos uiteengesit in Onderafdeling A van hierdie masjinerieversekeringspolisbylae alle redelike pogings moet aanwend om alternatiewe bergingsfasiliteite te verkry om 'n verlies te vermy of te verminder. Die Maatskappy stel die versekerde skadeloos vir alle koste wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word om aan hierdie voorwaarde te voldoen, onderworpe aan 'n maksimum perk van 15% (vyftien persent) van die versekerde bedrag bepaal vir elke koelkamer wat deur die verlies geaffekteer is.

2. **Versekerde se pligte met betrekking tot 'n eisgebeurtenis**

   'n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid is dat, benewens die vereistes van 6. Eise ingevolge die Algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings van hierdie polis, geen eis ingevolge hierdie afdeling betaalbaar is nie tensy die vereistes van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is, en in die geval van nie-nakoming daarvan in enige opsig moet enige betaling wat reeds op grond van die eis gedoen is onmiddellik aan die Maatskappy terugbetaal word.

   By die voorkoms van 'n insident as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling ingedien sou kon word, moet die versekerde so gou as redelikerwys moontlik die Maatskappy skriftelik daarvan in kennis stel en met die nodige omsigtigheid alles doen en met die Maatskappy se verteenwoordiger(s) saamwerk om alles voor te lê, te doen en te laat doen wat redelikerwys prakties kan wees om die verlies te vermy of te verminder, en indien 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling ingedien word, nie later as 30 dae na die verstryking van die skadeloosstellingstydperk nie of binne sodanige verdere tyd wat die Maatskappy skriftelik kan toelaat, op eie koste 'n skriftelike verklaring aan die Maatskappy voorlê wat 'n uiteensetting gee van besonderhede van die eis tesame met besonderhede van alle ander versekerings wat die verlies of enige deel daarvan of voortvloeiende verlies van enige aard wat daaruit voortspruit dek.

3. **Gereelde diens en instandhouding**

   'n Opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid is dat die masjinerie verseker ingevolge Onderafdeling A en elke koelkamer, vrieskas, verkoelingslokaal of -eenheid gelys in die bylae ingevolge Onderafdelings A en B gereeld gediens en in stand gehou moet gewees het soos voorgeskryf deur die vervaardiger. Die versekerde moet die besonderhede van alle instandhouding en herstelwerk wat aan sodanige eiendom gedoen is, opteken en op enige redelike tydstip op versoek van die Maatskappy se verteenwoordiger verskaf. Versuim om aan hierdie klousule te voldoen, sal hierdie versekering en enige verlies of skade met betrekking tot die versekerde item nietig maak, tensy die Maatskappy skriftelik daartoe instem.

4. **Nakoming van die spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A van hierdie afdeling**

   Nakoming van die spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A is 'n opskortende voorwaarde vir die aanvaarding van enige aanspreeklikheid ingevolge Onderafdeling B van hierdie onderafdeling.

5. **Ouderdom en ligging**

   Hierdie onderafdeling verskaf nie dekking vir verlies of skade voortspruitend uit die volgende nie:

a. enige masjinerie op of wat aangeheg is aan 'n voertuig, vaartuig of enige ander bewegende masjien, toestel, toerusting of tydelike struktuur, en geen handwerktuie word gedek nie, hetsy kraggedrewe of nie;

b. enige masjinerie, koelkamer, vrieskas, verkoelingslokaal of -eenheid ouer as 20 (twintig) jaar sedert dit oorspronklik vervaardig is.

## Onderafdeling C: Masjinerie – verlies van bruto wins

### Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van bruto wins weens verminderde omset na onderbreking of ontwrigting van die besigheid as gevolg van skielike en onvoorsiene fisiese verlies van of skade voortspruitend uit enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit word nie en ook nie ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling uitgesluit word nie (hierna die insident genoem), wat gedurende die versekeringstydperk voorkom ten opsigte van daardie versekerde item(s) in die bylae van Onderafdeling A van hierdie afdeling wat ook in Onderafdeling C van hierdie afdeling vermeld word, ten opsigte waarvan betaling gedoen of aanspreeklikheid erken is ingevolge Onderafdeling A van die afdeling. Aanspreeklikheid word geag erken te wees indien sodanige betaling alleenlik uitgesluit word omdat die versekerde die eerste bedrag betaalbaar van die eisbedrag moet betaal. Die Maatskappy stel die versekerde skadeloos ooreenkomstig die bepalings van die spesifikasie wat hierna uiteengesit word.

### Spesifieke bepalings en voorwaardes van toepassing op hierdie afdeling

1. **Finansiële en produksiebesonderhede wat aangaande versekerde items ingevolge hierdie afdeling vereis word**

   Die versekerde moet op enige redelike tydstip op versoek die finansiële en produksiebesonderhede in verband met elke item wat ingevolge hierdie onderafdeling verseker word, skriftelik aan die Maatskappy se verteenwoordiger beskikbaar stel.

   Die finansiële en produksiebesonderhede sluit die volgende in:

   a. Daaglikse operasionele en produksierekords vir die afgelope 2 (twee) finansiële jare, van die produksie-eenheid/eenhede wat op die versekerde masjinerie-item(s) staatmaak.

   b. Geouditeerde finansiële state van die versekerde besigheid vir die afgelope 2 (twee) finansiële jare, insluitend die bydrae van die produksie-eenheid/eenhede.

   c. Rekords van insidente by die produksie-eenheid/eenhede, instandhouding en herstelwerk van die versekerde masjinerie-item(s) gedurende die afgelope 2 (twee) jaar.

2. **Versekerde bedrag en eweredigheid**

   Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie onderafdeling ná ͘n skadeloosstelbare insident word proporsioneel verminder indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers op die jaarlikse omset toe te pas waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk meer as 12 (twaalf) maande is.

3. **Nakoming van die spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A van hierdie afdeling**

   Nakoming van die spesifieke bepalings, voorwaardes en verpligtinge van toepassing op Onderafdeling A is 'n opskortende voorwaarde vir die aanvaarding van enige aanspreeklikheid ingevolge Onderafdeling C van hierdie onderafdeling.

4. **Nuwe of prototipe masjinerie**

   **Hierdie onderafdeling verskaf nie dekking vir die volgende nie:**

   a. nuwe masjinerie totdat sodanige masjinerie minstens 30 opeenvolgende dae probleemvry bedryf is;

   b. prototipe masjinerie tot minstens drie opeenvolgende maande

of die tydperk van die probleemvrye bedryf van sodanige masjinerie wat die Maatskappy kan vereis, of in die geval van (a) en (b) hierbo sodanige ander tydperke waaroor met die Maatskappy ooreengekom kan wees en wat skriftelik hierop geëndosseer is voor die aanvang van hierdie onderafdeling van die polis.

5. **Afwikkeling, likwidasie of geregtelike bestuur**

   Die versekering ingevolge hierdie afdeling staak indien die besigheid afgewikkel word of deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder voortgesit word of permanent gestaak word, behalwe met die skriftelike instemming van die Maatskappy.

6. **Versekerde se pligte met betrekking tot verliesvermyding en -vermindering**

   Benewens die vereistes van 6. Eise ingevolge die Algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings van hierdie polis, is geen eis ingevolge hierdie afdeling betaalbaar nie tensy die vereistes van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is, en in die geval van nie-nakoming daarvan in enige opsig moet enige betaling wat reeds op grond van die eis gedoen is onmiddellik aan die Maatskappy terugbetaal word.

   By die voorkoms van 'n insident as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling ingedien sou kon word, moet die versekerde so gou as redelikerwys moontlik die Maatskappy skriftelik daarvan in kennis stel en met die nodige omsigtigheid alles doen en met die Maatskappy se verteenwoordiger(s) saamwerk om alles voor te lê, te doen en te laat doen wat redelikerwys prakties kan wees om 'n onderbreking of ontwrigting van die besigheid te beperk of na te gaan of om die verlies te vermy of te verminder, en indien 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling ingedien word, nie later as 30 (dertig) dae na die verstryking van die skadeloosstellingstydperk nie of binne sodanige verdere tyd wat die Maatskappy skriftelik kan toelaat, op eie koste 'n skriftelike verklaring aan die Maatskappy voorlê wat 'n uiteensetting gee van besonderhede van die eis tesame met besonderhede van alle ander versekerings wat die verlies of enige deel daarvan of voortvloeiende verlies van enige aard wat daaruit voortspruit dek.

## Item 1 – Bruto wins (verskil-grondslag) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item is beperk tot verlies van bruto wins weens

1. 'n vermindering in omset, en
2. toename in bedryfskoste;

   en die bedrag as skadeloosstelling hierkragtens betaalbaar is

   a. ten opsigte van 'n vermindering in omset die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag wat die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die insident minder is as die standaard-omset;

   b. ten opsigte van toename in bedryfskoste die bykomende uitgawe wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie was dat daardie uitgawe aangegaan is nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die insident sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering wat daardeur vermy is,

   minus enige bedrag bespaar tydens die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit bruto wins wat kan staak of minder kan wees as gevolg van die insident, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers op die jaarlikse omset toe te pas waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk meer as 12 (twaalf) maande is.

### Item 1 – Bruto wins (toevoegings-grondslag) (indien in die bylae vermeld as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies van bruto wins weens

1. 'n vermindering in omset, en
2. bykomende toename in bedryfskoste;

   en die bedrag as skadeloosstelling hierkragtens betaalbaar is

   a. ten opsigte van 'n vermindering in omset die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag wat die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die insident minder is as die standaard-omset;

   b. ten opsigte van toename in bedryfskoste die bykomende uitgawe wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie was dat daardie uitgawe aangegaan is nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die insident sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering wat daardeur vermy is, minus enige bedrag bespaar tydens die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste wat kan staak of minder kan wees as gevolg van die insident, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers op die jaarlikse omset toe te pas waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk meer as 12 (twaalf) maande is.

### Memorandum aangaande vaste koste

Indien vaste koste van die besigheid nie ingevolge hierdie onderafdeling verseker is nie, word in die berekening van die bedrag verhaalbaar hierkragtens as toename in bedryfskoste slegs daardie persentasie van die bykomende onkoste in aanmerking geneem wat die som van die netto wins en die versekerde vaste koste teenoor die som van die netto wins en al die vaste koste uitmaak.

### Item 2 – Bykomende toename in bedryfskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot bykomende onkoste (nie verhaalbaar ingevolge ander items nie) wat met die Maatskappy se goedkeuring gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die insident aangegaan word met die doel om die normale bedryf van die besigheid te handhaaf, onderworpe aan die skadeloosstellingsperk soos in die bylae vermeld.

### Omskrywings

Skadeloosstellingstydperk en Maksimum Skadeloosstellingstydperk: Die tydperk wat begin met die voorkoms van die insident en eindig nie later nie as die laaste dag van die maksimum skadeloosstellingstydperk beskryf teenoor elke item soos uiteengesit in die bylae, waartydens die resultate van die besigheid geaffekteer word as gevolg van die insident. Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir daardie gedeelte van elke verlies wat ooreenstem met die tyduitsluiting of die eerste bedrag betaalbaar ingevolge hierdie onderafdeling soos uiteengesit in die polisbylae by hierdie onderafdeling of in die bylae van versekerde items ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling, na gelang van die geval.

**Inkomste:** Die geld wat betaal of betaalbaar is aan die versekerde vir goedere verkoop en vir dienste gelewer in die gang van die besigheid op die perseel.

### Bruto wins (verskil-grondslag):

Die bedrag waarmee

1. die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad
2. die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste oorskry.

Die bedrag van die begin- en eindvoorraad word verkry in ooreenstemming met die versekerde se normale rekeningkundige metodes, met behoorlike voorsiening vir depresiasie.

Onversekerde koste (soos in die bylae tenoor hierdie item vermeld): Die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, het die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die versekerde.

### Bruto wins (toevoegings-grondslag):

Die som wat verkry word deur die bedrag van die versekerde vaste koste by die netto wins te voeg, of as daar nie netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste minus sodanige persentasie van 'n netto handelsverlies as wat die bedrag van die versekerde vaste koste teenoor al die vaste koste van die besigheid uitmaak.

### Netto wins:

Die netto handelswins (alle kapitaalontvangste en -aanwas en alle uitgawes behoorlik verrekenbaar teen kapitaal uitgesluit) voortspruitend uit die besigheid van die versekerde op die perseel nadat behoorlike voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, insluitend depresiasie, maar voor die aftrekking van belasting betaalbaar op wins.

### Versekerde vaste koste:

(soos in die bylae teenoor hierdie item vermeld)

### Standaard-omset Standaard-inkomste

Die omset (inkomste) gedurende die tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die insident wat met die skadeloosstellingstydperk ooreenstem Jaarlikse omset

### Jaarlikse inkomste

Die omset (inkomste) gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die insident

### Bruto winskoers

Die bruto winskoers wat verdien word op die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die insident waaraan sodanige aanpassings gedoen sal word wat nodig kan wees om voorsiening te maak vir die tendens van die besigheid en vir wisselings in of ander besigheidsomstandighede wat die besigheid hetsy voor of na die insident affekteer of wat die besigheid sou geaffekteer het indien die insident nie voorgekom het nie, sodat die aangepaste syfers so getrou as redelikerwys prakties die resultate verteenwoordig wat, as dit nie vir die insident was nie, gedurende die relatiewe tydperk na die insident behaal sou gewees het.

**Let wel:** Indien die insident plaasvind voordat die eerste handelsjaar van die besigheid op die perseel voltooi is, word die waarde van die terme tussen hakies bereken deur proporsionele waardes te gebruik met betrekking tot die resultate wat in die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die insident behaal is.

### Memorandum aangaande verkope en dienste

Indien die versekerde of ander namens die versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk op 'n ander plek as die perseel goedere verkoop of dienste lewer ten bate van die besigheid, word die geld wat ten opsigte van sodanige verkope of dienste betaal of betaalbaar is in aanmerking geneem om die omset of inkomste tydens die skadeloosstellingstydperk te bereken.

### Uitbreidings en klousules

### Rekenmeestersklousule

Besonderhede van inligting vervat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente wat die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling kan vereis om 'n eis hierkragtens te ondersoek of te verifieer, kan deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters verskaf en gesertifiseer word en hul sertifikaat sal prima facie bewys wees van die besonderhede en inligting waarop dit betrekking het.

## Klousule oor opgehoopte voorraad

By die aanpassing van ’n verlies word ag geslaan op en ’n billike toegewing gemaak indien ’n tekort in omset of inkomste weens die insident uitgestel word omdat die omset of inkomste tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## Departementele klousule

Indien die besigheid in departemente of takke bedryf word, waarvan die onafhanklike handelsresultate vasgestel kan word, geld die bepalings van item 1 (bruto wins) met betrekking tot ’n vermindering in omset en toename in bedryfskoste afsonderlik vir elke departement of tak wat deur die insident geaffekteer word, behalwe dat indien die bedrag wat deur die betrokke item verseker word minder is as die somtotaal van die bedrae wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas vir elke departement of tak, hetsy dit deur die insident geaffekteer word of nie (tot die relatiewe jaarlikse omset daarvan) (proporsioneel verhoog indien die getal maande waarna in die omskrywing van skadeloosstellingstydperk verwys word meer as 12 is), die betaalbare bedrag proporsioneel verminder word.

## Depositopremie-klousule (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die feit dat die premie volgens item 1 voorlopig is in soverre dit op 75% (vyf-en-sewentig persent) van die versekerde bedrag bereken word, kan die premie by verstryking van elke versekeringstydperk soos volg aangepas word: Indien die bruto wins verdien (proporsioneel verhoog indien die getal maande waarna in die omskrywing van skadeloosstellingstydperk verwys word meer as 12 is) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met ’n versekeringstydperk minder as of groter as 75% (vyf-en-sewentig persent) van die versekerde bedrag daarop is, word ’n proporsionele opbrengs of bykomende premie van hoogstens $33\frac{1}{3}$% (drie-en-dertig en ’n derde persent) van die voorlopige premie wat vir sodanige versekeringstydperk betaal is, ten opsigte van die verskil betaal. Indien ’n eis ingevolge hierdie afdeling ingedien word, word die bedrag wat daarop betaal of betaalbaar is as werklik verdien beskou.

## Klousule oor herwinningsverkope

Indien die versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk ’n herwinningsverkoping hou, lui klousule (1) van item 1 (bruto wins) vir die doeleindes van sodanige eis soos volg:

1. ten opsigte van ’n vermindering in omset die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag wat die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk (minus die omset vir die tydperk van die herwinningsverkoping) as gevolg van die insident minder is as die standaard-omset, van welke bedrag die bruto wins wat werklik gedurende die tydperk van die herwinningsverkoping verdien is, afgetrek sal word.

## Spesiale voorwaardes (van toepassing op onderafdelings A, B en C)

## Omskrywing

Masjinerie word vir die doeleindes van hierdie versekering omskryf as kraggedrewe nie-bewegende masjiene wat permanent geïnstalleer en vas is op ’n doelgemaakte struktuur met ’n betonfondament.

# Motor

## Onderafdeling A – verlies of skade

### Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan enige voertuig wat in die bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daaraan is. Indien sodanige voertuig onbruikbaar is weens enige verlies of skade wat hierkragtens verseker is, betaal die versekeraar die redelike koste vir die beskerming en verwydering daarvan na die naaste herstellers en die versekerde mag opdrag gee dat herstelwerk tot hoogstens R5 000 (vyfduisend rand) uitgevoer word sonder dat die versekeraar se toestemming vooraf verkry word met dien verstande dat 'n uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die versekeraar gestuur word. Die versekeraar betaal ook die redelike koste vir aflewering aan die versekerde na die herstel van sodanige verlies of skade, maar tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die permanente adres van die versekerde in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek, met dien verstande dat

1. die skadeloosstellingsperk vir elke soort voertuig is soos wat dit in die bylae vermeld word en dat dit die maksimum bedrag is wat deur die versekeraar betaalbaar is ten opsigte van sodanige verlies of skade, maar dit mag hoogstens die redelike markwaarde van die voertuig en sy toebehore en onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade beloop.
2. die versekeraar na sy eie keuse sodanige voertuig of enige deel daarvan en/of die toebehore en onderdele daarvan kan herstel of vervang of die bedrag van die verlies of skade kontant betaal tot hoogstens die redelike markwaarde van sodanige voertuig en/of die toebehore en/of onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade.
3. indien die voertuig na die wete van die versekeraar die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die versekeraar ten opsigte van sodanige verlies of skade.
4. ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot 'n eis (behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing) ingevolge hierdie onderafdeling aanleiding gee, die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrae betaalbaar wat in die bylae vermeld word (na gelang van die soort voertuig) van enige uitgawe (of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word) waarvoor voorsiening gemaak word ingevolge hierdie onderafdeling (insluitende enige betaling ten opsigte van koste, uitgawe en gelde) en van enige uitgawe deur die versekeraar aangegaan in die uitoefening van enige diskresie wat hy ingevolge hierdie versekering mag hê. Indien die onkoste wat deur die versekeraar aangegaan word, enige eerste bedrag betaalbaar insluit waarvoor die versekerde verantwoordelik is, moet sodanige bedrag onverwyld deur die versekerde aan die versekeraar terugbetaal word.
5. indien 'n versekerde plaaseienaar of gade van ouer as 55 jaar die geregistreerde eienaar is van 'n privaat voertuig wat op die bylae as 'n omskrywing 2(a)-voertuig aangedui word en ook die bestuurder van die voertuig is ten tyde van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding gee, sal die basiese bybetaling nie geld nie.

### Uitsonderings op onderafdeling A

Die versekeraar is nie aanspreeklik om die volgende te betaal nie:

1. Gevolglike verlies weens enige oorsaak hoegenaamd, waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk na 'n omskrewe gebeurtenis of andersins, slytasie, meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie.
2. Skade aan buitebande deur die gebruik van remme of deur padlekkasies, snye of barste.
3. Skade aan veerstelsels/skokbrekers te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede.
4. Terughouding, konfiskering of rekwisisie deur enige doeane- of ander beamptes of owerhede.

## Onderafdeling B – Aanspreeklikheid teenoor derde partye

### Omskrewe gebeurtenisse

Enige ongeval veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige voertuig wat in die bylae beskryf word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan die versekerde of enige passasier regtens aanspreeklik word om alle bedrae, insluitende die eiser se koste en uitgawes, te betaal ten opsigte van

i. dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in die diens van die versekerde wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde is.

ii. skade aan ander eiendom as die eiendom wat aan die versekerde behoort of deur hom in trust gehou word of in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is of wat deur sodanige voertuig vervoer word of daarop of daarvan afgelaai word.

Die versekeraar sal ook (ingevolge en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie onderafdeling)

1. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na sy eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of daarmee verband mag hou met dien verstande dat die versekeraar se algehele aanspreeklikheid ingevolge sowel hierdie uitbreiding as onderafdeling B, hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in onderafdeling B as van toepassing vermeld word.
2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op bevel van die versekerde of met die versekerde se toestemming bestuur of gebruik met dien verstande dat
    a. sodanige persoon, asof by die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees.
    b. sodanige persoon wat sodanige voertuig bestuur deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie.
    c. die skadeloosstelling nie van toepassing is ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie.
    d. sodanige persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie.
3. die versekerde skadeloos stel terwyl hy persoonlik enige privaat tipe motorvoertuig bestuur wat nie aan hom behoort nie en nie ingevolge 'n huurkontrak of opskortende verkoopsooreenkoms aan hom gebruikhuur of verhuur word nie met dien verstande dat die versekerde 'n individu is en dat by 'n voertuig hierkragtens verseker het wat voldoen aan die beskrywing onder omskrywing 2(a) of (b) en met dien verstande dat die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir skade aan die voertuig terwyl dit bestuur of gebruik word.
4. die versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander voertuig of sleepwa (insluitende aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa) deur 'n voertuig (behalwe teen vergoeding) met dien verstande dat die versekeraar nie aanspreeklik is vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa of vir die eiendom daarin of daarop nie.

### Uitsonderings op onderafdeling B

Die versekeraar is nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik ten opsigte van die volgende nie:

1. Soveel van enige skadevergoeding of eis as wat binne die bestek van enige verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsondering geld nieteenstaande die feit dat geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie.

2. Dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in of op 'n voertuig beskryf in omskrywing 2(b), (c), (d) of (e) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan (behalwe enige persoon wat in of op 'n permanent omslote passasierdraende kompartement van 'n handelsvoertuig met 'n dravermoë van hoogstens 1,500 kg vervoer word of wat daarin, daaruit, of daarvan af klim).
3. Aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes behalwe die instandhouding of herstel van 'n voertuig) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in enige sodanige gereedskap of toerusting. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op vurkhysers nie.

### Skadeloosstellingsperk

Tensy anders vermeld, beloop die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie onderafdeling ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperke wat in die bylae vermeld word.

### Onderafdeling C – Mediese onkoste

### Omskrewe gebeurtenisse

Indien enige insittende in die gespesifiseerde deel van 'n voertuig hieronder beskryf regstreeks in verband met sodanige voertuig op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse liggaamlike besering opdoen, betaal die versekeraar die mediese onkoste in verband met sodanige besering tot hoogstens 'n bedrag van R7,500 (seweduisend vyf honderd rand) per beseerde insittende maar tot hoogstens R30,000 (dertigduisend rand) in totaal vir alle beseerde insittendes as gevolg van 'n voorval of 'n reeks voorvalle voortspruitende uit een gebeurtenis.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie onderafdeling word verminder met enige bedrag wat ingevolge enige ongevalle- of soortgelyke wetgewing verhaalbaar is.

Die uitdrukking mediese onkoste sluit enige koste in wat aangegaan word in verband met sodanige insittende se bevryding uit sodanige voertuig of sy vervoer na 'n plek waar mediese behandeling toegedien kan word.

| Omskrewe voertuig maar slegs indien dit ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling verseker is | Gespesifiseerde gedeelte van voertuig waarin besering opgedoen moet word |
|---|---|
| 1. Enige privaat tipe motorvoertuig of gemotoriseerde karavaan | Enige plek binne die voertuig |
| 2. Enige ander tipe versekerde voertuig behalwe 'n bus of huurmotor | Die permanent omslote passasierdraende kompartement |

### Omskrywings

1. **Voorval**

   Die woord voorval beteken enige voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige enkele voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word.

2. **Voertuig**

   Die woord voertuig beteken

   a. privaat tipe motorvoertuie en ligte afleweringvoertuie (LDVs) (insluitende stasiewaens, safari-voertuie, karweimotors en dies meer of soortgelyke voertuie wat ontwerp is om nie meer nie as 9 mense, insluitende die bestuurder, te dra).
   b. handelsvoertuie en spesiale tipe voertuie soos in die bylae omskryf.
   c. motorfietse (insluitende bromponies en driewielvoertuie veldmotorfietse en vierwielmotorfietse).
   d. busse (insluitende enige voertuig wat gebruik word vir besigheidsdoeleindes en ontwerp is om meer as 9 mense, insluitende die bestuurder, te dra).

e. sleepwaens en/of karavane, dit wil sê enige voertuig sonder selfaandrywing wat ontwerp is om deur ’n selfaangedrewe voertuig gesleep te word, maar met uitsluiting van enige onderdele of toebehore wat nie permanent daaraan aangebring is nie.

f. landbouwerktuie behalwe besproeiingstelsels en enige selfaangedrewe landboutoerusting wat hoofsaaklik vir die vervoer van goedere ontwerp is.

g. trekkers.

h. oesmasjiene, oesdorsmasjiene,

en synde enige sodanige voertuig wat deur die versekerde besit, gehuur of gebruikhuur word, insluitende enige sodanige voertuig wat tydelik deur die versekerde gebruik word ter vervanging van enige voertuig wat in onbruik is vir die doeleindes van versiening, instandhouding en/of herstelwerk met dien verstande dat die versekeraar se maksimum aanspreeklikheid hoogstens die markwaarde van die vervangingsvoertuig of die skadeloosstellingsperk van die vervangde voertuig soos in die bylae vermeld.

3. **Markwaarde**

Die term markwaarde is vir die doeleindes van onderafdeling A die kleinhandelsprys soos gekwoteer in die jongste Transunion-publikasies ten tyde van die verlies, of indien ’n voertuig nie in sodanige publikasie gemeld word nie, die redelike prys waarteen die voertuig vervang kan word deur ’n voertuig van ongeveer dieselfde ouderdom en toestand ten tyde van die verlies van die versekerde voertuig.

4. **Lughawe-kant**

Die term lughawe-kant beteken enige gebied van die lughawe-perseel wat beperkte reg van toegang het, soos aanloopbane, taxibane, laaiblaaie of geassosieerde dienspaaie asook sekere dele van terminale en ander geboue wat rondom die lughaweperseel (soos deur die betrokke lughawe-owerheid omskryf) geleë is.

**Bepalings ten opsigte van geeneiskorting (van toepassing op gespesifiseerde-voertuig-grondslag)**

Indien geen eis ingevolge hierdie polis ingestel word of ontstaan gedurende ’n versekeringstydperk wat hieronder gespesifiseer word en wat die hernuwing van die polis onmiddellik voorafgaan nie, word die hernuwingspremie vir die versekering van voertuie gegrond op die toepaslike Eisvrye groep of is dit onderworpe aan ondergemelde Geeneiskortings

OMSKRYWING (a)

| Versekeringstydperk | Eisvrye groep |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 1 |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 2 |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jare | 3 |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jare | 4 |
| die voorafgaande vyf opeenvolgende jare | 5 |
| die voorafgaande ses of meer opeenvolgende jare | 6 |

Anders as hierbo, geld eisvryegroep 0.

Indien een of meer eise ingestel word of ontstaan gedurende ’n versekeringstydperk waarvoor die premie op Eisvrye groep 5 of 6 gebaseer is, word die volgende hernuwingspremie onderskeidelik op Eisvrye groep 3 of 4 gebaseer en vir daaropvolgende hernuwings soos volg

i. EISVRYE GROEP 4

| Versekeringstydperk waartydens geen eis ingestel word of ontstaan nie | Eisvrye groep die |
|---|---|
| voorafgaande jaar | 3 |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 4 |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jare | 5 |

ii. EISVRYE GROEP 5

| Versekeringstydperk waartydens geen eis ingestel word of ontstaan nie | Eisvrye groep die |
|---|---|
| voorafgaande jaar | 4 |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 5 |

Anders as hierbo, geld eisvrye groep 0

OMSKRYWINGS 2(b) 2(e) 2(f) 2(g) 2(h)

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 15% |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 20% |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jare | 30% |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jare | 40% |

Anders as hierbo, geld geen korting nie

OMSKRYWING 2(c) en 2(d)

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 15% |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 20% |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jare | 30% |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jare | 35% |

Anders as hierbo, geld geen korting nie

Indien die versekeraar instem tot 'n oordrag van belang in hierdie polis loop die tydperk waartydens die belang vir die oordraggewer was nie op tot die voordeel van die oordragnemer nie.

Indien meer as een voertuig in die bylae tot hierdie polis beskryf word, word die Eisvrye groep/Geeneiskorting toegepas asof 'n afsonderlike polis ten opsigte van elkeen van sodanige voertuie uitgereik is. uitbreidings

1. **Uitbreiding: Gebeurlikheidsaanspreeklikheid R2.5m dekking ingesluit**

   Die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B sluit eise in wat ingestel word teen

   a. die versekerde in die geval van 'n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nòg die eiendom van die versekerde is nòg deur hom voorsien is, terwyl dit gebruik word deur enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem);

   b. enige sodanige persoon in die geval van 'n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nòg aan hom of die versekerde behoort nòg deur enige van hulle gebruikhuur of gehuur word, maar slegs tot die mate wat sodanige persoon nie enige motorversekering of die voortsetting daarvan deur enige versekeraar geweier is nie,

      met dien verstande dat

      i. al die woorde in 2 van die uitsonderings op onderafdeling B geskrap word.

      ii. die versekeraar nie aanspreeklik is vir verlies van of skade aan enige motorvoertuig wat gebruik word vir die doeleindes en op die wyse wat in (a) en (b) hierbo beskryf word nie.

      iii. die betaling deur die versekerde van subsidies of reistoelaes aan sodanige persoon vir die gebruik van sy eie voertuig vir amptelike doeleindes van die versekerde, insluitende die vervoer van persone vir sodanige doeleindes, toegelaat word sonder dat die versekering ingevolge hierdie uitbreiding daardeur benadeel word.

      iv. indien die versekerde of sodanige persoon ten tyde van die plaasvind van enige ongeluk wat tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding lei, ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op

skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, die versekeraar nie aanspreeklik is om enige betaling hierkragtens te maak nie, behalwe ten opsigte van enige oorskryding bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

v. die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van die polis andersins van toepassing is.

2. **Uitbreiding: Passasiersaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Uitsondering 2 op onderafdeling B is nie van toepassing op voertuie wat in omskrywing 2(b) beskryf word nie, behalwe spesiale tipes, of in omskrywing 2(c), 2(d), 2(e), 2(f), 2(g) of 2(h) nie. Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele voorval beloop hoogstens die bedrag wat in die bylae vermeld word.

3. **Uitbreiding: Aanspreeklikheid teenoor ongemagtigde passasiers R2.5m dekking ingesluit**

Ongeag uitsondering 2 daarop word die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid te dek vir die dood of liggaamlike besering van persone terwyl hulle vervoer word in of op enige voertuig of terwyl hulle daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim, strydig met die versekerde se opdrag aan hulle bestuurders om nie passasiers te vervoer nie. Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele voorval beloop hoogstens die bedrag wat in die bylae vermeld word.

4. **Uitbreiding: Parkeerfasiliteite en verskuiwing van derde partye se voertuie R2.5m dekking ingesluit**

Hierdie afdeling word uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van ongelukke wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die verskuiwing van enige voertuig (wat nie aan die versekerde behoort of aan hulle geleen, gehuur of gebruikhuur word nie), deur enige persoon in diens van die versekerde of wat namens die versekerde optree, altyd met dien verstande dat sodanige voertuig verskuif is

a. met die magtiging van enige huurder, klant of besoeker van die versekerde, of

b. in verband met die versekerde se parkeerreëlings, of

c. om die uitvoering van die versekerde se besigheid te bewerkstellig, en verder met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie van toepassing is op skade aan voertuie wat teen vergoeding parkeer is nie.

Sodanige voertuig (en die inhoud daarvan) word vir die doeleindes van hierdie uitbreiding nie geag deur die versekerde in trust gehou te word of in sy bewaring of onder sy beheer te wees nie.

5. **Uitbreiding: voorruit (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die eerste bedrag betaalbaar en geeneiskorting is nie van toepassing op enige betaling vir skade aan voorruitglas, sy- of agterruitglas wat deel uitmaak van enige voertuig nie, met dien verstande dat

a. geen ander skade aan die voertuig veroorsaak word wat tot ’n eis ingevolge die polis aanleiding gee nie.

b. die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar (van toepassing op glas) wat in die bylae vermeld word vir elke verlies.

6. **Afstanddoening van subrogasieregte**

Die versekeraar doen vir die doel van hierdie afdeling afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hulle mag hê of wat hulle mag verkry teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is en elke sodanige persoon moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

7. **Prinsipale**

Nieteenstaande spesifieke uitsondering 2 van hierdie afdeling, word die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B uitgebrei om, in die mate wat dit deur die voorwaardes van enige kontrak van die Bou-Industrieë-Federasie van Suid-Afrika vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van sodanige kontrak, enige prinsipaal wat benoem word in sodanige kontrak

wat deur die versekerde aangegaan word vir die doeleindes van die besigheid skadeloos te stel, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die aanspreeklikheidsperk wat in die bylae vermeld word, beloop.

8. **Kruisaanspreeklikhede**

Waar meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die versekeraar elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, beloop.

9. **Oudiotoerusting**

Die Maatskappy sal nie meer as R15,000 (vyftien duisend rand) (na aftrekking van die eerste bedrag betaalbaar van 10% minimum R500) betaal vir geïnstalleerde toebehore in die vorm van motorradio's, kassetspelers, CD-spelers en dies meer nie, tensy sodanige toerusting gespesifiseer word en 'n addisionele premie betaal word.

10. **Uitbreiding: oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

a. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

b. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 10(a) hierbo verwys word,

met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

a. Verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind.

b. Gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.

c. Verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid.

d. Verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid.

e. Verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in algemene uitsondering 1(a) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

11. **Uitbreiding: verlies van sleutels (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos ten opsigte van die koste van die vervanging van slotte en sleutels insluitende die afstandalarmbeheerder en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige versekerde voertuig na die verdwyning van enige sleutel of alarmbeheerder van sodanige voertuig of, nadat die versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel of alarmbeheerder,

met dien verstande dat

a. die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens R10,000 (tienduisend rand) beloop.

b. die versekeraar nie aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag van R500 (vyfhonderd rand) vir elke enkele eis nie.

Die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die eerste bedrag betaalbaar en geeneiskorting is nie van toepassing op hierdie uitbreiding nie.

12. **Uitbreiding: Brandbluskoste**

Enige koste (tot hoogstens R10,000) wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

13. **Uitbreiding: Wrakverwydering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die dekking verskaf ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling word uitgebrei om koste en uitgawes in te sluit wat deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde voertuig na skade aan sodanige voertuig deur 'n omskrewe gebeurtenis met dien verstande dat benewens die skadeloosstellingsperk ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling, die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding, hoogstens die perk in die bylae as van toepassing op hierdie uitbreiding vermeld ten opsigte van enige enkele voorval, beloop.

14. **Uitbreiding: Krediettekort (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Indien enige algeheleverlies-skikking ingevolge onderafdeling A minder is as die bedrag wat aan die finansier verskuldig is ingevolge 'n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, betaal die versekeraar aan die versekerde 'n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort, minus

a. enige agterstallige paaiemente of huurgeld insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae.

b. alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die motorvoertuig verband hou.

c. die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word.

d. die eerste bedrag betaalbaar ingevolge onderafdeling A, met dien verstande dat

   i. die bedrae betaalbaar hoogstens maksimum skadeloosstelling minus die eerste bedrag betaalbaar ingevolge onderafdeling A beloop.

   ii. die endorsement nie van toepassing is nie op 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaarde-bedrag ná die aanvanklike paaiement, met meer as 10 persent van enige ander paaiement verskil nie.

   iii. indien sodanige tekort die resultaat is van 'n hervoorskot ingevolge 'n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge 'n bruikhuureenkoms, die versekering ingevolge hierdie uitbreiding nietig verklaar word.

15. **Vervanging van versekerde motorvoertuig (privaat tipe motorvoertuie en ligte afleweringsvoertuie)**

Indien 'n privaat tipe motorvoertuig of ligte afleweringsvoertuig, soos in die bylae vermeld as nuut gekoop, beskadig word en na die Maatskappy se mening nie ekonomies herstel kan word nie, of gesteel en nie binne 'n redelike tyd herwin kan word nie, sal die Maatskappy na goeddunke die versekerde voertuig vervang of die huidige nuwe vervangingskoste daarvan in kontant betaal, met dien verstande dat:

a. die verlies of skade binne die eerste 12 (twaalf) maande na die eerste registrasie van sodanige voertuig voorkom

b. die versekerde voertuig nie meer as 30,000 (dertig duisend) kilometer afgelê het nie

c. die Maatskappy na aftrekking van die eerste bedrag betaalbaar nie aanspreeklik is vir meer as die bedrag wat in die bylae vermeld word nie.

16. **Skade aan bande**

Uitsondering 2 op onderafdeling A geld nie vir voertuigomskrywing 2 (g) en (h) nie. Dekking ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om algehele verlies en onherstelbare skade in te sluit aan die bande wat op die voertuig aangebring is soos spesifiek in die Bylae gespesifiseer is, direk as gevolg van skade veroorsaak deur 'n ongesiene of verborge voorwerp terwyl dit op die pad of ander oppervlak is, met dien

verstande dat

a. die versekerde op eie koste alle skade en slytasie deur een of meer bandeversolers/-verskaffers laat assesseer om te bepaal of die band herstel kan word of nie;

b. die ooreenstemmende, onbeskadigde band in die stel bande ook gedek sal word, maar slegs as die voertuigvervaardiger dit nodig ag;

c. die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis, met ’n minimum van R500 ten opsigte van die ooreenstemmende, onbeskadigde band;

d. slytasie ten tyde van die verlies of skade nie ingevolge hierdie uitbreiding gedek word nie.

Die maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens R30 000 of die bedrag vermeld in die bylae, wat ook al die hoogste is, ten opsigte van enige enkele gebeurtenis. Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste 10% van elke eis.

17. **Verlies van gebruik van voertuig (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Met die verlies van gebruik van ’n trekker, vragmotor (behalwe ligte afleweringsvoertuig), voorhaker, oesmasjien of oesdorsmasjien gemeld in die bylae, deur of as gevolg van ’n versekerde gevaar wat ingevolge hierdie afdeling verseker is en wat ’n eis ingevolge hierdie afdeling sou wees, stel die Maatskappy by ontvangs van bewys van ’n rekening wat deur die verskaffer of verhuurder uitgereik is die versekerde skadeloos vir die koste om ’n trekker, vragmotor, voorhaker, oesmasjien of oesdorsmasjien te huur, met dien verstande dat:

a. die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot R1,500 per dag;

b. die skadeloosstelling beperk word tot die huurkoste vir ’n maksimum tydperk van 15 dae

c. dekking eers begin nadat die behoorlik ingevulde eisvorm ten opsigte van die verlies of skade deur die Maatskappy ontvang is;

d. die voertuig ten tyde van die verlies of skade vir landboudoeleindes gebruik is.

**Uitsonderings**

i. Verlies of skade voortspruitend uit vriesing of meganiese of elektriese onklaarraking.

ii. Skadeloosstelling vir verlies van gebruik in die eerste 72 uur onmiddellik na die gebeurtenis.

iii. Verskaffing van ’n trekker, vragmotor, voorhaker, oesmasjien of oesdorsmasjien.

18. **Huur van voertuig/motor**

Die dekking wat verskaf word, is uitsluitlik ten opsigte van en van toepassing op privaat tipe voertuie of ligte afleweringsvoertuie (met ’n bruto voertuiggewig van hoogstens 3,500 kg).

A. Na diefstal of kaping van ’n voertuig:

Indien ’n omvattend versekerde voertuig (behalwe ’n motorfiets, woonwa of sleepwa) gesteel of gekaap word, sal die Maatskappy vir die huur van tot ’n 1,600 cc handratmotor (met radio, kasset en lugversorging) of R500 per dag vir die huur van ’n handelsvoertuig betaal, met dien verstande dat

a. die voertuig gehuur word by die huurfirma wat deur die Maatskappy aangewys is;

b. die Maatskappy nie vir brandstof of smeermiddels of enige toepaslike bybedrag ingevolge die huurkontrak sal betaal nie;

c. die huurtydperk op die vierde dag na die diefstal of kaping van die voertuig wat by die Maatskappy aangemeld word, sal begin en daardie dag insluit;

d. dekking sal staak wanneer

i. die versekerde weer in besit van die voertuig kom, of

ii. die versekerde die gehuurde voertuig vir 30 (dertig) dae gehad het, of

iii. die Maatskappy sy aanspreeklikheid vir die algehele verlies van die voertuig nakom,

watter een ook al eerste gebeur.

B. Na ’n ongeluk:

Indien ’n omvattend versekerde voertuig (behalwe ’n motorfiets, woonwa of sleepwa) beskadig word en sodanige skade ingevolge die polis verseker is, sal die Maatskappy vir die huur van tot ’n 1,600 cc handratmotor (met radio, kasset en lugversorging) of R500 per dag vir die huur van ’n handelsvoertuig betaal, met dien verstande dat

a. die voertuig gehuur word by die huurfirma wat deur die Maatskappy aangewys is;

b. die Maatskappy nie vir brandstof of smeermiddels of enige toepaslike bybedrag ingevolge die huurkontrak sal betaal nie;

c. dekking nie geld indien slegs die ruitglas beskadig is nie;

d. die huurtydperk sal begin op die datum waarop die motorhuur goedgekeur is;

e. dekking sal staak wanneer

    i. die versekerde weer in besit van die voertuig kom, of

    ii. die versekerde die gehuurde voertuig vir 30 (dertig) dae gehad het, of

    iii. die Maatskappy sy aanspreeklikheid vir die algehele verlies van die voertuig nakom,

watter een ook al eerste gebeur.

19. **Inhoud van oesspuittoerusting (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Die Maatskappy sal die versekerde skadeloos stel in geval van verlies of vernieling van of skade aan die inhoud van die spuittoerustingtenk wat aan die versekerde behoort, wat direk veroorsaak word deur brand, botsing en omslaan van die vervoermiddel, terwyl dit op die versekerde voertuig vervoer is, met dien verstande dat:

a. die voertuig omvattend verseker is deur hierdie afdeling;

b. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R5,000 ten opsigte van ’n enkele gebeurtenis is;

c. die Maatskappy nie vir die eerste R500 ten opsigte van elke eis aanspreeklik is nie.

20. **Veldmotorfietse en vierwielmotorfietse (in omskrywing van voertuig (c) beskryf)**

Die dekking ingevolge hierdie afdeling word nie uitgebrei om veldmotorfietse en vierwielmotorfietse in te sluit terwyl hulle op ’n openbare pad gebruik word nie.

Onderafdeling C – Aanspreeklikheid teenoor derde partye – is nie op veldmotorfietse en vierwielmotorfietse van toepassing nie.

21. **Noodverblyf**

In die geval van verlies van of skade aan ’n voertuig wat ingevolge onderafdeling A verseker is, en indien die versekerde gevolglik nie sy reis kan voltooi nie, sal die maatskappy betaal vir noodverblyf vir die versekerde, of enigiemand in die versekerde se diens terwyl die persoon die versekerde voertuig bestuur of indien die persoon as ’n passasier daarin reis in die loop van sodanige diens. Hierdie uitbreiding dek die redelike koste en uitgawes tot en met R500 per persoon per nag maar hoogstens R5 000 per gebeurtenis. Hierdie dekking is slegs vir een nag geldig.

22. **Repatriasie: Motorvoertuie alleenlik**

Indien ’n versekerde voertuig beskadig of gesteel is en buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika herwin word, sal die maatskappy tot en met R10 000 betaal vir die koste en uitgawes wat aangegaan word om die versekerde voertuig aan die Suid-Afrikaanse kant van die naaste grens af te lewer.

23. **Ontvallingsvoordeel**

Die maatskappy sal R5 000 betaal vir addisionele koste na ’n motorongeluk wat tot die dood van die bestuurder van ’n private tipe voertuig of LAV lei.

24. **Stroperkoppe en snyplatforms**

Die maatskappy sal die versekerde ingevolge onderafdeling A en onderafdeling B skadeloos stel ten opsigte van stroperkoppe en snyplatforms. Hierdie uitbreiding van dekking sal onderhewig wees aan die volgende:

a. die waarde van die stroper wat ingevolge hierdie polis verseker is (soos omskryf in die bylae) insluitend die waarde van sodanige platform;

b. die verpligte eerste bedrag betaalbaar sal die bedrag wees wat ten opsigte van die stroper vermeld word en sal afsonderlik op die items toegepas word;

c. die platform is ten tyde van die insident aan die stroper gekoppel;

d. die platform sal gedek word terwyl dit tydelik van 'n stroper verwyder is, met dien verstande dat gemelde platform nie aan 'n onversekerde stroper gekoppel is nie.

Indien sodanige platform, terwyl dit aan die vereistes van a) tot c) hierbo voldoen, gedurende die insident beskadig of verloor word terwyl dit op 'n sleepwa vervoer word, sal die platform as gekoppel aan die stroper beskou word.

## Memoranda

1. **Premie-aanpassing**

   Indien hierdie afdeling op 'n ongespesifiseerde voertuig-grondslag uitgereik word, moet die versekerde aan die einde van elke versekeringstydperk 'n verklaring van die totale aantal voertuie wat op sodanige verstrykingsdatum deur hom besit, gehuur of gebruikhuur is, by die versekeraar indien. By ontvangs van hierdie verklaring doen die versekeraar 'n premie-aanpassing van 50 persent van die jaarlikse tarief per voertuig toegepas op die verskil in die aantal voertuie by die aanvang of die hernuwing en die aantal wat verklaar is.

2. **Oorlog**

   Slegs ten opsigte van onderafdelings B en C word algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang: "Hierdie afdeling dek nie oorlog, inval, optrede deur 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

3. **Beskrywing van gebruik**

   Gebruik vir sosiale, huishoudelike en ontspanningsdoeleindes en gebruik vir die besigheid of beroep van die versekerde. Met uitsluiting van verhuring, vervoer van passasiers teen vergoeding of die vervoer van reisgeldbetalende passasiers, renne, spoed- of ander wedrenne, tydrenne, tydtoetse, vervoer van plofstowwe of vervoer van enige vrag of passasiers wat die dravermoë oorskry waarvoor dit gebou of gelisensieer is of gebruik vir enige doeleindes in verband met die motorhandel. Die skadeloosstelling aan die versekerde in verband met enige voertuig geld terwyl sodanige voertuig in die bewaring of onder die beheer van 'n lid van die motorhandel is vir die doel van versiening, instandhouding of herstelwerk.

## Opsionele beperkings

### Slegs derde party (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Onderafdeling A en C en die bepalings ten opsigte van die geeneiskorting word gekanselleer.

### Slegs derde party, brand en diefstal (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge onderafdeling A word uitsluitlik beperk tot verlies of skade wat ontstaan weens brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of weens diefstal of enige poging daartoe. Verder word onderafdeling C en die bepalings ten opsigte van die geeneiskorting gekanselleer.

### Beperking t.o.v. brand en diefstal alleenlik (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling A word beperk tot uitsluitlik verlies of skade voortspruitend uit brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of diefstal of enige poging daartoe. Verder word onderafdeling C en die Geeneis-kortingbepalings gekanselleer.

### Beperking t.o.v. derde party, brand en diefstal alleenlik (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling A word beperk tot uitsluitlik verlies of skade voortspruitend uit brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of diefstal of enige poging daartoe. Verder word onderafdeling C en die Geeneis-kortingbepalings gekanselleer.

### Spesifieke uitsonderings

1. Die versekeraar is nie aanspreeklik vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid nie
   a. terwyl die voertuig met die medewete en toestemming van die versekerde op 'n ander wyse as in ooreenstemming met die klousule: beskrywing van gebruik, gebruik word.
   b. opgedoen buite die Repubiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, maar die versekeraar stel die versekerde skadeloos teen verlies van of skade aan enige voertuig terwyl dit in transito is op see of per lug tussen hawens of plekke in hierdie grondgebiede, insluitende die laai en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan.
   c. opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur
      i. die versekerde terwyl hy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of terwyl hy nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie.
      ii. enige ander persoon met die algemene toestemming van die versekerde wat na wete van die versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie maar dit is nie van toepassing nie indien die versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieer is en indien die versekerde tot bevrediging van die versekeraar kan bewys dat daar in die normale loop van sy besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur,

   met dien verstande dat enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in spesifieke uitsondering (b) verwys word, of indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanwee versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing, of indien 'n lisensie nie vereis word deur 'n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders.
2. Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir enige eis wat ontstaan uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.
3. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir 'n ongeluk, besering, skade, verlies (voortvloeiende verlies ingesluit) of enige aanspreeklikheid van watter aard ook al terwyl die versekerde voertuig in of op daardie deel van 'n lughawe-deel is nie.

### Spesifieke voorwaarde

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die versekerde of sy gemagtigde bestuurder gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word, of indien hy of hulle weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, moet skriftelike kennisgewing aan die versekeraar gestuur word sodra die versekerde van sodanige feit bewus word.

1. **Opsomming van dekking**

Binne die perke van die Versekeringsklousule verleen hierdie afdeling skadeloosstelling in die volgende omstandighede:

**1.1 Oormaatlaagbeskerming**

Waar die eis prima facie gedek word deur die bepalings van enige van die polisse wat as Geskeduleerde Onderliggende Versekering gelys is, geld hierdie afdeling slegs in soverre die eis bloot as gevolg van die ontoereikendheid van die onderliggende Skadeloosstellingsperk nie deur sodanige Onderliggende Versekering gedek word nie.

**1.2 Verskil in dekkingsbeskerming**

Waar die eis binne die bestek van die geldende klousule van enige Geskeduleerde Onderliggende Versekering val, geld hierdie afdeling slegs wanneer sodanige eis as gevolg van 'n onderliggende polisbepaling, -voorwaarde of -uitsluiting deur die Onderliggende Versekeraars afgewys word.

**1.3 Addisionele risikobeskerming**

Waar die eis buite die bestek van die geldende klousule van enige Geskeduleerde Onderliggende Versekering val, geld hierdie afdeling binne die perke van sy eie versekeringsklousule.

Hierdie klousule 1 is slegs bedoel om 'n opsomming van die dekking te verskaf en verander, wysig of brei nie die spesifieke bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling uit nie, welke bepalings, voorwaardes en uitsluitings van oorheersende belang bly.

2. **Versekeringsklousule**

Die Versekerde word tot die Skadeloosstellingsperk skadeloos gestel teen die regtens afdwingbare gevolge van die veroorsaking van Besering, Skade of Kwaadwilligheid of die verskaffing van Nalatige Advies (almal soos omskryf in klousule 3), in die uitvoering van die Besigheid, maar slegs ten opsigte van voortspruitende eise ingestel deur ander vir vergoeding, skadevergoeding, koste, fooie en uitgawes, en in ooreenstemming met die wette van enige land maar nie ten opsigte van enige vonnis, toekenning, betaling of skikking in lande wat aan die wette van die Verenigde State van Amerika, Kanada of Australië onderworpe is (of enige bevel wat enige plek in die wêreld gegee word om sodanige vonnis, toekenning of skikking gedeeltelik of ten volle ten uitvoer te bring) nie.

Die skadeloosstelling hierin geld slegs vir eise wat gedurende die Versekeringstydperk vir die eerste keer teen die Versekerde ingestel word op of na die terugwerkende datums soos aangedui in die Bylae, en wat voortspruit uit die Besigheid soos gespesifiseer in die Bylae.

Alle redelike en nodige koste wat met vooraf skriftelike toestemming van die maatskappy aangegaan word om sodanige eise te verdedig of te skik, sal deur die maatskappy betaal word, net soos die koste van regs- of soortgelyke verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek of ander amptelike ondersoek na 'n insident wat die maatskappy erken tot 'n geldige eis ingevolge hierdie afdeling kan lei, onderworpe aan klousule 5.7. ("Verdedigingskoste")

3. **Omskrywings**

Vir die doeleindes van hierdie afdeling word die woorde of terme hieronder, waar hulle ook al voorkom, soos volg vertolk:

3.1 "Besering" beteken dood, besering, siekte (geestelik en liggaamlik), ongesteldheid, aanval, wederregtelike aanhouding of inhegtenisname van enige persoon.

3.2 "Skade" beteken verlies of skade aan tasbare eiendom, wederregtelike betreding, hinder of wederregtelike aantasting van die genot van regte op tasbare eiendom.

3.3 "Kwaadwilligheid" beteken kwaadwillige regstappe, kwaadwillige leuens, laster, onbillike mededinging of skending van kopiereg, titel, leuse of idee.

3.4 “Nalatige advies” beteken onjuiste of ontoereikende advies wat gegee word ter bevordering van die Versekerde se Produkte, maar sonder die verwagting van enige ander beloning.

3.5 Die “Besigheid” soos gemeld in die Bylae, maar dit sluit ook alle organisasies of funksies in wat tot voordeel van die Versekerde se werknemers of besoekers of vir die beskerming of bevordering van die Versekerde se aktiwiteite bedryf word.

3.6 ”Produk” beteken enige artikel nadat dit nie meer in die bewaring of beheer van die Versekerde is nie, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gewysig of herstel is deur of namens die Versekerde.

3.7 “Beroepsiekte” beteken ’n siekte of ongesteldheid (insluitend latere ongeskikraking of sterfte) wat ’n werknemer van die Versekerde opdoen wat uit die werknemer se diens ontstaan het.

3.8 “Besoedeling” beteken besoedeling of kontaminasie van die atmosfeer of van enige water, grond of ander tasbare eiendom.

3.9 “Noord-Amerikaanse of Australiese jurisdiksie” beteken enige uitspraak, toekenning of skikking in lande wat aan die wette van die Verenigde State van Amerika, Kanada of Australië onderworpe is, of enige bevel wat enige plek in die wêreld gegee word om sodanige uitspraak, toekenning of skikking hetsy gedeeltelik of ten volle ten uitvoer te bring.

3.10 “Eisreeks-gebeurtenis” beteken enige eis of reeks eise wat uit een gemeenskaplike oorsaak of bron voortspruit.

4. **Skadeloosstellingsperk**

4.1 Die Maatskappy se aanspreeklikheid gedurende die Versekeringstydperk om die som te betaal van alle:

a. vergoeding, skadevergoeding, eisers se koste, fooie en uitgawes; en

b. verdedigingskoste wat aangegaan word in verband met eise wat binne die Noord-Amerikaanse of Australiese jurisdiksie val; en

c. verdedigingskoste wat onderworpe is aan die bepalings van klousule 5.7 wat in totaal nie die Skadeloosstellingsperk soos aangedui in die Bylae mag oorskry nie.

4.2 Die Skadeloosstellingsperk geld afsonderlik vir:

a. die totaal van alle eise voortspruitend uit of in verband met Produkte;

b. die totaal van alle eise voortspruitend uit of in verband met Beroepsiekte;

c. die totaal van alle eise wat onderworpe is aan die bepalings van klousule 5.6;

d. die totaal van alle eise wat onderworpe is aan die bepalings van klousule 5.9;

e. elke Eisreeks-gebeurtenis wat nie aan bogenoemde bepalings onderworpe is nie.

5. **Oormaatlaagbeskerming**

Ten opsigte van enige eis wat (gedurende die Versekeringstydperk) gedeeltelik skadeloos gestel word deur enige Geskeduleerde Onderliggende Versekering, geld hierdie afdeling in soverre die eis as gevolg van die ontoereikendheid van die onderliggende Skadeloosstellingsperk nie deur Onderliggende Versekering gedek word nie. Die maatskappy kom ooreen om die vertolking van die Onderliggende Versekeraar te volg, altyd onderworpe aan die Versekeringsklousule en die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling.

5.1 Enige besluit van die Onderliggende Versekeraar om ’n eis “as guns” of “sonder benadeling” te aanvaar, is nie bindend op die maatskappy nie.

5.2 Geen optrede of besluit van die Onderliggende Versekeraar wat die maatskappy in die hantering of skikking van ’n eis ingevolge hierdie afdeling benadeel, is bindend op die maatskappy nie.

5.3 Klousule 5 verleen skadeloosstelling:

a. bo die Skadeloosstellingsperk soos gemeld as synde van toepassing op die Geskeduleerde Onderliggende Versekering, behalwe waar dit as gevolg van uitbetaling verminder of uitgeput is, in welke geval die Skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling bo die oorblywende perk (indien enige) sal wees;

b. vir Verdedigingskoste waar dit nie van 'n Onderliggende Versekeraar verhaal kan word nie. Dit sal hoogstens direk in verhouding wees met die maatskappy se aanspreeklikheid om vergoeding, skadevergoeding, eisers se koste, fooie en uitgawes te betaal.

5.4 Waar die Skadeloosstellingsperk van die Geskeduleerde Onderliggende Versekering uitgeput word as gevolg van eise daarkragtens wat ook deur hierdie afdeling skadeloos gestel word, sal die maatskappy steeds die vertolking van die Onderliggende Versekeraar volg, onderworpe aan klousule 4.1 en 4.2.

5.5 Waar die Skadeloosstellingsperk van die Geskeduleerde Onderliggende Versekering uitgeput word as gevolg van eise daarkragtens, sal die maatskappy hierdie afdeling vertolk asof die Onderliggende Versekering nog van krag was ten opsigte van eise wat andersins deur sodanige versekering skadeloos gestel sou word.

5.6 Waar die Geskeduleerde Onderliggende Versekering 'n totale Skadeloosstellingsperk bevat, sal die Skadeloosstellingsperk ingevolge hierdie afdeling insgelyks as 'n totale Skadeloosstellingsperk beskou word.

5.7 Waar die Geskeduleerde Onderliggende Versekering se Skadeloosstellingsperk Verdedigingskoste insluit, sal die Skadeloosstellingsperk ingevolge hierdie afdeling insgelyks geag word Verdedigingskoste in te sluit.

5.8 Waar die Versekerde skadeloos gestel word deur 'n polis wat nie as 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering gelys is nie, kan die maatskappy geheel na eie keuse sodanige polis as 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering beskou, in welke geval die bepalings van hierdie klousule 5 sal geld.

5.9 Waar die Versekeraars van 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering 'n eis weier omdat:

a. die verlies nie voorgekom het, of

b. die gebeurtenis nie plaasgevind het, of

c. die eis nie ingestel is

gedurende die polistermyn nie (na gelang van die geval) maar die eis deur 'n voorafgaande polis skadeloos gestel word, word sodanige polis as 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering hanteer, onderworpe daaraan dat die Skadeloosstellingsperk van daardie polis geag word nie minder as die Skadeloosstellingsperk van die betrokke Geskeduleerde Onderliggende Versekering te wees nie, sonder om vir enige vermindering of uitputting van sodanige Skadeloosstellingsperk voorsiening te maak. Hierdie afdeling sal slegs een keer geld vir die bepalings van die klousule dat slegs een polis geag kan word 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering ten opsigte van 'n Eisreeks-gebeurtenis te wees.

6. **Verskil in dekkingsbeskerming**

Waar 'n eis gedurende die Tydperk van hierdie afdeling deur die Versekeringsklousule van 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering skadeloos gestel kan word, maar op grond van 'n polisbepaling, -voorwaarde of -uitsluiting uitgesluit word, sal hierdie afdeling die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling se Versekeringsklousule skadeloos stel, onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling.

Hierdie afdeling sal nie skadeloosstelling verleen waar 'n eis nie deur die Versekeringsklousule van 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering skadeloos gestel kan word nie, behalwe waar:

a. die Besering of Skade nie toevallig van aard was nie of nie uit 'n ongeluk voortgespruit het nie;

b. die tydelike verlies van gebruik van eiendom of vermindering in die waarde van eiendom nie “skade” binne die bepalings van die geldende klousule van die Geskeduleerde Onderliggende Versekering uitmaak nie,

altyd onderworpe aan die bepalings van uitsluiting 11.5.

Waar sodanige eis ontstaan omdat 'n Produk in gebreke gebly het om te werk soos gespesifiseer of gewaarborg is of om sy bestemde doel te verwesenlik, geld die bepalings van klousule 6.5 in soverre moontlik.

6.1 Waar 'n eis nie op grond van die Versekeringsklousule van 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering uitgesluit word nie, maar die Skadeloosstellingsperk van sodanige Onderliggende Versekering as gevolg van ander eise uitgeput is en waar, na die maatskappy se mening, sodanige eis op grond van 'n bepaling, voorwaarde of uitsluiting van die Onderliggende Versekering uitgesluit sou gewees het, sal die bepalings van klousule 6 geld.

6.2 Om die grondslag van die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling verleen word te bepaal, sal die maatskappy die Versekeringsklousule van die betrokke Geskeduleerde Onderliggende Versekering volg (in soverre sodanige Onderliggende Versekering dekking teen die gevolg van Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige Advies verskaf), synde hetsy:

a. Besering, Skade of Kwaadwilligheid wat voorkom of Nalatige Advies wat gegee word gedurende die Versekeringstydperk (verlies-grondslag); of

b. Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige Advies voortspruitend uit 'n gebeurtenis wat plaasvind gedurende die Versekeringstydperk (gebeurtenis-grondslag); of

c. Eise ingestel teen die Versekerde gedurende die Versekeringstydperk na Besering, Skade of Nalatige Advies (eise ingestel-grondslag).

6.3 Vir die doeleindes van klousule 6 besluit die maatskappy, en nie die Onderliggende Versekeraars nie, oor die vertolking van die onderliggende Versekeringsklousule.

6.4 Indien die onderliggende Versekeringsklousule meld dat eise voortspruitend uit voortdurende inname, inaseming, absorpsie of gebruik van 'n middel of 'n toestand van 'n verlies-grondslag verseker is, sal die maatskappy sodanige eise ingevolge klousule 6 soos volg hanteer om te bepaal of skadeloosstelling deur hierdie afdeling verleen word:

a. Besering word geag voorgekom het toe die eiser die eerste keer mediese advies of behandeling vir die Besering gekry het, ongeag of die Besering op daardie tydstip korrek gediagnoseer is;

b. Skade word geag voorgekom het toe die eiser die eerste keer bewus geword het van die bestaan daarvan.

6.5 Indien die Onderliggende Versekeraar 'n eis afwys op grond van 'n uitsluiting met betrekking tot die feit dat 'n Produk in gebreke gebly het om te werk soos gespesifiseer of gewaarborg is of om sy bestemde doel te verwesenlik, en sodanige Onderliggende Versekering op 'n verlies- grondslag is en die Versekerde en die maatskappy nie onderling kan ooreenkom wanneer die verlies voorgekom het nie, sal die maatskappy die eis hanteer op die grondslag dat die verlies voorgekom het toe die eiser die Versekerde die eerste keer in kennis gestel het van 'n omstandigheid of gebeurtenis wat tot die eis aanleiding gegee het.

7. **Addisionele risikobeskerming**

Die Versekerde word deur hierdie klousule skadeloos gestel ooreenkomstig die Versekeringsklousule, behalwe vir eise wat ten volle of gedeeltelik deur klousule 5 of 6 van hierdie afdeling of deur enige ander versekering skadeloos gestel kan word, altyd onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling.

7.1 Die skadeloosstelling wat verleen word, is beperk tot eise wat gedurende die Versekeringstydperk teen die Versekerde ingestel word, of enige omstandigheid of gebeurtenis wat die maatskappy aanvaar aanleiding kan gee tot 'n eis waarvan die Versekerde gedurende die polistermyn vir die eerste keer bewus geword het en die maatskappy in kennis gestel het.

7.2 Geen skadeloosstelling word deur hierdie klousule verleen nie indien die versekeraars van 'n Geskeduleerde Onderliggende Versekering 'n eis afwys op grond daarvan dat die Besering, Skade, Kwaadwilligheid, Nalatige Advies of gebeurtenis (na gelang van die geval) nie gedurende die polistermyn voorgekom het nie.

7.3 Geen skadeloosstelling word deur hierdie klousule verleen nie teen aanspreeklikheid:

a. voortspruitend uit die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige motorvoertuig of sleepwa;

b. vir Besering aan 'n persoon wat ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingkontrak in diens is.

8. **Beskerming van ander partye**

Die skadeloosstelling wat aan die Versekerde verleen word, word ook uitgebrei na:

8.1 Direkteure, vennote of werknemers van die Versekerde in hul besigheidshoedanigheid voortspruitend uit die prestasie van die Besigheid;

8.2 Enige persoon of party in soverre enige kontrak wat deur die Versekerde aangegaan word, vereis dat sodanige skadeloosstelling verleen word;

8.3 Die persoonlike verteenwoordiger van enige persoon of party wat skadeloos gestel word. Hierdie persone of partye is onderworpe aan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie afdeling in soverre hulle geld.

9. **Kruisaanspreeklikhede**

Die Versekerde en persoon of partye wat deur klousule 8 skadeloos gestel word, word afsonderlik skadeloos gestel ten opsigte van eise ingestel deur een teen die ander, onderworpe daaraan dat die maatskappy se aanspreeklikheid nie die Skadeloosstellingsperk oorskry nie.

10. **Klousule 6- en-7 uitsluitings**

Geen skadeloosstelling word deur kousule 6 en 7 verleen nie teen aanspreeklikheid voortspruitend uit:

**10.1 Noord-Amerikaanse of Australiese jurisdiksie**

Soos omskryf.

**10.2 Lug- of watervaartuie**

Die eienaarskap, huurkoop of bruikhuur van enige lugvaartuig, ruimtetuig, watervaartuig of skeertuig deur of namens die Versekerde of die aktiwiteite van die Versekerde of die Versekerde se werknemers as loods of bemanningslid, behalwe vir die sterfte of besering van werknemers van die Versekerde voortspruitend uit sodanige diens, altyd onderworpe aan uitsluiting 10.5.

**10.3 Herstel en instandhouding van water- en lugvaartuie**

Die herstel en instandhouding van, en inname of uitpomp van brandstof ten opsigte van enige lugvaartuig, ruimtetuig, watervaartuig of skeertuig wat deur of namens die Versekerde onderneem word, behalwe vir die sterfte of besering van werknemers van die Versekerde voortspruitend uit sodanige diens, altyd onderworpe aan uitsluiting 10.5.

**10.4 Direkteure en beamptes se aanspreeklikheid en professionele skadeloosstelling**

Handelinge, foute of versuime van die direkteure of beamptes van die Versekerde wanneer hulle in sodanige hoedanigheid optree, of in die Versekerde se bedryf van professionele aktiwiteite, synde aktiwiteite wat normaalweg onderneem word deur persone wat gekwalifiseer is in die reg, medisyne, rekeningkunde, bankwese, finansiële bestuur en dienste, ingenieurswese, argitektuur, makelary, die eiendomsagentskapbedryf of eiendomswaardasie. Hierdie uitsluiting geld nie vir die volgende nie:

a. dood, besering, siekte of ongesteldheid van enige persoon of fisiese skade aan of vernietiging van eiendom wat nie in die Versekerde se sorg, bewaring of beheer is nie, voortspruitend uit sodanige handelinge, foute of versuime;

b. Nalatige Advies.

**10.5 Beroepsiekte**

Soos omskryf.

### 10.6 Eiendom

Skade aan eiendom wat besit, verhuur of gehuur word deur of geleen word aan die Versekerde of andersins in die Versekerde se sorg, bewaring of beheer is, behalwe

a. persele (en die inhoud daarvan) wat tydelik deur die Versekerde geokkupeer of besit word vir werk daarin of daarop;

b. persele wat deur die Versekerde bewoon word.

### 10.7 Bybetaling

Die bedrag van die Aftrekbare deel wat in die Bylae gemeld word ten opsigte van elke Eisreeksgebeurtenis waar geen deel van die verlies ingevolge enige Onderliggende Versekering verhaal kan word nie.

## 11. Uitsluitings

Geen skadeloosstelling word deur hierdie afdeling teen aanspreeklikheid vir die volgende verleen nie:

### 11.1 Straf- en bestraffende skadevergoeding

Om toekennings of skadevergoeding van 'n bestraffende aard te betaal.

### 11.2 Besoedeling

Voortspruitend uit Besoedeling, behalwe in soverre bewys kan word dat die Besoedeling:

a. die regstreekse gevolg was van 'n skielike, spesifieke en identifiseerbare gebeurtenis; en

b. nie die regstreekse gevolg was van versuim deur die Versekerde om redelike voorsorgmaatreëls te tref om sodanige Besoedeling te voorkom nie, altyd met dien verstande dat geen skadeloosstelling toegestaan word teen aanspreeklikheid voortspruitend uit Besoedeling wat aan die Noord-Amerikaanse of Australiese jurisdiksie onderworpe is nie.

### 11.3 Terugwerkende datum

Vir enige Besering, Skade en Kwaadwilligheid wat voorkom of Nalatige Advies wat gegee word voor die Terugwerkende Datum wat op die Onderliggende Versekering van toepassing is of soos in die Bylae gemeld word, wat ook al die laatste is. Vir die doeleindes van hierdie klousule, waar enige Besering of Skade voortspruit uit voortdurende inname, inaseming, absorpsie of gebruik van 'n middel of 'n toestand en waar die Versekerde en die maatskappy nie onderling kan ooreenkom wanneer die Besering of Skade voorgekom het nie:

a. word Besering geag voorgekom het toe die eiser die eerste keer mediese advies of behandeling vir die Besering gekry het, ongeag of die Besering op daardie tydstip korrek gediagnoseer is;

b. word Skade geag voorgekom het toe die eiser vir die eerste keer bewus geword het van die bestaan daarvan.

### 11.4 Vorige eise

Voortspruitend uit enige Eisreeks-gebeurtenis wat ten opsigte van enige voorafgaande versekeringspolis bekend gemaak is.

### 11.5 Opsetlike handelinge

Voortspruitend uit enige opsetlike of doelbewuste versuim van die Versekerde se tegniese of administratiewe bestuur om redelike voorsorgmaatreëls te tref om te verhoed dat Besering, Skade of Kwaadwilligheid voorkom of Nalatige Advies gegee word.

### 11.6 Werknemervoordele

Vir enige voordele waarvoor die Versekerde aanspreeklik is ingevolge enige:

a. Ongevallewet; of

b. Werkloosheidsvergoedingskema; of

c. Ongeskiktheidsvoordeelskema,

tensy die Versekerde volgens ooreenkoms met 'n derde party sodanige aanspreeklikheid aanvaar het (wat andersins nie sou bestaan het nie).

**11.7 Motor**

Aanspreeklikheid wat die onderwerp is van statutêre of soortgelyke wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer, en ten opsigte van welke aanspreeklikheid:

a. die Versekerde verplig is om versekering aan te gaan of andersins sekuriteit te verskaf; of

b. die staat of ander staatsowerheid verantwoordelikheid aanvaar het.

**11.8 Produkvervanging**

Vir die koste wat nodig is om 'n Produk of 'n deel daarvan wat defektief is of na bewering defektief is te herstel, vervang, op te knap of aan te pas.

**11.9 Produkonttrekking**

Vir koste voortspruitend uit die onttrekking van 'n Produk of 'n deel daarvan.

**11.10 Prestasiewaarborge**

Voortspruitend uit die toepassing van prestasiewaarborge of klousules wat vooraf berekende skadevergoeding of boetes bepaal, behalwe in soverre bewys word dat sodanige aanspreeklikheid in die afwesigheid van 'n kontraktuele bepaling sou bestaan het.

**11.11 Oorlog en terreur**

Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie afdeling of enige endossement daarby, word ooreengekom dat hierdie afdeling aanspreeklikheid uitsluit vir verlies, skade, koste of uitgawes van watter aard ook al wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur, voortspruit uit of verband hou met enige van die volgende, ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig daartoe bydra of in enige ander volgorde met betrekking tot die verlies:

a. oorlog, inval, die optrede van buitelandse vyand, vyandelikhede of oorlogbedrywighede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, rebellie, revolusie, opstand, burgerlike oproer wat die afmetings aanneem van of neerkom op 'n opstand, militêre mag of gesagsoorname; of

b. enige terreurdaad.

Vir die doeleindes van hierdie klousule beteken terreurdaad 'n handeling, insluitend maar nie beperk nie tot die gebruik van krag of geweld en/of bedreiging daarvan ten opsigte van 'n persoon of groep(e) persone, deur hetsy alleen of namens of in verband met 'n organisasie of regering(s) op te tree, vir politieke, godsdienstige, ideologiese of soortgelyke doeleindes, insluitend die voorneme om 'n regering te beïnvloed en/of die publiek, of enige deel van die publiek, aan vrees te onderwerp.

Hierdie klousule sluit ook verlies, skade, koste of uitgawes van watter aard ook al uit wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit of verband hou met enige optrede ter wille van beheer, voorkoming of onderdrukking of wat op enige wyse verband hou met (a) of (b) hierbo. Indien die maatskappy beweer dat enige verlies, skade, koste of uitgawe op grond van hierdie uitsluiting nie deur hierdie versekering gedek word nie, is die onus op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien bevind word dat enige deel van hierdie uitsluiting ongeldig of onafdwingbaar is, bly die res ten volle van krag.

**11.12 Kernverwant**

Regstreeks en onregstreeks veroorsaak of aangehelp deur of voortspruitend uit, insluitend enige gevolglike verlies:

a. ioniserende uitstraling of kontaminasie deur radioaktiwiteit van enige kernbrandstof of van kernafval uit die verbranding van kernbrandstof;

b. die radioaktiewe, toksiese, ontploffings- of ander gevaarlike eienskappe van enige ontplofbare kernsamestelling of kernkomponent daarvan.

Vir die doeleindes van hierdie uitsluiting sluit ontbranding enige self-onderhoudende kernsplitsingsproses in.

Die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling verleen word, geld nie vir en sluit ook nie enige verlies, verwoesting, skade of regsaanspreeklikheid in wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak of aangehelp word deur of voortspruit uit kernwapenmateriaal nie.

12. **Voorwaardes**

12 a. **Algemene voorwaardes**

(Voorwaardes 12.1 tot 12.8 gaan die maatskappy se aanspreeklikheid om skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling te verskaf vooraf.)

12.1 Die premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwings- of installeringsdatum, na gelang van die geval. Die maatskappy is nie verplig om premies wat meer as 15 dae na sodanige datum aangebied word te aanvaar nie, maar kan dit doen op voorwaardes wat die maatskappy geheel na eie goeddunke kan bepaal.

12.2 Die maatskappy moet so gou as moontlik skriftelik in kennis gestel word van enige gebeurtenis wat tot ’n eis ingevolge hierdie afdeling kan lei, en van sodanige verdere inligting voorsien word wat die maatskappy redelikerwys kan verlang. Elke eis, lasbrief, dagvaarding of proses en alle verwante dokumente moet so gou as moontlik aan die maatskappy gestuur word.

Onopsetlike versuim om aan hierdie voorwaarde te voldoen omdat die Versekerde nie redelikerwys kon voorsien dat die gebeurtenis tot ’n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding sou gee nie, sal nie as ’n verbreking van hierdie voorwaarde beskou word nie.

12.3 Geen erkenning, aanbod of betaling wat tot ’n eis ingevolge hierdie afdeling lei, kan sonder die skriftelike toestemming van die maatskappy deur of namens die Versekerde of die Versekeraars van enige Geskeduleerde Onderliggende Versekeringspolis gedoen of gegee word nie. Die Versekerde sal alle redelike stappe doen om te verseker dat die Onderliggende Versekeraars met die maatskappy saamwerk in die verdediging en skikking van enige eis wat deur beide ’n Geskeduleerde Onderliggende Versekering en hierdie afdeling skadeloos gestel kan word, en in die uitoefening van enige subrogasieregte. Die koste wat aangegaan word in die uitoefening van sodanige regte en enige bedrae wat verhaal word, word aan elke party toegedeel volgens die bedrae wat betaal is of betaalbaar is ingevolge die onderskeie polisse.

12.4 Ten opsigte van enige eis wat nie minstens gedeeltelik deur die Geskeduleerde Onderliggende Versekering gedek word nie, kan die maatskappy tot hul eie voordeel in die Versekerde se naam die verdediging of skikking van ’n eis oorneem en hanteer of in die Versekerde se naam vervolg, en die maatskappy sal volle diskresie hê in die hantering van enige regstappe en die skikking van enige eis. Die Versekerde sal al die nodige inligting en bystand verskaf.

12.5 Die Versekerde moet gedurende die hele Tydperk van hierdie afdeling die maatskappy so gou as moontlik inlig oor enigiets wat hy/sy redelikerwys meen die inligting in die aansoekvorm en enige addisionele inligting wat oorspronklik aan die maatskappy voorgelê is wesenlik sal verander, insluitend maar nie beperk nie tot enige wysiging in die bepalings en voorwaardes van die Geskeduleerde Onderliggende Versekering. In afwagting van instemming deur die maatskappy tot enige verandering ten opsigte hiervan in die Geskeduleerde Onderliggende Versekering, bly dekking deur hierdie afdeling van krag asof geen sodanige verandering plaasgevind het nie.

12.6 Skadeloosstelling sal eers ingevolge klousule 5 verleen word nadat die betrokke Onderliggende Versekeraars ingestem het om die onderliggende Skadeloosstellingsperk soos omskryf in 5.3 (a) te betaal.

12.7 Die skadeloosstelling word verleen op voorwaarde dat die Geskeduleerde Onderliggende Versekerings gedurende die hele Tydperk van hierdie afdeling van krag bly vir die Skadeloosstellingsperke soos aangedui in die Bylae (behalwe waar dit deur eise uitgeput of verminder is).

12.8 Die polis en Bylae sal vertolk word ooreenkomstig die wette van die Republiek van Suid-Afrika. Die Versekerde en die maatskappy onderwerp hulle aan die eksklusiewe jurisdiksie van enige bevoegde hof in die Republiek van Suid-Afrika.

12.9 Waar die Skadeloosstellingsperk ingevolge hierdie afdeling behels dat die maatskappy Verdedigingskoste benewens die Skadeloosstellingsperk betaal, kan die maatskappy te eniger tyd die Skadeloosstellingsperk van toepassing op 'n Eisreeks-gebeurtenis (na aftrekking van bedrae wat reeds betaal is) betaal, of 'n kleiner bedrag waarvoor eise geskik kan word, en die maatskappy het dan geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige eise behalwe vir die maatskappy se gedeelte van Verdedigingskoste wat voor die betaaldatum aangegaan is nie. Indien die bedrag wat nodig is om 'n Eisreeks-gebeurtenis af te handel die Skadeloosstellingsperk oorskry en die meerbedrag hetsy ten volle of gedeeltelik verseker is, sal die maatskappy vir Verdedigingskoste aanspreeklik wees in dieselfde verhouding as wat die bedrag betaalbaar vir die Eisreeks-gebeurtenis tot die toepaslike Geskeduleerde Onderliggende Versekering se Skadeloosstellingsperk staan, insluitend die maatskappy se gedeelte van latere Verdedigingskoste aangegaan met hul vooraf skriftelike toestemming nadat die maatskappy sy regte ingevolge hierdie klousule uitgeoefen het, altyd onderworpe aan klousule 3.

12.10 Indien skadeloosstelling op 'n bedrieglike wyse verkry probeer word, sal hierdie afdeling outomalies en sonder verdere kennisgewing nietig geag word.

12.11 Waar die premie voorlopig op ramings gebaseer is, moet die Versekerde akkurate rekords hou en sodanige besonderhede as wat die maatskappy vereis, so gou as moonllik na die verstryking van die Versekeringstydperk verklaar. Die premie word dan aangepas en enige verskil word betaal deur of toegestaan aan die Versekerde, onderworpe aan enige minimum premie wat van toepassing kan wees.

12.12 Hierdie afdeling en die Bylae moet saamgelees word as een kontrak en enige woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis gekoppel is in enige deel van hierdie afdeling of die Bylae, het sodanige spesifieke betekenis waar dit ook al voorkom.

12.13 Die Versekerde of die maatskappy kan hierdie afdeling kanselleer deur sestig dae skriftelike kennis te gee aan die geregistreerde kantoor van die ander party, in welke geval die premie deur die bepalings van klousule 12.11 aangepas sal word, behalwe dat:

a. 'n minimum premie sal geld in verhouding tot die tydperk wat die maatskappy werklik aan risiko blootgestel is;

b. indien die premie nie aangepas kan word nie, 'n terugbetalingspremie in verhouding tot die gekanselleerde tydperk aan die Versekerde verskuldig sal wees.

12.14 Tensy anders bepaal, gee niks in hierdie afdeling enige regte aan 'n ander persoon as die Versekerde nie. Enige Uitbreiding wat skadeloosstelling aan 'n ander persoon as die Versekerde verleen, gee nie eisregte aan sodanige persoon nie. Die bedoeling is dat die Versekerde namens sodanige persoon eis. Die kwytering van die Versekerde is in elke geval 'n volle kwytskelding van die maatskappy se aanspreeklikheid.

12. b. **Spesifieke voorwaardes**

1. Enige eis wat skriftelik teen die Versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ooreenkomstig Algemene Voorwaarde 12.2 gerapporteer is (hierna "gerapporteerde gebeurtenis" genoem), word hanteer asof dit die eerste keer teen die Versekerde ingestel is op dieselfde dag as wat die Versekerde die gebeurtenis by die maatskappy aanmeld.

2. Indien hierdie afdeling gekanselleer of nie hernu word nie:

    a. word enige eis voortspruitend uit 'n gerapporteerde gebeurtenis, wat die eerste keer skriftelik teen die Versekerde ingestel is gedurende die 48 maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit teen die Versekerde ingestel is op dieselfde dag as wat die Versekerde die gebeurtenis gerapporteer het. Indien die eiser minderjarig is, sal die tydperk van 48 maande verleng word tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het;

    b. kan die Versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 12.2 vir tot 30 dae na kansellasie of nie-hernuwing by die maatskappy aanmeld, mits:

        i. sodanige gebeurtenis gedurende die Versekeringstydperk voorgekom het;

        ii. enige daaropvolgende eis wat die eerste keer skriftelik teen die Versekerde ingestel is as gevolg van sodanige gebeurtenis, hanteer word asof dit die eerste keer op die

laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing ingestel is, en onderworpe aan die 48-maandetydperk soos in 2 (a) hierbo gespesifiseer is.

3. Enige reeks eise wat deur een of meer eisers gedurende die Versekeringstydperk teen die Versekerde ingestel word voortspruitend uit een gebeurtenis of ’n reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof hulle almal die eerste keer teen die Versekerde ingestel is:

   a. op die datum waarop die gebeurtenis deur die Versekerde gerapporteer is ingevolge Algemene Voorwaarde 12.2, of

   b. indien die Versekerde nie bewus was van enige gebeurtenis wat tot ’n eis aanleiding kon gee nie, op die datum waarop die eerste eis in die reeks die eerste keer skriftelik teen die Versekerde ingestel is.

13. **Spesiale bepalings**

Hierdie Versekering is onderworpe aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika, wie se howe eksklusiewe jurisdiksie het in enige dispuut wat hierkragtens ontstaan.

# Versekering vir die wynbedryf: Afdeling toevallige Skade: Wyn, wyntenke en Verwante eiendom

### Omskrewe gebeurtenisse (i)

Toevallige fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom op of in die omgewing van die perseel, wat nie andersins verseker is nie of waarvoor versekering beskikbaar is en beskryf word (hetsy by hierdie polis ingelyf of nie) ingevolge 'n afdeling (behalwe Besigheid Alle risiko's) wat in die inhoudsopgawe van hierdie polis verskyn.

### Aanspreeklikheidsperk

Die bedrag betaalbaar vir alle verlies of skade voortspruitend uit 'n enkele oorspronklike oorsaak of bron is hoogstens die versekerde bedrag en nieteenstaande Algemene voorwaarde 2, word hierdie afdeling nie opgeroep vir 'n omskrewe gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

### Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit word van ander beskikbare versekering van die maatskappy by die aanvang hiervan, of vir 'n bybetaling wat ingevolge sodanige versekering deur die versekerde betaalbaar is, of vir 'n vermindering van die bedrag betaalbaar ingevolge 'n eis as gevolg van die toepassing van die eweredigheidsbeginsel;
2. meer as die individuele waarde van 'n item wat deel is van 'n paar, stel of versameling, sonder inagneming van enige spesiale waarde wat sodanige item kan hê as deel van sodanige paar, stel of versameling;
3. aanhouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of kommandering deur 'n wettig gekonstitueerde owerheid of ander regsproses;
4. onverklaarde verdwyning of tekort wat eers tydens of na 'n voorraadopname aan die lig kom of foute of weglatings in kwitansies, betalings of boekhouding, of verkeerde liassering of verlegging van inligting;
5. verlies van of skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur
    a. 'n bedrogskema, slenter, toestel of valse voorwendsel waarvan die versekerde (of enige persoon wat toesig oor die versekerde eiendom het) die slagoffer is of bedrog of oneerlikheid van 'n prinsipaal of agent van die versekerde;
    b. oorverhitting, inploffing, kraking, breking, sweisbreuk, nippellekkasie of ander fout. Hierdie uitsondering geld slegs vir vate, pype, buise of soortgelyke apparaat;
    c. brekasie; elektriese, elektroniese en/of meganiese versteuring;
    d. wysiging, bleik, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, diens, opknapping, toetsing of enige ander werk daarop;
    e. fout of defek in die ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiale, vakmanskap of professionele advies, normale onderhoud, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, korrosie, roes, oksidasie of ander chemiese aksie of reaksie, ryp, temperatuurverandering, uitsetting of vogtigheid, fermentasie of ontkieming, klammigheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigverlies, kontaminasie in tapvate, besoedeling, verandering in kleur of geur of tekstuur of afwerking, of sy eie slytasie;
    f. duike, afsplintering, skrape of krake wat nie die werking van die item affekteer nie;
    g. termiete, motte, insekte, goggas, inherente defekte, dampe, gebreke, latente defekte, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, of die uitwerking van lig;
6. vassakking of vaslegging, oplig van grond, kraak van strukture of die verwydering of verswakking van stutte van versekerde eiendom;

7. a. verlies van of skade aan chemikalieë, olies, vloeistowwe (behalwe wyn en verwante produkte), gasse of dampe weens lekkasie of uitloop uit die houer;

   b. verlies of skade weens lekkasie of uitloop van chemikalieë, olies, vloeistowwe (behalwe wyn en verwante produkte), gasse of dampe;

8. versuim met en/of opsetlike weerhouding van en/of gebrek aan voorsiening van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel;
9. inmekaarval van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakke of stoorplatforms, wyntenke, wynvate, bottels of enige wynhouers);
10. enige verlies wat ingevolge ’n mariene polis versekerbaar is;
11. verlies van of skade aan wyn in transito, behalwe in transito by wyse van vurkhysers tussen geboue op die versekerde perseel;
12. verlies van of skade aan wyn en verwante produkte na die gebruik van gebrekkige of ongeskikte druiwe in die vervaardigingsproses;
13. enige afwyking in wyn en verwante produkte as gevolg van onhigiëniese toestande by die versekerde perseel;
14. aflewerings- of herroepingskoste;
15. die koste van mariene versekering;
16. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd.

### Omskrywing van versekerde eiendom:

Wyn en verwante produkte wat die eiendom van die versekerde is of in trust of in kommissie gehou word en waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is.

### Omskrewe gebeurtenisse (ii)

Toevallige fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom (eiendom van die versekerde of deur die versekerde in trust of in kommissie gehou en waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is, uitgesonderd eiendom wat ingevolge Omskrewe gebeurtenisse (i) verseker is), veroorsaak deur uitloop of lekkasie van tenke, pype of apparaat van wyn en verwante produkte, behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelik werkende oorsake ten opsigte van die tenke, pype of apparaat.

### Spesifieke voorwaardes

1. In die geval van verlies of skade sal die omvang van die verlies ten opsigte van wyn en verwante produkte soos volg bepaal word:

   a. Witwyn en verwante produkte – soos bepaal deur SAWIS (SA Wynbedryf Inligting en Stelsels) vir die huidige en volgende seisoen.

   b. Spesiale en rooiwyne – vaste waarde soos deur die versekerde bepaal, naamlik die ooreengekome kontrakprys wat in die kontrak gespesifiseer is, met botteleerkoste ingesluit (waar van toepassing), of so nie is die waardasiegrondslag soos deur SAWIS bepaal word.

   c. Uitvoerwyn wat reeds verkoop is en waarvoor betaling reeds ontvang is – kontrakprys met botteleerkoste ingesluit (waar van toepassing).

2. Versekerde bedrae moet bereken word ooreenkomstig Spesifieke voorwaarde 1 hierbo, en sluit doeane en aksyns in waar van toepassing. Eise word betaal op die grondslag waarop die versekerde bedrag bereken is.

   Al bogenoemde sal toepaslike besparings (byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, besparings op botteleringskoste en/of etikette en/of arbeid) in ag neem.

3. Dit is ’n voorwaarde van hierdie polis dat die versekerde by ontdekking van ’n wynverwante verlies so gou as redelikerwys moontlik al die betrokke owerhede van sodanige verlies in kennis moet stel soos volgens wet of regulasie vereis word, en aan die toepaslike wets- en regulatoriese vereistes daarin moet voldoen.

## Waarborge

1. Waarborg vir verlies of skade voortspruitend uit die fermentasie van swaelhoudende soet mos is onderworpe aan die volgende:
   a. die S0 -samestelling mag nie minder as 1 200 mg/l wees nie;
   b. ’n ontleding van die S02-samestelling van die soet mos moet minstens een keer per week gedoen word en ’n rekord daarvan moet gehou word;
   c. soet mos moet geberg word in vlekvrye staaltenke met hoepels van 316 vlekvrye staal, glasvesel- of sementtenke en/of sagte staaltenke wat met 316 vlekvrye staal beklee is;
   d. opgaartenks moet te alle tye vol wees.
2. Waarborg dat uitvoerwyn ooreenkomstig die standaarde van die koper ontleed word.

   Ontledings moet deur die “SGS” of so nie ’n plaaslike of internasionaal geakkrediteerde laboratorium uitgevoer word.
3. Waarborg dat geseëlde monsters (minstens 12 bottels per houertenk) van alle grootmaat-uitvoerwyn wat oorsee gebotteleer sal word (wyn in tapvate uitgesluit) minstens ses maande lank deur die versekerde gehou word.
4. Waarborg dat alle uitvoerwyn in alle opsigte voldoen aan die regsvereistes van die land waarheen dit uitgevoer word.
5. Waarborg om eisvry te wees ten opsigte van defektiewe wyn waar die defek na die stabiliseringsproses teruggevoer kan word.

## Algemene voorwaarde Eerste bedrag betaalbaar

Die eerste bedrag betaalbaar vir elke verlies en/of skade is onderworpe aan die eerste bedrag betaalbaar soos hieronder uiteengesit word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Wyn en verwante produkte | – 10% (persent) van eis – minstens | R5,000 |
| 2. | Uitvoerwyn | – 15% (persent) van eis – minstens | R7,500 |
| 3. | Wyn in bottels | – 10% (persent) van eis – minstens | R5,000 |
| 4. | Tenke, houers en geassosieerde toebehore en verwante produkte | – 5% (persent) van eis – minstens | R2,500 |
| 5. | Soet mos | – 20% (persent) van eis – minstens | R10,000 |
| 6. | Kontaminasie | – 10% (persent) van eis – minstens | R10,000. |

## Spoorweg en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring ten opsigte van gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie oor privaat sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## Memoranda

1. **Eersteverlies-eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

   Indien, wanneer ’n verlies of skade ontstaan, die totale waarde van die eiendom wat deur elke item beskryf word nie die bedrae oorskry wat in die bylae vermeld word nie, is hierdie versekering nie aan die eweredigheidsbeginsel onderworpe nie, maar indien die totale waarde van sodanige eiendom meer is as voormelde bedrae, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en die maatskappy is slegs aanspreeklik vir sodanige deel van die eersteverlies versekerde bedrag as die verhouding waarin voormelde bedrae staan tot die totale waarde, wat hoogstens die totale bedrag beloop waarteen elke item verseker is.

2. **Eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van skade aan sodanige eiendom deur ’n gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

# Versekering vir die wynbedryf: Afdeling verlies van inkomste: Plantmateriaal

## Omskrewe gebeurtenisse

Verlies na onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die perseel voorkom ten opsigte waarvan betaling gedoen of aanspreeklikheid erken is ingevolge die afdeling brand: priële/stutpale, heinings en plantmateriaal van hierdie polis (hierna Skade genoem). Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie gedoen word nie uitsluitlik omdat van die versekerde vereis word om die eerste gedeelte van die verlies te dra.

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel in ooreenstemming met die bepalings van die spesifikasie wat hierna uiteengesit word.

## Spesifieke voorwaardes

1. Die versekering ingevolge hierdie afdeling staak indien die besigheid gelikwideer word of deur ’n likwidateur of geregtelike bestuurder voortgesit word of permanent gestaak word, behalwe as dit met die skriftelike instemming van die maatskappy geskied.
2. Wanneer skade voorkom as gevolg waarvan ’n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel kan word, moet die versekerde, benewens voldoening aan algemene voorwaardes 6 en 7, met die nodige ywer alle dinge wat redelikerwys uitvoerbaar is, doen en instem en toelaat dat dit gedoen word, om enige onderbreking of belemmering van die besigheid te beperk of te keer of die verlies te vermy of te beperk, en indien ’n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, moet die versekerde binne 30 dae na verstryking van sodanige skadeloosstellingstydperk of binne sodanige verlengde tydperk wat die maatskappy skriftelik kan toestaan, op eie koste aan die maatskappy ’n skriftelike opgawe gee met ’n uiteensetting van besonderhede van die eis, asook besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of voortvloeiende verlies van enige aard wat daaruit voortspruit, dek.

   Geen eis ingevolge hierdie afdeling is betaalbaar tensy die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is nie, en in die geval van nie-nakoming daarvan in enige opsig, moet enige betaling wat reeds op grond van die eis gedoen is onmiddellik aan die maatskappy terugbetaal word.

## Item 1 – Inkomste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies van inkomste.

Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling ingevolge hiervan is die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade verskil van (laer is as) die standaardinkomste, minus enige bedrag wat gedurende die tydperk gespaar is ten opsigte van sodanige koste en uitgawes betaalbaar uit inkomste wat kan staak of minder kan wees as gevolg van die Skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder sal word indien die versekerde bedrag ten opsigte van inkomste minder is as die jaarlikse inkomste, waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande is, of ’n toepaslike veelvoud van die jaarlikse inkomste waar die maksimum skadeloosstellingstydperk meer as 12 maande is.

## Item 2 – Lone (getal weke as grondslag)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies deur die versekerde aangegaan met die betaling van lone vir ’n tydperk wat met die voorkoms van die Skade begin en nie later nie as die gespesifiseerde getal weke daarna eindig.

Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling ingevolge hierdie item is die werklike bedrag wat die versekerde vir sodanige tydperk aan lone moet betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die Skade glad nie deur die versekerde aangewend kan word nie, en ’n billike deel van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die Skade nie ten volle deur die versekerde aangewend kan word nie, met dien verstande dat indien die versekerde bedrag ingevolge hierdie item minder is as die totale bedrag van die lone wat gedurende die gespesifiseerde getal weke onmiddellik na die Skade betaal sou word indien die Skade nie voorgekom het nie, die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder sal word.

## Item 3 – Boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes of straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling ingevolge hiervan is sodanige bedrag wat die versekerde regtens aanspreeklik is om te betaal en moet betaal ter vereffening van boetes of straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van die Skade vir die nie-voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

## Omskrywings (slegs van toepassing op item 1 Inkomste)

### Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die aanvang van die Skade begin en wat hoogstens 24 maande daarna eindig, gedurende welke tydperk die resultate van die besigheid as gevolg van die Skade geaffekteer word.

### Inkomste

Inkomste word geag die gemiddelde prys te wees, vermenigvuldig met een honderd persent van die gemiddelde opbrengs, waar die gemiddelde prys bepaal word uit statistiek wat deur die wynkelder of boer se rekeningboeke verskaf word en die gemiddelde opbrengs in ton en bepaal uit die boer se historiese opbrengssyfers.

**Standaardinkomste –** Die inkomste gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade wat met die skadeloosstellings-tydperk ooreenstem

**Jaarlikse inkomste –** Die inkomste gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade

wat aangepas word soos nodig om voorsiening te maak vir die tendens van die besigheid en afwykings of ander omstandighede wat die besigheid voor of na die Skade affekteer of sou geaffekteer het indien die Skade nie voorgekom het nie, sodat sodanig aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die relatiewe tydperk na die Skade behaal sou word, as dit nie vir die Skade was nie.

**Let wel:** Indien die Skade voorkom voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel, word die waarde bereken deur proporsionele waardes te gebruik in verhouding tot die resultate wat gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade behaal is.

# Versekering vir die wynbedryf: Afdeling Brand: Priële/Stutpale, Heinings en Plantmateriaal

## Afdeling brand:

### Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan die hele of ’n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word, deur die versekerde besit word of waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is, insluitend veranderings deur die versekerde as huurder van die gebou en strukture, deur:

1. brand;
2. weerlig of donderslag;
3. ontploffing;
4. sodanige addisionele gevare wat in die bylae as ingesluit vermeld word.

### Spesifieke uitsonderings

1. Hierdie afdeling dek nie aardbewing (hetsy dit uit mynbedrywighede of andersins ontstaan) nie, tensy dit bygevoeg is as ’n addisionele gevaar, vulkaniese uitbarsting of ander natuurlike uitbarsting (behalwe onderaardse brand).

   Enige skade wat voorkom tydens die bestaan van abnormale toestande (hetsy fisies of andersins) wat direk of indirek aangebring is deur of as gevolg van enige van voormelde gebeurtenisse, word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in soverre die versekerde kan bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande voorgekom het. In enige sodanige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waarin die versekeraar beweer dat skade op grond van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

2. Tensy spesifiek ingesluit, dek hierdie versekering nie die volgende nie:
   a. Skade aan eiendom wat veroorsaak is omdat dit ’n verhittings- of drogingsproses ondergaan het.
   b. Skade aan eiendom wat ten tyde daarvan verseker is deur of, as dit nie was vir die bestaan van hierdie versekering nie, verseker sou word deur ’n mariene polis(se), behalwe ten opsigte van enige bedrag bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het ingevolge die mariene polis(se) indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

### Spesifieke voorwaarde

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van skade aan sodanige eiendom deur ’n gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra by dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### Addisionele gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die verstandhouding en ooreenkoms is dat, ten opsigte van elke addisionele gevaar-uitbreiding wat by hierdie versekering ingesluit is:

1. al die uitsonderings en voorwaardes van toepassing op hierdie versekering geld asof dit daarby ingelyf is;
2. vir die doel daarvan, enige versekerde skade geag word deur brand veroorsaak te gewees het.

### Uitbreiding: Aardbewing

Skade veroorsaak deur ’n aardbewing, maar met uitsluiting van skade aan eiendom in die ondergrondse werksaamhede van ’n myn. Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar van 5% van die eis, met ’n minimum van R2,500.

### Uitbreiding: Spesiale gevare

Skade veroorsaak deur

1. **storm, wind, water, hael of sneeu, skade aan eiendom uitgesluit,**
    a. voortspruitend uit ’n proses wat die eiendom ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;
    b. veroorsaak deur ’n getygolf as gevolg van ’n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;
2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;
3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. Slytasie of geleidelike agteruitgang.
2. Skade veroorsaak of vererger deur
    a. insakking of grondverskuiwing;
    b. die versekerde se versuim om redelike voorsorgmaatreels te tref vir die instandhouding en beveiliging van die versekerde eiendom en om vernietiging of skade tot die minimum te beperk.

    Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar van 5% van die eis, met ’n minimum van R2,500, ten opsigte van skade veroorsaak deur spesiale gevare wat ingevolge 1 hierbo verseker is.

### Uitbreiding: Kwaadwillige skade

Skade wat direk veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of moedswillige daad van ’n persoon, wat gepleeg is met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan

1. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van
    a. die verwydering of gedeeltelike verwydering, of enige poging daartoe;
    b. die sloping of gedeeltelike sloping, of enige poging daartoe, van gemelde onroerende eiendom of ’n deel daarvan, met die doel om ’n deel daarvan te steel, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
    a. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;
    b. voortvloeiende of indirekte skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
    c. skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van ’n proses of werksaamheid;
    d. skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming wat voortspruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur ’n wettig ingestelde owerheid;
    e. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur ’n gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie polis verwys word of optrede van ’n wettig ingestelde owerheid met die beheer, voorkoming of onderdrukking van sodanige gebeurtenis of hantering daarvan op enige ander wyse.

    Indien die versekeraar beweer dat verlies of skade op grond van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) nie deur hierdie afdeling gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Klousule: Brandbluskoste

Enige koste met betrekking tot die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekerde ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik kan wees, met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en dat die versekerde eiendom aan brandgevaar blootgestel was.

## Skadeloosstelling

Die skadeloosstelling ten opsigte van priële/stutpale, heinings en plantmateriaal is:

1. **Priële/stutpale**

   Die koste van materiaal en arbeid om die beskadigde eiendom te herstel tot dieselfde toestand as toe dit nuut was, maar nie beter as toe dit nuut was nie. Die versekeraar se aanspreeklikheid is hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

2. **Heinings**

   Die koste van materiaal en arbeid om die beskadigde eiendom te herstel tot dieselfde toestand as toe dit nuut was, maar nie beter as toe dit nuut was nie. Die versekeraar se aanspreeklikheid is hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

# Versekering vir die wynbedryf: Uitgebreide aanspreeklikheid

Hierdie afdeling moet saamgelees word met die afdeling gemeenregtelike aanspreeklikheid en is onderworpe aan die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van die afdeling gemeenregtelike aanspreeklikheid .

### Herroeplng van produkte (Indlen In die bylae as Ingeslult vermeld)

Hierdie uitbreiding kan slegs toegestaan word saam met die uitbreiding produkaanspreeklikheid.

Ondanks enige andersluidende bepaling vervat in spesifieke uitsonderings  1, 2 en 3 van toepassing op die uitbreiding produkaanspreeklikheid, sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van enige redelike en nodige koste en uitgawes aangegaan om die versekerde se produkte (of enige deel daarvan) te herroep as gevolg van:

1. Enige onopsetlike fout, teenwoordigheid van vreemde stowwe in, ofverswakking, aantasting ofverkeerde etikettering van, 'n versekerde produk wat tydens of as gevolg van die produksie, voorbereiding, vervaardiging, etikettering, verpakking, berging of verspreiding daarvan voorkom en wat meebring dat dit skadelik is in normale gebruik en dat die gebruik of verbruik van sodanige versekerde produk die volgende veroorsaak of sal veroorsaak:
    a. Liggaamlike besering; en/of
    b. Eiendomskade.
2. Indien die versekerde produk deel is of waarskynlik deel is van 'n derdeparty-produk wat deur 'n derde party vervaardig, versprei of hanteer word, soos 'n klant van die versekerde, is die toets om te bepaal of die derdeparty-produk eiendomskade veroorsaak of sal veroorsaak, of die gebruik of verbruik van sodanige versekerde produk die volgende veroorsaak of sal veroorsaak:
    a. Liggaamlike besering; en/of
    b. Eiendomskade.
3. Enige werklike of naderende amptelike herroepingsbevel of amptelike herroepingsklassifikasie wat spesifiek van 'n versekerde produk melding maak nadat bevoegde gesagsliggame bepaal het dat 'n onopsetlike fout, teenwoordigheid van vreemde stowwe in, of verswakking, aantasting of verkeerde etikettering van, 'n versekerde produk tydens of as gevolg van die produksie, voorbereiding, vervaardiging, etikettering, verpakking, berging of verspreiding daarvan voorgekom het en dat sodanige herroepingsbevel of herroepingsklassifikasie nodig is om liggaamlike besering of eiendomskade te verhoed ofte beperk.

**Koste en ultgawes** beteken die redelike en nodige besteding wat aangegaan word vir

1. korrespondensie, koerant- en/of tydskrifadvertensies en televisie- en/of radio-aankondigings met die uitsluitlike doelom die versekerde se produkte te herroep;
2. vervoer (insluitend verpakking en/of tydelike berging) in verband met die terugstuur van die produkte (of enige deel daarvan) na die perseel van die versekerde en/of die vervaardiger (of sy genomineerde agente);
3. ondersoek, sortering en/of vernietiging, met dien verstande dat die bedrag van 'n eis vir sodanige besteding nie groter is as 'n eis vir vervoerbesteding nie.

**Versekerde produk** beteken:

1. Enige klaarproduk of enige van die bestanddele of komponente daarvan wat:
    a. by Bryte aangemeld is vir die polistydperk; en
    b. na die aanvangsdatum (gespesifiseer in die Polisbylae) vir die eerste keer vir verkope bemark is; en
    c. deur die versekerde of 'n vervaardiger wat deur die versekerde gekontrakteer is, vervaardig, hanteer of versprei is.

2. Enige nuwe produk buite die bestaande produkreeks wat by Bryte aangemeld is, met dien verstande dat:

   a. skriftelike kennisgewing van sodanige nuwe produk aan Bryte gegee word, saam met enige inligting wat Bryte nodig kan ag, nie minder nie as negentig (90) dae voor bemarking daarvan vir verkope; en

   b. die versekerde entiteit op die datum van die skriftelike kennisgewing aan Bryte nie geweet het nie of van wie nie redelikerwys verwag kon word om te geweet het nie, dat 'n versekerde gebeurtenis wat die nuwe produk affekteer, voorgekom het;en

   c. Bryte binne 30 dae na ontvangs van die skriftelike kennisgewing skriftelike aanvaarding van sodanige nuwe produk gegee het. Sodanige aanvaarding sal nie onredelikerwys geweier word nie. Volgens Bryte se diskresie kan sodanige aanvaarding vergesel word van veranderings in een of meer van die bepalings of voorwaardes, of die premie, van hierdie Polis.

'n Verwysing na versekerde produk in die enkelvoud sluit 'n verwysing na die meervoud, versekerde produkte, in en omgekeerd.

**Derdeparty-produk** beteken 'n produk wat vervaardig of versprei of hanteer word deur 'n derde party, soos 'n klant van 'n versekerde.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding vir aile koste en uitgawes aangegaan gedurende enige enkele versekeringstydperk (van een jaar) is altesaam hoogstens die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae.

Die versekerde is ten opsigte van een eis of 'n aantal else voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks voortvloeiend uit of toeskryfbaar aan 'n enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, verantwoordelik vir 'n eerste bedrag betaalbaar soos bereken teen 10% van die koste en uitgawes deur die versekerde aangegaan en van die maatskappy verhaal, met dien verstande dat voormelde bedrag nooit minder as R25,000 sal wees nie.

## Addisionele spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding Herroeping van produkte)

Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid nie

1. vir 'n produk (of enige deel daarvan);

2. vir die koste aangegaan met die herstel, wysiging, behandeling of vervanging van 'n produk (of enige deel daarvan);

3. vir of voortspruitend uit werklike of beweerde opsetlike wysiging, verswakking of kontaminasie van die versekerde se produk;

4. voortspruitend uit die herroeping van 'n produk (of enige deel daarvan)

   a. wat op die versekerde afgedwing word deur 'n regering of openbare owerheid waar die versekerde nie 'n produk sou herroep het as dit nie was vir die ingryping van gemelde regering of openbare owerheid nie;

   b. wat onder toesig of beheer van die versekerde is;

   c. as gevolg van verkeerde aflewering of aanduiding van 'n produk deur of namens die versekerde;

5. voortspruitend uit 'n produk waar die versekerde voor die aanvang van hierdie afdeling daarvan bewus was dat die produk waarskynlik besering of skade sal veroorsaak;

6. voortspruitend uit die opsetlike of moedswillige

   a. oortreding van nasionale of plaaslike regulasies deur die versekerde;

   b. versuim van die versekerde se tegniese of administratiewe bestuur om redelike voorsorg te tref om else te voorkom;

7. voortspruitend uit 'n produk (of enige deel daarvan) in die Verenigde State van Amerika of Kanada, indien sodanige produk wat verkoop of verskaf is deur of volgens die versekerde se bestelling, met die versekerde se wete na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is deur of namens die versekerde, tensy die aanspreeklikheidsuitbreiding ten opsigte van die Verenigde State van Amerika of Kanada in die bylae as ingesluit vermeld is.

## Addisionele Uitsluitings

1. Toevallige kontaminasie of defek van, kwaadwillige peutery met of produkekstorsie van 'n produk van 'n mededinger van die versekerde entiteite, of van produkte soortgelyk aan 'n versekerde produk.
2. Veranderings in staatsregulasies of openbare persepsies met betrekking tot die veiligheid van 'n versekerde produk.
3. Enige verlies of voortvloeiende verlies as gevolg van of voortspruitend uit ioniserende stralings of defek of kontaminasie deur radioaktiwiteit, hetsy:
    a. beheers of onbeheers;
    b. direk of indirek;
    c. naby of ver;
    d. ten volle of gedeeltelik; of
    e. veroorsaak deur, waartoe bygedra is of wat vererger is deur 'n versekerde gebeurtenis of andersins, of voortspruitend uit 'n daad of toestand bykomend tot enige van bogenoemde.

    Hierdie uitsluiting hou nie verband met kwaadwillige peutery wat spesifiek op 'n versekerde produk gemik is nie.
4. Enige verlies wat toeskryfbaar is aan:
    a. die verstryking van die aangewese raklewe van die versekerde produk;
    b. die natuurlike of geleidelike agteruitgang, ontbinding of transformasie van die versekerde produk, insluitend maar nie beperk nie tot enige kombinasie van of interaksie tussen bestanddele, komponente of verpakking, tensy sodanige agteruitgang, ontbinding of transformasie 'n direkte gevolg van 'n daad, fout of weglating in die vervaardiging van die versekerde produk is.
5. Enige gebeurtenisse voortspruitend uit:
    a. bio-ingenieurswese, genetiese ombouing, uitstraling of hormoonbehandeling van 'n versekerde produk;
    b. oordraagbare sponsagtige ensefalopatie (TSE);
    c. 'n versekerde entiteit se versuim om redelike regstellende of voorkomende stappe te doen na aanleiding van kennis van 'n defek, kontaminasie of afwyking, of waarskynlike defek, kontaminasie of afwyking, in die produksie, voorbereiding of vervaardiging van die versekerde produk;
    d. die teenwoordigheid, of vermoedelike teenwoordigheid, van asbes.
6. Enige toevallige kontaminasie of defek voortspruitend uit karsinogene, ongeag of daar bewys is dat sodanige karsinogene ander nie-karsinogeniese gevolge het.
7. Ondanks enige bepaling in hierdie Polis, verskaf hierdie Polis nie dekking nie vir:
    a. verlies van grond (insluitend grond waarop eiendom gelee is), water, kweek van oeste of grasperke; of
    b. misoeste as gevolg van weer, plae of ander oorsake.
8. Enige koste geassosieer met die ontwerp of herontwerp, geniëring of regeniering van 'n produk.
9. Aanspreeklikheid wat uitdruklik deur 'n versekerde entiteit aanvaar word ingevolge 'n bepaling in 'n kontrak of ooreenkoms en wat nie in die afwesigheid van sodanige bepaling sou bestaan het nie.
10. Die bestaan, uitstraling of ontlading van 'n elektromagnetiese veld, elektromagnetiese straling of elektromagnetisme wat werklik of vermoedelik die gesondheid, veiligheid of toestand van 'n persoon of die omgewing affekteer, of wat die waarde, bemarkbaarheid, toestand of gebruik van 'n eiendom affekteer.
11. Enige uitwendige of opneembare produk wat nie deur die versekerde entiteit vir menslike gebruik bestem is nie of nie gewoonlik deur mense gebruik word nie.

### Aanspreeklikheid ten opsigte van die Verenigde State van Amerika en/of Kanada (indien in die bylae as ingesluitvermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings en voorwaardes en beperkings, word die volgende veranderings aan hierdie afdeling van die polis aangebring ten opsigte van besering of skade (soos verseker deur die uitbreiding Produkaanspreeklikheid) wat voortspruit  uit goedere of produkte wat na die Verenigde State van Amerika en/of Kanada uitgevoer word.

1. Addisionele spesifieke uitsondering 5, wat op die uitbreiding Produkaanspreeklikheid van toepassing is, word geskrap.
2. Vir die bepaling van die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling toegestaan word, word enige woord of frase in hierdie afdeling en polis wat regtens uitgelê moet en kan word, uitgelê ooreenkomstig die heersende wetgewing binne die Republiek van Suid-Afrika.
3. Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (behalwe grondstowwe) moet die versekerde:
    a. 'n stelsel in werking stel en in stand hou waarvolgens hierdie goedere of produkte duidelik volgens lot- of reeksnommer of datumstempel of op 'n ander soortgelyke wyse geidentifiseer kan word;
    b. die datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop geplaas is, aanteken en 'n rekord daarvan hou.

    Hierdie rekord word gehou om die nodige besonderhede te verskaf vir 'n minimum tydperk van 10 jaar nadat die goedere of produkte die eerste keer in omloop geplaas is.
4. Die inligting wat in 3 genoem is, saam metal die stawende dokumente, word op enige tydstip op aanvraag aan die maatskappy of hul genomineerde beskikbaar gestel.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding, met inbegrip van enige regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of enige getal eisers, en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se goedkeuring aangegaan word, vir een gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende 'n enkele versekeringstydperk (van een jaar), is altesaam hoogstens die skadeloosstellingsperk vir hierdie uitbreiding soos vermeld in die bylae.

Die versekerde is ten opsigte van een eis of 'n aantal else voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks voortvloeiend  uit of toeskryfbaar  aan 'n enkele bron of oorspronklike oorsaak  ingevolge hierdie uitbreiding, verantwoordelik vir 'n eerste bedrag betaalbaar soos bereken teen 10% van die koste en uitgawes deur die versekerde aangegaan en van die maatskappy verhaal, met dien verstande dat voormelde bedrag nooit minder as R5,000 sal wees nie en hoogstens R20,000 sal bedra.

### Addlsionele spesifleke uitsonderings (van toepassing op die aanspreekllkheidsuitbreiding ten opsigte van die Verenlgde State en/of Kanada)

Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid voortspruitend uit besering of skade veroorsaak deur of in verband met die volgende nie:

1. die dronkenskap van enige persoon;
2. die verskaffing van alkoholiese drank aan 'n persoon onder die wettige drinkouderdom of wat onder die invloed van alkohol is;
3. 'n wet, ordonnansie of regulasie met betrekking tot die verkoop, verspreiding of gebruik van alkoholiese drank;
4. 'n besigheid wat bedryf word deur agente wat namens die versekerde in die Verenigde State van Amerika en Kanada werk;
5. direkte of indirekte syfering. besoedeling of kontaminasie van enige aard, en ook nie die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van syferende, besoedelende of kontaminerende stowwe nie.

## Notice supplied in addition to the Statutory Notice supplied with this Policy

Insurance policies are legal contracts entered into between the Insurance Company (we/us) and the Insured (you/your). The Intermediary (broker) used by you, as your agent and in terms of the Financial Advisers and Intermediary Services Act (FAIS), is obliged to bring to your attention all aspects of the insurance policy that affect the coverage purchased, both the positive and negative aspects.

## Definitions

To assist all concerned, and in particular you, we have produced/reproduced various definitions utilised by us that could affect you in your understanding of the cover provided by this Policy in the General Definitions Section of the Policy.

These definitions are not a comprehensive list of all those used in this Policy, but we believe that they are of such a nature that we should bring them to your specific attention.

There are other definitions used in this Policy but we are confident that the broker is fully aware of definitions used in the South African Business insurance market upon which this Policy has been based.

These definitions do not necessarily appear in this Policy in the same order as they are listed.

Should you require any additional information, or explanation, as to the application of these definitions, or any aspect of this Policy, it is recommended that you contact the broker that arranged this Policy on your behalf.

However, we are always available to assist you should the need arise.

Kontak

**Geregistreerde adres**
Marshallstraat 15, Ferreirasdorp,
Johannesburg, 2001, Suid-Afrika

**T** +27 (0) 11 370 9111
www.brytesa.com

**Posadres**
Posbus 61489, Marshalltown, 2107

**Bryte Versekeringsmaatskappy Beperk**
'n Fairfax Maatskappy

Registrasie nr. 1965/006764/06 | Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer Verskaffer nr. 17703